

Matteus
Genade, Onbeskryflik Groot
Louis Nel

# Matteus

## Genade, Onbeskryflik Groot

**Louis Nel**

Voorblad: Matteus-Skildery deur Frans Hals - 1625

**September 2023**

Mosbolletjie Boeke

# Inhoud


1. Inleiding
2. Die Geslagsregister
3. God-Met-Ons
4. Volg Daardie Ster!
5. Valse en Ware Koning
6. Hartsgesindheid
7. Onderwerp Jou
8. Oorlewing en Oorwinning
9. Galilea van die Heidene
10. Sendingtaak
11. Die Grootste Preek van Alle Tye
12. Om Sout en Lig te wees
13. Ware Betekenis van die Wet
14. Kuisheid en Egbreuk
15. 'n Oog vir 'n Oog!
16. Liefde vir jou Vyand
17. Gee Sonder om iets terug te verwag
18. In Gesprek Met God
19. So Bid Mens
20. God se Koninkryk
21. My Daaglikse Brood
22. Vergewe my, Here!
23. Om te Vas
24. Moet Jou Nie Bekommer Nie
25. Doen Goed Aan Ander
26. Swaarkry en Paradys
27. Huis Op Die Sandduin
28. Liefde In Praktyk
29. Hoe om Jesus te Volg
30. Storm op die See
31. Verskrikking in die Begraafplaas
32. Volledige Genesing
33. 'n Feesmaal saam met Sondaars
34. Maak Tog Gou Asseblief!
35. Ons Kan Sien!!!
36. Die Oes is Groot
37. Uitgestuur om te Oes
38. Vervolg Vir Jou Geloof

39. Die Naald in die Hooimied

40. Kritiek

41. Oordeel en Verlossing

42. Wette en Tradisies

43. Die Rokende Lamppit

44. Die Doodsonde

45. Die Gans en die Slingervel

46. Die Spook is Weg!

47. Jesus se Gesin

48. Saai Sonder Ophou

49. Hoor en Doen

50. Kom Saai Saam!

51. Bossies en Blomme

52. Mosterd en Suurdeeg

53. Die Krugermiljoene

54. Wonderwerke

55. Die Kop op die Skinkbord

56. Kos vir ‘n Reuse Skare

57. Om Op Water Te Loop

58. Tradisies

59. Om Te Neul By God

60. Nóg Brood

61. Suurdeeg

62. Die Sleutels van die Hemel

63. Dis Donkernag!

64. Jesus Verheerlik

65. Wonderwerke En Geloof

66. Tempelbelasting

67. Die Kleintjies

68. Omgee Vir Mekaar

69. Totale Vergifnis

70. Trou En Skei

71. Rykes en die Hemel

72. Onregverdige Loon!

73. Diensbaarheid

74. Twee Blindes

75. Die Groot Intog

76. Die Tempelreiniging

77. Gelowige Gebed

78. ‘n Gewillige Sondaar

79. Die Wingerd

80. Die Bruilofsfees

81. Belasting

82. Is Daar Wérklik ‘n Opstanding?

83. Die Groot Gebod

84. Om Jesus vir Iemand te Wees

85. Hoogmoed en Nederigheid

86. Huigelaars!

87. Wanneer Kom Jesus?

88. Die Tekens van die Tyd

89. Wees Waaksaam

90. Genoeg Olie

91. Talente is Riskant!

92. Voor die Regterstoel

93. Voorberei vir die Dood

94. Die Paasmaal

95. Nagmaal

96. Nag van Verskrikking

97. Swaarde en Knuppels!

98. Skuldig!

99. Petrus se Val

100. Berou - Te Laat?

101. Jesus Barabbas of Jesus Christus?

102. Bespot

103. Jesus Word Gekruisig

104. God Van God Verlaat

105. Jesus se Begrafnis

106. Hy het Waarlik Opgestaan!

107. Uitgestuur

# 1

# Inleiding

## Die Boek Matteus

VIDEO | OUDIO

Wat moet ek doen om gered te word, om in die hemel te kom? Eenvoudig: Glo in Jesus! God gaan egter verder: die Heilige Gees gee selfs vir my die nodige geloof! So, eintlik doen ek absoluut niks! Ons sing immers: "Genade, onbeskryflik groot, het U aan my bewys." Géén mens kan sy eie redding verdien nie.

Ons moet egter baie deeglik bewus wees daarvan dat hierdie genade van God beslis nie goedkoop is nie. Jesus het bitter duur daarvoor betaal! Ons mag dit nóóit ligtelik opneem nie! Jesus waarsku egter in Matteus 7:21: "Nie elkeen wat vir My sê, 'Here, Here,' sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar net diegene wat die wil doen van my Vader in die hemele."

Matteus het dus vir my en jou 'n boodskap wat ons uitdaag om die wil van God te doen. Die vraag is: hoe doen ek die wil van God? Kan ek maar net terugsit en sê "God se

genade is genoeg?" 'n Voorbeeld van God se wil vind ons in Matteus 28 waar Hy die opdrag gee om die evangelie na al die nasies toe uit te dra. Dit beteken fisies hard werk in Sy Koninkryk. Sy opdrag om mekaar lief te hê het verskeie implikasies. Dit is nie maar net 'n passiewe "Ek het jou lief" nie, maar dit beteken dat dit oorgaan tot die daad, soos die voorbeeld van die barmhartige Samaritaan waarvan ons in Lukas lees.

Matteus se boodskap is dat drie dinge noodsaaklik is, naamlik om in Jesus te glo, Sy Naam te bely, en 'n lewenswyse te handhaaf wat wys dat ek wél daardie genade van God ontvang het. Dit moet 'n lewenswyse wees van doen wat God van my vra. Deur só te leef, bewys ek dat my geloof nie slegs lippetaal is nie, maar dat dit eg is!

Wat was Matteus se doel met hierdie evangelie, en wanneer is dit geskryf? Matteus het nie die eerste evangelie die lig laat sien nie, en nog minder is dit die eerste Nuwe Testamentiese boek wat geskryf is. Al Paulus se briewe was reeds geskryf voor Matteus. Markus was waarskynlik die eerste volledige

evangelie. Matteus en Lukas het Markus as ‘n bron saam met nog ‘n verdere onbekende geskrif wat verlore geraak het gebruik. Hy het dus gesteun op ander geskrifte en toe, ongeveer in 80 n.C. sy verhaal geskryf. Dit was egter baie meer as slegs ‘n duplisering van ‘n verhaal.

As ons kyk na die sterk Joodse karakter van die boek, dan kom jy tot die gevolgtrekking dat dit moontlik in Antiogië geskryf is vir die groot aantal Joodse Christene in daardie stad. Hierdie gelowiges het steeds die wet noukeurig nagekom, anders as byvoorbeeld die Griekse gelowiges, en daarom plaas Matteus ‘n sterk klem op die uitleef van die wet. Hy verwys dikwels na die wet, maar dat Jesus die wet nuut geïnterpreteer het – nie as weg tot redding nie, maar as uitvloeisel van ons geloof in God. Hy is die evangelieskrywer wat die meeste uit die Ou Testament aanhaal.

Daar word nie ‘n direkte antwoord gegee waarom Matteus hierdie boek geskryf het nie, maar ons kom gou agter dat hierdie nie maar net ‘n boek is oor die geskiedenis van Jesus nie. Dit is iets véél groter. In die eerste plek sien

ons hoe Matteus met die term “kerk” en “gemeente” omgaan. Hy sien alreeds die ontstaan van die kerk in sy babaskoene tydens Jesus se bediening. Kerk of gemeente is egter nie ‘n sterk tema in Matteus nie, maar eerder die Koninkryk van God. Hy begin dan ook in 1:1 deur te wys dat Jesus die Seun van Dawid is, en dan impliseer hy dat die Dawidskoninkryk weer tot stand kom in Jesus! Daar word nie minder nie as 15 maal verwys na Dawid in die boek.

Dit is nodig dat ons sal weet dat Matteus Jesus se verhaal skryf uit die agtergrond van die gemeente waar hy as skrywer gewoon en gewerk het. Dit was dus nie net ‘n historiese verhaal nie, maar dit was aktueel vir sy gemeente se eie situasie en behoeftes. Die klem het sterk geval op sy gemeente se omstandighede. Hulle moes dus uit die verhaal van Jesus en Sy dissipels antwoorde ontdek vir hulle eie probleme en omstandighede.

Vandag moet ons hierdie boek in presies dieselfde lig lees as wat die mense van 80 n.C. dit gelees het, en antwoorde ontdek vir ons

eietydse probleme en omstandighede uit hierdie verhaal.

Maar dit is alles uit ‘n menslike oogpunt gesien. As ons deur dit alles onthou dat Matteus hierdie boek geskryf het onder die inspirasie van die Heilige Gees, kan ons nie anders nie as om te besef dat dit eintlik God is wat Sélf hierdie boek geskryf het, net soos al die ander boeke in die Bybel. Hy gebruik gewone mense en inspireer hulle om te skryf sodat daardie geskrifte absoluut tydloos is, net soos wat God tydloos is. Dit laat ‘n mens in verwondering staan wanneer jy ‘n verhaal lees wat 2000 jaar gelede geskryf is in ‘n tyd toe tegnologie nog nie eers ‘n woord was nie. En vandag in ons tye van tegnologiese ontploffing is hierdie boek steeds vars en nuut. Moontlik sien ons vandag nie die probleme van Matteus en sy gemeente raak nie, maar ons lees ons eie probleme en omstandighede hierin.

Ek wil jou dus uitnooi om saam met my deur hierdie boek te stap en met ‘n oop gemoed en nuwe oë daarna te kyk. Kom ons maak ons harte oop vir dit wat die Heilige Gees vir ons in 2023 wil sê deur hierdie inspirerende boek uit

die jaar 80!

Gebed:

Here, dankie vir Matteus wat gehoorsaam was aan U stem en geskryf het toe U hom daardie opdrag gegee het. Maak my vandag ook gehoorsaam aan U opdragte vir my!

# 2

# Die Geslagsregister

## Matteus 1:1-17

VIDEO | OUDIO

As jy vir Jode iets wou skryf oor 'n prominente Joodse persoon, sou dit nét reg wees om eers sy geslagsregister weer te gee sodat jou lesers darem kon weet waarvandaan die persoon stam en wie hy is. Só begin Matteus dus ook sy verhaal met die geslagsregister van Jesus om Hom sodoende behóórlik aan sy lesers bekend te stel. Hulle wou mos weet waarvandaan Hy kom en presies hoe Sy familie inmekaar steek. "Hoe bôring!" sou meeste mense sê. Wat kan daar nou interessant wees aan 'n ellelange lys van name? Maar ek wil jou uitnooi om saam met my na Matteus se lysie te gaan kyk. Ek waarborg jou 'n paar baie interessante, dalk selfs skokkende feite!

Hy begin by Abraham, 'n baie goeie plek om te begin, want Abraham was darem nou vir jou 'n gelowige man uit een stuk! Delf jy egter 'n bietjie dieper in Abraham se kas, dan kom jy af op 'n paar gruwelike geraamtes! Soos die

slag toe hy sy vrou as sy suster voorgestel het aan die farao, en groot moleste veroorsaak het. Later herhaal hy hierdie truuk van hom by etlike geleenthede (Gen. 20:13).

Abraham was egter ook die vader van die ganse Arabiese wêreld. Sy eerste seun, Ismael (by die slavin) het later teen Abraham se ander nasate oorlog gemaak. En vandag, duisende jare later gaan daardie selfde oorlog steeds voort! Hoe ironies, dat die Jode sowel as die Arabiese volke, wat hoofsaaklik Moslems is, Jesus vandag as Verlosser verwerp!

Die volgende gróót naam in die lys is Jakob, ook bekend as die Bedrieër. Selfs die heidense regter, Pontius Pilatus, moes erken dat daar géén bedrog in Jesus is nie. Tóg staan die naam van die bedrieër, wat selfs sy eie broer se erfporsie gesteel het, pertinent in Sy geslagsregister, só pertinent dat die ganse Joodse volk na hom vernoem is: Israel. Hierdie naam het hy gekry toe hy met God geworstel het in die Jabbok-drif.

'n Joodse geslagsregister bevat gewoonlik slegs die mans se name. Matteus doen egter iets ongehoord, en hy sluit vier vrouename ook

in. Die eerste een is die baie interessante naam van Ragab. Maar was sy dan nie ‘n prostituut nie? En boonop óók nog ‘n Kanaäniet, ‘n heiden! Hoe kan Jesus dan uit die geslagslyn van só ‘n ongure persoon kom?

Dit raak egter nog erger, want die tweede vrouenaam is dié van die skandelike Tamar wat haar eie skoonpa verlei het en met hom geslagsgemeenskap gehad het!

Maar daar is nóg heidense vroue in hierdie geslagsregister, soos die Moabitiese vrou, Rut, die ouma van koning Dawid.

En so gepraat van Dawid, die vierde vrou se naam word nie eers genoem nie. Sy word slegs beskryf as “die vrou van Urija” om die skande van Dawid se owerspel in te vryf. Terloops, Batseba was ‘n Hittiet. Wat sake nog erger maak, is die feit dat daardie baie groot naam in Jesus se geslagslyn, Dawid, nie net owerspel gepleeg het nie, maar boonop vir Urija koelbloedig laat vermoor het om Batseba te kon kry.

Wat lees ek in hierdie name? Jesus is onherroeplik verbind tot die doodgewone sondaar-mens! Jesus het nie na hierdie wêreld

gekom slegs vir die Jode nie, want as dít die geval was, sou ons dalk vandag Sy sending as ‘n mislukking kon bestempel omdat so min Jode Hom volg. Jesus het egter vir die ganse wêreld gekom. Ons sien dit duidelik in die laaste hoofstuk van Matteus, waar Jesus se opdrag is om die evangelie aan die wye wêreld uit te dra. In die tweede plek sien ek ook dat Jesus nie net vir die “heilige” mense gekom het nie, maar vir sondaars, selfs prostitute, egbrekers, bedrieërs en moordenaars. Inderdaad sien ons Hom terwyl Hy aan die kruis hang in Sy laaste oomblikke, waar Hy ‘n veroordeelde rower vryspreek. Die man sou dieselfde dag nog in die paradys wees!

Wie is hierdie Jesus waarvan Matteus skryf? Waarom moet ek Sy volgeling wees? En wat verwag Hy van my as volgeling? Hierdie vrae sal Matteus in die volgende klompie hoofstukke vir ons beantwoord.

Ons het reeds gesien hoe menslik-gebonde Jesus is. Maar daar is ‘n ander sy van Hom wat Matteus aanraak in hierdie geslagsregister, naamlik Sy Goddelike. Die Goddelike

beplanning van Jesus se geboorte word baie subtiel opgesluit in vers 16 en 17, waar Josef nie Jesus se vader genoem word nie, en Maria ook nie Sy moeder nie. Josef word genoem "die man van Maria, uit wie Jesus, wat bekend staan as Christus, gebore is." Hieruit sien ons dat Jesus geen aardse vader of moeder het nie, en dit impliseer Sy Goddelike karakter. Verder word die Goddelike ingryping in die planmatige ordening van die geskiedenis benadruk wanneer Matteus noem van die drie maal veertien geslagte van Abraham tot by Jesus se geboorte.

Matteus het persone uitgelaat om elke keer by 14 uit te kom. Hy doen dit egter met opset. Letters en woorde het in Hebreeus waardes gehad. "Dawid" se getalswaarde is 14, en 3 maal word Dawid se getal in Jesus se geslagsregister ingebou. Hy is dus sonder twyfel die Dawidskoning wat sou kom!

Wat is daar vir my persoonlik opgesluit in hierdie gedeelte? Natuurlik weet ek dat Jesus God is. Ek het dit immers my hele lewe lank geleer, en as sodanig kan ek Hom aanbid. Hierdie gedeelte bring my as mens egter baie

nader aan Jesus, en ek kan my swakhede, my sonde, my menswees na Hom toe bring. Selfs lank voor Sy geboorte het Hy reeds hiermee te doene gehad, en Hy weet alles daarvan af. Daar is niemand meer gekwalifiseerd as Hy om my daarmee te help nie!

Gebed:

Here, ek kan U nooit genoeg dank en loof en prys vir al die genade wat U my as mens bewys nie!

# 3

# God-Met-Ons

## Matteus 1:18-25

VIDEO | OUDIO

Waar Matteus sy verhaal begin met ‘n ellelange geslagsregister, is sy beskrywing van Jesus se geboorte kort en kragtig. Maar moenie geflous word deur die bondigheid daarvan nie, want hierdie paar verse behels só baie dat daar reeds boekdele oor geskryf is om dit te probeer verklaar. Hierdie kort perikoop het ook al gesorg vir hewige debatte, en mense kan net eenvoudig nie saamstem oor die betekenis daarvan nie.

Om mee te begin is daar oor die afgelope 2000 jaar alreeds ‘n gestry tussen die Jode en die Christene oor die aanhaling in vers 23: “Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Matteus het hierdie voorspelling gelees in Jesaja 7:14, waar daar geskryf staan: “Daarom sal my Heer self vir julle 'n teken gee: Kyk, die jong vrou is swanger, en gaan 'n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel

noem." Christen-gelowiges stem saam met Matteus dat hierdie aanhaling daarop dui dat Jesus die Messias is. Die Jode sê: "Nooit! Julle weet nie waarvan julle praat nie! Dis Heiligskennis!" Die vraag is, of Jesaja ooit vir Jesus in gedagte gehad het toe hy dit geskryf het? Die antwoord is bloot: NEE! Maar dit is 'n gesprek vir 'n ander dag!

Verder stem die Katolieke en die Protestante nie saam oor vers 25 nie, of Maria dan 'n maagd gebly het, selfs ná Jesus se geboorte? Die ortodokse- en liberale Christene stem ook nie saam of ons wel afleidings kan maak uit hierdie Skrifgedeelte oor die maagdelike geboorte van Jesus nie.

En die hele tyd kyk ons die ganse boodskap van Matteus skoon mis! Ons staar ons só blind teen die twispunte, dat ons gladnie hoor wat Matteus vir ons wil sê nie. Matteus se boodskap uit hierdie verse is opgesluit in die Naam wat hy aan Jesus koppel, naamlik Immanuel, wat beteken "God-Met-Ons". Vir Matteus is dit só belangrik, dat hy die gedagte etlike kere deur die evangelie herhaal, dat hierdie boek begin met hierdie gedagte en

eindig met presies dieselfde gedagte in 28:20: "En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd." Matteus omraam dus as't ware sy hele evangelie met hierdie gedagte.

Maar waarom is hierdie dan só belangrik vir Matteus? Hy wil hiermee sê dat Jesus nie maar net 'n figuur uit die verlede was nie. Hy was byvoorbeeld nie iemand soos Dawid, wat wél 'n held was, en nou eer moes ontvang vir wat hy gedoen het nie. Inteendeel, Jesus was in die tyd toe hy die verhaal geskryf het, 80 jaar na Sy geboorte steeds nét so relevant en net so teenwoordig as in die tyd toe die verhaal afgespeel het. Inderdaad impliseer Matteus dat vandag, 2000 jaar later, Jesus nog steeds nét so teenwoordig is as daardie tyd! Jesus begelei ons, Sy kerk op aarde, vandag Persoonlik. As ons Matt. 28:20 reg verstaan, is dit presies dieselfde Jesus wat daardie dag met Sy dissipels gepraat het, wat vandag hier by ons teenwoordig is. Eintlik nog sóveel beter, want intussen het Hy opgevaar na die hemel om daar die ereposisie aan God se regterhand te ontvang, en dus is dit nie meer die Mens, Jesus wat gebonde is aan aardse

beperkinge nie, maar die Almagtige Jesus, Skepper van die hemel en die aarde, wat vandag by ons is.

Ons sien in hierdie perikoop ook ‘n ietsie van Matteus se siening oor die wet, en die onderhouding daarvan. Wanneer Josef besef dat Maria swanger is, sit hy met ‘n baie groot dilemma: Skande! Die wêreld gaan dink dat hy ‘n baie groot skande gemaak het. Maar hy weet dat hy onskuldig is, en dat hy beslis nie die wet van Moses verbreek het nie. Was Maria dalk ontrou aan hom? Hy besluit om die verlowing te verbreek, soos die wet voorsiening maak wanneer daar ontrou was, om die skande weg te steek.

Vir God is dit egter só belangrik dat Hy die hemel as’t ware oopskeur en Sy hemelse boodskapper afstuur om vir Josef tot ander insigte oor te haal. Die engel kom dus en praat met hom en verduidelik wat besig is om te gebeur. Josef word oortuig en hy besluit om nie die verhouding te verbreek nie, al sou daar dan ook mense wees wat allerhande dinge te sê het oor hom. Die wet het hier vir Josef gegaan, nie oor ‘n wettiese reël nie, maar oor

iets baie groter. Sy eie goeie reputasie word op die spel geplaas om die ware betekenis van die wet uit te leef.

Oor die volgende 33 jaar sou Jesus telkemale hierdie reël demonstreer. Hy sou die wet "verbuig" of selfs totaal breek om plek te maak vir die uitlewing van die ware betekenis daarvan, naamlik liefde. Hy sou dikwels in die moeilikheid kom hieroor by die ringkoppe. So erg was hulle frustrasie oor Sy nuwe interpretasie van die wet, dat hulle Sy dood gesoek het, en uiteindelik wreed van Hom ontslae geraak het. Maar hulle het nie tred gehou met Immanuel, God-Met-Ons nie, want skaars drie dae nadat Hy vir goed van die gesig van die aarde gevee was, was Hy weer terug - hierdie slag in glorie om vir ewig hier te wees!

Gebed:

Here, ons kan vandag tot U bid en met U praat omdat U Immanuel, God-Met-Ons is. Dankie vir U groot genade!

# 4

## Volg Daardie Ster!

## Matteus 2:1-12

VIDEO | OUDIO

As jy die woord "Betlehemster" hoor, gee jou hart sommer ook so 'n ekstra sprongetjie, want dit roep by jou herinneringe op uit jou kleintyd. Dalk was dit 'n Kersopvoering waar jy as kleintjie deelgeneem het. Of dalk die finale versiering aan die Kersboom, die ster wat Pa met sy lang arms op die tippie van die boom hang. Maar dit gryp ook jou verbeelding aan, want jy probeer vir jou 'n prentjie vorm van die drie wyse manne wat agter 'n ster aanloop. Hoe is dit moontlik? Terloops, dit is 'n mite dat daar DRIE wyse manne was. Nêrens sê die Bybel dit vir ons nie. Ons het maar ons eie afleidings gemaak!

Matteus se verhaal gaan egter veel dieper as 'n ster en wyse manne. Hy skilder vir ons 'n geweldige kontras in die verhaal. Eers ontmoet hierdie manne die vals koning, Herodus die Grote in sy luukse paleis, omring deur sy raadgewers. 'n Rukkie later ontmoet

hulle dan die ware Koning, Jesus waar Hy in die eenvoud van 'n stal lê, en waar dit beslis nie so aangenaam ruik nie. Herodus bak onder valse voorwendsels mooi broodjies. Hy wil kwansuis gaan hulde bring aan daardie nuwe Koning, maar eintlik probeer hy uitvind waar Jesus is sodat hy Hom uit die weg kan ruim. Op die ander pool, God wat Sy Seun uit liefde stuur, nie om mense te kom verdoem nie maar te red van die dood.

Die kern van die verhaal is die wyse manne wat kom hulde bring aan Jesus, die Seun van God. Is dit nie ironies nie, dat God juis heidense magiërs gebruik om hulde te bring, terwyl die Joodse Skrifgeleerdes en volksleiers, en óók koning Herodus Jesus wil doodmaak!

Maar wie was hierdie "wyse manne" en hoe het hulle dit reggekry om 'n ster te volg? Hulle was sterrekykers iewers uit die Ooste. Ons kan eintlik maar net raai, maar moontlik was hulle afkomstig van Persië (vandag Iran). Daar was manne wat hulleself besig gehou het met baie diep dinge oor die lewe, die mens en die natuur, en dit het gepaardgegaan met die stand van sterre, towery en sulke dinge. By die

Jode het hulle dus eintlik ‘n slegte naam gehad, maar in die res van die wêreld was hulle aansien baie hoog.

Oor die ster wat hulle gevolg het, is daar ook baie teorieë. Dit het waarskynlik ‘n baie lang aanloop gehad met oplyning van planete en moontlik selfs die verduistering van ‘n planeet. Die uiteinde was moontlik ‘n komeet wat hulle na Betlehem gelei het. Natuurlike verskynsels? Miskien wel, maar reeds miljoene jare tevore haarfyn deur God beplan om presies reg uit te werk.

Dit was die jaar 5vC toe die finale teken vir hierdie sterrekykers verskyn, ‘n teken waarvoor hulle gewag het. Die Babiloniërs was die voorste wiskundiges en astroloë, en hulle het geweet van die Joodse geloof, dat ‘n ster die koms van die Messias sou aankondig. Die baan wat die ster of komeet gevolg het sou hierdie manne reguit na Betlehem lei, waar dit vroegoggend in die Suide sigbaar sou wees. Dit was waarskynlik vir 70 dae lank sigbaar, ook omtrent die tyd wat ‘n reis vanaf Babilon na Betlehem sou neem.

Ek kan myself voorstel hoe opgewonde

daardie manne was toe hierdie besonderse ster sy verskyning maak! Vir drie jaar lank hou hulle met opgehoue asems die veranderinge in die sterre en planete dop. Hulle bygeloof omtrent die beweging van planete en sterre het skielik in hulle binneste geruk, toe hulle iets bonatuurlik sien gebeur. Dalk het hulle nagte lank bespiegel en geredeneer oor wat aan die gebeur was. En die opgewondenheid toe daar uiteindelik drie jaar later ‘n komeet verskyn wat ál hulle berekeninge bevestig het. Hoe teleurgesteld moes hulle nie gewees het toe hulle by Herodus kom en sy vyandiggesindheid sien nie! Hy het nou wel vir hulle gesê dat hy ook aan die nuwe Koningskind wou gaan hulde bring, maar hulle kon sommer dadelik dwarsdeur sy skynheiligheid sien, dat hy glad nie bedoel het wat hy sê nie. En dan daardie hart-bonsende opwinding toe die komeet hulle na Betlehem lei, en hulle die Kindjie daar kry in die stal!

Matteus sien, interessant genoeg, hierdie magiërs nie in 'n negatiewe lig nie, maar hy probeer wys dat die elite van die destydse heidendom Jesus erken het as Koning. En dit terwyl Herodus en die ganse Jerusalem hewig

ontsteld was oor dieselfde gebeurtenis. God berei lof voor vir die Messias uit die optrede van eenvoudige skaapwagters wat iewers in die veld naby Betlehem geslaap het (Lukas se weergawe), asook heidene wat Sy ster oor lang afstande volg. En dit terwyl Sy eie volk, veral die kerkleiers absoluut geen begrip openbaar het nie. Dertig jaar later sê Jesus vir hierdie Joodse leiers: "Tollenaars en prostitute sal voor julle in die koninkryk van God ingaan." (Matteus 21:31)

En ek en jy? Gee ons aan Jesus, die ware Koning, die Een wat heers aan die regterhand van God - gee ons aan Hom die eer wat Hom waarlik toekom?

Gebed:

Here Jesus, saam met die wyse manne wil ek ook vanoggend aan U hulde bring. Ek wil U loof en prys met alles wat binne-in my is!

# 5

# Valse en Ware Koning

# Matteus 2:13-23

VIDEO | OUDIO

Matteus gee ‘n kort beskrywing van drie gebeurtenisse kort na Jesus se geboorte. In twee van die gevalle is daar engele wat boodskappe bring en die derde keer ‘n droom met ‘n opdrag van God. Ons sien dus dat God in volle beheer is van die situasie. Daar is ‘n paar baie vreemde besluite wat geneem word, byvoorbeeld waarom Josef nou juis na Egipte vlug? En wanneer hy terugkeer na sy geboorteland, waarom gaan vestig hy hom in Nasaret van alle plekke?

Egipte het ‘n baie belangrike rol gespeel in die geskiedenis van Israel. Josef was die eerste prominente Israeliet met Egiptiese bande. Hy het sy loopbaan daar as slaaf begin en toe in die tronk beland vir ‘n paar jaar. Daarna het hy eerste minister van Egipte geword op presies die regte tyd, sodat sy familie gered kon word uit die knellende hongersnood. Dit is dan juis in Egipte waar daardie enkele gesin

so voorspoedig lewe dat hulle uiteindelik ‘n volk word om mee te reken. Egipte was dus vir die Israeliete ‘n plek van toevlug in nood. Die baba, Moses word hier beskerm deur die Farao se dogter wanneer haar pa die seuntjies uitmoor. Hy kry sy opleiding in die koningshuis, waar die fondament gelê word vir sy uitsonderlike leierskap om jare later die volk na die beloofde land te lei.

Telkemale lees ons deur die verloop van die geskiedenis van persone wat na Egipte vlug wanneer die een of ander groot gevaar dreig. Dit is dus gladnie ongewoon dat Josef juis na Egipte vlug wanneer die engel hom kom waarsku nie!

Herodus die Grote was in die tyd van Jesus se geboorte koning oor Israel. Hy het toe alreeds 37 jaar lank op die troon gesit. Herodus was ‘n uiters slim en geslepe heerser, berug vir sy wreedheid. Hy het selfs sy eie seun laat teregstel! Herodus was fisies ‘n baie sterk man, en hy het die Romeine baie beïndruk met sy slinkse metodes om belastings te vorder en rykdom aan Rome te besorg. Hy het selfs Dawid se graf beroof, en sodoende die Jode

die harnas ingejaag. Hy het ‘n besonderse smaak gehad in argitektuur, en sy bouwerke was baie indrukwekkend. Ongelukkig het hy allerhande uitheemse goed, soos teaters en amfiteaters gebou, wat die Griekse en Romeinse filosofieë bevorder het, en terselfdertyd die ortodokse Jode hewig ontstel het!

Maar hy het ook die tempel herbou tot ‘n manjifieke stukkie argitektuur, en daarmee die Jode se vertroue herwin. Sy lewe word gekenmerk deur wreedheid, moord, jaloesie en magsug. Een van die laaste wreedhede is die kindermoord waarvan Matteus skryf. Hy sterf in die jaar 4vC. Hieruit kan ons natuurlik die afleiding maak dat Jesus nie in die jaar 1nC gebore is nie, maar waarskynlik in 5vC, aangesien Herodus nog geleef het tydens Jesus se geboorte.

Na die nuus van Herodus se dood besluit Josef om terug te keer na Israel, maar eers nadat ‘n engel hom weereens die opdrag gee om so te maak. Herodus die Grote word egter opgevolg deur sy oudste seun, Herodus Argelaos, ‘n man wat mooi by sy wrede pa

geleer het, en 'n verskriklike humeur gehad het. Tydens 'n Joodse opstand was hy eenmaal verantwoordelik vir 3000 Jode se dood, en so het hy weereens die Jode die harnas ingejaag. G'n wonder dat Josef besluit het om eerder in Nasaret in Galilea te gaan woon. Daar was hy ten minste nie onder Herodus se heerskappy nie! Dit het egter weereens gebeur na 'n droom met 'n opdrag van God. Nasaret het algemeen bekend gestaan as die plek van die nie-Jode, oftewel die heidene. Dit is ook interessant dat die Christene in Sirië, waar Matteus se gemeente moontlik was, die bynaam gehad het van Nasareners.

Die verskriklike teenstelling wat ons sien in die geskiedenis tussen die destydse aardse konings en die ware hemelse Koning, is opmerklik. Wreedheid, jaloesie, hebsug, diefstal, moord en magsug was kenmerklik van die Herodus-familie. Hulle was só behep met hulle eie dinge dat hulle selfs mekaar uitgemoor het!

Dit staan in skrille kontras met Jesus, die ware Koning, wat nederig was en wie se lewe

gekenmerk was deur liefde, onselfsugtige self-opoffering, mededeelsaamheid, genesing en selfs opwekking uit die dood. Van magsug was daar géén sprake nie. Hy het nie in manjifieke paleise gebly soos die Herodusse nie. Hy het in Sy laaste drie jaar nie eers 'n huis gehad om in te bly nie, en Hy het waarskynlik die meeste van die tyd in die veld moes oornag saam met Sy dissipels. Volgens Mat. 4:13 het Hy Hom egter wel in Kapernaum gevestig, en volgens Mat. 8 blyk dit dat Hy in Petrus se huis in Kapernaum tuisgegaan het.

Met Sy lewe het Hy ook 'n voorbeeld gestel vir elkeen van ons. Hoe volg ons Jesus se voorbeeld na? Nee, dit is sekerlik nie nodig vir 'n hedendaagse gelowige om te leef soos Jesus geleef het nie. Maar Hy het vir ons deur middel van gelykenisse en preke, soos byvoorbeeld die asemrowende bergpreek verduidelik watter beginsels in jou lewe belangrik is. Nie om slaafs die wet na te volg nie, maar om te kyk wat die ware betekenis van die wet is. Die een groot beginsel wat Jesus uitgespel het is liefde. Daarvan was daar by die Herodusse absoluut niks, buiten vir hulleself. Liefde vir God in die eerste plek en

liefde vir jou medemens. Hierdie begrip is alles-omvattend!

Gebed:

Here, dankie dat U die ware Koning gestuur het om ons, nie alleen te red van sonde nie, maar ook om ons te leer hoe om waarlik te lewe!

# 6

# Hartsgesindheid

# Matteus 3:1-12

VIDEO | OUDIO

Matteus vertel nog van Jesus se geboorte, en dan spring hy skielik na Johannes die Doper, dertig jaar later, amper asof dit in dieselfde tyd gebeur. Matteus wil hiermee eintlik Johannes se optrede onlosmaaklik met dié van Jesus verbind.

Johannes die Doper was 'n baie reguit man, en hy het gesê presies wat hy gedink het, sonder om doekies om te draai. Dit sou hom uiteindelik sy lewe kos! Hy was egter só ernstig oor sy boodskap, dat hy nie vir 'n oomblik geskroom het om dít wat hy geglo het reg was, reguit te sê nie. Selfs die koning en die kerkleiers is nie sy tong gespaar nie! Ten spyte van sy pynlike reguit boodskap, het die Jode na hom toe gestroom, en mense het in groot getalle tot bekering gekom!

Waarom was daar so baie mense wat agter Johannes aangestroom het? Daar was sékerlik die honger na ware, onafgewaterde

Godsdiens, en Johannes die Doper het vir hulle iets gebied wat die Skrifgeleerdes nie kon bied nie.

Hy het iewers in die woestyn van Judea gepreek, en sy voorkoms was rof. Sy klere was van growwe kameelhaar en daar was 'n indrukwekkende leergordel om sy heupe. Die ergste was egter dat hy van sprinkane en veldheuning geleef het! Dit moes hulle sékerlik laat dink het aan die prentjie wat hulle in hulle gedagtes saamgedra het van Elia, 'n profeet wat óók 'n lang tyd in die woestyn deurgebring het. Hier was nou 'n wáre man van God!

Johannes het die mense só aangegryp dat daar selfs van die kerkleiers, Fariseërs en Sadduseërs gekom het om te sien wat hy doen of dalk gedoop te word. Johannes het egter dwarsdeur hulle motiewe gesien, en vir hulle presies gesê wat hy van hulle gedink het: "Addergeslag!" het hy hulle uitgekryt. Hulle was eintlik maar net daar om vroom te lyk, maar was hulle ooit rêrag bereid om reg te maak wat verkeerd was in hulle lewens? Wanneer Jesus in jou lewe kom, moet jy met

jou lewenswyse wys dat Hy waarlik deel van jou lewe geword het. As jou dade van liefde teenoor God en jou medemens nie sigbaar word nie, dan beteken dit dat jy nie ernstig was toe jy jou hart aan Hom gegee het nie.

Ek was eenmaal ernstig oor die vingers getik omdat ek geskryf het dat dit slegs nodig is om Jesus aan te neem om die ewige lewe te verwerf, en dat jy gladnie die wet hoef te onderhou nie. Die persoon was hoogs ontsteld, en het gevra of dit dan reg is dat 'n mens dan maar kan gaan sonde doen soos jy lus voel? Inderdaad was sy hééltemal reg! Maar laat my eers toe om my stelling te kwalifiseer: Geen wetsonderhouding sal ooit vir jou saligheid besorg nie! Alleen die kosbare bloed van Jesus, met ander woorde om in Jesus te glo, kan jou die saligheid gee. **MAAR**, wanneer Jesus die dag in jou lewe ingekom het, moet daar 'n radikale hartsverandering in jou kom. Nou gaan jy ophou om sonde te doen en jou lewe gaan mooi word, nie omdat dit jou die saligheid kan verdien nie want Jesus het dit mos alreeds namens jou verdien! Jy doen dit uit dankbaarheid vir God se groot genade oor jou. Jou lewe moet wys dat jy

werklik ernstig was oor jou besluit om Jesus te volg. Dit mag nie maar net 'n besluit wees wat jy moes neem omdat mense dit van jou verwag het nie. Jakobus het dit so mooi gestel: "Wat help dit as iemand glo, maar sy dade bevestig dit nie?" Jakobus 2:14.

Dit is presies wat Johannes vir die kerkleiers gesê het: hulle was daar net vir die skyn, en hulle lewens het gladnie gewys dat hulle ernstig was nie. Inderdaad is die wet nie belangrik vir jou saligheid nie, maar die wet is uiters belangrik in die oë van God, en Hy wil hê dat ons die wet moet onderhou. Daar is egter 'n reuse klemverskuiwing, want dit is nou nie meer 'n lang lys van moets en moenies wat jy slaafs moet navolg nie, maar eerder 'n gesindheid wat in jou hart geskryf is.

Jesus het die hele wet opgesom deur te sê dat dit gaan oor liefde, eerstens liefde vir God maar terselfdertyd ook liefde vir jou medemens. As jy werklik vir God lief is, dan sál jy mos Sy Naam eer en die afgode in jou lewe uitsmyt. Dan is dit nie meer 'n wet nie, maar 'n gesindheid. As jy lief is vir jou medemens, sal jy hom mos op geen manier wil seermaak nie! Of

dit dan nou sy besittings betref, sy goeie naam of op wátter manier ookal. Om die waarheid te sê, as jy werklik vir jou medemens omgee, sal jy uit jou pad gaan om hom met liefde te oorlaai, met vriendelikheid, omgee, gasvryheid en nog baie meer. Dan is dit mos nie meer 'n wet nie, maar 'n lewenswyse!

Dit is presies wat Johannes bedoel het. Vir die kerkleiers van daardie tyd het dit net gegaan oor die onderhouding van wette ten alle koste en nie oor die regte hartsgesindheid en lewenswyse nie. Ten spyte van die feit dat hulle hulle laat doop het, was hulle later briesend kwaad vir Jesus, en het hulle Hom uiteindelik laat vermoor. Hulle het Hom onskuldig aan die kruis laat vasspyker!

Is dit liefde?

Die vraag is, hoe lyk my hartsgesindheid? Om watter rede gaan ek kerk toe en doen ek goed aan andere? Is dit om beter te lyk vir die wêreld? Of is dit waarlik 'n lewe van dankbaarheid wat diep uit my hart uit borrel?

Gebed:

Here, kweek asseblief in my hart die regte

gesindheid teenoor U en my medemens!

# 7

## Onderwerp Jou

## Matteus 3:13-17

VIDEO | OUDIO

Hoe onderwerp jy jou aan die wil van God? Dit is ‘n mens se natuurlike reaksie om nie onderwerping te aanvaar nie. My weermag opleiding baie jare gelede, was een waar ek my net eenvoudig móés onderwerp aan die gesag wat oor my gestel was. As die sersant gesê het: “Spring!” dan hét jy gespring, of jy nou lus was daarvoor of nie!

God se gesag werk egter totaal anders. Dit is nie ‘n harde, ongenaakbare gesag nie, maar iets sag wat jou aanspoor om dít wat Hy van jou vra te wíl doen! Dan onderwerp jy jou met blydskap aan Sy gesag.

In die verhaal wat Matteus ons vandag vertel, het óók te doen met die aanvaarding van gesag. Johannes die Doper was besig om mense te doop. In die vorige verse het ons gesien hoedat hy gepreek het dat mense hulle moes bekeer van hulle sondige lewens. As teken van God se vergifnis oor hulle sondes,

moes hulle gedoop word om sodoende simbolies skoon gewas te word. Hy het hulle ook vertel dat hy sélf eintlik maar net die voorloper was, en dat daar Iemand baie groter as hy sou kom. Hy was as't ware slegs die wegwyser na hierdie Een!

Op 'n dag, terwyl Johannes weer besig was by die Jordaanrivier om mense te doop, duik daar skielik 'n groot dilemma op vir hom. Jesus het daar opgedaag uit Galilea en Hy het reguit na Johannes gegaan met die versoek dat hy Hom doop. Johannes het dadelik besef met Wie hy te doen gehad het, dat dit die sondelose Seun van God, die Messias was. As hy vir Jesus sou doop, sou dit dalk kon impliseer dat Jesus wél sonde gehad het. Johannes het baie minderwaardig gevoel, want Jesus was die Heilige Een, en hy sou baie eerder dat Jesus hóm doop. Hoe kon hy so "arrogant" wees om die Heilige van God te wou doop? Johannes het homself uit hierdie situasie probeer praat, maar Jesus móés die wil van God laat geskied. Johannes het géén ander keuse gehad nie as om homself te onderwerp aan die wil van God en toe te gee aan Jesus se versoek!

Moet ons hierin lees dat Jesus wél sonde gehad het wat "afgewas" moes word? Géénsins! Dit is te verskriklik om eers so 'n gedagte te uiter! Jesus was die eerste en enigste Mens wat óóit totaal sonder sonde was!

Wat was dan die bedoeling met hierdie doop van Hom? Hy wou hiermee Homself volledig vereenselwig met die sondige mens. Hy, die Skepper-God, die absoluut sondelose, moes nou verneder word om Hom aan die wil van God te onderwerp, 'n gedagte wat totaal onverstaanbaar is vir my as nietige mens! Oor die volgende drie jaar moes sy dissipels van Hom leer hoe belangrik dit is om jou aan die wil van God te onderwerp. Dit het hulle dikwels in baie moeilike situasies laat beland wat hulle soms rooi in die gesig gelaat het. Dit is nie maklik om jou aan God se wil te onderwerp nie, iets wat Jesus se dissipels op die harde manier moes leer. Maar hulle het egter 'n Leermeester gehad wat bereid was om hierdie gedagte tot die bitter einde deur te voer en boonop prakties vir hulle te demonstreer.

Om as kind van God die volle pad te stap om aan Sy wil gehoorsaam te wees, is wél moeilik maar dis beslis nie onmoontlik nie, en dit beteken ook nie dat jy dit met 'n lang gesig hoef te doen nie. Dit behels verder beslis ook nie net swaarkry nie! Inteendeel, ek kan vandag daarvan getuig dat dit vir jou ongekende lewensvreugde bring. Jesus het hierdie vreugde alreeds ondervind toe Hy die eerste stap geneem het om Hom aan God te onderwerp. Nadat Johannes Hom gedoop het, het die hemel oopgegaan en God het Sélf gepraat vanuit die hemel: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug." Terselfdertyd het die Gees van God, oftewel die Heilige Gees soos 'n duif op Jesus neergedaal en Hom toegerus vir Sy reuse taak. Hierna het Hy vir veertig dae van afsondering in die woestyn gegaan.

Die Here het vir elke gelowige 'n taak om te verrig. Ek het egter 'n keuse of ek dit gaan aanvaar of nie. Aanvaar ek dit, is dit die eerste stap om Sy wil te doen. Hy wil egter verder hê dat ek dit nie halfhartig doen nie, maar voluit gaan daarvoor. Daarvoor is dit nodig dat ek my aan Sy wil onderwerp. Dalk sit jy vandag

en worstel met só ‘n taak wat die Here van jou vra, en jy is bang. Hy vra egter slegs van jou om jouself bereid te verklaar om te doen wat Hy vra. Die wonderlike is dat wanneer jy “ja” sê, sal Hy jou ook die volle toerusting daarvoor gee. Die Heilige Gees gee jou ál die krag en wysheid wat jy nodig het. Hy is beslis ‘n onuitputlike Bron! Maar dit beteken egter nie dat jy maar kan agteroor sit en niks omtrent die saak doen nie, en dat wysheid maar in jou skoot sal val nie. Inteendeel, Hy wil juis hê dat jy jou kant moet bring, maar dan jou volle vertroue op Hom stel en terselfdertyd jou ten volle aan Hom onderwerp. Glo my: dit is deur en deur die moeite werd!

Gebed:

Here God Almagtig, ek wil my vanoggend weer opnuut ten volle aan U onderwerp. Heilige Gees, rus my asseblief toe met krag en wysheid en bereidwilligheid!

# 8

## Oorlewing en Oorwinning

## Matteus 4:1-11

VIDEO | OUDIO

Sy sit met haar hande in haar gekoekte hare en huil. Sy is dors en sy smag na 'n heerlike, sappige hamburger en 'n lang glas yskoue koeldrank. Eintlik smag sy na enigiets wat eetbaar of drinkbaar is, solank dit nie 'n sprinkaan of 'n mopaniewurm is nie, want dit is waarop sy die afgelope weke moes oorleef!

Alles het begin toe sy as weermagoffisier gevra het om saam met die manne 'n oorlewingskursus te doen. Dit was ongehoord en die ringkoppe het geweier, maar sy was vasberade. Uiteindelik gee hulle in, maar dit was 'n fout, 'n baie groot fout! Sy is gestroop van al haar besittings, selfs haar tandeborsel en klere. Van 'n rooibokvel moes sy iets maak om haar liggaam te bedek. Gister het sy water ontdek waar 'n olifant 'n diep spoor getrap het in die kleigrond. Daar was 'n bietjie water in die spoor, seker maar van 'n bui reën die vorige week. Die probleem was dat daar ook

‘n miskoek gelê het in dieselfde spoor. Sy het die miskoek opgetel en die vuil water smaaklik opgeslurp. Nou voel sy siek as sy net daaraan terugdink...

Al waarvoor sy vra, is ‘n haarborsel om hierdie gekoekte gemors op haar kop uitgestryk te kry! Sy beny die manne wat saam met haar die kursus doen, hulle het ten minste kortgeknipte hare!

Hierdie is die verhaal van ‘n vriendin van ons wat jare gelede in die weermag was. Haar aanbeveling ná hierdie traumatiese ervaring, was dat dit beslis nie vir vrouens bedoel is nie! Hierdie is uitsluitlik ‘n man-ding!

Die verhaal van Jesus se versoeking in die woestyn het deur die eeue heen vir baie mense baie probleme besorg. In die eerste plek is daar gevra hoe dit dan moontlik is dat Jesus, wat sélf God is, deur die duiwel versoek kan word? Hy het mos nie sonde nie? Het Hy ooit hierdie versoekings as eg beleef? In vandag se moderne skeptisisme kom daar weer ander vrae op soos byvoorbeeld hoe dit moontlik is dat Jesus vir veertig dae in die woestyn kon oorleef sonder om enigiets te eet.

Hoe het Hy op die tempeldak gekom sonder dat iemand Hom sien? Waar was daardie berg wat so hoog was dat Hy al die koninkryke van die wêreld kon sien? Was dit nie maar alles hallusinasies omdat Hy nie geëet het nie? Hierdie is almal legitieme vrae!

Die feit is egter dat ons net eenvoudig nie antwoorde het nie, maar sulke vrae lei ons weg van die ware boodskap van hierdie perikoop. Ons wil die duiwel sien met ‘n groot rol in hierdie verhaal, maar eintlik is selfs dít ook nie waar nie! Hy het eintlik maar ‘n ondergeskikte ou rolletjie. Om die verhaal te verstaan, moet ons dit in die lig van die voorafgaande gedeelte sien, waar Jesus met die Gees gedoop is. Hierdie verhaal illustreer dan prakties hoe Jesus as Seun van God, vervul met die Heilige Gees, deur Sy totale gehoorsaamheid aan die wil van die Vader die duiwel oorwin. Die duiwel se rol in hierdie verhaal is slegs om Jesus se gehoorsaamheid te belig. Ons sien ook dat Jesus telkens uit die Skrif antwoord, wat nie alleen bevestig dat Hy as Seun van God ten volle in die wil van die Vader leef nie, maar ook vir ons ’n voorbeeld stel van waar ons die antwoorde moet soek

wanneer versoekings ons lewens bedreig.

Met die eerste versoeking probeer die duiwel Jesus se honger uitbuit deur vir Hom te sê dat dit mos maklik is om sommer ‘n wonderwerk te laat gebeur en kos te maak van klippe. Dit sou die doel van Jesus se woestyn-ervaring totaal in die wiele ry, want Jesus wou Sy totale afhanklikheid van God bevestig. Sou Hy toegee, dan sou dit dieselfde wees as iemand wat besig is met ‘n oorlewingskursus om sy deursettingsvermoë te toets, en wanneer die hongerpyne knaag, dan pluk hy sy selfoon uit en bestel ‘n pizza en ‘n halfdosyn biere om per helikopter afgelewer te word, daar in die bos waar hy swaarkry!

Met die tweede versoeking kon Jesus op skouspelagtige wyse van die tempel se dak gespring het met engelebegeleiding, en sodoende Sy Messiasskap aan die wêreld bewys. Nét so kon Hy ongeskonde van die kruis afgeklim het, maar dit was nie waarvoor Hy na die wêreld gekom het nie. Hy het gekom om ‘n verlossingsdaad te verrig, en Hy sou dit deurvoer tot die bitter einde!

Met die derde versoeking wink die koninkryke

van die wêreld aanloklik vir Hom, maar weereens weerstaan Hy dit, want uiteindelik sal al die koninkryke tóg aan Hom behoort. Maar nou het Hy 'n taak om te vervul, en Hy durf nie links of regs afwyk nie.

Hoe raak hierdie gebeurtenis ons vandag? In die eerste plek moet ons besef Wie werklik in beheer is. Dikwels wil dit vir ons voorkom asof die duiwel stewig in die saal sit en dat almal netjies na sy pype dans. Jesus is egter stééds Here! Hy het die wêreld en die bose oorwin, en met hierdie wete kan ons moed skep vir al die versoekings wat elke dag op ons pad kom. Inderdaad het Jesus die pad van gehoorsaamheid aan die wil van God enduit gestap, en daardeur vir ons, nie alleen 'n voorbeeld gestel nie, maar die weg gebaan sodat ons in Sy krag dit ook kan doen. Al wat ons nou moet doen is om in Sy spore te trap en Jesus te volg.

Gebed:

Dankie Here, dat ons vandag kan weet dat U die duiwel alreeds oorwin het, en dat ons kan leef in die krag van U oorwinning!

## 9

## Galilea van die Heidene

## Matteus 4:12-17

VIDEO | OUDIO

Veertig dae in die woestyn het tot ‘n einde gekom vir Jesus. Fisies waarskynlik totaal uitgeput van al die ontberinge, maar geestelik is Hy versterk vir die reuse, totaal onmenslike taak wat op Hom wag.

Vir ons is dit dikwels onverstaanbaar hoe Jesus in daardie tyd ‘n normale mens was met die gewone menslike beperkinge en behoeftes. Maar terselfdertyd was Hy ook God. Hoe hierdie twee elemente inmekaargevleg is, is vir ons menslike verstand heeltemal te groot. Ons sien duidelik hoedat Sy menslike baie sterk na vore kom. Hy ervaar versoekings nes enige ander mens. Hy ervaar honger, pyn, droefheid, frustrasie en angs nes ek en jy. Maar dan skyn die Goddelike dikwels ook helder deur.

Menslik gesproke het die woestyntydperk Hom voorberei vir wat op Hom wag sodat Hy vol selfvertroue Sy taak kon opneem. Maar dan

kom die tragiese nuus dat Sy voorganger, Johannes in die tronk gestop is deur Herodus. Dit laat Jesus besluit om nie langer in Judea aan te bly nie, maar Sy bediening te begin in Galilea. Hy vertrek na Kapernaum waar Hy Hom vestig. Daar begin Hy deur Johannes se prediking voort te sit deur die boodskap van bekering te verkondig. God se Koninkryk het immers naby gekom! Hoe naby dit was, het nie een van die mense wat na Sy prediking geluister het, werklik besef nie.

Maar waarom juis Galilea? Alhoewel daar baie Jode gebly het, was dit eintlik tradisioneel 'n nie-Joodse gebied. Dit was oorwegend heidene wat in Galilea gebly het. Matteus beskryf dit dan ook so in vers 15 as "Galilea van die heidene." Jesus verlaat dus die streng Joodse Judea en gaan preek ook vir die heidene. Dalk was dit een van die hoof redes waarom die Fariseërs en Skrifgeleerdes Jesus met so 'n passie gehaat het!

Maar dit maak nie sin nie, want ons weet mos nou al dat Matteus hierdie boek geskryf het vir Joodse gelowiges, en dat hy dit elders beklemtoon dat Jesus se optrede op die Jode

toegespits is. Waarom skryf hy dan so pertinent dat Jesus in 'n heidense gebied gaan preek het? Ons moet onthou dat Matteus se gemeente nie in Judea was nie, maar moontlik in die heidenstad Antiogië. En dit is juis vanuit hierdie gemeente dat daar sulke wonderlike sendingwerk gedoen is deur hulle gemeentelede soos onder meer Paulus en Barnabas. Hulle is die heidenwêreld ingestuur.

Terselfdertyd is die feit dat Jesus Judea verlaat het vir Galilea, dalk 'n subtiele veroordeling van die Jode. Hulle het immers vir Jesus verwerp, en hy wys vooruit dat Jerusalem as puinhoop agtergelaat sou word vir die Jode. Daardie Koninkryk sou aan 'n ander volk gegee word. Selfs die tempel, dít wat vir die Jode heilig en kosbaar was, sou totaal verwoes word!

Dan haal Matteus 'n gedeelte aan uit Jesaja 8, oor die land wat in duisternis woon, wat 'n Lig gesien het. Wat vir die Jode 'n verdoemenis was, was vir die heidense streek van Galilea 'n aankondiging van redding. Later sal ons sien dat derduisende mense uit hierdie donker streek saamgedrom het

rondom Jesus om Sy boodskap van verlossing te kom hoor.

As ons vandag mooi daaroor dink, dan is dit tóg interessant om te weet dat God se boodskap van verlossing vanuit die Joodse gebied geneem is na die heidene. Die twaalf manne wat Jesus later sou aanstel as Sy gesante was ook almal Jode. En selfs die groot sendelinge wat die boodskap onder die heidene moes gaan versprei, Paulus en Barnabas, was Jode. Paulus was boonop nie maar 'n gewone Jood nie, hy was selfs 'n Fariseër! Nogtans is hulle boodskap deur die Jode verwerp en was dit juis Jode wat hulle die meeste probleme besorg het. Heidene het hulle met ope arms ontvang!

Dit is tragies om te dink dat God se volk Jesus, die Skepper-God, se ergste teenstanders geword het. Later sou ons sien dat hulle Hom gejag het en probeer verneder het. Hulle het uit hulle pad gegaan om Hom uit die weg te ruim. Uiteindelik vermoor hulle Hom. Ons kan Jesus se teregstelling beskryf as niks anders as moord nie!

Maar ons moet versigtig wees dat dieselfde

nie dalk met ons gebeur nie. Gelowiges is dikwels die kerk se grootste vyand, want ons bemoei ons met niksseggende dingetjies en stry oor dinge van mindere waarde, terwyl daar ‘n heidendom daar buite is wat besig is om verlore te gaan. Net soos die Jode van ouds is ons dikwels besig om vir ons ‘n heiligdom te skep wat ons jaloers vir onsself bewaar!

Ons gelowiges moet wakker skrik en begin uitreik na “Galilea van die heidene”. Met hoeveel ongelowiges het jy die afgelope maand of twee of ses die blye boodskap van Jesus se verlossing gedeel? O ja, ons leef en werk dikwels in “Galilea” maar ons gedra ons soos “Jode” wat ons geloof eksklusief vir onsself wil probeer hou. Alhoewel ek gladnie saamstem met die leer van die Jehovah’s Getuies nie, haal ek my hoed af vir hulle omdat hulle onverskrokke hulle boodskap uitdra na almal wat nie hulle geloof deel nie. Kom ons probeer dieselfde!

Gebed:

Here, ek bely vanoggend dat ek so wegskram van die “Galilea” in my lewe. Help my

asseblief om daardie vrees te oorwin en uit te reik na ongelowiges!

# 10

# Sendingtaak

# Matteus 4:18-22

VIDEO | OUDIO

Stel jou voor: jy kom vanoggend by die werk aan, maak vir jou ‘n koppie koffie, en gaan sit by jou lessenaar om jou dagtaak te begin. Sagte musiek speel in die agtergrond, en ‘n gevoel van saligheid spoel oor jou gemoed. Jy geniet jou werk terdeë.

Skielik lui die telefoon. Dít wat die stem aan die anderkant jou meedeel, skok jou tot in jou sokkies: “Kom gou vinnig af na die straat toe: ‘n huurmotor staan reg om jou na die lughawe te neem. Jy vertrek onmiddellik na Noord-Korea om daar sendingwerk te gaan doen. Los jou besittings, jou familie, jou werk alles net so. Kom dadelik! Jou vrou wag reeds op die lughawe om jou te groet.”

“Vir hoe lank?” vra jy, “‘n week?”

Dan kom die skokkende antwoord: “Moontlik drie jaar, dalk selfs tien!”

Jy moet aanhoor dat die

werksomstandighede in Noord-Korea dikwels haglik is, selfs lewensgevaarlik. Daar sal nie aldag geld wees vir kos nie, en die blyplek is bitter primitief. Sal jy gaan?

Jy sal sekerlik sê: “Maar dis absurd! Sulke dinge kan tog nie gebeur nie!” Maar dis presies wat met Petrus en sy maters gebeur het.

In die vorige perikoop het ons verneem dat Jesus na Galilea vertrek het om daar bekering te preek. Die See van Galilea is baie prominent in hierdie landstreek, en etlike vissermanne maak ‘n lewe uit hierdie ryk bron. En dit is op die strand van hierdie groot meer waar Jesus Hom bevind. Terwyl Hy langs die strand afstap, sien Hy in die verte ‘n paar manne druk besig. Hy kry die broers Simon (Petrus) en Andreas besig om ‘n werpnet met ‘n sierlike boog in die see te gooi en dan in te katrol. ‘n Rustige prentjie. Visvang is hierdie twee broers se lewe en hulle werk, en dit is wat hulle geniet om te doen. Hier langs die viswater is hulle gelukkig, en hulle weet dat die see vir hulle genoeg oplewer om ‘n goeie bestaan te kan maak.

Hulle het al gehoor van hierdie nuwe Prediker

wat vir die mense staan en preek op die strand. Dan herken hulle Hom as Hy reguit na hulle toe aangestap kom. Wil Hy dalk kom vis koop?

Maar Jesus slaan hulle voete skoon onder hulle uit: “Kom hier,” wink Hy vir hulle, “kom saam met my, en Ek sal julle vissers van mense maak!”

Hulle los hulle nette sommer net daar en loop agter Hom aan. Net ‘n entjie daarvandaan is nog twee visserman-broers, Jakobus en Johannes in hulle skuit besig om visnette reg te maak saam met hulle pa. Ook húlle word nader geroep, en hulle los Pa Sebedeus alleen om met die nette voort te gaan, terwyl hulle agter Jesus aanloop. As hulle gedink het dat hierdie ’n ding is wat dalk ‘n uur of twee sou duur, het hulle ‘n groot fout gemaak. Met ’n skok moet hulle verneem dat hulle ten minste vir die volgende paar jaar alles sou moes los - werk, familie, besittings - alles! En hulle sou ook nie juis in ‘n vyfster hotel tuisgaan nie! Dit sou soms maar rof raak.

Die eerste Jode wat hierdie verhaal gelees het, het presies verstaan wat Matteus hier

vertel het, want vir ‘n Jood om in daardie tyd ‘n Christen te word, het beteken dat hy dikwels absoluut alles sou moes prysgee. Die Joodse gemeenskap en selfs sy bloedfamilie het hom totaal verwerp as hy met die Joodse geloof sou breek. Hy was beskou as ’n verraaier, en niemand sou jou besigheid ondersteun nie. Jy verarm, want jou inkomste droog op.

Vandag het ons presies dieselfde situasie met die Moslem wat die Christelike geloof aanneem. Selfs in ‘n verligte land soos Suid Afrika, word daardie persoon van alles gestroop, en hy word verwerp deur sy eie familie. Hy word beskou as ‘n verraaier. Hy word selfs vervolg in so ‘n mate, dat hy enige oomblik vermoor kan word. In die Moslemlande is dit egter nog véél erger, en dikwels word so ‘n persoon onthoof!

Vir hierdie vier vissermanne was dit ‘n reuse besluit om te neem, maar gelukkig was hulle toe nog nie deur hulle eie mense verwerp nie, want die owerhede het nog nie besef wat besig was om te gebeur nie. Jare later sou hierdie selfde manne nog wreed vervolg word

vir hulle geloof!

Ons is nie almal geroep om sendingwerk in vreemde lande te doen nie, maar ons kan bid vir die dapper mense wat dit doen onder uiters moeilike omstandighede. Bid vir aksies soos Geopende Deure en ander organisasies wat onder andere gewone mense gebruik om Bybels en Christelike literatuur in lande in te smokkel en te versprei waar die evangelie taboe is en waar Christene vervolg word. Bid ook vir instansies waar sendelinge opgelei word. Ek en jy kan 'n verskil maak deur sendingwerk te ondersteun, en die taak van sendelinge makliker te maak. Of jy kan deelneem aan een van die talle uitreik-aksies wat deurentyd geloods word.

Word Sendingbewus!

Gebed:

Here, maak my asseblief sendingbewus, en as die opdrag kom dat ek dalk moet gaan, gee dan vir my die moed en wil om ja te sê!

# 11

# Die Grootste Preek van Alle Tye

## Matteus 4:23-5:12

VIDEO | OUDIO

Jesus het in Galilea rondgegaan en aanvanklik begin om in al die sinagoges die mense te leer. Terselfdertyd het Hy ook talle siekes gesond gemaak van elke kwaal denklik. Die nuus oor Hom het soos ‘n veldbrand versprei, en mense het in groot getalle van heinde en verre gestroom om hierdie “Wonderwerker” te sien en te ervaar, en natuurlik om van hulle siektes en kwale genees te word.

Dit is interessant as ons kyk waarvandaan die mense gekom het. Dit was nie net die Joodse gebied van Jerusalem en Judea nie, maar ook van al die heidense provinsies soos Sirië en Dekapolis.

Hierdie was nie net ‘n barmhartigheidsaksie nie, maar Jesus het na ‘n veel groter doel gewerk. Hy wou die verhoog regkry vir die grootste preek van alle tye. Toe Jesus begin met hierdie asemrowende bediening, begin

die nuus versprei na die uithoeke van die omgewing. Mense was baie opgewonde, want hulle het nog nooit só iets beleef nie! Dit word oorvertel en weer oorvertel totdat dit deur die hele provinsie van Sirië weerklink het. In hulle hordes het die mense saamgestroom. Almal wou dit vir hulleself kom beleef, met die gevolg dat daar weldra reuse skares mense was wat om Jesus saamgedrom het. Die sinagoges het natuurlik totaal te klein geword. Dus moes Hy hom wend na die buitelug, en die beste plek was langs die see van Galilea.

Jesus het gewag vir die regte oomblik. Toe daar genoeg mense bymekaar was, het Hy teen die berg opgeklim sodat almal Hom kon hoor. Toe begin Hy daardie wonderlike preek wat oor die jare al oor en oor uitgerafel, bespreek en ontleed is. Vir miljoene mense het dit al vertroosting gebied en geleer, maar dit is ook dikwels misverstaan.

Jesus se preek bestaan uit die aanhef (Matt 5:3 tot 16), die middeldeel (5:17 tot 7:12), waarvan die "Ons Vader-gebed" die kern vorm en die woord "Vader" die gedeelte oorheers. Dit is inderdaad die sleutel tot die

verstaan van die bergrede. Dan volg die gevolgtrekking (7:13-27). As ons die bergrede reg wil verstaan, moet ons reg van die begin af besef dat dit nie gaan oor 'n klomp baie lofwaardige eise wat gestel word nie, maar eerder oor kinders se liefdevolle verhouding met die Vader wat tot uiting kom wanneer gelowiges God se wil doen.

Mense sien dikwels die Tien Gebooie as eise wat God stel, eise wat baie mense moedeloos maak omdat hulle nie hieraan kan voldoen nie. Dit was egter nooit God se bedoeling nie, en ons moet hulle eerder sien as riglyne waarvolgens ons liefde teenoor God en ons medemens kan uitleef. Net soos wat die Tien Gebooie die praktiese uitlewing van ons verbondsverhouding met God reël, so wys die bergrede hoe kinders van God hulle liefdesverhouding met die Vader prakties kan uitleef, en hoe dissipels van Jesus Hom moet navolg.

Die openingstoneel van die bergrede sorg vir 'n dubbelsinnigheid: in vers 1 en 2 lees ons dat Jesus vir sy *dissipels* gepreek het, maar in Matt. 7:28 lees ons dat die *skare* verbaas was oor Sy

preek. Vir wie was die preek dan bedoel? Hierdie is ‘n doelbewuste dubbelsinnigheid van die skrywer om aan te toon dat hierdie preek wel as onderrig vir die dissipels bedoel was, maar dat dit nie ‘n eksklusiewe gesprek met hulle was nie, maar vir elkeen bedoel was wat wou luister.

Die preek begin met die sogenaamde “saligsprekinge.” Die dissipels moes eers hoor hoe genadig God is voordat hulle kon hoor wat die eise is wat God aan hulle stel. Dit is presies soos met die Tien Gebooie, waar God eers vertel van Sy groot genade oor Israel, voordat Hy eise stel. Die eerste genade-aankondiging is dat die mens wat besef dat hy totaal afhanklik van God is, baie groot seën beleef, en dat hy deel het aan die Koninkryk van God. Die 2020 vertaling stel dit so: “Gelukkig is die armes van gees.” Die parallel in Lukas 6:20 sê dat hierdie seën gaan aan dié wat fisies arm is. Daar is nie werklik ‘n verskil tussen die twee nie, want as jy arm is, begin jy jou afhanklikheid van God besef. Die armes in Jesus se tyd is deur die geestelike leiers verag, want hulle het geglo dat armoede ‘n teken is dat God hulle verwerp het. Lukas sê dat hulle

verkeerd is, en dat hierdie sogenaamde verworpenes juis deur God aanvaar word!

Die saligsprekinge gaan eintlik oor geregtigheid. Om eerstens die regte houding voor God te hê, maar terselfdertyd ook om reg te doen. As hierdie twee elemente teenwoordig is in jou lewe, ontvang jy seën en het jy deel aan God se Koninkryk. Om reg te doen behels onder meer om barmhartig te wees, vrede te maak, te treur oor dit wat verkeerd is, sagmoedig te wees, geregtigheid na te streef en om jou lewe skoon en rein te hou. Maar jy kan ook verwag om vervolg te word as jy ernstig is in jou navolging van Christus, maar dan is die troos daar dat daar vir jou 'n groot beloning in die hemel wag.

Om werklik jou geloof op hierdie manier uit te leef en deel te hê aan die Koninkryk van God, is nie vir sissies nie. Dit kos baie moed om hoed-in-die-hand voor God te staan en jou hoogmoed en eiegeregtigheid voor Hom te bely. En dan boonop die juk van die Koninkryk op jou skouers te neem en vir Jesus te volg. Maar die beloning is ongekende seën, vrede wat alle verstand te bowe gaan, en

vreugdevolle gemeenskap met die Vader.

Gebed:

Here, ek besef vanoggend opnuut hoe afhanklik ek van U is, want sonder U is ek niks!

# 12

# Om Sout en Lig te wees.

## Matteus 5:13-16

VIDEO | OUDIO

Daar is twee dinge waarsonder ek my nie in die lewe kan indink nie, sout en lig, en dit is presies waaroor die perikoop vandag gaan.

Eerste aan die beurt is sout, iets wat in ons land maklik bekombaar is. Maar in sommige lande is dit 'n  uiters skaars kommoditeit. Hier by ons skraap jy dit eenvoudig bymekaar in soutpanne. Elders is daar diep soutmyne gegrawe.

Wikipedia skryf onder meer oor soutmyne: Jare gelede was die ontginning van sout een van die duurste en gevaarlikste operasies as gevolg van vinnige uitdroging veroorsaak deur konstante kontak met die sout en ander probleme wat veroorsaak is deur toevallige oormatige natriuminname. Sout is nou volop beskikbaar, maar tot die Industriële Revolusie was dit moeilik om te bekom kom en is sout dikwels deur slawe of gevangenes ontgin. Die lewensverwagting vir die mynwerkers was kort.

In die suidweste van Sjina is natuurlike soutafsettings ontgin met boorgate wat tot 'n diepte van meer as 1’000m kon reik, maar die opbrengste van sout was relatief laag. Sout is 'n noodsaaklikheid vir die lewe!

Maar wat maak sout so belangrik?

In die eerste plek is sout onontbeerlik in enige kos. Dit gee smaak aan enigiets, selfs ‘n sjokoladekoek moet ‘n bietjie sout kry! Dink maar net hoe ‘n heerlike, sappige biefstuk gaan smaak sonder sout!

Tweedens is sout genesend. Dit word dikwels gebruik as ‘n ontsmettingsmiddel. Vir ‘n sinusinfeksie is daar byvoorbeeld niks beter as ‘n soutspoel nie.

Derdens is sout ‘n preserveermiddel. Sonder sout is biltong en bokkoms net eenvoudig nie moontlik nie. So ook sal ‘n beesvel wat nie sout gestrooi word nie, gou verrot!

Dit is ‘n wonderlike aanmerking wat Jesus hier gemaak het. In die eerste plek dat sout ‘n kosbare kommoditeit is. “Sout” is by ‘n gelowige ook ‘n kosbare item wat hy mildelik moet gebruik. Wat is hierdie “sout”?

In die eerste plek om smaak te gee. Daar is baie maniere om smaak te gee, soos byvoorbeeld vriendelikheid en gasvryheid. Sonder om prekerig te wees kan elke gelowige Jesus se liefde uitstraal. Die doel is tweeledig, om ‘n instrument te wees om mense beter en meer positief te laat voel en optree. Maar terselfdertyd is jy ook ‘n ambassadeur vir God se koninkryk, om te wys waaroor die koninkryk werklik gaan, terwyl jy hierdeur God loof.

Tweedens het ons gesien dat sout genesend is. ‘n Smaakvolle, stralende vriendelikheid genees eerstens jouself van allerhande stresverwante kwale. Maar terselfdertyd genees dit almal rondom jou van dieselfde gevolge van stres, want mense voel outomaties beter oor hulleself.

Derdens is sout preserverend, met ander woorde dit verhoed dat iets verrot of vergaan. Deur sout te wees kan jy dieselfde uitwerking op mense hê. ‘n Stralend-gelukkige lewe maak mense honger daarvoor om ook daardie blydskap te beleef wat God jou gegee het. Dit kan lei tot so ‘n persoon se

redding van ewige verderf!

Hierdie is egter net die puntjies van die seekoei se oortjies. Daar is nog soveel wat ons oor hierdie onderwerp kan sê!

In die tweede deel van die perikoop sê Jesus: "Julle is die lig vir die wêreld." Hierdie kort sinnetjie is eweneens gelaai met 'n klomp waarhede. Beurtkrag het ons nou al geleer dat wanneer daardie donkerte skielik toeslaan, dan verdryf selfs 'n ou klein kersie die pikdonker totaal en al.

Net soos met sout, maak selfs 'n bietjie vriendelikheid alleen 'n reuse verskil. Hier gaan dit egter meer oor die ander mense as jouself. Ek maak 'n punt daarvan om met 'n glimlag deur die winkels te stap, en ek het by verskeie geleenthede al gesien watter verskil dit maak aan die mense rondom my.

Dit gaan egter oor veel meer as net om 'n mooi beeld van Christus uit te straal. In vers 16 sê Jesus: "Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik." Na Pinkster het die eerste kerk teen 'n verbysterende tempo gegroei. Waarom?

Omdat elke gelowige ‘n “evangelis” was. Jy het eenvoudig vir almal wat jy teëgekom het vertel van Jesus. Vandag wil dit voorkom asof dit slegs ‘n paar spesiaal-opgeleide mense is wat dit doen. Die opdrag van Jesus in Mat. 28:19, “Gaan dan en maak dissipels van al die nasies,” was nie slegs gemik op die elf apostels nie, maar dis steeds vandag gerig op elke gelowige. Dit is ons plig! Dis ons opdrag van Jesus Persoonlik!

Dit is hoe ons ons liggie kan laat skyn in ‘n nag wat vandag donkerder is as ooit. Maar selfs al is my kersie maar flou, is dit steeds ‘n liggie wat die pikdonker totaal kan verdryf!

Gebed:

Here, ek moet bely dat ek my liggie so dikwels onder ‘n emmer wegsteek. Gee my asseblief die bereidheid om dit uit te haal en helder te laat skyn!

# 13

# Ware Betekenis van die Wet

## Matteus 5:17-26

VIDEO | OUDIO

Vanoggend praat ons oor die Wet, en onmiddellik rys jou hare, want dit is één ding waaroor ons nie eers wil dink nie. Tóg is daar ook diegene vir wie dit van uiterste belang is. Wanneer ons hierdie gedeelte lees, kom jy agter dat hier ook twee sake is wat in gedurige spanning is. Aan die een kant sien ons hoe Jesus klem lê op die kleinste besonderhede van die Wet, en aan die ander kant weer sê Hy dat dit nie rêrag gaan oor die klein besonderhede nie, maar oor die globale wese en ware betekenis van die Wet. Op die oog af is dit twee teenstellings, maar as jy mooi kyk, is die twee stellings in totale harmonie met mekaar.

Soms is dit nodig om ‘n wet te maak om ‘n sekere gesindheid by iemand te kweek, en dikwels moet hierdie wet ferm toegepas word om die gedagte tuis te bring. Ek het my kinders van kleins af ’n liefde en

verantwoordelikheid teenoor die natuur probeer aanleer. My dogter, Anita, was nog maar baie klein toe ons eendag met die motor ry en sy ‘n lekkergoedpapiertjie by die venster uitgooi. Sy het goed geweet van die “wet” dat ‘n mens nie rommel strooi nie. Ek hou stil en sê vir klein Anitatjie dat sy maar moet uitklim, die ent pad terugloop en die papiertjie gaan optel. “Wreed!” sou jy dalk sê. Maar dit het gewerk, want sy het dit nooit weer gedoen nie! Op ‘n harde manier moes sy leer dat jy nie met die natuur mors nie, en vandag het sy ‘n groot liefde vir die natuur. Op daardie stadium het dit vir haar soos ‘n wet gevoel wat sy moes nakom, anders het sy “straf” gekry. Nou, jare later, het sy die waarde van die wet besef. Dit is nie maar net ‘n sinnelose wet wat onderhou móét word om Pa gelukkig te hou nie, maar dat sy besef dat as sy rommel strooi, dan bemors en vernietig sy die natuurskoon waarvoor sy lief is!

Die Wet is ‘n baie omstrede onderwerp. Ek dink ek het dalk al ‘n paar mense se koppe deurmekaar gemaak met stellings oor die Wet. Per geleentheid het ek geskryf dat dit gladnie nodig is om die Wet te onderhou nie,

want God se genade alleen is genoeg om my te red. Ek is deeglik geroskam oor hierdie stelling! By 'n ander geleentheid skryf ek weer dat 'n mens juis die Wet móét onderhou. Dit doen ek uit dankbaarheid vir God se genade. Daaroor is ek óók met die borsel bygekom, want geen mens kan ooit die Wet volkome nakom nie, en boonop: wat word dan van die genade? Op die oog af is hierdie twee groot teenstellings wat lynreg teenoor mekaar staan, maar as jy mooi gaan kyk, dan sê hulle presies dieselfde ding. Wat Jesus oor die Wet sê lyk met die eerste oogopslag ook na reuse teenstellings, maar lees jy mooi tussen die lyne, sien jy dat daar geen teenstelling is nie, maar dat die volle waarheid agter die Wet en die volheid daarvan eintlik hier verskuil lê.

Nou moet ek dit net eers beklemtoon dat dit baie gevaarlik is om 'n versie uit die Bybel te lees en daaruit gevolgtrekkings te maak. Jy kan baie maklik self 'n totaal verdraaide boodskap in die Bybel inlees! Elke versie moet gelees word in die konteks waarin dit staan. Dikwels is dit nodig om 'n hele hoofstuk of selfs meer te lees om die volle omvang van 'n spesifieke versie te verstaan. En dan moet dit

getoets word aan die groot boodskap van die Bybel. Hierdie is een van daardie gedeeltes wat eintlik in sy geheel gelees moet word. Inderdaad is dit deel van 'n preek wat Jesus gelewer het, en 'n mens kan mos nie net 'n enkele sinnetjie uit 'n preek neem en daarvan sin probeer maak nie! Om praktiese redes is ons egter genoodsaak om hierdie preek oor 'n paar dae te behandel, en dus moet al die dagstukkies wat hieroor handel eintlik as 'n eenheid gelees word.

Wanneer Jesus sê dat die Wet baie nougeset nagekom moet word, dan verduidelik Hy wat Hy eintlik bedoel. Die eerste voorbeeld wat Hy gebruik is die wet wat sê dat jy nie mag doodslaan nie. Toe ek vir Anita gesê het dat sy nie papiertjies mag rondgooi nie, het dit eintlik gegaan oor natuurbewaring. Die papiertjie-storie was maar net 'n voorbeeld.

Net so, verduidelik Jesus dat die doodslaan-wet maar net 'n voorbeeld is, en dit gaan eintlik baie dieper. Dit gaan oor 'n liefde vir jou medemens, want as jy hom beledig of slegsê of 'n wrok teenoor hom koester, dan is dit net so goed of jy slaan hom dood. Dit gaan eintlik

oor jou gesindheid teenoor jou medemens, want as jou gesindheid reg is, sal jy hom mos op géén manier probeer skade berokken nie. As jou gesindheid teenoor jou onredelike baas reg is, sal jy hom nie “Die Vark” noem teenoor jou mede-werknemers nie. En wanneer daar die spot gedryf word met iemand, sal jy opstaan vir sy goeie naam as jy werklik vir hom omgee.

Eintlik gaan dit nog véél dieper. Later verduidelik Jesus dat dit nie ‘n negatiewe “jy mag nie” gesindheid moet wees nie, maar eerder ‘n positiewe, aktiewe uitleef van liefde moet wees. Meer hieroor ‘n bietjie later.

Die vraag is dus wat hierdie “omgee” en “gesindheid” dan nou eintlik beteken? Daaroor sal ons oor die volgende paar dae gesels.

Gebed:

Here, leer my asseblief om U Wet uit te leef soos U dit van my vra!

# 14

# Kuisheid en Egbreuk

# Matteus 5:27-32

VIDEO | OUDIO

Wys my die man wat nie ‘n oog vir ‘n mooi meisie het nie! En wys my die vrou wat nie met waardering kan kyk na ‘n aantreklike man nie! Ai toggie! As ek dan na die eise kyk wat Jesus stel in hierdie preek, lyk hulle mos totaal onrealisties en onbereikbaar. Dan moet ’n man mos dood wees..... Of is hulle werklik so erg?

Tydens ‘n huwelikseminaar het die aanbieder per geleentheid gesê dat as ‘n mooi meisie by jou verby stap, dan is dit maar net natuurlik dat ‘n man, selfs ook ‘n getroude man met waardering na haar sal kyk. Daarmee is niks verkeerd nie. As jy egter, wanneer sy om die hoek verdwyn, agterna hardloop om ‘n baie deeglike kykie te kry, dan begin die rooi gevaarligte wild flikker! Dit is dán wat jy moet begin selfondersoek doen, want dit is die begin van egbreuk. Dit gaan alles oor sondige begeertes, en dit is presies waarvan Jesus

praat in Matteus 5.

In daardie tyd het die getroude vrou 'n uiters kwesbare lewe gelei in die Joodse samelewing. Dit was haar eensydige plig om aan haar man getrou te bly, en sy moes bontstaan om die begerige oë en hande van vreemde mans te ontwyk. Die man, aan die ander kant, het dit maklik gehad, want die vrou was as't ware sy eiendom, en hy kon eintlik met haar maak wat hy wou. Nou plaas Jesus egter die onus op die man wanneer Hy sê dat die man met die regte oog na 'n vrou moet kyk. Dit sal beteken dat sy vrou dit makliker sal hê, en dat hulle huwelik veilig sal wees. Dit gaan nie hier oor 'n onnatuurlike onderdrukking van jou sintuie, waar jy moet oë toeknyp en nie eers die mooi in die lewe mag raaksien nie. Dit gaan eintlik veel breër, waar 'n man nie gedurig met begerige oë na 'n mooi vrou kyk nie!

In 'n tyd toe geen vrou veilig was alleen saam met 'n vreemde man nie, het Jesus met Sy voorbeeld die samelewing genormaliseer met Sy verhouding met verskeie vroue, sonder enige bybedoelings. Sommige van hulle was

selfs prostitute! Vandag is dit veral die predikant wat baie versigtig, en deurentyd biddend sy dagtaak moet aanpak, waar hy dikwels alleen saam met vrouens moet verkeer, en luister na hulle diepste hartsgeheime. Dikwels is ‘n vrou wat haar hart teenoor hom uitstort uiters kwesbaar, en dit kan potensieel in ‘n gevaarlike situasie ontwikkel. Bid dus gereeld vir jou leraar, dat hy sterk en staande sal bly.

Maar dit is nie net predikante wat uitgelok kan word nie, ons wêreld het in ‘n siek samelewing ontaard. Pornografie is aan die orde van die dag, nie alleen in tydskrifte wat eksplisiet op die rakke uitgestal word en die manne, en óók die vroue se hormone deurmekaarkrap nie, maar op TV word rolprente vertoon wat ‘n man kan laat hyg na jou asem. Dan het ons nog nie eers gepraat van die walglike pornografie wat vryelik tot elkeen se beskikking is op internet nie. In die samelewing staan die Evasgeslag dikwels skuldig deur uitlokkend aan te trek. Klere word dikwels gekies om die manne ‘n tweede en derde keer te laat kyk, en nie alleen te laat kyk nie, maar te laat begeer! Dit laat haar mos lekker

voel as die manne haar nie in die oë kan kyk nie, maar eerder haar bates waardeer! Net só geld dit egter ook vir die manne. Ja, ‘n man kan óók uitlokkend wees en die vrouens laat swymel! Maar dis nie waaroor dit gaan nie, dit gaan baie eerder daaroor dat jy jou nie laat verlei nie, en dat jy slegs die mooi raaksien en nie die uitlokkende nie!

Dit bring ons dan by die derde teenstelling van Jesus, naamlik die egskeiding. Hieroor het ek al baie vrae gekry, maar ek wil dit baie duidelik stel dat ek nie ‘n huweliksberader is nie. Vandag het egskeiding baie maklik geword. In die Nuwe Testamentiese tyd was dit ook maklik, want die Jode het hulle eie interpretasie gehad oor ‘n versie in Deuteronomium 24:1, waar geskryf staan dat ‘n man maar van sy vrou kan skei as hy iets onbetaamlik aan haar kry. Hulle het op loop gegaan met hierdie versie, en gesê dat hy selfs van haar kan skei as sy maar net die kos verbrand. Wanneer ons Matt. 19 behandel, sal ons egter in meer diepte na die egskeiding kyk.

Kom ons stel dit baie duidelik: Egskeiding is nie

vir God aanvaarbaar nie, en dit is nie die manier om huwelikskonflik op te los nie. Om 'n huwelik te beëindig is bloot egbreuk. Daarmee neem Jesus nie 'n absoluut ongenaakbare houding in nie, en weereens moet ek dit beklemtoon dat ons nie 'n enkele versie moet neem en daarmee 'n onverbreekbare wet maak nie. Ons moet die preek in sy geheel lees om die ware betekenis te kry. As ons na die groot prentjie kyk, sien ons dat Jesus wil hê dat ons as "draers van die oorvloediger geregtigheid" allereers biddend voor die Koning sal buig. Ons moet eers daardie basiese oorgawe maak voordat ons met enige "ja, maar" oor ons huwelik kan kom.

Die vraag is egter of ons ooit nog in staat is om onbevange God se wil in ons huwelik te soek? Of soek ons maar die eerste beste "oplossing" wanneer dinge skeefloop in die huwelik?

Gebed:

Here, ek bid dat U my sal bewaar teen struikeling. Hou asseblief my hart rein en bewaar my daarvan dat ek verkeerde begeertes in my hart sal koester!

## 15

## ‘n Oog vir ‘n Oog!

## Matteus 5:33-42

VIDEO | OUDIO

“Het julle ouens gehoor: die derde wêreldoorlog het so pas uitgebreek!” ‘n Baie opgewonde seun beduie daar na Amerika se rigting. “Die Amerikaners en Russe is al besig om op mekaar te skiet met atoombomme!”

“Haai rêrag? Sweer jy?” betwyfel ‘n stem uit die gehoor hom.

“Ja, njannies!” Hy steek sy voorvinger in sy mond, klap met sy tong, en steek sy vinger in die lug op: “Sowaar as parramanel! Cross my heart and hope to die!” Nou is sy storie geloofwaardig!

‘n Paar manne verdwyn uit die gehoor om hierdie sappige storie verder te gaan vertel, natuurlik met hulle eie tjoklitsous daarby om die storie darem ‘n bietjie geur te gee!

Onthou jy nog? Toe ons kinders was durf ons nie ons stories bevestig het met ‘n “Ek sweer” nie! Dit was groot sonde! En toe is daar

allerhande ander foefies en sê-dinge gebruik om te bevestig dat wat ons praat die reine waarheid is. Maar wat sê al hierdie dinge eintlik? Dit is alles maniere om met 'n eed te bevestig dat ek die waarheid praat. Jesus noem hier aan Sy dissipels 'n paar voorbeelde wat mense gebruik om die ware eed waar God se Naam ingesleep word te omseil, maar dit kom eintlik op presies dieselfde neer. Om 'n eed te neem roep jy God as jou getuie in die gesprek. As daar nie 100% waarheid steek in wat jy sê nie, dan maak jy God tot leuenaar!

Dit gaan egter veel dieper as dit. God is niemand se "Speelmaatjie" nie! Ons moet onthou dat Hy die hoogste Gesag in die heelal is. Hy is die Koning van alle konings; die Skepper van alle dinge. As sodanig moet ons dus alleen die hoogste respek vir Hom hê. Daar is 'n boek geskryf met die titel: "Hey, God!" waar die skrywer op 'n baie ligtelike manier 'n verhouding met God het. Ek het die boek nooit gelees nie, want die titel alleen was vir my half Godslasterlik. Hoe kán ek God so aanspreek? Inderdaad mag en MOET ek met God gesels, en dit is een van die wonderlikste genadegawes wat Hy ons gegee

het, maar ons moet altyd onthou Wie dit is met Wie ons praat, en die grootste respek vir Hom hê. Daarom sal ek ook beslis tweekeer dink voor ek ligtelik ‘n eed aflê. Om die waarheid te sê, is dit beter om nooit ‘n eed af te lê nie. Jesus het immers sélf so gesê!

Ons het reeds in die afgelope paar dagstukkies gewys op ‘n paar teenstellings wat Jesus gemaak het. Vandag kyk ons na die vyfde teenstelling wat Jesus maak. Dit handel oor geweld. Ken ons nie vandag genoeg daarvan nie? Daagliks word ons land geteister deur gewelddadige opstande. Boonop is daar die angswekkende bendegeweld, veral in die Kaap. Nie eers gepraat van moord, verkragtings, gesinsgeweld, plaasaanvalle en nog baie meer nie. In Jesus se tyd was dit egter veel erger, maar op ‘n totaal ander vlak. Daar was dit nie blatante misdaad wat die Jode se lewe oorheers het soos vandag nie, maar die Romeine, en veral die arrogante Romeinse soldate wat net eenvoudig oral uitgekruip het om die lewe vir almal suur te maak!

Ons hoor dikwels die bitter uitspraak van

iemand wat onder geweld deurgeloop het: “Ek hoop hy vrot in die tronk!” Ek dink nie dat daar een enkele persoon is wat hierdie dagstukkie lees wat nie siek is vir al die geweld wat ons mooi land teister nie. Nou kom Jesus en Hy sê dat ‘n mens nie daardie geweld met geweld moet beveg nie, maar met liefde. “Maar hoe doen jy dit?” is jou onmiddellike vraag.

“Wees kreatief!” sê Jesus. Hy gee ‘n paar voorbeelde oor hoe ‘n mens kreatief met geweld kan omgaan. In daardie dae het ‘n Romeinse soldaat die reg gehad om enigeen langs die pad te gryp en hom te dwing om sy bagasie vir ‘n kilometer ver te dra. Jesus sê vir Sy dissipels dat dit nie help dat jy met die man stry nie. Vat eerder die pak, en bied sommer aan om dit nog ‘n tweede kilometer ook te dra, want op daardie manier wys jy hom iets van God se liefde.

In vandag se taal: As iemand in jou blink nuwe motor vasry, kan jy een van twee dinge doen. Jy kan uitspring en in ‘n woedebui die arme vent slegsê en vertel presies wat jy van sy bestuursvernuf dink. Die kanse is goed dat sy

bloeddruk ook die hoogte gaan inskiet, en dat hy ook op jou gaan terugskree. Padwoede, waar mense selfs op mekaar skiet of mekaar toetakel, het ‘n groot probleem geword op ons paaie!

Maar daar is ’n ander alternatief: jy kan bid vir wysheid, krag en kalmte, en dan kalm en rustig uitklim en op ‘n vriendelike toon saam met die ander party besluit hoe julle die saak gaan beredder. Doen jy dit, dan is die saak klaar driekwart opgelos!

In kort: moenie gedurig vergelding najaag nie. Soek jy vergelding, dan ontdek jy met ’n skok hoe jou eie menslikheid stelselmatig afgebreek word. Daar is ‘n spreekwoord wat sê: “Hy wat ‘n ander jaag, staan self nie stil nie.” Liefde, aan die ander kant, is ‘n kragtige wapen wat baie plofbare situasies kan ontlont, en terselfdertyd jou eie menslikheid opbou.

Gebed:

Here, plaas asseblief ‘n wag voor my mond, en gee my kalmte en wysheid om mense wat my te na kom met liefde te kan hanteer!

# 16

# Liefde vir jou Vyand

# Matteus 5:43-48

VIDEO | OUDIO

Oorlog is 'n verskriklike ding, en ek dink ons ou wêreld het die afgelope klompie jare genoeg gehad daarvan. Vandag heers die sinnelose oorlog tussen Rusland en die Oekraïne terwyl die Israelies en die Palestyne mekaar vodde skiet. As jy vandag egter een van die oues van dae is, dan sal jy seker nog die verskrikking van die tweede wêreldoorlog onthou. En baie van ons middeljarige manne het nog in die angswekkende grensoorlog geveg. Maar dit is juis in sulke grusame omstandighede waar jy mense die snaaksste dinge sien doen, dikwels onder haglike omstandighede. Dit gebeur baiekeer dat 'n man sy eie lewe waag om een van sy makkers wat gewond is, te red. Maar soms gebeur dit ook dat iemand sy lewe waag om een van die vyand te red wat gewond is! En dan wonder ons wat in daardie man se gedagtes omgegaan het.

Ek het 'n paar jaar gelede verslae gestaan toe

daar weereens ‘n sinnelose moord gepleeg was, dié slag op ‘n jong predikant. Die natuurlike reaksie van die jong man se pa moes eintlik van vergelding wees, om in woede die wrede aanvaller te vervloek. Hy het dit egter nie gedoen nie! Die onverstaanbare reaksie van die verslae pa was om te sê dat hy bid vir sy seun se moordenaar! Almal onthou seker nog die wrede aanval op die egpaar, Louis en Hettie Brittz, en dat Hettie boonop verkrag was. Hettie en Louis se reaksie was dat hulle daardie verkragter vergewe het en absoluut géén wrok teen hom gedra het nie!

Ons natuurlike reaksie is om dadelik te vra hoe dit dan moontlik is? ‘n Mens kan mos net eenvoudig nie anders as om so ‘n gewetenlose skurk te haat nie! En wat van jou vyand in die oorlog? Jy móét hom mos haat! Of hoe?

Jesus se sesde teenstelling laat die hare op jou nek regop staan, wanneer Hy sê dat jy jou vyand moet liefhê! Jou eerste reaksie is om te sê: “Here, nou maak U ‘n fout! ‘n Mens kan mos tog sekerlik nie?” Dis nie in die mens se

natuurlike aard nie en dit druis in teen alles wat mens is binne-in jou! Is dit hoegenaamd menslik moontlik om aan so 'n opdrag van Jesus gehoor te gee? Maak jy nie nou 'n moordkuil van jou hart as jy sulke dinge moet doen nie?

Kom ons wees nou maar eerlik met mekaar: dit is seker nie menslik moontlik om jou vyande lief te hê nie. Maar dit is nie waaroor dit primêr gaan nie! Dit gaan allereers oor God, en hoe Hy is. Vers 45 beskryf die onbeskryflike goedheid van God en hoe Hy ál Sy gawes skenk aan goeies sowel as slegtes. Hy gee onbeperk aan vriend en vyand. Hy is bereid om die gawe van die ewige lewe te gee aan enige mens wat bereid is om in Jesus te glo. En dikwels is dit mense wat in die grootste vyandskap met God geleef het. Hy is bereid om daardie vyandskap te vergewe en daardie rebel 'n nuwe hart te gee, en boonop Sy Gees in daardie mens te gee. 'n Voorbeeld hiervan is Paulus.

God wil hê dat daar iets van daardie soort liefde in ons sal deurskemer. Ons moet wees soos Hy is! Natuurlik is dit nie moontlik nie, maar

Hy wil hê dat ons ten minste moet probeer, érnstig probeer om só ‘n liefde na te streef. Dit is eers in die lig van God se liefde, en dan spesifiek Sy liefde vir Sy vyande, dat hierdie opdrag van Jesus begin sin maak. In teorie klink dit onmoontlik, maar in die praktyk is dit al oor en oor bewys dat hierdie soort liefde wél uitvoerbaar is. Wees kreatief! Dit sal net van jóú afhang hoe vindingryk jy hierdie liefde kan deurvoer, en hoe jy daarmee kan woeker. Nee, eintlik is dit nie heeltemal waar nie, want alleen deur die krag wat die Heilige Gees jou gee, raak hierdie opdrag uitvoerbaar. As ek bereid is om die Heilige Gees toe te laat om in en deur my te werk, dan word dit wél moontlik.

As Jesus dus sê dat ons so volmaak moet wees soos God, dan bedoel Hy dat daar by ons ‘n deurlopende strewe moet wees na hierdie volmaaktheid. Nee, natuurlik sal ons dit nooit kan bereik nie, maar ons durf nooit ophou om daardie pad te stap van “probeer” nie, en jy moet daardie pad met oorgawe loop. Sommige mense gaan baie verder op die pad vorder as ander. Dit moet egter vir elkeen van ons ‘n liefdesreis wees, een waar ons ons liefde

uitleef teenoor God en ons naaste. Ja, en selfs ook teenoor ons vyande! Dit kan egter alleen geskied in die krag van die Heilige Gees.

Gebed:

Here, ek staan diep skuldig voor U wanneer dit gaan oor liefde vir my vyande. Gee my asseblief ‘n ware hart van liefde.

# 17

## Gee Sonder om iets terug te verwag

## Matteus 6:1-4

VIDEO | OUDIO

Ek het al so dikwels die toets van Matteus 6 met 'n onderskeiding gedop! En keer-op-keer voel ek agterna soos 'n wurm! Dit het al só dikwels gebeur dat ek deur 'n bedelaar gekonfronteer is, elke keer met 'n lang storie. En meeste van die tyd nogal rég voor die kerk! Hulle stories kan dikwels só outentiek raak dat hy jou oortuig van die werklikheid van die situasie. Negentig persent van die tyd is dit 'n opgemaakte storie, maar die vraag is: Hoe weet ek of dit eg is of nie? En wie is ek om te oordeel? En dan, wanneer ek die persoon met leë hande wegstuur, staan die letters in Matteus 6 skielik soos gloeiende woorde voor my, woorde wat my aankla van dieselfde skynheiligheid as die Fariseërs van ouds.

Ek het hierdie bedelaar-toets al sóveel keer in my lewe gedop. En boonop is ek al male sonder tal met 'n slap riem gevang!

"**Vrydag is aalmoesdag,**" vertel 'n ou Moslem

skrynwerker met wie ek jare gelede saamgewerk het, my eendag. "**Vrydae mag jy nie 'n bedelaar met leë hande laat weggaan nie!**" In elke Moslem se winkel is daar dus Vrydae 'n bakkie vol sente op die toonbank, en elke bedelaar wat verbykom kry 'n paar sente. Sy wet sê dat hy dit móét doen, dus dóén hy dit. Die wet sê ook nie hoeveel hy moet gee nie, dus gee sommige Moslems slegs die absolute minimum, niks meer as 'n paar waardelose sente nie. Hy help mos die armes! Sy gewete is nou mooi silwerskoon!

Ek sien 'n nuusberiggie raak oor die een of ander groot organisasie wat geld geskenk het vir welsyn. Die beeld wat vertoon word is 'n groep mense met aangeplakte glimlagte wat feitlik reg rondom gaan, en 'n reuse tjek van maklik twee meter lank, waarop natuurlik die maatskappy se embleem verskyn vir die wêreld om te sien. Die tjek word aan die sukkelende welsynsorganisasie oorhandig met oordrewe handdrukke. Baie indrukwekkend! Natuurlik is hierdie oorhandiging wat TV nuusdekking kry, 'n uitstekende advertensie vir die maatskappy!

By ‘n ander geleentheid is daar ook ‘n beriggie op TV: die naam van die persoon wat verskyn is totaal onbekend, maar vir jare reeds is sy besig om vir honger kinders kos te gee in die townships. Al haar kapitaal is reeds opgebruik, maar sy is stralend gelukkig. Niemand van die buitewêreld het ooit van haar geweet nie, totdat iemand haar eendag per toeval raakgesien het, en besluit het om ‘n video van haar te neem waar sy besig is met haar lewenstaak.

In die wandelgange van die kerk hoor ek iemand bitterlik kla: “Hier het ek my twee hande deurgewerk vir die kerkfunksie, en ek kry nie eers ‘n dankie daarvoor nie!”

Wat het al hierdie voorbeelde wat hier bo genoem word in gemeen? Die enkele woord: **GESINDHEID**. Die Moslems gee vir armes omdat die wet sê dat hulle moet. Dit is daarom dat hulle net die absolute minimum gee, net om binne die perke van die wet te bly. Daar is geen liefde betrokke by hierdie handeling nie, of selfs enige simpatie of empatie teenoor die bedelaars waarvoor hulle gee nie. Die maatskappy met sy reuse

tjek, aan die ander kant, het net één ding in gedagte: om soveel nuusdekking deur sy handeling te kan kry as moontlik. Hy móét gesien word as iemand wat werklik omgee, want dan sal sy produk beter verkoop. Ja, 'n mens wys baie maklik vinger na hulle, maar is dit nie maar presies dieselfde as iemand wat die een of ander groot skenking maak in die kerk, en dan verwag dat hy in die openbaar daarvoor bedank word nie? Ek het sélf al dikwels in hierdie strik getrap, dat wanneer ek die een of ander taak verrig, dat ek in afwagting sit dat die dominee my van die kansel af moet dankie sê vir my aandeel in die sukses van die kerk. 'n Ou dominee word eenmaal vreeslik geprys vir sy preek na die erediens, en toe die lofsanger wegstap, toe sê die dominee vir my dat die duiwel hard gewerk het, want as iemand jou só prys dan moet jy weet dat daar groot fout was met jou preek!

Dit het alles te doen met jou gesindheid. Die vrou met haar sopkombuis in die townships se grootste plesier in die lewe is om die dankbare glimlaggies te sien van honger kindertjies wat kos kry. Sy weerkaats Jesus se liefde sonder om

te vra vir erkenning. Wanneer ek en jy ons deel gee - wat is die gesindheid in ons harte? Gee ons sonder om iets terug te verwag? Of gee ons dalk in die hoop dat die gemeenskap ons op die een of ander manier hiervoor sal beloon of bedank? As ons tóg maar net erkenning kry vir ons goeie daad! Of is dit miskien dat ons van God ’n beloning verwag vir dit wat ons gedoen het? Inderdaad sal God diegene beloon wat met die regte gesindheid gee, maar die regte gesindheid is nie om te gee sodat God ons beloon nie, maar juis om slegs te gee uit liefde en dankbaarheid vir alles wat God alreeds vir ons gedoen het. Hoe beloon God ons? Nie ‘n fisiese beloning van rykdom nie, maar eerder ‘n geestelike beloning.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my die regte hartsgesindheid, en empatie met diegene wat minder bevoorreg is!

# 18

# In Gesprek Met God

# Matteus 6:5-8

VIDEO | OUDIO

Help dit ooit om te bid? Mors ek nie dalk maar net my tyd nie? En mors ek nie miskien ook God se kosbare tyd nie? In Matteus 6:8 staan daar tog immers geskrywe dat God alreeds weet presies wat ons nodig het, selfs nog voordat ons daarvoor bid. Waarom dan nog bid?

Inderdaad is dit dalk nie eers nodig vir ons om te vra nie, maar gebed gaan oor soveel méér as net om iets van God te vra. Gebed is ‘n wonderlike gawe wat God ons gegee het. Dit is ‘n kommunikasiekanaal wat elke sekonde van die dag oop is, met direkte toegang tot God Almagtig. Hy wil hê dat ons dit gereeld en intens moet gebruik, maar daar is ook ‘n gevaar by betrokke dat ons dit dalk kan **MISBRUIK**. In Jesus se groot preek op die berg staan die saak van gebed as die hart van die preek. Hy begin deur te wys hoe gebed **NIE** moet wees nie en hoe dit misbruik kan word.

Die Jode het hulle gereelde gebedstye gehad, en dit was nie snaaks om selfs mense op straat te sien bid nie. Vandag kry ons dit weer by die Moslems met hulle vasgestelde gebedstye. Só ernstig is sommige van hulle daaroor, dat as dit nie anders kan nie, sal hy sy matjie op die bepaalde tyd oopgooi nét waar hy is om sy gebed te doen, al is dit in die middel van die straat.

Die probleem met die Jode was egter dat sommige van hulle, veral die vroom Fariseërs, dikwels op straat gestaan en bid het. Dit was nie omdat hulle so vroom was nie, maar eerder om ander mense te beïndruk. Almal moes darem nou mos kon kennis neem hoe vroom hulle wérklik was! So 'n gebed is nie meer 'n gebed nie, want op daardie manier misbruik jy eintlik vir God om jou eie selfbeeld te adverteer. Gebed is 'n innige gesprek met God, en daarvoor is die privaatheid van jou binnekamer die éíntlike plek.

Maar beteken dit nou dat openbare gebed nie 'n plek het in my lewe nie? Allermins! Jesus het dikwels in die openbaar gebid, en so ook Paulus. Openbare gebed in die Erediens en by

bidure het ‘n besliste plek in die gelowige se lewe. Dit gaan in hierdie gedeelte oor die ware karakter van die gebed en dat dit nog steeds ‘n innige gesprek met God sal bly, selfs al is dit ook ‘n openbare gebed.

Ek het al by ‘n paar geleenthede gehoor dat ‘n predikant in sy slotgebed die preek soort-van opsom om finaal die boodskap by die gemeente in te hamer. Hierdie is dan óók nie meer ‘n gebed nie, maar eerder ‘n mini-preek of ‘n katkisasieles! Dan word die gesprek met God misbruik om mense te leer. In dieselfde asem het ek al gehoor hoedat iemand tydens ‘n biduur eintlik vir een van sy mede-biduurgangers preek oor die een of ander sonde in sy lewe, in plaas van om met God te praat. Dit is soos om God se Naam te gebruik (eintlik te misbruik!) om ‘n dolksteek na jou mede-gelowige te gee!

Ons moet ook versigtig wees vir daardie lang uitgerekte openbare gebede wat jou mede-bidders naderhand aan die slaap laat raak. In jou binnekamer kan jy bid so lank as wat jy wil. In die openbaar moet dit kort en op die punt af wees en jy moet ander mense in ag neem.

Die tweede saak waaroor Jesus praat wat gevaarlik is in gebed, is om God se aandag te probeer trek met ‘n stortvloed van woorde. Hierdie tendens was algemeen by die heidene wanneer hulle tot hulle afgode gebid het. Hulle het dan selfs verder gegaan en hulleself gepynig sodat die afgod moet sien hoe ernstig hulle is. Hierdie praktyk word vandag nog steeds gevolg, veral onder die Hindoes. Ek het dit per geleentheid sélf aanskou, en dit is absoluut grusaam!

Dit het egter ook onder die Jode voorgekom, waar ‘n gebed oor en oor herhaal is. Vandag word dit nog steeds gedoen, maar dié slag deur gelowiges! Self-pyniging is ‘n alledaagse ding onder Christene in veral die Latyns-Amerikaanse lande, waar mense tydens Paasfees hulleself kasty, en selfs laat kruisig. Nader aan ons eie lewe sien ons egter ook dikwels dat iemand in ‘n gebed dieselfde ding oor en oor sê. Dit word ‘n paar keer herhaal of dalk op ‘n ander manier gesê sodat die Here móói moet verstaan. As ons dink dat die Here dit nie die eerste keer mooi gehoor of verstaan het nie, is dit ‘n klap in die gesig van God. Hy hoor en begryp selfs baie beter as ek

en jy! Dan is daar ook die praktyk om die Here se Naam oor en oor te noem, sodat elke sinnetjie met "Here" of "Vader" begin, so asof God daaraan herinner moet word dat daar eintlik met Hóm gepraat word. Dit is totaal oorbodig om dinge vir God te herhaal. Hy weet reeds wat jy wou bid nog voordat jy begin praat het!

Wat kan ons dan wys word uit wat hierbo gesê is? Gebed is noodsaaklik, en God wil hê dat ons moet bid, ook in die openbaar. Maar gebed is nie afhanklik van mooi, lang, verhewe, ernstige of kettinggebede nie. Moenie God probeer beïndruk nie, want dan knip jy self die gebed kort. Gebed kan enige tyd en enige plek plaasvind, maar dit bly steeds 'n privaat gesprek tussen jou en God. Die motief en gesindheid waarmee jy bid is van uiterste belang, want dít is die ding waarin God belangstel. En hierdie is sekerlik die kern van gebed: Dit is 'n eerlike en opregte gesprek uit jou hart met God, sonder enige bybedoelings of ander motiewe.

Hoe moet ons dan bid? More meer hieroor.

Gebed:

Here, my gebedslewe skiet so ver tekort. Ek bid so dikwels selfsugtig en eerder om mense te beïndruk. Leer my asseblief om reg te bid!

# 19

# So Bid Mens

# Matteus 6:9-15

VIDEO | OUDIO

So dikwels het ek al gehoor dat iemand sê: "**Ek weet nie hoe om te bid nie.**" En dan natuurlik die nagmerrie van menige ouderling: "**Ek sterf tien dode as ek in die konsistorie/openbaar moet bid!**" As ek jou vanmôre 'n geheimpie kan vertel: ek sukkel sélf om 'n openbare gebed te doen, want ek luister na ander mense se lang en indrukwekkende gebede, en dan begin ek bid, en ek voel so klein en nietig want ek het nie daardie stortvloed van mooi woorde en gedagtes wat die "groot bidders" en "voorbidders" het nie. Maar dan dink ek aan die voorbeeld van 'n gebed wat Jesus vir Sy dissipels gegee het, en dan voel ek nie meer skaam nie, want Jesus se gebed is kort en baie eenvoudig.

Kom ons gaan kyk 'n bietjie wat Jesus ons leer van gebed:

Die aanhef van die gebed vertel vir ons van die nabyheid van God. Maar Jesus praat dan

van die Vader wat in die hemel is, ver verhewe bo ons? Nee, die feit dat Hy in die hemel is het niks met afstand te doen nie. Hoe ver is die hemel? Dalk baie nader as wat ons dink! Kom ek verduidelik: As ons in twee aangrensende vertrekke is, met 'n eenrigting venster tussen ons, kan jy my moontlik nie sien nie, en jy is moontlik nie eers bewus van my teenwoordigheid, slegs enkele meter van jou af nie. Ek is egter steeds reg by jou en ek kan jou sien en hoor en selfs met jou kommunikeer. Dalk kan ons ook die hemel in daardie lig sien. Jesus het immers belowe dat Hy by ons sal wees tot met die voleinding!

Dit het dus hier te make met die Vader se almag en alomteenwoordigheid. Ons aanbid die Almagtige God, waarvoor niks, absoluut niks onmoontlik is nie. Hy is sékerlik groter as Sy skepping, die heelal. Ons wêreld kan Hy in die holte van Sy hand hou. As inwoner van die aarde kan ek dus gaan waar ek wil, maar ek is steeds baie naby aan God, rég in die holte van Sy hand.

Ons praat verder ook nie met 'n onpersoonlike God nie. Jesus leer ons om Hom baie

persoonlik op te neem. Hy is "óns Váder". Dit wil vir ons sê dat dit 'n baie persoonlike gesprek is met Iemand wat vir my omgee en wat my liefhet, net soos wat 'n aardse vader sy eie kind sal liefhê. Dit beklemtoon die absolute nabyheid van God aan my wanneer ek bid. God se Vaderskap vorm die kern van die hele bergrede, en wanneer ons daardeur lees, sien ons hoedat Jesus telkemale daarna verwys. Dit is dus baie belangrik om deeglik te besef wanneer ons bid, hoe persoonlik hierdie gesprek eintlik is. Dit is egter ewe belangrik om ook die almag van God, waarna ek so flussies verwys het, te besef, want as ons verder bid vir ons daaglikse behoeftes, moet ons weet dat dit binne God se mag is om te voorsien.

Kyk ons na die eenvoud van die gebed wat Jesus ons leer, dan nooi dit elkeen uit om te kom deelneem, want selfs die bangste bidder sal kans sien vir so 'n eenvoudige gebed. Daar is nie 'n uitgebreide stel voorskrifte wat jou oorweldig nie, en elkeen kan daarmee identifiseer.

In die kern van die gebed is daar drie "U" bedes, en drie "Ons" bedes. Op hierdie

manier word God en mens verbind in ‘n gebalanseerde gebed waar die een nie die ander oorheers nie. Wanneer ons bid, is daar ‘n baie groot slagyster waarin ons almal dikwels trap, en dit is om jou hele gebed net rondom jouself te sentreer. Ek wil net my eie behoeftes voor God kom neerlê. Dit is soos om met ‘n inkopielys te kom staan en vir die Here te vertel wat jy wil hê en wat jy nodig het. Alles gaan oor “ek” en “my”. Inderdaad trap ek self dikwels in hierdie egosentriese slagyster, waar my ganse gebed net oor my eie behoeftes en myself gaan.

As ek die geleentheid sou kry om saam met koning Charles van Engeland ‘n koppie tee te gaan drink, hoe sou my gesprek begin? Natuurlik sal ek hom eers komplimenteer oor sy mooi huis. Ek sal my vergaap aan al die goud en kristal in Buckingham Paleis, en vir hom vertel hoe wonderlik dit vir my is. Ek sal beslis nie met die deur in die huis val en allerhande versoeke rig nie!

Is God nie baie, baie groter as hy nie? Is Hy nie miljoene kere meer verhewe as Charles nie? Waarom sal ons koning Charles dan meer eer

gee as vir Hom? Sou dit nie maar net ‘n natuurlike uitvloeisel wees van ‘n gesprek met die Almagtige God om in die eerste plek aan Hom eer te betoon, en vir Hom te wys hoeveel respek ons vir Hom het nie? Sê vir Hom dat jy Sy almag en grootheid eer, en dat Sy wonderlike Naam vir jou heilig is en hoe kosbaar Sy liefde vir jou is!

Om terug te kom by die Koning: Wanneer sy aankoms op ‘n groot onthaal aangekondig word, sal al die gaste uit respek opstaan slegs by die aanhoor van: “His Majesty, King Charles.” Hoeveel te meer moet die blote aanhoor van die heilige Naam van God Almagtig nie ontsag en eer afdwing by my as nietige mensie nie. Natúúrlik gaan ek Sy Naam eer. Natúúrlik gaan ek by die blote aanhoor of aanroep van Sy Naam aan Hom al die respek en aanbidding gee wat Hom toekom, en ek gaan vir Hom vertel hoeveel Sy Naam vir my beteken.

Maar more gaan ons DV voort met hierdie gesprek.

Gebed:

Ons Vader wat in die hemel is, U heilige Naam

is vir my so groot dat ek dit met siddering op my lippe neem. Ek loof U, Here van die leërskare!

# 20

# God se Koninkryk

# Matteus 6:9-15

VIDEO | OUDIO

Gister het ons gesien dat Ons Vader in die hemel is en dat ons Sy wonderlike Naam moet heilig. Ons besef ook terdeë dat Hy die Koning is van die ganse skepping. Hy het elke klein detail daarvan persoonlik beplan en geskep uit niks. In Psalm 103:19 sing die Psalmdigter dit so raak oor God se heerskappy oor alles: "**Die Here het sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal.**"

Die vraag wat jy sékerlik sal vra, is as God dan alreeds oor alles en almal heers, waarom moet ons dan nog bid: "**Laat U Koninkryk kom?**" Dan is ons gebed mos oorbodig?

Die antwoord is eenvoudig: die aarde is 'n betwisde provinsie in God se Koninkryk. Die duiwel maak daarop aanspraak dat dit sý gebied is. Kyk maar net hoe hy die Koninkryke van die wêreld vir Jesus aangebied het tydens Jesus se woestynversoeking! Dit wil so ál lyk asof dit sy eie was wat hy wou verruil vir

aanbidding. Hy doen hom voor as die vors van hierdie wêreld. God se Koninkryk met Jesus is 'n aanwesige werklikheid. Dit is nie iets wat eers in die toekoms tot volle verwesenliking sal kom wanneer Jesus weer kom nie, dit is alreeds 'n finale werklikheid! Die bevestiging in die toekoms is dat Hy tydens die wederkoms alle bose magte sal vernietig (1 Kor. 15:24) en die Koningskap aan God die Vader oordra "sodat God alles in almal sal wees." (1 Kor. 15:28).

Intussen is dit nodig dat ons, die Vader se kinders, steeds volhardend sal bid: "**Laat U Koninkryk kom.**" Daarmee meld ons as burgers aan om nuwe lede vir Sy koninkryk te werf. Dit beteken verder dat alle gelowiges dienaars moet wees in die Koninkryk van God. Elke burger van die Koninkryk is in werklikheid 'n krygsman. Jy word vanselfsprekend 'n soldaat in die stryd teen die magte van die duisternis. Hy wil juis ons as gewone mense gebruik om die stryd te stry, maar ook om te werk in Sy Koninkryk en die grense van daardie Koninkryk uit te brei as ambassadeurs van Sy Koninkryk.

Ons kan beslis nie die "Ons Vader" bid en niks doen vir die verkondiging van die komende Koninkryk aan alle nasies nie. Soos die twee en sewentig dissipels van ouds moet ons elke geleentheid gebruik om vir mense te sê: "**Die Koninkryk van God is baie naby**" (Luk. 10: 9). As ek bid dat die Koninkryk kom, moet ek bereid wees om burgerskap te aanvaar van hierdie Koninkryk. En saam met burgerskap kom pligte. Maar daar is ook die versekering dat Christus eendag gaan kom om die Koninkryk finaal in besit te kom neem.

As gelowiges verwag ons nie net die koms van die Koninkryk van God nie. Ons bid ook daarvoor, verlang daarna, beywer ons daarvoor om die Koninkryk uit te brei.

Ons het reeds baie duidelik gesien dat God wil hê dat ons moet bid en vra. In Jes. 43:13 het God gesê: "Ek sal optree, en wie kan dit ongedaan maak?" Nou beveel Hy ons om voorbidding te doen dat Sy Wil moet geskied! Hoe rym dit dan?

Dit beteken natuurlik nié dat God nie sonder ons gebed kan doen wat Hom behaag nie. Die gebed is op stuk van sake nie om die Here

se ontwil nie, maar om óns ontwil aan ons gegee. As Hy ons deur die gebed laat deel hê aan die volvoering van Sy wil, doen Hy dit om ons te leer dat Sy wil vir ons die beste is. Kyk nou maar byvoorbeeld hoe 'n wyse pa te werk gaan. Hy doen sy beplanning deeglik en hy dink aan elke detail. Daarna kom bespreek hy die planne met sy kinders. Hy betrek hulle as't ware in sy beplanning. Hy het reeds sy huiswerk behoorlik gedoen, so hulle insette sal nie die resultate verander nie. Maar deur hulle te betrek raak hulle opgewonde en entoesiasties. En net so maak ons Hemelse Vader. Hy wil ons betrek by Sy Koninkryksbeplanning.

Wanneer ons dus bid dat God se wil geskied, skakel dit die gevaar uit dat ons in stryd met God se wil sal bid. As ons hierdie bede bid, onderwerp ons ons nie maar gelate aan die wil van God nie, maar ons maak die wil van ons Vader ook positief ons eie wil en begeerte.

In die derde bede word ons geleer om te vra dat die Here se wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel. In die hemel geskied God se wil alreeds volledig, want die

hemelwesens gehoorsaam Hom ten volle. Daar waar God se woonplek is, word sy heerskappy nie bestry nie. Op aarde gebeur dit nog wel, en daarom die gebed dat dit in daardie opsig op die aarde sal word soos in die hemel.

"Laat U wil geskied..." beteken dus: "my Vader, U is wys en goed en liefdevol, ver bo wat ek kan begryp. U wil vir U kinders is volmaak goed, net soos U. Daarom vertrou ek U onvoorwaardelik en begeer ek niks anders nie, as dat U wil tot uitvoering sal kom. Soos in die hemel waar U Koninkryk reeds volmaak is, en die engele as dienende geeste U wil volmaak volbring, laat U wil so ook op die aarde volbring word."

Gebed:

Here, vanoggend bid ek innig dat U Koninkryk sal kom en U wil sal geskied. Ek verklaar myself dan ook bereid om 'n volwaardige dienende burger van U Koninkryk te wees. Ek bid dat U my die krag en wysheid daarvoor sal gee!

# 21

## My Daaglikse Brood

## Matteus 6:9-15

**VIDEO | OUDIO**

Met die belangrikste deel van die gebed agter die rug, kom die tweede deel wat gaan oor myself en my medemens. Dit gaan oor my daaglikse behoeftes, die vergifnis van my sondes en die versoekings in my lewe. Met ander woorde, ek bid vir die dinge wat ek nodig het om te kan oorleef, fisies sowel as geestelik.

Wanneer ek hierdie dinge bid, dan wil ek vir die Here sê dat al my vertroue op Hom is, want ek is afhanklik van Hom vir alles in die lewe. Daar is niks wat ek op my eie suksesvol kan doen nie, want selfs die brood wat ek eet is ‘n gawe van God!

Tydens ‘n vakansie in Marloth Park in die Laeveld, besluit ons om sommer dadelik eers mieliepitte en voëlsaad uit te gooi vir die voëls met ons aankoms. Ons is nog besig om die motor af te pak, toe is die eerste kliënt al daar, ‘n rooibek neushoringvoël. Hy lyk maar bra

skrikkerig vir ons want hy gryp net 'n stukkie kos en daar vlieg hy weer. Ek is teleurgesteld, want ek sou sy teenwoordigheid 'n bietjie langer wou geniet!

Enkele minute later is hy egter weer terug vir nog kos, en weereens bly sit hy nie om dit te geniet nie, maar vlieg sommer dadelik daarmee weg met die kos in sy bek. Ek is sommer vies! Is ons teenwoordigheid nie meer goed genoeg nie? Na die vyfde keer wat hy terugkom vir nog, begin ek snuf in die neus kry, want hy vlieg dan elke keer in presies dieselfde rigting weg, en hy volg presies dieselfde roete tussen die bome deur. Dit is toé dat Mosbolletjie my daarop attent maak dat sy die geluid kan hoor van klein voëltjies wat skreeu, elke keer net nadat hy gevlieg het.

Ek besluit om die neushoring te volg, en daar sien ek hoedat hy sy lang rooi snawel in 'n nou spleet in die rowwe stam van 'n knoppiesdoring indruk. In die dieptes van die boom sien ek 'n beweging agter die spleet, en toe weet ek: daar is 'n nes! In 'n gat in die boomstam het hy vir Ma-Neushoring toegemessel en slegs 'n klein opening gelos

waardeur hy haar en die kleintjies voer. Daar het sy haar eiers gelê en uitgebroei, en daar maak sy hulle kleintjies groot totdat hulle gereed is om die buitewêreld in die oë te kan kyk. Wanneer sy so toegemessel en afgesonderd van die wêreld sit, is sy en die kleintjies totaal afhanklik van Pa vir elke behoefte in die lewe. Die arme kêrel werk homself vodde om kos aan te dra, sodat hy skaars tyd kry om sélf 'n happie te eet!

Natuurlik doen Ma nie niks nie! Sy het 'n baie belangrike taak om die kleintjies te versorg. Maar sy is steeds totaal afhanklik van Pa.

Wanneer ons bid vir ons daaglikse brood, bely ons hiermee ook ons totale afhanklikheid van God vir absoluut alles in die lewe. Ons is soos daardie neushoringwyfie wat nie 'n dag kan lewe sonder die liefdevolle versorging van Pa nie. Moenie dink dat as jy 'n goeie sakeonderneming het, jy nie meer vir God nodig het vir jou materiële behoeftes nie. In 'n oogwink kan die mat onder jou uitgepluk word! Inderdaad hét dit met my gebeur, en toe moes ek agterkom dat ek totaal verlore is sonder God se sorgende hand! 'n Mens begin

eers waarlik jou afhanklikheid van God besef wanneer jy die dag in ‘n finansiële verknorsing beland!

Soms gebeur dit dat ‘n gelowige te selfversekerd begin raak in sy lewe, wanneer alles vir hom reg loop en hy hom nie oor enigiets hoef te bekommer nie. ‘n Goeie betrekking met ‘n inkomste wat in alles voorsien. Dit is dan so maklik om van God te vergeet. Wanneer die slae van die lewe jou tref en jy alles verloor, is dit nie die straf van God nie. Dis dan wanneer jy beleef dat God getrou bly en jou dra, in die moeilikste van tye. Tydens beproewing leer ons dikwels noodsaaklike lewenslesse en besef wat regtig saakmaak in die lewe.

Dit is opvallend dat Jesus se modelgebed nie vra vir ‘n toekomsbeplanning nie. Ek bid byvoorbeeld nie dat dit met my onderneming goed sal gaan sodat ek aan die einde van die jaar ‘n vet profyt sal kan wys nie. Nee, Hy leer ons om dag-vir-dag te lewe, en om elke dag in afhanklikheid voor Hom te staan vir vandag se behoeftes. Sou dit nou beteken dat ek my polisse moet opsê en al my

toekomsbeplanning en voorsorg moet laat vaar? Nee, beslis nie! Dit sal mos suiwer dwaasheid wees! Hy wil egter hê dat ons moet besef dat ons van Hom afhanklik is vir vandag.

Oor die afgelope paar jaar moes ek dikwels aanskou hoedat die Here elke dag op 'n asemrowende manier voorsien. Nét wanneer daar nie meer geld oor is vir kos of brandstof nie, dan stop iemand my 'n koevertjie in die hand met genoeg in om te voorsien, of daar word geld in my bankrekening inbetaal op 'n kritieke oomblik. Dikwels kom dit van iemand wat nie weet wat my behoeftes werklik is nie. Die gebed om my dag se brood het vir my 'n werklikheid geword om dag-vir-dag na God op te kyk vir slegs vandag se behoeftes. Ek dank Hom daarvoor.

Gebed:

Here, ek bid nie vir rykdom of oorvloed nie, maar slegs vir vandag se brood. Dankie dat U voorsien!

# 22

## Vergewe my, Here!

## Matteus 6:9-15

**VIDEO | OUDIO**

Ons kan letterlik boeke skryf oor die vierde bede, waar ons die Here vra om ons sondes te vergewe. Ek het oor die jare al talle briewe gehad waar mense my met trane vra of dit ooit moontlik is dat God hulle groot sondes kan vergewe. Natúúrlik! Lees maar wat ons genadige Vader sê in Jesaja 1:18: "Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu." Psalm 103:9: "Hy sal ons sonde nie bly toereken nie." Psalm 103:12: "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af." Rom 3:23: "Almal het gesondig ...... maar hulle word sonder dat hulle dit verdien vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."

Daar word vertel van Martin Luther, dat hy eenmaal 'n droom gehad het waar die duiwel na hom toe gekom het met 'n groot vel papier waarop daar baie geskryf was. "Al jou sondes is hier neergeskryf" het die duiwel vir

hom gesê, waarop Luther gevra het of daar dalk meer was. "Ja", antwoord die duiwel, en hy haal 'n tweede vel te voorskyn, en ook 'n derde, alles van hoek tot kant volgeskryf van Luther se sondes. In sy droom gryp Martin Luther 'n pen en trek 'n dik swart streep reg deur alles wat geskryf is.

"Wat maak jy nou?" skree die duiwel ontsteld!

"Dit is alles vergewe!" sê Luther triomfantlik vir die duiwel, "Jesus Christus het betaal vir al my sondes!"

Die vraag is: as al my sondes alreeds vergewe is, waarom moet ek dan nog vergifnis vra? Baie eenvoudig: ek doen nog elke dag sondes. Ek lewe nie soos wat God van my vra om te lewe nie, en ek moet erken dat ek Hom dikwels baie bedroef. Weereens gaan dit oor my totale afhanklikheid van God. Ek het Hom so bitter nodig om uit die moeilikheid te bly, en ten spyte daarvan dat die Heilige Gees my gedurig waarsku om nie die verkeerde ding te doen nie, doen ek dit nog steeds. Daarom is dit nodig dat ek my kop in skaamte laat sak en sê: "Ek is jammer Here! Vergewe my asseblief weer 'n slag!"

Daar is egter ‘n stertjie aan hierdie bede: “soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan,” verklaar ons voor die Here. Of soos die ou vertaling lui: “soos ons ook ons skuldenaars vergewe.” Hierdie is die moeilike deel, want dit is nie altyd so maklik om ander te vergewe nie. Dikwels loop ‘n gelowige vir jare met ‘n wrok in die hart rond teenoor iemand wat hom te na gekom het. Hoe kan ons van God vra om ons sonde (wat dikwels dik boeke beslaan) te vergewe, as ons nie bereid is om iemand een enkele sonde teen ons te vergewe nie? Om te vergewe beteken dat jou hele houding teenoor daardie persoon moet normaliseer, en jy hom aanvaar as ‘n vriend, asof niks ooit skeefgeloop het tussen julle nie.

My Ouma was in ‘n konsentrasiekamp tydens die Boere-oorlog, en sy het afgryslike dinge daar aanskou. Baie jare later het sy vir my gesê dat sy die Engelse vergewe het, maar vergeet? Nooit! Dit was onmoontlik! Sy het steeds die wrok in haar hart gedra oor die dinge wat hulle haar en haar gesin aangedoen het. Dit beteken dat sy hulle nooit waarlik vergewe het nie. Lees gerus wat Jesaja 43:25 sê oor God wat vergewe en

vergeet!

Inderdaad is sommige dinge baie moeilik of onmoontlik om te vergeet. Maar dit gaan oor die persoon, dat jou vergifnis volkome is, sonder om iets terug te verwag. Bennie Mostert het dit mooi gestel: as ek 'n boek vir iemand sou leen, en hy laat die boek wegraak, dan moet my reaksie wees om vir die persoon te sê dat alles in die haak is. Dan gaan koop ek 'n boek uit my eie sak om dit te vervang, en vergeet daarvan dat hy ooit my boek geleen het.

Die laaste bede handel oor versoekings wat oor ons pad kom. As ons die Here bid om ons daarteen te beskerm, beteken dit dat ons dit aktief sal vermy. Die liedjie uit My Fair Lady lui: "The Lord above gave liquor for temptation, to see if man can keep away from sin. But with a little bit of luck, when temptation comes, you'll step right in!" Die liedjie het 'n totale wanpersepsie van versoeking. Die kêrel in die lied wens eintlik dat 'n ou versoekinkie oor sy pad sal kom sodat hy "per ongeluk" in die strik kan trap. Ons moenie die versoekings gaan soek nie! Ons moet júis van hulle af wegbly! As

jy voor jou siel weet dat ‘n sekere sonde vir jou ‘n versoeking kan wees, dan bly jy weg van die plekke of situasies af waar dit voorkom. As dobbel vir jou ‘n versoeking is, kom jy net eenvoudig nie naby ‘n casino nie. Einde van storie! Net soos wat ‘n alkoholis dit nie sal waag om ‘n druppel drank in sy huis te hou nie, want hy weet dat as daar ‘n krisis kom, gaan hy hom vergryp!

En dit is ook nie die Here wat ons versoek nie, maar die duiwel, die vyand! (vgl. Jak 1:13). Dit is hý wat sy bes probeer om ons te laat struikel en weg te lok van God af. En dit is juis waarom ons die laaste gedeelte bid: “verlos ons van die bose.”

Kom ons kyk met nuwe oë na hierdie gebed, en gaan leef dit uit.

Gebed:

Hemelvader, ek loof vanoggend U Heilige Naam. Ek wil graag ‘n nuttige burger van U Koninkryk wees. Ek staan vanoggend in diepe afhanklikheid van U en ek vra dat U asseblief in my behoeftes sal voorsien. Vergewe my die baie oortredinge teen U en my medemens, en help my om hulle ook te vergewe wat my leed

aangedoen het. En dan vra ek ook dat U my sal help om uit die versoekings te bly!

# 23

# Om te Vas

## Matteus 6:16-18

**VIDEO | OUDIO**

Sy stap in die boekwinkel in, en ek sien sommer dat daar vanoggend ‘n swaar las op haar twee skouertjies rus. Dit is 1976, en ek bestuur die Bybel Boekwinkel in Welkom, ‘n piepklein winkeltjie wat slegs Christelike boeke verkoop. Hierdie winkel, wat in die hartjie van die beroemde Perdeskoen geleë is, is die spilpunt waarom al die geestelike dinge in Welkom draai. Daar moet ek menigmaal die skouer wees waarop bedroefde mense kom huil. En daar word baie lang geestelike gesprekke gevoer. Nie baie boeke word verkoop nie, maar die winkeltjie is ‘n ware seën vir talle gelowiges van oor die hele kerkspektrum. En in daardie winkeltjie vorm die Here my om later, baie later die evangelieboodskap oor die aarde te stuur.

“Wat makeer?” wil ek weet. Haar tranerige oë smeek dat ek hierdie vraag sal vra.

“Ek vas!” sug sy swaar. Ek sien sommer dadelik

dat hierdie beslis nie 'n leuen is nie. Daardie lang gesig en die swaar sugte vertel dat sy besig is om deur bitter diep waters te gaan. Dis nie die eerste keer dat sy op my skouer kom huil nie. Welkom is 'n myndorp, en myners kan soms maar 'n rowwe klomp wees. Sy het al by 'n paar geleenthede kom afpak oor haar man wat haar uitlag oor haar geloof. Van kerk wil hy niks weet nie, en hy steur hom nie in die minste aan énige van haar pogings om heilig te lewe nie. Een ding het sy tot dusver reggekry, en dit is om 'n TV uit die huis te hou. Sy weier volstrek om daardie gruwel in haar huis toe te laat!

Sy bars in trane uit, en die rou snikke skeur deur haar. "Hy het my verneder!" snik sy dit uit. "Gister toe ek van die winkel af kom, toe staan daar 'n groot kartondoos in my sitkamer. In groot, vet letters staan daarop geskryf: '**NOW YOU HAVE THE WORLD IN YOUR HOME!**' Ek kon dit net nie meer vat nie!"

Ek troos haar, maar ek verstaan nog nie van die vas nie. "Jy sê jy vas?"

"Ja," snik sy verder, en ek kry haar bitter jammer. "Hy wéét mos dat ek nie 'n TV wil hê

nie! Hy was net moedswillig om daardie duiwelsding te koop!” Nou stroom die trane van vooraf oor haar wange.

Dan vertel sy dat sy daardie oggend ná haar groot skok ‘n goiingsak gevat het en drie gate daarin gesny het, een vir haar kop en twee vir die arms. En toe trek sy die growwe sak aan en gooi as op haar kop. Toe gaan sit sy op die hopie as in die tuin waar haar man elke Saterdagaand die braaivleis-as weggooi na sy gerinkink. En sy vas!

Die sak en as, die verstaan ek, want sy is bitter bedroef oor hierdie ding wat haar man haar aangedoen het. Maar die vas verstaan ek nog steeds nie mooi nie. Dan verduidelik sy: “Ek vas sodat die Here my man kan red. Ek gaan nie ophou vas voordat die Here my ‘n antwoord gegee het nie. Ek kan dit nie meer vat saam met daardie man nie! As hy nie nóú tot bekering kom nie....... die Here móét my hoor!”

Nodeloos om te sê: toe ek uiteindelik uit Welkom vertrek, lank na hierdie insident, is haar man steeds die onbeskofte, onverantwoordelike, ongelowige buffel!

‘n Droewige verhaal in meer as een opsig. Wat hierdie arme vrou gedoen het, klink op die oog af baie edel en aangrypend. Maar sy het die idee van vas totaal verkeerd verstaan. Is dit verkeerd om te vas? In die NG Kerk word daar baie selde gepraat oor vas, want dit het van toenterjare af al ‘n “sektariese” reukie aan hom. Maar kom ons gaan kyk ‘n bietjie wat Jesus hieroor sê. Hy sê nie dat ‘n mens nie moet vas nie, maar Hy waarsku dat ons nie die idee van vas uit verband moet ruk nie. Ek het al so dikwels gehoor dat iemand dit uitblaker vir almal om te hoor: “Ek vas nou al vir ‘n volle week!” Jesus waarsku oor die gewoonte om met lang gesigte te loop en adverteer dat jy vas. Dit is ‘n baie persoonlike saak tussen jou en God. Moenie dat iemand daarvan weet nie.

Die vraag is: waarom vas ek? Is dit om God se arm te draai oor die een of ander saak? Dalk om God te smeek of dalk selfs te dwing om iets in jou lewe te doen? Baie beslis nie! Waarom het Johannes en Jesus en verskeie profete ‘n tyd in die woestyn deurgebring? Dit was ook ‘n vorm van vas. Om hulleself voor te berei op ‘n groot taak. Om met ander woorde

hulle gedagtes te fokus op God. Vas het presies dieselfde doel: om jou gedagtes op God te fokus. En vas kan ook baie vorms aanneem. Dit is nie noodwendig kos nie. Jy kan byvoorbeeld 'n vastydperk ingaan deur jou te weerhou daarvan om TV te kyk of die normale ontspannings-dinge in jou lewe te doen. Jes. 58:7 suggereer dat die eintlike vas nie is om kos uit te sny nie, maar sonde en liefdeloosheid! Die doel van vas moet wees vir jou om nader aan God te beweeg.

En terwyl jy besig is met daardie vas, moet niemand ooit enigiets vermoed nie. As iemand jou in daardie tyd iets aanbied wat jy wil uitsny - maak bloot 'n niksseggende verskoning. Dit is so maklik om die idee te skep dat jy beter is as ander omdat jy vas! Dit plaas jou op 'n "heilige" verhogie. Dit is 'n slaggat wat die duiwel vir jou daar plaas, en trap jy daarin, kan jy netsowel ophou met jou vas! Dan het dit die betekenis én doel totaal verloor.

Gebed:

Here, help my asseblief om die betekenis van vas reg te verstaan!

# 24

# Moet Jou Nie Bekommer Nie

## Matteus 6:19-34

**VIDEO | OUDIO**

Waar is jou hart vanoggend? Snaakse soort vraag, maar Jesus sê baie pertinent in Sy groot preek dat jou hart is waar jy jou skatte bymekaar maak. Die teenvraag is dus: waar is jou skatte? Watter dinge in die lewe is vir jou baie belangrik?

Die grootste hofsake in ons land gaan nie oor liederlike misdade soos moord of verkragting nie, maar oor geld! Hofsake oor korrupsie en bedrog waar baie prominente mense betrokke is, is die afgelope paar jaar al voorbladnuus, en hierdie sake word dikwels baie jare uitgerek en die regskoste beloop baie miljoene. Geld het vir die mensdom ongelooflik belangrik geword.

Wanneer ons dus vanoggend se Skrifgedeelte deurlees, raak jy half geïrriteerd met die onrealistiese, amper onverantwoordelike lewenstyl wat in die gedeelte vir ons gepropageer word. Ons moet maar net op

die verhewe dinge in die lewe konsentreer, en die res sal alles self regkom. Die vraag is of ons dit werklik ernstig kan opneem? Jy spook jou boeglam om jou kinders te leer dat ‘n mens moet hard werk om bo in die lewe uit te kom. Nou lyk dit of die Bybel ál jou harde werk ondergrawe!

Maar aan die ander kant is daar iets totaal onweerstaanbaar aan hierdie woorde, want is dit nie dalk presies hoe die lewe moet wees nie? Al die gejaag en geskarrel, die stres, verkeersknope en ‘n onverbiddelike baas! En dit alles net om ‘n dak oor jou kop te hê en kos op die tafel! Is dit alles ooit die moeite werd? Kan ons nie liewer êrens ‘n sorgvrye lewenstyl kry nie? Droom jy dalk van die dag waar jy jou irriterende kliënte kan vaarwel roep en iewers op die strand gaan lê en ontspan?

Jesus sê in vers 24 dat jy net een baas kan hê: óf God, óf geld! Terloops, Mammon is die Aramese woord vir geld. Ek het dit al keer op keer gesien dat die persoon wat vir hom besittings bymekaar maak en heilig is oor sy aardse goed, baie gou van God kan vergeet. Gewoonlik is daardie persoon oortuig daarvan

dat dit deur sy eie toedoen, harde werk en slimmigheid is wat hy sy rykdom vergader het. Dan vergeet jy van die gebed wat ons so pas behandel het, waar ons bid dat God vir ons sal voorsien in ons daaglikse behoeftes. Jy vergeet met ander woorde van jou totale afhanklikheid van God.

In die eerste perikoop sê Jesus dat jy eerder skatte in die hemel moet soek as op aarde. As ons dit prakties wil gaan uitleef, beteken dit dat jy nie ál jou tyd moet spandeer aan jou werk, sodat jy ‘n blink nuwe BMW kan bekostig nie, maar eerder van jou tyd afstaan aan koninkrykswerk. Jy sal verbaas wees watter gemoedsrus dit jou gee, en hoe dit jou nader aan God bring.

Die tweede perikoop is vir ons totaal onverstaanbaar as ons dit nie sien in die lig wat die Jode van daardie tyd dit verstaan het nie. Die oog was vir hulle die simbool van opregtheid, en in besonder vrygewigheid. As jou oog dus reg ingestel is, sal jy nie suinig vaskleef aan jou besittings nie, maar dan sal jy ‘n oop hand hê vir mense wat in die nood is. Dan sal jy beslis bereid wees om ruim te gee vir

die uitbreiding van die Koninkryk van God.

In die laaste perikoop verduidelik Jesus waaroor dit alles gaan. Omdat jy volkome op God vertrou, kan jy nou bevry raak van angs en bekommernis oor jou daaglikse bestaan. Om te kommer beteken dat jy nie volkome op God vertrou nie. Dit is maar net 'n simptoom van 'n oppervlakkige siening van die lewe, dat alles vir jou gaan oor lewensmiddele en veral lewensstandaarde. Bekommernis is in elk geval net tydmors, want wat bring dit jou in die sak? Absoluut niks! Boonop is dit 'n wantroue in God, want hierdeur wil jy sê dat jy nie vertrou dat God vir jou kan of sal sorg nie.

Dikwels moet God baie hard ingryp wanneer hierdie gedagtes nie tot jou kan deurdring nie, soos wat Hy met my gedoen het. Hy het die mat onder my uitgepluk sodat ek hard afgekom het aarde toe om te kan leer om waarlik op Hom te vertrou vir absoluut alles in die lewe. Moenie huil wanneer dit met jou gebeur nie! Wees bly, want dit wys dat God waarlik vir jou omgee.

Wat sê Jesus vandag vir jou en my deur hierdie preek? Moet ons letterlik van al ons

besittings ontslae raak? Beslis nie! Jesus nooi vir my en jou om kreatief te begin lewe met ons tyd, ons geld en ons besittings. Vir sommige mense gaan dit dalk beteken dat alle sekuriteit prysgegee word vir 'n totaal nuwe lewe. Vir ander gaan dit beteken dat ons gaan kyk na ons keuses in die lewe. Ek moet mooi dink hoe ek my geld asook my tyd aanwend. Gebruik ek my geld om uitspattige luukshede te koop? Of wend ek dit aan vir koninkrykswerk? Is my besittings my baas, of is ek bereid om my besittings tot beskikking van God se Koninkryk te stel?

Die groot geheim is dat daar 'n gesonde balans in my lewe sal wees met hierdie dinge. As ek die geld het, is daar niks verkeerd met 'n paar luukshede nie, maar dan mag ek terselfdertyd ook nie die Koninkryk vergeet nie, en moet ek ewe rojaal op daardie terrein teruggee.

Gebed:

Here, maak asseblief my oë vandag oop om te sien dat U Koninkryk die belangrikste saak in die lewe is!

# 25

# Doen Goed Aan Ander

## Matteus 7:1-12

**VIDEO | OUDIO**

As daar een gedeelte in die Bybel is wat ons aspris verkeerd verstaan, dan is dit die gedeelte uit Jesus se bergpreek van die splinter in die oog en die pêrels voor die varke. Hoe dikwels het jy, en beslis ek ook, nie al vir iemand gesê nie: "Gaan kyk eers na die balk in jou oog voor jy na die splinter in my oog kyk!?" En hoeveel maal in jou lewe het jy nie al vererg opgemerk dat jy nie jou pêrels voor varke gooi nie? Wat presies het Jesus met hierdie uitdrukkings bedoel?

Dit gaan hier oor die idee van "Oorvloediger Geregtigheid" wat Jesus probeer tuisbring. Hierdie stukkie kan ons dalk opsom met die woorde: "Doen Goed Aan Ander." In vers 1 tot 6 verduidelik Jesus hoe ander NIE gedien moet word nie, en in vers 7 tot 12 sê Hy hoe dit WEL moet gebeur.

In die eerste gedeelte staan die gedagte uit: "Moenie Oordeel Nie". Daardie is baie

handige woorde om agter te skuil wanneer ons iets doen, en ons wil ons dade probeer regverdig. As jy dit egter doen, misbruik jy die Woord van God, want dit is nooit wat Jesus hiermee bedoel het nie. Jesus wil hiermee vir my en jou sê dat ons na ons eie foute moet kyk voordat ons ander mense veroordeel. Op TV sien ons die mense van die arm buurte klippe gooi en betoog omdat daar nie dienslewering is nie. Dikwels moet hulle vir weke gaan sonder water. Daar is nie sanitasie nie. Hulle lewe onder haglike omstandighede. Vir jare nou al soebat hulle en smeek en kla, maar niks gebeur nie. En nou is hulle woedend. Ons eerste reaksie is dat jy nie jou probleme op só ‘n wyse moet hanteer nie. Jy moet dit mos op ‘n “beskaafde” manier doen!

Maar my vraag is: as ek en jy in daardie selfde situasie was, sou ons nie dalk ook woedend geword het nie? Sou ons nie dalk saam ge-toi-toi het nie? Raak ek en jy nie soms woedend in ‘n verkeersknoop nie, veral as die een of ander vent hier voor ons indruk? Of met die totale onbeholpenheid van die een of ander staatsdepartement? Hierdie is maar ‘n voorbeeld, maar ek is bitter gou om mense te

oordeel sonder om na myself te kyk, en eers seker te maak of my eie lewe skoon en rein is. As my eie lewe nie onbevlek is nie, durf ek nie ‘n ander veroordeel nie! In 1 Kor 9:27 sê Paulus dat hy nooit eers daarvan sal droom om iemand anders tot die stryd op te roep as hy self nie eers behoorlik gekwalifiseer is nie!

Maar wat dan van Matteus 18:15-20, waar Jesus pertinent sê dat ek my mede-gelowige moet tereg wys as hy sondig? Inderdaad wil Jesus hier juis sê dat ek my lewe só moet lei dat ek die vrymoedigheid sal hê om vir my mede-sondaar te kan vertel waar hy sy genade vandaan kan ontvang. Ek gaan hom dus nie uit die hoogte veroordeel nie, maar in nederigheid, en met my eie swakhede in gedagte met hom gesels. Maar eers wanneer ek self behóórlik skoongevee het voor my eie deur!

Dit sluit dan ook aan by die volgende gedeelte, want as jy jou “waardevolle raad” uit die hoogte vir iemand aanbied, sal jy net sulke “waardevolle raad” terug ontvang, want daardie persoon sal dit baie beslis nie waardeer nie, en dan is dit soos om jou pêrels

voor die varke te gooi! Hulle sal dit dan net eenvoudig in die modder in vertrap!

Nou hoe moet ek dan my naaste dien? Vers 12 som dit op dat ons aan ander mense moet doen wat ons aan onsself gedoen wil hê. Jesus sê dat die Wet en die Profete dit bevestig. 'n Mens moet egter versigtig wees hoe jy hierdie woorde vertolk, want wat vir die een mens lekker is, is vir die ander 'n pyn. Weereens moet ek beklemtoon dat jy nooit 'n enkele versie kan neem en dit wet maak nie! Jy moet dit lees in die konteks waarin dit geskryf is. Die norm is hier nie hoe dit vir JOU goed lyk om te doen nie, maar WAT God VEREIS. As ons 'n bietjie terugblaai deur die dinge wat ons die afgelope rukkie gelees het van Jesus se preek, sien ons hoe God verwag dat ons ons medemens moet behandel. Daar is sekere riglyne, en die belangrikste hiervan is liefde. Dit beteken om uit te reik na jou medemens en selfs ook na jou vyand.

1 Kor 13 vertel vir ons baie mooi presies hoe ons in liefde te werk gaan met hierdie dinge. Daar sê Paulus onder meer dat liefde geduldig is en vriendelik en baie beslis nie

grootpraterig en verwaand nie. Boonop dat dit ook nie liggeraak is nie. As ons Paulus se voorskrifte in gedagte hou, kan ons begin om daardie liefde prakties uit te leef soos wat Jesus wil hê dat ons dit moet doen. Ons is dit aan mekaar verskuldig! Eers wanneer ons hierdie dinge begin regkry, dán begin ons die wet van God vervul.

Die pynlike vraag is vanoggend: wat gebeur as ek dit nie regkry nie? Sê nou maar ek probeer hard, maar dit is vir my onmoontlik om my liefde behoorlik uit te leef? Dan vra ek my genadige Vader in die Hemel. Hy staan altyd gereed om goeie gawes vir my en jou te gee. Ja, inderdaad gee Hy selfs ook die gawe van Sy liefde waar ek en jy so ver tekort skiet, sodat ons ook daardie liefde tot ons volle potensiaal kan uitleef, nie alleen teenoor God nie maar ook teenoor my medemens.

Gebed:

Here, ek bely vanoggend dat ek dikwels so beterweterig is - so graag die splinters in ander se oë wil raaksien terwyl ek self 'n reuse balk in my eie oog het. Vergewe my en lei my asseblief op die regte pad - die pad van

volkome liefde!

# 26

# Swaarkry en Paradys

## Matteus 7:13-14

**VIDEO | OUDIO**

Baie jare gelede, in die omgewing van 1959, pak die groot avontuurlus vir Pa en hy koop vir hom ‘n Landrover. Hierdie Menéér van ‘n kar moes toe mos darem behoorlik ingewy en uitgetraai word, en so vertrek ons na Mosambiek vir ‘n vakansie. Ons ry Lourenço Marques hééltemal verby, want dis darem mos ver té beskaaf vir óns Landie! Ons bestemming is Xai-Xai, tóé al ‘n ou bekende uithangplek vir ons Nelle.

Sylvestra, ‘n hengel-gids, word vir die week gehuur. Hy ken daardie wêreld soos die palm van sy hand en hy is al amper soos familie. Wanneer Sylvestra ons splinternuwe Landrover sien, kom daar sommer so ‘n ekstra vonkel in sy oë, want hierdie ding kan mos nou plekke ry waar hy met niemand anders kan kom nie, en sommer dadelik vertel hy van ‘n eksotiese hengelparadys waar die visse sommer so na die kaal hoek toe aangeswem kom en in toue

staan om gevang te word. “Die pad daarheen is ‘n bietjie rof,” verduidelik hy, “maar ons het mos nou ‘n Landrover, en daai ding loop mos enige plek….”

En so vertrek ons pikdonker een oggend na ‘n onbekende bestemming. Ek en my maat, Fanie, is borrelend van opgewondenheid: AVONTUUR! Die eerste klompie kilometer is op ‘n teerpad deur die Limpopo moerasse, maar net verby die dorpie Chidinguela beduie Sylvestra na ‘n klein sandpaadjie waar ons moet afdraai. Skaars ‘n kilometer verder is daar weer ‘n afdraai, maar hierdie slag is dit net twee vae, feitlik onsigbare spore wat in digte bosse verdwyn. Dit is ‘n idilliese landskap, en ons ry plek-plek op die randjie van mere wat strek so ver as die oog kan sien. Hulle is natuurlik vervuil van krokodille en digte wolke muskiete. Dan, skielik hou die tweespoorpaadjie op, en voor ons doem ‘n ondeurdringbare oerwoud op. “Hier moet ons deur,” beduie Sylvestra in sy Portugese Engels. Nou raak dit éérs opwindend! ‘n Omgevalle boom versper ons pad, en dié moet eers afgekap word. Tree vir tree sukkel ons deur die woud. Keer op keer val ons vas in die los sand.

Dan is dit uitgrawe en stoot! Daardie jare was daar nog nie die luukse van ‘n windas nie. Uiteindelik, na ‘n verskriklike gespook, bereik ons ‘n oopte, maar die berghang waarteen ons moet ry is so skuins dat dit voel asof ons enige oomblik gaan omkantel en die onbekende dieptes inrol. My maag trek op ’n knop en ek knyp my oë styf toe. Dan doem daar weer ‘n digte woud tussen ons en die tropiese goue strand op. Dit is lankal nie meer ’n opwindende avontuur nie! Ek is moeg en ek wil nou op die einde kom. En so, terwyl ons al die seelug ruik en die branders kan hoor breek, worstel ons steeds om deur die woesteny te kom!

Skielik is daar ’n spierwit sandduin hier voor ons. En as die oorverhitte Landrover daar oor kreun - DIE PARADYS! Ongeskonde, ongerepte, idilliese, wonderskone paradys. Ons is die heel eerste Suid Afrikaners wat ooit hier ons voete op die strand sit. Alles was deur en deur die moeite werd! Al die swaarkry en senuwees, die muskiete en krokodille! Die eindbestemming is asemrowend mooi! En boonop is daar nog vis ook!

As kind, onthou ek, het daar in menige huis ‘n geraamde prent gehang van “De Smalle en De Breede Weg”. In hierdie prent word die wêreldse pad van genot en vermaak voorgestel as ‘n pragtige hoofweg, en aan die ander kant ‘n gevaarlike, nou kronkelpaadjie wat na die hemel lei. Daar is maar net hier en daar iemand wat op hierdie paadjie loop, teenoor die massas op die hoofweg. Die prent is geteken na aanleiding van Jesus se uitspraak in die Bergpreek (Matt. 7:13-14).

Inderdaad is dit nie altyd ‘n maklike pad om te loop as jy waarlik vir Jesus wil volg nie. Elke mens het ‘n keuse watter pad hy wil volg. Aanvanklik lyk die pad wat Jesus aandui nie te moeilik nie, maar soos wat jy op jou lewenspaadjie loop, raak dinge soms moeilik. Daar is sekere opofferinge wat jy moet maak as jy ernstig is om die pad voluit te loop, moontlik ‘n vriendekring wat onverskillig deur die lewe gaan. Gaandeweg sien jy dat sekere dinge wat jy altyd geniet het om te doen, eintlik sonde is, en jy moet dit prysgee. Dalk vra die Here van jou om jou vakansie op te offer om deel te neem aan ‘n sending-uitreik van harde klippe kou. Dalk word jy uitgenooi na ‘n

groot sportbyeenkoms op ‘n Sondagoggend in kerktyd, en jy moet ‘n baie moeilike keuse maak. Dan is daar die kwessie van liefde - dat jy liefde moet uitdeel aan mense wat dit nie waardeer nie. En om die ander wang te draai as daar klappe uitgedeel word……...

As jy voor sulke keuses in jou lewe kom, mag daar net een gedagte in jou kop wees: DIE EINDBESTEMMING! Terwyl ons deur die ondeurdringbare bosse van Mosambiek geworstel het, was daardie paradys wat aan die anderkant vir ons gewink het ons dryfveer. Ons kon egter nooit droom hoe mooi dit werklik was nie! Elkeen wat die moeilike pad van die geloof stap, gaan eendag in verwondering uitroep: “Ek het nooit kon droom hoe wonderlik dit werklik is nie!” Al vandag se swaarkry sal dan deur-en-deur die moeite werd wees!

Gebed:

Here, dit gaan soms baie moeilik om op die regte pad te bly. Herinner my asseblief dikwels aan die eindbestemming en die paradys wat daar op my wag!

# 27

# Huis Op Die Sandduin

# Matteus 7:15-29

**VIDEO | OUDIO**

Hier langs die kus reën dit dikwels sommer baie maklik, en as dit die dag rêrag begin reën, dan kan daar baie skade kom. Wat baie mense nie besef nie, is dat die meeste kusdorpe op ‘n reuse sandduin gebou is. Oor ‘n tydperk van baie duisende jare word seesand van die strand af binneland toe gewaai, en korreltjie-vir-korreltjie word ‘n duin gebore. Plante groei daaroor en stabiliseer dit, en mettertyd kompakteer dit tot redelike stewige “grond”. Ballito en Umdloti is twee van hierdie dorpe wat op so ‘n duin gebou is en plek-plek raak die helling van hierdie duin baie skuins. Dit het natuurlik vir baie mense ‘n groot trekpleister geword, want hoe skuinser dit is, hoe meer asemrowend is die uitsig. Die enigste probleem is egter dat selfs hierdie baie skuins berg maar steeds net ‘n oer-oue sandduin is, en dat daar geen rotse onder is om dit stabiel te hou nie - al wat dit aanmekaar hou is die bome en struike wat oor

duisende jare daar gevestig is. As jy nou die plante sou verwyder om jou huis te bou, skep jy ‘n potensieel-gevaarlike situasie, want dan reduseer jy dit maar net weer tot die doodgewone sandduin van duisende jare gelede. En as die groot reëns kom, spoel alles weg terug see toe, waar dit oorspronklik vandaan kom.

Dit is toe presies net wat gebeur in ‘n verskriklike nagmerrie met ‘n gesin in Ballito. Hulle huis was op die skuinste, met ‘n asemrowende uitsig tot kort deuskant Australië. Maar toe kom die groot reën. Die vrou lê die aand rustig en lees op haar bed, toe sy skielik die skok van haar lewe kry: haar bed verdwyn met ‘n slag onder haar en sy spring nét betyds af terwyl die kooi oor ‘n afgrond balanseer! ‘n Yslike gat in die vloer, groot genoeg om ‘n bed in te sluk, grynslag vir haar. Bewend van die skok lig sy met ‘n flitslig in die gat af. Wat sy daar sien laat haar yskoud word: drie meter ondertoe bulder ‘n rivier modderwater onder hulle huis deur!

In die gietende reën hardloop hulle uit om te sien wat gebeur het. Van die straat bokant die

huis storm ‘n malende massa modderwater uit ‘n stukkende stormwaterpyp reg op hulle huis af. Hulpeloos moet hulle toekyk hoedat die sand onder hulle huis se fondamente wegspoel see toe, en hoedat hulle huis stadig maar seker besig is om in twee te breek.

‘n Jaar gelede het nóg ‘n groter storm die KZN kusgebied getref. Hierdie slag was dit Umdloti wat deurgeloop het, en huise en selfs woonstelle wat op die sandduin gebou was, het weggespoel!

Wat het aanleiding gegee daartoe dat Jesus oor die huis op die sand praat? Dit het eintlik gegaan oor “Vals Profete”. “Sjoe! Dankie tóg, ek is darem nie een van hulle nie!” sal jy dalk sê. Maar wie is hulle nou eintlik? Hulle is nie noodwendig dwaal-leraars nie, maar eerder dwaal-leiers wat deur hulle minagting van die liefdeswet ook die res van die gemeente verlei tot liefdeloosheid. (Lees gerus ook Matt. 24:11,12, waar Jesus hulle profiel skets.) Jesus sê dat hierdie mense selfs baie godsdienstig voorkom, en die Naam van Jesus voorhou om te wys hoe vroom hulle werklik is. Maar dit is nie maar net ‘n vroom gesig en mooi woorde

wat ‘n mens in die hemel bring nie!

Jesus gebruik die beeld van bome en die vrugte wat hulle dra. Een van die grootste probleemplante in ons land, is Lantana Camara, ‘n rankplant besaai met dorings. In die volksmond staan hy ook bekend as Gomdagga. Hierdie plant het die mooiste blommetjies, en sy pikswart bessie-vruggies is baie aanloklik, en selfs ook lekker om te eet. Die vruggies bevat egter dodelike gif wat nierversaking en selfs die dood kan veroorsaak. Boonop is die plant ‘n skrikwekkende indringer, en versmoor hy ander plante. Wat van buite na ‘n mooi plant lyk, is innerlik totaal korrup. Net so is die pragtige Seringboom se aanloklike vruggies dodelik giftig, en menige kind het al vergiftig geraak deur hierdie gewilde skaduboom. En wat van Pretoria se purper trots, die Jakaranda? Hy is in werklikheid ‘n verklaarde onkruid en ‘n gevaarlike indringer!

Jesus sê dat ons die mense wat ons op ‘n dwaalspoor probeer lei aan hulle vrugte sal herken. Is hulle vrugte liefde? Indien nie, is daar innerlik iets drasties verkeerd. Is die

uiterlike dan belangrik? Is goeie werke dan belangrik? Is dit nie genoeg om maar net vir Jesus in geloof as Verlosser aan te neem nie? Die spreekwoord sê: "Wat die hart van vol is, loop die mond van oor." As jy ernstig is oor jou kindskap van God, dan sal jou dade dit bevestig. Jakobus is baie ernstig oor hierdie onderwerp (Jak. 2:14) waar hy onder meer skryf: "Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?" As jou geloof eg is, gevestig op die Rots, Jesus Christus, dan sal jy immers probeer om Sy liefde uit te leef en om weg te vlug van sonde af. As jou geloof egter op 'n onstabiele sandduin gebou is, sal jou lewe dit beslis ook wys.

Vandag is die tyd om vas te stel hoedanig die fondamente van jou geloof is. As dit op sand staan, dan beter jy 'n "ingenieur" raadpleeg oor hoe om die fout reg te stel, voordat die groot reëns kom, en dit dalk vir ewig te laat is……...

Gebed:

Here, help my asseblief om vandag my geloof prakties uit te leef met woord en daad!

# 28

## Liefde In Praktyk

## Matteus 8:1-17

**VIDEO | OUDIO**

In hierdie wonderlike preek wat Jesus op die berg gelewer het, het Matteus vir ons gewys met watter gesag Jesus gepraat het. Die dinge wat Hy daar gesê het, het die skares stom gelaat, en duisende mense het behóórlik aan Sy lippe gehang. Maar blote woorde beteken gewoonlik niks as dit nie met dade bevestig kan word nie. Hierdie waarheid sien ons dikwels by die manne en vroue in hoë politieke kringe. Daar word keer op keer die mooiste inspirerende toesprake gehou en die wonderlikste beloftes gemaak. En dan kom daar gewoonlik dadels van. Ons sien dit in ons land gebeur, en die man op straat raak woedend omdat die beloftes leeg bly. Die afgelope tyd het ons gesien hoe mense woedend in opstand kom omdat daar net beloftes van skoon water, krag en dienslewering is, maar daar kom absoluut niks van nie. Vullis en rommel lê die dorpe vol en die rioolstelsels werk nie meer nie. In

Hammanskraal het etlike mense die afgelope week gesterf aan cholera omdat dit net by praat bly en die woorde nie na dade oorgaan nie.

Matteus wys vir ons dat Jesus soveel anders is. Wanneer 'n melaatse man dit waag om Jesus te kom opsoek tussen die groot skare mense, dan is slegs 'n enkele woord van Jesus genoeg om hom van sy verskriklike siekte te genees. Iemand met melaatsheid was in daardie jare 'n uitgeworpene van die samelewing. Niemand wou of kon enigiets met hulle te doene hê nie. Die wet het hulle selfs verbied om enige kontak met mense te hê, want hulle velkwaal kon dodelik aansteeklik wees. Hy kon swaar gestraf word as hy tussen ander mense sou instap. Hierdie desperate man waag dus baie deur na Jesus te gaan en boonop tussen die skare deur te loop. Aan die ander kant, durf 'n gesonde persoon nie 'n melaatse aanraak nie, want dan is hy onrein. Jesus skroom nie om die melaatse aan te raak nie. Hy plaas Sy eie reputasie en reinheid op die spel en wys so dat liefde dus van jou meer vra as wat gewoonlik verwag word.

Die tweede persoon waarvan ons vanoggend hoor, is iemand wat die Jode met haat vervul by die blote noem van sy naam. Alhoewel hy ‘n man van aansien is en ‘n goeie posisie in die weermag beklee, is hy nie ‘n Jood nie, en die Jode het hom geminag met ‘n passie want hy was deel van hulle vyand, hulle onderdrukkers, die Romeine. Hoe durf hy, wat absoluut geen deel het aan die Jode en hulle geloof nie, by Jesus, die Seun van Dawid, kom aanklop om hulp? Maar die situasie is nog veel erger: dit is nie vir homself of sy familie nie, maar vir ‘n stuk nikswerd eiendom, ‘n slaaf! Hierdie offisier kom verneder homself om vir ‘n Jood om hulp te kom vra vir ‘n slaaf! Ek sien hier ‘n man wat werklik omgee, want ‘n slaaf was in daardie dae die absolute laagste klas mens, en hulle is dikwels soos diere behandel. Nogtans het hierdie geharde Romein die deernis in sy hart gehad om om te gee vir daardie slaaf. Jesus sien sy deernis en sy geloof raak, en die slaaf word oombliklik genees. Hiermee wys Jesus dat Hy nie alleen mooi dinge kan sê nie, maar dit prakties uitleef. As Hy sê dat jy jou vyand moet liefhê, wys Hy hoe jy daardie liefde in die praktyk

moet toepas.

Die derde insident het ook te doene met ‘n uitgeworpene uit die samelewing. Nie alleen was sy ‘n vrou, wat terloops ook maar net ‘n stuk eiendom in die Joodse kultuur was nie, maar sy was boonop ‘n skoonma! Sy het daar gelê met ‘n hoë koors, en sy het nie eers vir hulp gevra nie, want sy het geweet dat sy nie hulp werd was nie. As vrou was sy minder belangrik, maar vir Jesus was sy van die uiterste belang want sy is ‘n mens! Sonder dat sy daarvoor vra, vat Jesus haar aan die hand, en skielik is die koors weg en sy is sprankelend gesond.

Matteus skryf dat daar daardie nag nog talle mense na Jesus gekom het, en Hy het al die siekes gesond gemaak en bose geeste uitgedryf.

Ek het aan die begin gesê dat woorde sonder dade betekenisloos is. Jesus het hier gedemonstreer hoe ons die dinge waarvan Hy gepraat het kan en móét uitleef. Vir ‘n gelowige om bloot maar te sê: “Ek glo in Jesus!” is betekenisloos as die dinge wat jy doen nie wys wat daardie geloof beteken nie.

In die vorige gedeeltes het ons duidelik gesien dat jou dade ‘n stempel is op dít wat jy bely. Vandag demonstreer Jesus prakties dat dit nie alleen maar genoeg is om te sê dat jy lief is vir jou naaste nie, maar dat jy moet uitspring en iets daadwerklik doen om sy nood te verlig. Maar Hy gaan veel verder en Hy demonstreer dat dit nie noodwendig die mense is in jou vriendekring of jou familiekring wat jou praktiese liefde moet ontvang nie, maar ook die mense daar buite. Die uitgeworpenes uit die samelewing het dikwels jou praktiese liefde baie nodiger as die mense wat vir jou maklik is om lief te hê. Die vuil, stinkende boemelaar, die bedelaar, die buurman wat jou so baie moeilikheid gee, die omgesukkelde baas wat almal haat, hulle is almal mense en ook God se kinders!

Kom ons maak ‘n punt daarvan om vandag ons liefde prakties uit te leef aan elkeen wat oor ons pad kom!

Gebed:

Here, ek moet vanoggend bely dat my geloof dikwels net teoreties is, en dat die praktiese ontbreek. Help my asseblief om my liefde

waarlik uit te leef!

# 29

## Hoe om Jesus te Volg

## Matteus 8:18-22

**VIDEO | OUDIO**

In my prille jeug werk ek vir ‘n konstruksie maatskappy. Hierdie was nou ‘n rowwe klomp manne! Nie alleen is die manne op grondvlak rof nie, maar tot heel bo in die direkteurstoele is daar ‘n paar bitter bedenklike karakters. Wanneer die klok lui vir huistoegaantyd, dan het die spul begin jol. Ian was die maatskappy-sekretaris en boonop ook ’n direkteur, ‘n baie onverskillige man. Sy huwelik was vir hom ‘n blote bysaak. Hy was elk geval maar selde tuis, want met huistoegaantyd het hy en maters al lankal die een of ander onheiligheid beplan vir die aand. Hulle het elke moontlike verskoning gesoek om die een of ander wilde partytjie te gooi of in die kroeg uit te hang. Soms was selfs die uitnodiging na hulle partytjies so vulgêr dat dit my bloedrooi laat bloos het. Vrydagaande was veral die groot uithangaand, want dan het Ian en sy maters Durban ingevaar. Hulle het elke ontkleeklub en hool geken. Gewoonlik het

hulle dan eers Saterdagoggend die huis ingeslinger gekom. Ian se vrou het egter nooit moed opgegee nie, sy en ‘n paar vriendinne het dikwels saam gebid vir haar onverskillige man wanneer hy iewers rinkink. Hulle gebed was dat hy Jesus sou vind.

Hulle gebede het nie onbeantwoord gebly nie, en op ‘n dag kom Jesus in Ian se lewe, en kom hy kragdadig tot bekering. Die Heilige Gees oortuig hom van sy sonde, en Ian pleit om vergifnis vir sy afgryslike lewe. Dan kom die oproep van Jesus: “Volg My!” Ian belê ‘n direkteursvergadering. Wat alles daardie dag gesê is kan ek maar net raai, maar toe hy daar uitstap, toe weet elkeen van die direkteure dat iets baie groot in Ian se lewe gebeur het. Hy bedank as direkteur en word ‘n leerling predikant in ‘n klein Methodiste gemeentetjie iewers in Zoeloeland waar daar geen finansiële sekuriteit is nie. Ian het sékerlik nagte lank wakker gelê oor hierdie drastiese besluit. Dit kon baie beslis nie maklik kom nie, want hy moes ‘n groot salaris, sekuriteit en baie ander dinge prysgee. Wat wêreldse standaarde betref het Ian alles opgeoffer om Jesus te volg, maar wat hy in hemelse geluk

gewen het kan jy nie met geld koop nie!

Wat presies beteken dit om Jesus te volg?

Matteus vertel van twee persone wat Jesus wou volg. Jesus se reaksie is verrassend, en uit Sy antwoord aan hulle kom jy baie gou agter dat jy tweekeer moet dink voordat jy blindelings sê dat jy Jesus wil volg. Om Hom voluit te volg kan 'n drastiese en selfs dramatiese verandering in jou lewe beteken. Vir die Skrifgeleerde het Jesus mooi laat verstaan, dat as hy Hom wil volg, dan is daar geen sekuriteite nie en géén vaste adres nie. Hy en Sy dissipels moes dikwels iewers in die veld oornag. Dit impliseer dat dieselfde lot jou ook dalk mag tref. Volgens Jaco Thom se aangrypende roman: "**Paulus, die dertiende Apostel**" het die navolgers van Christus ná Sy opstanding dit bitter moeilik gehad het, en hulle is totaal deur die samelewing en selfs hulle eie familie verwerp. Selfs die beroemde Paulus is aanvanklik deur al sy vriende verwerp, en toe hy by die gelowiges aanklop, verwerp hulle hom ook. Wanneer Matteus hierdie woorde van Jesus neerskryf, besef hy ook uit dure ondervinding die ware betekenis

daarvan.

In die praktyk beteken die navolging van Christus vandag vir ons dat jy dikwels groot opofferings moet maak. Jy sal soms vind dat mense jou vermy of selfs spot oor jou “heiligheid”. Om byvoorbeeld Jesus na te volg as jy ‘n onderwyser is, het deesdae bitter moeilik geword, want jy durf nie jou Christenskap in die skool uitleef nie. As jy in die klas oor Christenskap durf praat, staar jy vervolging in die gesig. Sommige onderwysers wat ek ken, offer hulle pouses op om die Evangelieboodskap uit te dra aan kinders wat vrywillig wil kom luister. Maar selfs dít veroorsaak dat mede-onderwysers warm onder die boordjie raak en moeilikheid maak.

‘n Mens kan egter ook verder gaan met jou navolging en saam met een van die organisasies soos die Masedonië Projek die evangelie gaan versprei in lande waar die boodskap van Jesus se verlossing nie welkom is nie. Miljoene mense is daar honger vir die Woord, maar dit word hulle ontneem deur die owerhede. Dit is moeilike en gevaarlike werk om daar die evangelie uit te dra, maar

nogtans is daar gelowiges wat alles opoffer hiervoor, en elke keer stralend terugkeer na nog ‘n suksesvolle uitreik!

In die tweede insident is ‘n voornemende volgeling se verskoning om Jesus onvoorwaardelik te volg, dat hy eers sy pa wil begrawe. Vir daardie man was dit belangrik om eers ‘n emosionele taak af te handel. Hy was egter die oudste seun, en dit was dus sy taak om sy pa te begrawe. Maar sy pa is nog nie dood nie, anders sou hy daar gewees het en nie by Jesus nie. Dus vra hy eintlik baie lank uitstel om Jesus te volg. As jy waarlik vir Jesus wil volg is daar nie plek vir die onbelangrike dinge nie. Vergeet van hulle! Dit beteken dat jy op Jesus alleen moet fokus en die emosionele dingetjies wat jou terughou moet agterlaat. ‘n Gesinsvakansie by die see moet dalk plek maak vir ‘n uitreik na Mosambiek, waar elke dag harde werk beteken en swaarkry, vlieë, muskiete, versengende hitte, stof en seer voete.

Is ons waarlik bereid om Jesus te volg? Voluit? Die prys is duur, maar die geestelike beloning is onberekenbaar groot.

Gebed:

Here, ek wil U volg met my hele lewe. Waar daar dinge is wat my terughou, help my asseblief om daarmee te breek!

# 30

# Storm op See

# Matteus 8:23-27

**VIDEO** | **OUDIO**

Hoe groot is die almag van God? Om net so ‘n klein kykie te kry in die skeppingsmisterie en grootheid van God, kan ons ons oë ophef na die sterre. In die baie bekende Orion-sterrebeeld is daar ‘n paar sterretjies wat baie helder uitstaan. Die een wat die regterskouer van die reus uitmaak trek dadelik jou aandag: sy naam is Betelgeuse. Hierdie is ‘n baie besonderse ster, een van die sogenaamde “super reuse”. Hy is 60’000 keer so helder as die son, en het ‘n deursnee van 5,6 AE. ‘n AE (astronomiese eenheid) is die afstand van die son na die aarde. Dus, as hierdie ster in die plek van die son sou wees, dan sou sy buiterand byna 3 keer so ver as wat die aarde van die son af is, gestrek het. Betelgeuse is dus so groot dat hierdie enkele ster die helfte van ons hele sonnestelsel met al sy planete sou kon insluk! En steeds is dit maar slegs een van baie biljoene ander groot sterre, en slegs ‘n spikkeltjie in die heelal, God se skeppingswerk.

Die vraag is nou: Hoe groot is die almag van God werklik?

As ons hierdie beeld in die agterkop hou en jy gaan lees die verhaaltjie wat Matteus skryf oor die gebeure in die boot, dan maak alles sin en jy begin so ‘n ietsie van Jesus se almag sien. Die probleem is egter dat ons eie probleme vir ons dikwels so groot lyk dat ons skoon toeslaan en gladnie die Here se almag kan raaksien nie!

Rondom die see van Galilea is daar etlike berge en klowe. Dikwels vorm daar kort, sterk winde wat in hierdie klowe afstroom, amper soos deur ‘n tregter en dan veroorsaak dit baie skielike en hewige storms op die meer. Jesus en die twaalftal was juis in ‘n vissersbootjie op pad na die oorkant van die meer toe een van hierdie onvoorspelbare storms hulle tref. Jesus het gelê en slaap. G’n wonder nie, want Hy moes sekerlik uitgeput gewees het na nóg ‘n marathon-dag van preek en siekes gesondmaak en duiwels uitdryf en vertrap word deur die skares van mense wat almal by Hom wou uitkom!

Wanneer die storm hulle tref, is die manne

doodsbenoud, want hulle klein skuitjie het soos ‘n dobbertjie in die groot oseaan gevoel, en hulle het al gesien hoe hulle die dieptes insink. Hulle skud Jesus wakker. Dwarsdeur al die opgewondenheid het Hy steeds rustig lê en slaap! “Here, red ons! Ons vergaan!”, skree hulle benoud. Wonder-bo-wonder het die manne darem onthou waar hulle redding kon gaan soek! ‘n Enkele woordjie van Hom laat die woeste wind en golwe bedaar sodat daar skielik ‘n doodse stilte en kalmte kom.

Jesus verwyt die manne oor hulle ongeloof. Vir die afgelope tyd sien hulle elke dag die wonderwerke wat Hy doen en sien hulle die mees asemrowende dinge gebeur. Maar as dit hulle eie basse begin raak, dan begin hulle twyfel oor presies waartoe Jesus in staat is. Hulle het duidelik nog ‘n baie lang pad om te loop voordat hulle gereed is om die leiding van die kerk oor te neem. “Wie is Hy tog?” vra hulle hulleself die vraag af. “Watter soort mens is Hy dat selfs die wind en see na Hom luister?” Hulle het nog nie eers begin om te begryp wie hierdie Man wat al die dinge laat gebeur werklik is nie.

Die vraag is of ek en jy mooi verstaan presies wie Jesus nou werklik is? Ek dink dat, nes die twaalf manne van daardie tyd, ons nie aldag werklik besef met wie ons te doene het nie. In die eerste plek dink ek dat ons ou verstandjies net eenvoudig te klein is om 'n begrip van Hom te kan kry want Sy almag, alwetendheid en alomteenwoordigheid is baie groter as wat ons kan verwerk. 'n Man sê eendag vir my dat hy nie aan God kan glo nie, want hoe is dit ooit moontlik vir iemand om tegelyk op baie verskillende plekke te wees? Ja, hy is reg: ons verstand kan nie sulke dinge begryp nie, want dit pas nie in ons verwysingsraamwerk in nie!

Tóg is die bewyse oorweldigend. Dink maar aan die ster waarvan ons hier bo praat, Betelgeuse. Ons kan nie 'n begrip vorm van hoe verskriklik groot daardie ster werklik is nie. Nogtans is hy 'n werklikheid, en die sterrekundiges bevestig dit. Dit lyk absoluut onmoontlik vir iemand wat dodelik siek is om eensklaps blakend gesond te wees! Medies is dit nie moontlik nie! Nogtans gebeur dit, en dan moet die dokters dikwels net hulle koppe in ongeloof skud. By God is absoluut niks onmoontlik nie.

Al hierdie dinge moet ons net weereens onder die besef bring van die absolute grootheid en almag van die Here. Dit is nie nodig dat ons die wonderwerke fisies ervaar en moet sien nie: al die bewyse is alreeds daar. Maar as ons net ons oë wil oopmaak, sal ons elke dag talle wonderwerke rondom ons raaksien. Die doel van hierdie dinge is om ons aan te spoor tot aanbidding van Hom wat oor alles heers en vir Wie niks onmoontlik is nie.

Besef ons ooit nog wie God werklik is? Ons praat dikwels so ligtelik van Hom. Ons bring nie eers naastenby genoeg lof aan Hom nie, en ons praat van Hom asof Hy maar net nog 'n deeltjie is van ons geloof. Kom ons raak vandag diep onder die besef van Wie ons aanbid, en ons gee Hom die lof en eer en dank wat Hom toekom!

Gebed:

Here, vanoggend val ek voor U neer in aanbidding, want ek is maar net 'n stoffie voor U groot almag!

# 31

# Verskrikking in die Begraafplaas

## Matteus 8:28-34

**VIDEO** | **OUDIO**

“Ek dêr jou om ‘n handvol haasmis op ou Haas, die wiskunde onnie se stoel te sit!” Dis ‘n gevaarlike ding om te doen, want ou Haas is verskriklik sensitief oor sy bynaam, en hy gaan beslis ‘n ghêskit blaas oor so ‘n verfoeilike daad! As die arme drommel wat dit waag uitgevang word, is hy morsdood! Maar as jy gedêr word, durf jy nie weier nie! Jy het dan ook nie eers verder gedink aan die gevolge van jou daad nie. Al wat jou gedagtes oorheers het was om gekroon te word as die held van die dag!

En ek onthou goed hoe die arme kêrel wat die daad gepleeg het, se agterstewe daardie dag gelyk het, rooi en opgehewe soos ‘n bobbejaan s’n. Maar hy was baie trots daarop!

Daar was egter een “dêr” wat nooit ligtelik gemaak is nie, en baie beslis nooit ligtelik opgeneem is nie: om stoksiel-moedersalig-

alleen in die nag deur Waterval Boven se spokerige begraafplaas te gaan loop. Ek meen, dit was erg genoeg om in die nag deur die ou historiese Oosterlijn Laerskool geboue te stap. Daar het dit glo gespook dat dit kraak. Vra maar vir die skoolhoof, Oom Goël (sy bynaam), hy was vrekbang vir die skool se spoke! Maar die begraafplaas? Aikôna! Daar het selfs die grootste "dêr" jou nie eers gekry nie, want die onheilighede wat 'n mens dalk daar kan teëkom is gevaarliker as enigiets waarmee jy óóit te doene kan kry!

Jare later is ek deel van Durban Noord se kerkjeug. Die pragtige ou kerkhof is net 'n klein entjie van die kerk af, en vorm 'n kortpad na een van ons vriende se huis. Ons het dikwels saans na kerk daar deurgestap, en die rustigheid en kalmte was vir my opvallend en ek het dit geniet!

Wat is die verskil dan tussen Durban Noord en Waterval Boven se begraafplaas? Niks! Die verskil is in die mense, want in Durban Noord was dit gelowiges wat God se teenwoordigheid ervaar het in die stilte. Die bang seuns in Waterval Boven het God totaal

misgekyk, en slegs die verskriklike onheil gesien!

Ek dink die arme mense van Gadara het selfs gesidder om helder oordag in die begraafplaas te kom, want hier het twee manne gewoon wat totaal koekoes was. (Markus skryf van slegs een.) Hulle was besete van etlike demone wat hulle lewens totaal beheer het. Om so 'n persoon raak te loop, was vir daardie mense klaar 'n ramp. Om boonop twee van hulle gelyk in 'n begraafplaas te kry was afgryslik, want hulle het gevoel dat hulle in sulke omstandighede totaal buite God se magsgebied was.

Wanneer Jesus en die dissipels daar verbykom, kruip hierdie besetenes uit die rotsgraf waarin hulle gebly het uit en kom na Hom toe aangehardloop, soos wat jy 'n baie belangrike persoon sou tegemoetkom. Die demone, oftewel engele van die duiwel, herken onmiddellik vir Jesus as die Seun van God en hulle is beangs! Hulle ken Sy almag! Hulle weet ook by voorbaat wat op hulle wag, dus smeek hulle Hom om alternatiewe blyplek. Dit kos slegs 'n enkele magswoord van Jesus om die

besetenes te verlos en die demone in 'n trop onrein varke te laat invaar, wat hulleself te pletter loop in die see!

Vir die dissipels moes hierdie 'n traumatiese ervaring gewees het. Hulle het nog nie eers herstel van die vorige nag se skok, toe hulle almal gedink het hulle gaan versuip nie. Jesus moes weer ingryp gedurende die verskriklike storm daardie nag en met die spreek van 'n woord het alles bedaar. Skaars sit hulle wankelrige voet aan wal, of die volgende krisis tref hulle. Maar die boodskap is baie duidelik: met Jesus saam met hulle word die ergste krisis slegs 'n geleentheid om Jesus se almag te demonstreer.

Jesus het die bose oorwin. In hierdie verhaal sien ons baie duidelik Jesus se mag oor die bose. Dit beteken egter nie dat die bose verdwyn het nie. Hy bly steeds bitter gevaarlik, maar as kind van God hoef ek die bose nie meer te vrees nie, want met Jesus aan my sy is Hy die Een wat in beheer is. Dit beteken egter nie dat ek onverskillig teenoor die bose mag wees nie. As jy met duiwelse dinge, soos die okkulte, waarsêery, sterre wiggelary ens. gaan

speel, dan kan jy jou vingers lelik verbrand. Dan beweeg jy weg van Jesus af en loop jy as't ware in die duiwel se kloue in.

Matteus se verhaal eindig tragies: toe die inwoners van Gadara Jesus se mag oor die bose sien het hulle selfs vir Hom bang geword en Hom gesmeek om weg te gaan. Lees jy egter Markus se weergawe, sien jy dat daar tóg 'n mooi einde is want hierdie besetenes wat Jesus se verlossing ervaar het, het teruggegaan na hulle mense toe en vir hulle vertel wat daar werklik gebeur het. So is die boodskap van Jesus se verlossing onder die Gadareners versprei. Later het hierdie einste Gadareners die redding geword van baie gelowiges wat vir hulle lewens moes vlug gedurende die vervolging van Christene in Jerusalem.

Die boodskap is vanoggend duidelik: selfs in die mees skrikwekkendste omstandighede kan jy weet dat jy steeds binne God se magsgebied is. Hy bly steeds in volle beheer! Solank jy by Jesus bly, is jy veilig.

Gebed:

Dankie Here, dat U my weereens net die

versekering gee dat U in volle beheer is - maak nie saak wat gebeur nie!

# 32.

# Volledige Genesing

## Matteus 9:1-8

**VIDEO | OUDIO**

Hoe sou jy dit verstaan as ek sou sê dat jou sondes vergewe is? Blykbaar het die gemeentelede in Matteus se gemeente geworstel met hierdie vraag. Dus probeer Matteus dit aan hulle verduidelik met 'n insident wat gebeur het so pas nadat die dissipels die ervaring in die begraafplaas in Gadara gehad het. Hulle was nie meer daar welkom nie, want die koste van die evangelie was vir daardie mense te groot. Hulle het immers 'n hele trop varke verloor as gevolg van die evangelie en hulle was bang vir Jesus. Sy mag oor die bose het hulle laat sidder. Hulle klim dus weer in die skuit en roei na die oorkant van die meer en gaan na Jesus se tuisdorp, waar Hy natuurlik welbekend was.

Die nuus versprei gou en 'n verlamde man word op 'n draagbaar na Jesus gebring. Ons eerste reaksie sou wees om te dink dat Jesus hom sou genees, soos Hy al sóveel kere

gedoen het. Dít is immers ook die verlamde se verwagting. Hy het al so baie gehoor dat Jesus enige kwaal kan genees. En uiteindelik het sy kans nou aangebreek. Maar dan gebeur die verrassende, want in plaas daarvan dat Jesus hom die hande oplê en gesond maak, sê Hy slegs vir die man dat sy sondes vergewe is.

Die man was sékerlik baie teleurgesteld! Hy het mos nie ál die moeite gedoen net om vergewe te word nie? Hy wil gesond word! Hy is egter nie die enigste wat teleurgesteld is nie. 'n Paar nuuskierige Skrifgeleerdes wat kom kyk het wat Jesus besig is om aan te vang, hoor hierdie skokkende woorde. Nou kook hulle bloed behóórlik, want dis mos Godslasterlik om iemand se sondes te vergewe! Hoe kan Hy as Mens verklaar dat die man se sondes vergewe is? Alleen God kan sondes vergewe! Géén mens kan dit namens God doen nie!

Die vraag wat ons vandag moet vra, is of die Pous so 'n verklaring durf doen? Of die predikant of priester of pastoor? Durf énigiemand só namens God praat?

Die feit is dat die Here vergifnis van sondes

belowe het aan elkeen wat in Jesus glo. Natúúrlik kan ek nie iemand se sondes vergewe nie, slegs God kan. Op grond van God se beloftes in die Woord kan ek as gelowige egter verklaar dat iemand se sondes vergewe is as gevolg van sy geloof in Jesus. God het aan my en jou as Sy kinders die mag gegee om mense se sondes vergewe te verklaar in Jesus se Naam! Dit staan duidelik in Romeine 3:23-26: "Almal het trouens gesondig, en die eer aan God ontbreek by hulle; en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus..... Hy het sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees en dié wat in Jesus glo, regverdig te verklaar." 1 Joh 1:9 - "As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig." Johannes 4 beskryf die verhaal van die vrou by die put. Sy het egbreuk gepleeg, en sy is vergewe. In 1 Tim 1:13-16 lees ons hoe die vervolger, moordenaar Paulus volle vergifnis verkry het. Daar is talle soortgelyke plekke in die Bybel wat God se vergifnis uitjubel. En as die Here dit in Sy Woord skryf - waarom sal ek

dit dan nou nie uitbasuin sodat almal dit kan hoor nie?

Die feit wat Matteus hier wil beklemtoon, is dat Jesus baie dieper kyk as bloot die liggaamlike nood. Jesus maak die totale mens gesond. Na die eerste groot wonderwerk waar die man se siel gesond gemaak is, volg ‘n tweede wonderwerk. Vir die eerste keer kan die man nou weer loop. Die omstanders se monde hang behoorlik oop van verbasing. Die wonder eindig egter nie hier nie, want Matteus vertel dat die man huistoe gegaan het. Nou kan hy weer as volwaardige mens sy plek in die gesin en die samelewing inneem. Dit gaan egter nóg ‘n stappie verder: omdat sy sondes vergewe is, is daar ook ‘n herstel in sy verhouding met God geskep.

Dit is verskriklik om te moet lewe met die donker wolk oor jou, dat jou sonde nie vergewe is nie. Dat daar as gevolg daarvan nie ‘n verhouding tussen jou en God kan wees nie. Sonde bou ‘n muur tussen jou en God. En dit is so onnodig! Daardie muur kan totaal afgebreek word en totaal disintegreer sodat absoluut niks daarvan oorbly nie. Dit beteken

dus ‘n vrye toegang vir jou na God.

Daar is egter slegs een enkele manier om daardie wonder te laat gebeur en jou totale menswees te kan herstel. Die antwoord is eenvoudig: geloof in Jesus Christus. Nee, nie maar net om te glo dat Hy bestaan nie, dit beteken niks! Geloof beteken hier ‘n volle vertroue in Hom alleen en om jou lewe totaal aan Hom oor te gee. Wanneer dit die dag gebeur, vind die groot wonder plaas. Die vrou by die put, Paulus, die verlamde man en talle ander mense het hierdie wonder ervaar. Dan kom maak Jesus jou lewe totaal nuut. Die donker wolk verdwyn soos mis voor die son en die muur disintegreer. Jou sondes word vlekkeloos gemaak soos wat dit beskryf word in Jesaja 1:18 - “Kom tog, laat ons die saak uitpraat!” sê die Here. “Al is julle sondes rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos skarlaken, soos wol sal dit word.”

Gebed:

Here, my gebed gaan uit vir elkeen wat hierdie boodskap vanoggend lees, wat nog nie die besluit gemaak het om U te volg nie!

33.

## ‘n Feesmaal saam met Sondaars

## Matteus 9:9-17

**VIDEO | OUDIO**

In ‘n tolhuis sit ‘n man wat in ‘n sekere sin bitter eensaam is. Ja, hy het vriende, maar niemand kan juis trots wees op so ‘n korrupte spul nie! Hoe wens hy nie dat die samelewing hom sal aanvaar nie. Ag, as iemand met ‘n “skoon karakter” ook met hom sou praat asof hy ‘n mens is! Dis sy beroep wat dit veroorsaak, seker een van die mees gehate beroepe in Israel, dié van tollenaar. Hy moet belastings vorder en geld uit mense wurg, mense wat dikwels alreeds baie swaar trek. Soms moet hy onderduimse metodes gebruik om die Jode se swaarverdiende geld van hulle af te pers. Dit is moeilik en bitter eensaam om ‘n tollenaar te wees! Gerespekteerde mense meng hulle beslis nie met jou nie. Jy moet dus maar tevrede wees met duistere karakters vir vriende. Matteus sug swaar. Hoe wens hy nie........

Daar breek ‘n groot opgewondenheid los

hoër op in die straat. Matteus rek sy nek om te kan sien wat daar aangaan. ‘n Groot bondel mense kom stadig aangestap. Dit lyk vir Matteus asof almal rondom een Man koek en almal se aandag net op Hom is. Ai! Dit sal darem lekker wees om ‘n bietjie positiewe aandag te kry!

Toe Matteus destyds getender het vir hierdie pos as belastingopgaarder, was daar strawwe kompetisie. Jy kan goed geld maak, want die Romeine kontroleer nie juis jou invorderings nie, solank húlle net genoeg kry! Jy bepaal eintlik maar jou eie inkomste uit die "onwettige" geld wat jy van mense kry. Steel? Nee, hy sal dit darem nou nie steel noem nie, maar dis beslis nie ver daarvan af nie! Almal verdink hom in elkgeval maar daarvan dat hy ‘n dief en ‘n skelm is. Hy is dit nou al gewoond en dit rol soos water van ‘n eend se rug af.

Daar kom ‘n snaakse opgewondenheid by Matteus op as die skare reg op sy tolhuis afstap. Wie is hierdie Man wat so baie aandag trek? Is dit nie dalk daardie nuwe Profeet wat so baie opslae maak nie? Sy Naam is glo Jesus.

As die skare by Matteus se “kantoor” verbykom, gaan staan die Man skielik stil en Hy kyk Matteus reg in die oë. Dit voel vir hom asof die Man reg dwarsdeur hom kyk, asof Hy sy elke gedagte kan lees soos ‘n boek. “Volg My” sê die Man vir Matteus. Op daardie oomblik weet Matteus dat daar net een pad vir hom is. Wie presies hierdie Man is weet hy nog nie mooi nie, maar hy los sy werk nét so en hy loop agter Jesus aan. Hy drink elke woord uit Jesus se mond in soos ‘n spons.

“Vanaand wil ek by jou gaan eet!” kom die versoek onverwags. Matteus skrik hom asvaal! Maar dan borrel dit van opgewondenheid in hom. Hy luister nie eers meer na die wonderlike dinge wat Jesus sê nie. “Ek móét net eenvoudig vir my pêlle gaan vertel!” Hy begin hardloop. Só baie dinge om te doen! Wat gaan hy vir Jesus voorsit? Wie moet hy almal nooi? Daar is nie baie tyd nie! As hy ‘n koninklike maaltyd wil voorsit, sal hy bitter vinnig moet maak! “Kom eet vanaand by my - ons het baie spesiale gaste!” skree hy in die verby-hardloop vir ‘n baie duistere karakter. Matteus knyp homself om seker te maak dat hy nie dalk droom nie. Iemand stel in hom,

Matteus belang! Vir meer as net sy geld!

Wanneer die skemer oor Nasaret daal, trippel Matteus senuweeagtig rond. Die tafels kreun onder die kos, en een-vir-een kom sy ongure vriende daar aangedrentel. Baie skuldig dink Matteus daaraan dat hulle nou nie juis die tipe geselskap is wat hy graag met hierdie heilige "Profeet" wil deel nie, maar dis die enigste vriende wat hy het! Dit lag en gesels vulgêr-luidrugtig. En dan kom Jesus aan, gevolg deur 'n spannetjie baie ongemaklike dissipels. Nog nooit in hulle lewens het hulle 'n tafel gedeel met só 'n spul sondaars nie! "Dis maar 'n skurwe klomp hierdie!" fluister Simon vir sy broer Andreas.

"Ja, wat sóú die Rabbi tog besiel om hier te wil kom eet?"

Daardie omstrede maaltyd ontglip nie die valkoë van 'n paar Fariseërs nie, en met minagting luister hulle na die vrolike klanke uit Matteus se huis. Die volgende dag moet Jesus 'n paar lastige vrae beantwoord. Waarom het Hy Hom nou juis met hierdie skuim gemeng? "Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie," verduidelik Hy vir die hoogheiliges. "God wil

barmhartigheid hê, nie offers nie. Ek het juis gekom om diegene te roep wat op die verkeerde pad is."

Wat ons as gelowiges dikwels nie mooi wil verstaan nie, is dat die uitleef van jou geloof nie alleen bestaan uit jou gemeenskap met ander gelowiges nie. As gelowige durf ek my nie soos 'n monnik onttrek uit die wêreld nie, ek moet júís in hierdie wêreld van roekeloosheid en sonde instap en die vergifnis van sonde verkondig. Toe Jesus hierdie duistere karakter, Matteus geroep het, het Hy deur hom onmiddellik toegang gekry tot 'n klomp ander sondaars wat Sy vergifnis nodig gehad het. Wat meer is, daardie selfde sondaar was moontlik dieselfde Matteus wat 'n apostel geword het, en later sélf talle mense na Jesus gelei het. Hy het die lewens van duisende mense aangeraak deur sy prediking. Dit was 'n sneeubal-effek wat net eenvoudig groter en groter geword het. Jesus het juis gekom om sondaars te red! Hy red mense wat sonder hoop is en totaal verlore vir die Koninkryk van God.

Gebed:

Here, maak asseblief my oë oop sodat ek baie wyer kan sien as slegs die gelowiges in my kringetjie. Gee my asseblief 'n passie vir verlore sondaars!

# 34.

# Maak Tog Gou Asseblief!

# Matteus 9:18-26

**VIDEO | OUDIO**

Die arme man is radeloos. By die minuut versleg Jaïrus se dogtertjie se toestand. Die dokters het hande in die lug gegooi. Hy moet hulpeloos toekyk hoe haar lewe besig is om weg te glip! Die feit dat hy 'n geëerde raadslid van die sinagoge is, help net mooi niks! Stadig begin 'n gedagte by hom posvat: daardie Jesus waarvan hy die berigte gehoor het, Hy is mos glo 'n Wondergeneser...... Maar dan wil hy die gedagte uit sy kop skuif. Wat gaan sy kollegas daarvan sê as hy nou hierdie Man se hulp inroep? Elkeen van die raadslede wil slange vang as jy net Jesus se Naam noem! Hoe gaan dit nou lyk as hy vir Jesus om hulp gaan vra? Die ander ringkoppe gaan hom beslis braai! Maar Jaïrus is radeloos! Sy lieflingdogtertjie is belangriker as die opinies van die "wyse" manne. Daar is géén ander opsie nie.

Dit voel vir Jaïrus soos 'n nimmereindigende

pad na Nasaret. Sy asem jaag want hy kan nie bekostig om een oomblik te rus nie. As hy maar net betyds is! Dit neem nie lank om uit te vind waar Jesus Hom bevind nie. Gerugte oor Jesus is op almal se lippe. “My dogtertjie het seker alreeds gesterf,” maal dit die hele tyd deur sy gedagtes, “Jesus is my enigste hoop om haar nog te kan red!” Hy hardloop so vinnig as wat sy twee voete hom kan dra. Sy asem brand in sy longe. Wanneer Jaïrus in Nasaret aankom gee sy oorwerkte hart so ’n ekstra sprong want van ver af sien hy al die skare mense, en hy weet dat redding in sig is. Hy bars deur die skare en val voor Jesus se voete neer. Dan snik hy dit uit: “Here, my dogtertjie het pas gesterf, maar kom lê u hand op haar, en sy sal leef.”

Jesus besef dadelik hoe dringend hierdie saak is en Hy staan op waar Hy besig was om vir die skare te preek. “Kom, ons gaan kyk na jou dogtertjie,” troos Hy vir Jaïrus. Haastig begin hulle na Jaïrus se huis stap.

Maar dan kom daar ‘n wrede onderbreking. ‘n Vrou beur deur die skare. Sy het ‘n probleem: sy ly aan “bloedvloeiïng” vir baie

jare al, en sy is moedeloos. Sy word as "onrein" beskou, en sy mag dus gladnie eers met mense in aanraking kom nie. As sy tog net aan Jesus se klere kan raak………..

Joodse mans het 'n gebedsmantel oftewel 'n talit gedra. Aan die vier hoeke van hierdie talit is tosseltjies vasgewerk. Hulle word tzitzit genoem en hulle moes jou herinner aan God se gebooie (Numeri 15:38-41). Sommige mense het geglo dat daar 'n krag uitstraal van hierdie tzitzit tosseltjies, omdat dit indirek die simbool van God is. Hierdie vrou wou waarskynlik net raak aan daardie magiese tosseltjies aan Jesus se mantel sodat sy daardeur die krag van God sou kon ervaar. Jesus is immers 'n "Profeet" en dus kon die krag uit Sy tzitzit-tosseltjies vir haar genesing bring.

Jesus draai om, Hy wil weet wie aan sy klere geraak het. Die dissipels is vererg, want almal stamp en beur om by Jesus uit te kom. Nou wil Hy weet wie aan Hom geraak het? Almal raak aan Hom! Maar Jesus wil eers weet, en dan bieg die vrou en vertel sy haar verhaal.

'n Mens voel lus om vir Jesus te sê: "Die

dogtertjie! Dis dringend! Die vrou kan mos maar ‘n bietjie wag, Here! Sy loop in elkgeval al vir twaalf jaar lank met hierdie kwaal rond! Haar probleem gaan beslis nie vererger nie, en nog ‘n uur of twee sal sékerlik nie verskil maak nie!”

Jesus wil egter éérs na haar behoeftes omsien, want vir Hom is dit belangrik. Terwyl ek en jy en die dissipels op en af spring van ongeduld omdat Jesus so talm met hierdie dringende saak van die sterwende dogtertjie, gesels Jesus eers rustig met die vrou. Hy vertel vir haar dat haar geloof haar gered het. Vir hierdie vrou het haar genesing vir haar die wêreld oopgemaak, want vir die eerste keer in baie jare is sy weer waarlik mens!

Eers dán wy Jesus weer sy volle aandag aan die raadslid en sy dogtertjie, wat intussen sékerlik al dood is!

By Jaïrus se huis aangekom, draal die droewige, klaende klanke van doodsfluite en roubeklaers se jammerlike gekerm. “Gaan weg!” verwilder Jesus hulle tot groot ontsteltenis van die familie. “Sy is nie dood nie - sy slaap net!” Hulle lag Hom uit: hoe kan Hy

so ‘n belaglike ding kwytraak? Almal het tog gesien dat die kind dood is! Sy is al yskoud!

Dan loop Jesus die huis in. Dosyne nuuskierige oë volg Hom. Gaan Hy vandag die totaal onmoontlike regkry? Nee, beslis nie sommer nie! Mense wat dood is raak verséker nie weer lewendig nie! En as Hy gedink het dat die kind net slaap - hulle hét mos gesien wat hulle gesien het! Vandag gaan Hy sékerlik tweedebeste hiervan afkom.

Jesus neem die kind se hand liefderik in Sy hande. “Talita, koem!” hoor hulle die woorde uitgesweef kom, “Dogtertjie, staan op!” (Markus 5:41). En dan, voor die verbaasde oë van die skeptiese mense sit sy regop - springlewendig en blakend gesond.

Binne minute is daar nie ‘n enkele mens in die dorp wat nie weet van die asemrowende wonderwerk wat in Jaïrus se huis gebeur het nie!

Gebed:

Here Jesus, slegs U kan lewe gee - U is die enigste Weg tot die ewige lewe!

## 35.

## Ons Kan Sien!!!

## Matteus 9:27-34

**VIDEO** | **OUDIO**

Mens staan verstom as jy sien wat vandag gedoen word om die lewe vir ‘n blinde persoon normaal te maak. Die rekenaar programmering om rekenaars ook vir blindes toeganklik te maak, is verstommend. AI of KI (Kunsmatige intelligensie) het baie deure oopgemaak vir onder meer blindes. DepthNavAI is byvoorbeeld 'n toep wat 'n blinde op sy selfoon kan aflaai. Dit help byvoorbeeld met navigasie, om d.m.v. klank te “sien” wat voor jou is en hoe ver dit is. Dit doen ook gevorderde gesigherkenning, selfs al het die persoon 'n donkerbril op, asook teksherkenning. So kan die persoon met sy ore 'n beeld vorm van wat rondom hom aangaan.

Ek het die grootste bewondering vir blindes wat ‘n absoluut normale lewe lei en ‘n doodgewone dagtaak uitvoer ten spyte van hulle gebrek. Jare gelede het ek bevriend

geraak met ‘n blinde kêrel in Welkom, Staffie Pelser, ‘n fisioterapeut. Hy was ook intens betrokke by sy gemeente, veral by die jongmense. Sy vernuf om die Bybel met sy vingers te lees in braille, het my asem weggeslaan.

Ten spyte daarvan dat ‘n blinde leer om met sy gebrek te kan saamleef, is daar tóg dinge waarna hulle dikwels smag, soos om ‘n motor te kan bestuur, om ‘n reënboog te kan sien, om ‘n sonsondergang te kan beleef en die kleurewonder van blommetjies te kan ervaar.

Vir blindes in Bybeltye was dit nie so maklik nie. Hulle het nie dieselfde geleenthede en opleiding gehad as vandag nie, en hulle was totaal afhanklik van die samelewing en hulle familie. Hoe moes baie van hulle nie daarna gesmag het om ‘n volwaardige deel van die samelewing te kon wees en ook ‘n eie huisgesin te kon hê en vir hulle te kon sorg nie!

Hoe moet dit voel om blind te wees vir die grootste deel van jou lewe, en dan skielik, een dag weer helder te kan sien? Watter soort van ervaring moet dit nie wees om skielik alles te kan sien waaroor jy al die jare gewonder het

nie! Dink net: dalk weet jy nie eers hoe jou lewensmaat met wie jy al soveel jare getroud is, lyk nie, en skielik sien jy hom of haar van aangesig tot aangesig.

Twee blindes het eendag ’n sprankie hoop gekry in hulle lewe. Hulle het gehoor van die wonderlike dinge wat gebeur deur Jesus. En dan gebeur dit een mooi dag dat hierdie einste Jesus in hulle omgewing is. Sal Hy nie dalk iets vir hulle kan doen nie? “Ontferm U tog oor ons, Seun van Dawid!” skree hulle dus wanhopig wanneer hulle die skare by hulle hoor verbyloop. As Hy hulle tog maar net sal hoor! As Hy tog maar net op hulle pleidooi sal agslaan!

Met ons moderne mediese wetenskap is dit vandag moontlik om in sommige gevalle weer vir ‘n blinde persoon sy sig te kan gee. Waar ‘n katarak tot ‘n paar jaar gelede nog permanente blindheid beteken het, is dit vandag net ‘n klein operasietjie om ‘n nuwe lens in die oog in te plant om jou weer te laat sien. In die Bybelse tyd was daar egter geen genesing vir blindheid nie. Hierdie twee manne het dus die absolute onmoontlike van

Jesus gevra. Hoe reageer Hy? Hy wil weet of hulle werklik glo dat hulle gesond kan word. Só groot is hulle begeerte om hierdie een ding in hulle lewens te kry, dat hulle onomwonde antwoord: "Ja Here!"

Ek kan nie eers begin om te begryp hoe dit moet voel om jou hele lewe lank in duister gehul te wees nie. Die asemrowende wonderwerk wat volg, waar hulle skielik helder kan sien, oorheers hulle lewens. Jesus probeer hulle nog stilmaak, maar dit is onmoontlik vir die twee om stil te bly oor daardie wonderlike ding wat met hulle gebeur het. So ver as wat hulle gaan, vertel hulle opgewonde vir almal wat gebeur het.

Die vraag is of geloof altyd 'n voorwaarde is vir genesing? Sommiges sal "Ja" sê, maar ons moet besef dat Jesus nie volgens vaste resepte optree nie. Petrus se skoonma is byvoorbeeld genees sonder dat sy daarvoor gevra het. Die fokus lê nie op die voorgeskrewe prosedure nie, maar die erkenning van Jesus as die ware Seun van God. Hy is die Een wat omgee vir gewone mense soos ek en jy. As ons Jesus met hierdie

oortuiging en verwagting nader, sál ons ook Sy barmhartigheid ervaar.

In die volgende perikoop verneem ons van ’n stom man. Die arme kêrel was in die mag van ’n bose gees. Wanneer Jesus hom egter gesond maak, mor die kerkleiers. Volgens hulle gebruik Jesus die mag van die duiwel om bose geeste uit te dryf. Wat ‘n verskriklike ding om te sê! Vandag word dit steeds gedoen, en dikwels word die werk van evangeliste wat onkonvensionele metodes gebruik, afgeskiet deur sommige kerkleiers. Ons moet baie versigtig wees voordat ons sommer oordeel. As iets nie vir jou reg lyk nie, moet jy dit eers deeglik gaan toets aan die Skrif, en daarna moet jy dóódseker maak van jou saak voordat jy dit aan die duiwel toeskryf.

Matteus se verhaal van die blindes herinner ons ook aan ‘n ander soort blindheid: geestelike blindheid! Het jy al genesing daarvan gekry? Indien wel, bly jy stil daaroor? Of maak jy soos die twee wat Jesus genees het, en basuin dit uit aan die hele wêreld? Moenie stilbly nie! Jubel dit uit!

Gebed:

Here, ek wil dit uitjubel van vreugde - U is die groot geneesheer wat selfs geestelike blindheid genees - wat ook my eie geestelike blindheid genees het!

# 36.

# Die Oes is Groot

# Matteus 9:35-38

**VIDEO | OUDIO**

Die Vrystaat kan ‘n genadelose plek wees waar daar sommer op ‘n dag ‘n stofstorm opsteek, en dan sien jy hierdie bank van verskrikking aangerol kom wat alles in sy pad verswelg. As die stofbank oor jou toemaak, raak dit donker en die verstikkende stof beroof jou van jou asem. In ons grasdakhuisie voel dit amper asof dit reën, soos die stofkorreltjies stadig deur die dekgras sif en alles in die huis toestrooi in ‘n lagie van rooi mynsand. Genadiglik gaan die stofstorm ook verby na ‘n paar dae. Dan volg die versengende, skroeiende hitte van die somer. Die kurkdroë lug brand jou longe en die reën bly dikwels weg.

Maar die grond is vrugbaar, en as die reën net betyds kom, gee die rooi grond in oorvloed en die lande lewer ‘n milde oes op. Daardie spesifieke jaar het die reën op presies die regte tyd gekom en boonop was dit genoeg.

Nou staan die lande hoogswanger met goue koringare wat uit hulle nate wil bars. Die verhoog is gereed, en die afwagting en spanning kan jy aanvoel in die lug.

Dan, een oggend vroeg dreun die swaar masjiene in ‘n dik stofwolk in die plaaspad af. Vooraan die stoet is ‘n reuse groen monster met ’n lang ry tande. In sy stofstreep volg nog ‘n vyftal stropers en vragmotors. My hart mis ‘n slag! Dis oestyd! Ek is oorstelp van opgewondenheid!

Vir die volgende paar dae dreun die stropers op en af deur die landerye. ‘n Dik stroom goue koringkorrels spuit in die vragmotors se wagtende bakke in, totdat hulle oorlaai en kreunend wegry met hulle kosbare vragte. Uiteindelik bly net die stoppels oor op die kaalgestroopte landerye. ‘n Doodse stilte sak toe oor die plaas. Die windjie suis ysig en weemoedig oor die geraamtes in die koringland. Maar in my hart is daar ‘n warmte want die oes is ingesamel!

En die oes wás groot!

Jesus se preke het reuse skares mense gelok. Die mense het mekaar vertrap om net naby

Hom te kom. Jesus het die mense bitter jammer gekry (Mat. 9:36) en Hy het gesien dat die oes baie groot gaan wees. Om egter ‘n oes in te samel, is die werk van baie mense. Daar is arbeiders nodig wat bereid is om die harde werk in die wind en weer en son te doen. Om te oes is nie maklike werk nie, maar die bevrediging wat dit gee is onmeetbaar groot. Met ‘n geestelike oes is dit nog véél groter, en baie gou is jou harde arbeid totaal vergete wanneer jy die vreugde geniet van ‘n suksesvolle oes.

Vir ‘n tyd lank het Sy twaalf leerlinge nou al dag-vir-dag gesien wat Jesus doen, en gehoor wat Hy sê. Die tyd het egter nou aangebreek dat hulle prakties gaan toepas wat hulle geleer het. Maar Jesus stuur hulle nie met leë hande in die veld in nie. Hy rus hulle behóórlik toe. Hierdie is steeds net ‘n leerskool maar later, ná Jesus se hemelvaart sou hierdie selfde manne die bal aan die rol moes sit om die evangelie deur die hele wêreld te versprei.

Ek en jy is ook deel van Jesus se span van “landbouers”. Sommige van ons word nog opgelei, en ons moet tevrede wees om maar

bossies uit te trek of water te gee. Ander weer bestuur daardie groot masjiene wat tonne en tonne siele oes. Aan sommige van ons word slegs ‘n ou klein landjie toevertrou wat ons moet vertroetel totdat dit gereed is vir die oes. Sommige het selfs net een enkele ou mielieplantjie om op te pas! Dan is daar diegene wat ‘n reuse land gekry het om te bestuur, waar die oes reusagtig groot is, en die verantwoordelikheid nog báie groter. Dis egter baie belangrik om te weet dat elke werker, hoe klein of groot sy verantwoordelikheid is, presies ewe belangrik is in die span! Die een wat tee aandra is presies nét so belangrik as die prediker!

Die vraag is vanoggend: is jy al deel van daardie span? Doen jy jou deel om die oes vir Jesus in te samel? Net soos wat daar op ‘n plaas verskeie werkers is en elkeen sy eie taak het, so is daar in Jesus se oesland ook ‘n verskeidenheid van werkers. Op ‘n plaas is daar maar net ‘n paar wat die reuse stropers bestuur. Die ander moet voertuie onderhou, onkruid uitkap, ploeg, bemesting gee, natlei, of selfs vir die boer koffie aandra! Nét so is elkeen in Jesus se oesland nie predikante,

pastore en sendelinge nie, maar elkeen het sy nis waar hy meewerk om die groot oes in te samel. As jy nie deel van daardie span is nie, en jy verkies om niks te doen nie, is daar 'n leemte in die span. Dan kan dit nie behoorlik funksioneer nie. Vind uit waar jou plekkie in Jesus se span is, en gaan sit skouer aan die wiel. As dit moet beteken dat jy opleiding van die een of ander aard moet ontvang, dan beter jy dit doen. Jesus het gesê: "Die oes is groot maar die arbeiders min." (Mat 9:37). Is die arbeiders dalk min omdat jóú plekkie steeds leeg is?

Gebed:

Here, die oes op die lande is baie groot. Gee my asseblief die passie in my hart en die ywer om te werk om U groot oes te help insamel!

## 37.

## Uitgestuur om te Oes

## Matteus 10:1-15

**VIDEO** | **OUDIO**

Matteus het vertel van vyf dissipels wat deur Jesus geroep is. Eers die broers Petrus en Andreas en daarna nog twee broers, Jakobus en Johannes. Later volg ook Matteus die tollenaar. Nou hoor ons dat die binnekring dissipels uiteindelik na twaalf gegroei het. Hulle is natuurlik nie die enigste gereelde dissipels nie, maar hulle is gekies om 'n spesiale taak te verrig. Hulle sal Sy apostels, oftewel uitgestuurdes wees en hulle kry intensiewe opleiding. Hulle sal uiteindelik die kern vorm van die "nuwe Israel."

Die twaalftal kry nou hulle eerste groot opdrag, om na die "verlore skape" van die volk Israel te gaan. Wanneer Hy hulle die ongenaakbare wêreld instuur, gee Hy hulle absolute volmag oor onrein geeste en om siekes te genees. Hulle kan met ander woorde direk Sy bediening voortsit as Sy gesagvolle gesante.

Hulle kry baie spesifieke opdragte om uit te voer. Hulle word baie spesifiek na Israeliete gestuur. Hulle moet die Samaritane en ander heidennasies vermy. Hulle boodskap aan almal moet wees: "Die koninkryk van die hemele is op hande!" Maar dit moet ook nie net by preek bly nie. Hulle boodskap moet gepaard gaan met die praktiese uitlewing daarvan soos om siekes gesond te maak, selfs melaatses te reinig en bose geeste uit te dryf!

Ek dink die manne was baie opgewonde om op hierdie manier prakties te gaan toepas wat hulle die afgelope ruk van Jesus geleer het. Alle studente raak mos maar opgewonde as hulle skielik die lesingsaal kan verruil vir 'n uitstappie in die veld om die dinge prakties te gaan ervaar, dis opwindend!

Maar vir die dissipels wag daar 'n verrassinkie: as hulle dalk gedink het dat dit maklik sou wees, maak hulle 'n baie groot fout! Jesus verbied hulle om enigiets met hulle saam te neem. Hulle mag géén geld, ekstra klere, skoene of selfs eers 'n reissak saamvat nie. En boonop mag hulle géén vergoeding aanvaar van enigiemand vir die werk wat hulle doen

nie. Klink dit dalk ‘n bietjie onregverdig? Hoe moet hulle dan oorleef?

Jesus wil egter iets baie belangrik vir hulle leer: totale afhanklikheid van God. In die Bergpreek het hulle alreeds gehoor dat jy gelukkig is as jy besef hoe afhanklik jy van God is. Dalk sal hulle dit onthou wanneer hulle iewers in die veld sonder kos of verblyf sit. Of dalk selfs met ‘n paar skoene wat op die pad die gees gegee het. Die ergste is dat wanneer dit gebeur, gaan hulle ook nie hoed in die hand iewers kan bedel om hulp nie. Hulle moet staatmaak op die gasvryheid van die mense wat hulle boodskap hoor. God sal die boodskap wél na iemand stuur, wat op sy beurt weer gehoorsaam sal wees aan God se stem en uit eie vrye wil, sonder dat iemand hom vra, vir die manne sal huisvesting en kos gee, en alles wat hulle nodig het.

‘n Mens stap dikwels in vrees en bewing in so ‘n situasie in. Ek kan my indink hoe die manne gevoel het. In my eie lewe kan ek daarvan getuig. Toe ons destyds ons huis verloor het, was ons desperaat vir blyplek. Daar was géén geld om ‘n huis of selfs eers iewers ‘n kamer te

huur nie, maar ons het niemand gevra vir akkommodasie nie. Uit die bloute kry ek ‘n oproep van Willem, hy en Linda het ‘n woonstelletjie wat leegstaan. Wil ons nie daar kom bly nie? Gratis! ‘n Jaar later vra Danie en Adele of ons nie asseblief hulle huis sal kom oppas terwyl hulle in Australië is nie, óók gratis! Sulke soort gasvryheid is net eenvoudig nie logies nie. Dit maak gladnie sin nie, en dit kan alleen toegeskryf word aan die voorsiening van God wanneer jy begin besef hoe afhanklik jy werklik van Hom is.

Ek is hierdie twee gesinne, asook baie ander gelowiges wat op verskeie maniere vir ons voorsien het, ewige dank verskuldig, en ek wil sê: “Dankie dat jy na die stem van God geluister het! Mag Hy jou ryklik seën!”

Jesus wou dit vir die twaalf uitgestuurdes baie duidelik stel hoe ernstig die boodskap was wat hulle moes uitdra. Vir diegene wat dit ontvang het, en veral diegene wat hulle gasvryheid aangebied het, het die ryke seën van God gewag. Die belofte van die ewige lewe en God se vrede was meer as waarvoor enigiemand kon vra. Wie hulle, en saam

daarmee natuurlik ook die boodskap egter verwerp het, het die ewige verdoemenis in die gesig gestaar. As teken daarvan moes die manne simbolies die stof van hulle voete afskud. Vandag is die boodskap presies dieselfde. Wie Jesus se verlossing aanvaar, kry meer as waarvan enigiemand óóit kan droom. Verwerp jy dit egter, is die ewige verdoemenis jou voorland!

Gebed:

Here, dankie dat U vir my die ewige lewe en U wonderlike vrede gegee het. Ek bid vanoggend vir so baie mense wat daagliks die boodskap hoor, maar dit steeds verwerp!

# 38.

# Vervolg Vir Jou Geloof

# Matteus 10:16-33

**VIDEO | OUDIO**

Dikwels is daar dinge in die Bybel geskryf wat vandag gladnie vir ons sin maak nie. Was dit dan nie 'n groot sonde vir Salomo om so baie vrouens te hê nie? Vandag is veelwywery 'n gruwel! Of is dit werklik? Baie van die groot leiers in Afrika het elkeen 'n streep vrouens, is dit verkeerd? Dis mos Bybels! En waarom moes die vrouens in Paulus se tyd dan almal hoofbedekkings dra? Is ons nie vandag verplig om dieselfde te doen nie?

Wanneer ons 'n gedeelte in die Bybel lees, dan moet jy altyd bewus wees van die omstandighede en agtergrond waarin daardie betrokke stuk geskryf is. Wanneer Matteus hierdie verhaal van Jesus skryf, dan skryf hy dit onder baie spesifieke omstandighede, baie jare nadat die verhaal alreeds plaasgevind het. Vandat Jesus saam met die dissipels rondgegaan en gepreek het, tot die tyd waarin Matteus die verhaal

publiseer, het daar baie dinge gebeur. Die Jode wat die Christelike geloof aangeneem het, is deur hulle eie mense verag en uitgeskel as verraaiers omdat hulle die Joodse geloof prysgegee het. In baie gevalle is hulle wreed vervolg. So byvoorbeeld het Paulus voor sy bekering rondgegaan en talle mense in die tronk laat stop. Hy was selfs betrokke by die moord op Stefanus! Ja, jy kan dit niks anders as moord beskryf nie! Christene het Paulus gevrees! Na sy bekering moes hy presies dieselfde paadjie loop, en per geleentheid is hy selfs gestenig nes Stefanus destyds en laat lê vir dood. Christene het baie swaar gekry, want hulle het hulle hele aansien in die samelewing verloor, en daarom in baie gevalle waarskynlik ook hulle inkomste.

Dit is met hierdie agtergrond in gedagte dat ons Matteus se evangelie moet lees. Wanneer hy hier Jesus se woorde aanhaal, lê hy spesifiek klem op die gedagtes wat sy gemeente sal vertroos in hulle omstandighede. Wanneer ons dus lees hoedat Jesus Sy dissipels uitstuur, dan is die groot temas wat aangeraak word nie net Martelaarskap nie, maar ook God se

bewaring wanneer dit gebeur. Matteus vertel nie net 'n verhaal nie, maar hy probeer terselfdertyd 'n sekere boodskap asook troos by sy lesers tuisbring.

In die tweeduisend jaar sedert Matteus hierdie verhaal opgeteken het, het omstandighede natuurlik verskeie kere al baie verander, maar selfs vandag nog sien ons dieselfde dinge gebeur waarvan hy skryf. Vandag dien sy boodskap steeds vir ons as troos in dikwels moeilike omstandighede. Dit is veral in die Moslem-oorheersde lande waar die Christen vandag bitter swaar kry en dikwels uitgelewer word ter wille van sy geloof.

Wanneer ons die gedeelte lees, wil dit amper lyk asof die Joodse Christene 'n klomp moeilikheidmakers was. Dit is egter gladnie die geval nie, en natúúrlik wil die Here nie hê dat jy jouself doelbewus 'n martelaar maak nie! Dit is net eenvoudig nie natuurlik om doelbewus lyding te begeer nie. Wanneer lyding egter onvermydelik is, dan moet jy met waardigheid optree, en juis daardie geleentheid gebruik om die evangelie eerlik en opreg te verkondig.

Dink byvoorbeeld aan Paulus en Silas in die tronk in Filippi. Hulle was eers stukkend geslaan en toe vasgeketting onder in ‘n stinkende, vuil kerker. As dit ek was sou ek sekerlik daar gesit en kerm het en bitter jammer vir myself gevoel het. Wat het hulle egter gedoen? Hulle het lofliedere gesing! Daarmee het hulle twee dinge reggekry: eerstens het dit hulle ‘n bietjie laat vergeet van hulle eie pyn. Maar baie belangriker nog was hulle daardeur ‘n getuienis, nie alleen vir hulle mede-gevangenes nie maar ook vir die owerhede, soveel só dat die tronkbewaarder en sy hele gesin daardie nag nog tot bekering gekom het en Jesus ontmoet het as Verlosser!

Nog ‘n mooi voorbeeld is toe Johannes en Petrus voor die Joodse Raad gedaag is, en die Raad hulle probeer intimideer het om nie verder die evangelie te verkondig nie. Hulle verweer was: "Dit is onmoontlik om nie te praat van die dinge wat ons gesien en gehoor het nie." (Hand. 4:20). Hierdie twee manne het nie ineengekrimp van vrees nie, maar hulle totaal aan die Heilige Gees oorgegee. Hy het hulle die woorde en die krag gegee! G'n wonder dat die raadslede so verbaas was oor

die twee nie, want hulle was maar eenvoudige, ongeleerde vissermanne!

Wanneer Matteus hierdie gesprek tussen Jesus en Sy dissipels weergee, is ons geneig om ons blind te staar teen die vervolgings en lyding en selfs doodsdreigemente. Maar eintlik gaan dit hier baie meer oor God se bewaring, bystand, liefde en onderskraging indien hierdie dinge op jou pad kom. Dit gaan ook verder daaroor dat, wanneer jy ter wille van jou geloof vervolg word, jy jou nie moet verset en met geweld die evangelieboodskap beklemtoon nie. Gee jouself eerder aan God se genade oor. Dra Jesus se dienende, oorredende liefde uit, selfs tot op die punt van lyding en martelaarskap.

Gebed:

Here, baie dankie vir die bevestiging ook weer vandag dat U in alle omstandighede ons sal dra, selfs ook wanneer ons vervolg word ter wille van die evangelie. Dankie vir U wonderlike troos!

# 39.

## Die Naald in die Hooimied

## Matteus 10:34-11:1

**VIDEO | OUDIO**

Om 'n naald in 'n hooimied te soek, beteken beteken dat 'n situasie totaal onmoontlik is en dat daar géén manier is om dit op te los nie. 'n Paar jaar gelede het iemand 'n TV program gemaak waar hulle getoets het of jy daardie spreekwoord werklik letterlik kon opneem. Hulle het aan twee spanne die opdrag gegee om al hulle kreatiwiteit te gebruik om elkeen vier naalde in 'n hooimied op te spoor. Die een span het besluit om die strooi in hulle hooimied bietjie-vir-bietjie te verbrand en deur die as te sif vir 'n naald. Die ander span het weer hulle strooi in 'n watertrog gegooi en met 'n magneet die naald probeer opspoor. Na baie ure se harde werk is ál die naalde toe wél opgespoor. Wat gelyk het na 'n totaal onmoontlike taak, was toe tóg moontlik. Terloops, die water-en-magneet-span het uiteindelik gewen! Die spreekwoord, om 'n naald in 'n hooimied te soek, sal voortaan dus vir my nie meer hééltemal dieselfde betekenis

hê nie!

Ons kry in vandag se gedeelte met so ‘n onmoontlike naald in die hooimied te doen, ‘n tweestrydigheid wat jou tussen die oë slaan! Ons het nog altyd geleer dat Jesus vrede bring. Hy is immers die Simbool en Bron van VREDE. En nou sê Jesus vir Sy leerlinge dat Hy NIE gekom het om vrede te bring nie, maar TWEEDRAG en selfs VYANDSKAP. Dit maak nie sin nie! Om dit erger te maak, praat Hy spesifiek van tweedrag tussen mense wat baie naby aan mekaar is, tussen ouers en kinders, man en vrou! Hoe dan nou? Net 'n paar sinnetjies terug leer Jesus hulle om hulle gashere vrede toe te wens, en nou kom sê Hy hierdie verskriklike ding. Hoe moet ons dit dan nou verstaan?

Deur die eeue heen is hierdie gedeelte dikwels verkeerd opgeneem, en het dit onder andere daartoe gelei dat monnike hulleself in kloosters opgesluit het om hierdie woorde letterlik te vertolk. Om, met ander woorde, Jesus voluit te volg moet jy letterlik 'n keuse téén jou gesin maak, want jy kan nie jou gesin én Jesus liefhê nie, só het hulle geglo. Later

het die sogenaamde bevrydingsteologie gevolg, waar daar 'n soort heilige oorlog gevoer word teen alle vorme van politieke verdrukking.

Wat dan van die gebod: Eer jou vader en jou moeder? Dan weerspreek jy mos die gebod? Hoe moet ons dit verstaan?

Ons moet allereers na die agtergrond en bedoeling van hierdie woorde kyk en dit verstaan voordat ons kan weet wat Jesus bedoel. In Miga 7:6 lees ons van 'n gesin-skeuring, wat tekens van die eindtyd sal wees. Matteus se gemeente het die begin van die eindtyd beleef. In die samelewing van daardie jare was gesinsbande (ook van die uitgebreide gesin) geweldig belangrik. Lees gerus die kosbare boekie: "Vensters wat die Woord laat Oopgaan" deur Joyce Malina, wat 'n wonderlike agtergrond gee op die leefwyse van die mense van daardie tyd. Wanneer dit dan gebeur het dat sekere lede van so 'n gesin Jesus as Verlosser aanvaar het, was hulle net eenvoudig uit die gesin geskop. Dit was 'n reuse ramp vir so 'n gesin.

Vandag is dit steeds so tot 'n sekere mate.

Wanneer slegs 'n gedeelte van 'n gesin Jesus as Verlosser het, is daar verdeeldheid in die gesin. Waardes verskil, en daar is gedurigdeur stryd en onmin. Dit is veral wanneer 'n Moslem vir Jesus ontmoet, waar hierdie verdeeldheid soveel erger raak. So 'n persoon word nie alleen totaal afgesny van alle familiebande nie, maar ook van sy vriendekring. Hy word beskou as 'n verraaier en 'n ketter, en dikwels word hy voëlvry verklaar - dat enigeen wat hom teëkom, die volle reg het om hom dood te maak. Sulke persone word dan ook dikwels tereggestel in sommige dele van die wêreld.

Natuurlik soek ek as kind van God nie hierdie verdeeldheid nie, maar daar is keuses om te maak. Die verkeerde keuse het 'n verskriklike einde...

In die laaste paar verse voordat Jesus Sy leerlinge uitstuur, troos Hy hulle, deur eerstens die absolute verbondenheid van Sy dissipels aan Hom te beklemtoon. Staan jy in Jesus se diens dan is jy onlosmaaklik aan Hom verbind, en alles wat mense aan jou doen, doen hulle indirek ook aan Hom. Maar dit is nie al nie: daar is ook 'n groot beloning wat wag.

Om op te som: Ons taak as gelowiges, om die evangelie uit te dra, het baie groot waarde - dit maak immers die verskil tussen lewe en dood - en absoluut niks mag ons daarvan weerhou om die taak uit te voer nie. Tweedens moet ons besef dat mag en geweld nie die evangelie versprei nie maar dienende, oorredende liefde alleen, selfs tot op die punt van lyding en martelaarskap.

Gebed:

Here, ek wil U wonderlike evangelie die wêreld instuur - maak nie saak wat die koste is nie!

# 40.

# Kritiek

# Matteus 11:2-19

**VIDEO | OUDIO**

Twee predikante het eenmaal in ‘n sekere gemeente opgetree. Die eerste het swael en vuur gepreek, en in geen onduidelike taal vir die gemeente vertel dat hulle sondes hulle gaan inhaal. As hulle nie tot bekering kom nie is die hel hulle voorland. Hy het hulle sondes by die naam genoem: skinder, huigelary, onmin, owerspel……. Die gemeente is brom-brom huistoe oor hierdie arrogante predikant wat vir hulle wil kom preek, so asof hulle dan nou so danig sondig is!

Die volgende Sondag staan daar ‘n ander predikant op die kansel. Sy preek handel oor genade en liefde. Hy vertel vir hulle hoe lief God hulle het, en wat Jesus alles moes deurmaak om te betaal vir hulle, hierdie gemeente se sondes. Weereens is die gemeente daardie Sondag brom-brom huistoe oor hierdie soetsappige preek. Hierdie man se preek het g’n vleis om die lyf gehad

nie! Hulle is immers intelligente mense wat ‘n preek met redenasies en stellings wil hoor. Hierdie preek was vir dommies!

Ai tog! ’n Dame vertel eendag vir my dat sy getel het hoeveel keer die predikant daardie oggend ‘n sekere woord herhaal het. Waaroor het die boodskap die oggend gegaan? Nee, dit kon sy nou nie juis onthou nie! Sy het beslis nie die boodskap van daardie oggend se preek gekry nie! Vir die dominees en pastore wat vanoggend hierdie oordenking lees, wil ek net sê: jy is in baie goeie geselskap! Jesus het presies dieselfde probleem gehad. Selfs Johannes die Doper het nie Jesus se boodskap mooi gekry nie, want hy het begin twyfel. En dan merk Jesus terloops op dat daar “onder die mense op die aarde niemand gebore is wat groter is as hy nie!” Johannes het gepreek dat die Messias sou kom om mense te oordeel, en die berigte wat hy daar in die tronk hoor het absoluut niks met oordeel te make nie. Hy was so vas oortuig daarvan dat Jesus die Messias is, maar nou preek Jesus net oor liefde en Hy maak mense gesond. Wat het dan van die oordeel geword? Moontlik is dit die soort gedagtes

waarmee Johannes geworstel het.

As jy dalk dink dat Johannes probleme gehad het, dan moet jy net hoor wat die ander mense se probleme was: In die eerste plek wou die meeste mense gladnie vir Johannes aanvaar nie. Sy asketiese lewenswyse wat hy ingeslaan het het baie mense gladnie aangestaan nie. Hy was die tipiese swael-en-vuur predikant wat gepreek het dat as jy jou nie bekeer nie, jy in die ewige verdoemenis sou ingaan en brand in die ewige vuur van die hel. Hy het van sprinkane en wilde heuning geleef, iets waarvoor die meeste mense hulle dood wil gril! En sy mode-smaak het veel te wense oorgelaat, rowwe klere van kameelhaar!

Dan het Johannes gesê nét wat hy wou! Hy was nie bang om enigiets vir enigiemand te sê nie. Selfs die koning en sy onsedelike vrou het onder sy skerp tong deurgeloop. Daardie einste skerp tong het uiteindelik daarvoor gesorg dat Johannes se bebloede kop op ’n skinkbord by die koning se partytjie ingedra is. Ek is oortuig daarvan dat Johannes die wet nagekom het tot in die kleinste besonderheid.

Hy sou waarskynlik ook nooit ‘n druppel wyn drink nie. Die mense het gesê hy is koekoes!

Toe verskyn Jesus op die toneel, en Hy preek liefde en genade. Hy meng met almal, selfs onrein heidene, gehate Samaritane, prostitute, melaatses, tollenaars en sondaars. Hy verbreek alle taboes, en gaan eet saam met ‘n klomp tollenaars en sondaars. Hy verontagsaam die Fariseërs se streng Sabbatswette. Jesus word uitgekryt as ‘n “vraat en wynsuiper”, want hulle het verwag dat Hy soos Johannes ook ’n asketiese leefwyse moes hê.

Sou Jesus aanvaarbaar gewees het as Hy soos Johannes was? Stellig nie, want hulle het dan vir Johannes verwerp! Die punt is: Hoewel beide Johannes en Jesus van God kom, kon nie een van die twee vir Israel tot inkeer beweeg nie. Dit is nie net Israel se wispelturigheid wat hier tot uiting kom nie, maar ook hulle hardkoppigheid. God het op totaal uiteenlopende maniere gewerk, maar niks is vir hulle goed genoeg nie. G’n wonder dat Jesus later die oordeel uitspreek oor Israel se onboetvaardige stede nie!

Ja, ons skud vandag ons koppe oor die Jode se hardkoppigheid. Maar moenie te gou oordeeel nie, want wat hier beskryf word is eintlik die geskiedenis van die mensdom: God oorlaai ons met bewyse van Sy genade en liefde en guns, en ons is met niks hiervan tevrede nie. Ons probeer foutvind met elke ding wat vir ons voorgehou word en die boodskap van elke prediker word gekritiseer of in twyfel getrek. Predikers wat deur die Heilige Gees sê wat die Here hulle op die hart geplaas het.

Kom ons bid dat Hy wat genadig is, die mensdom (ook ek en jy) se oë sal oopmaak sodat ons Sy genade en liefde sal raaksien. Dat ons die ware Jesus sal raaksien, en ons ore sal oopmaak dat ons sal kan hoor wat Hy vir ons sê en ons harte ontvanklik sal maak vir Sy Woord en sag sal maak sodat ons waarlik Sy liefde en genade sal kan beleef en uitleef volgens Sy wil.

Gebed:

Here Jesus, ek aanbid U vanoggend vir Wie U werklik is. U is God en die Skepper van die Heelal en die Koning van alle konings, maar

bo alles is U my Verlosser en Vriend!

# 41.

# Oordeel en Verlossing

# Matteus 11:20-30

VIDEO | **OUDIO**

Ons ken almal die riller-verhaal van Sodom en Gomorra, en van die verskriklike dinge wat daar gebeur het. Die verhaal van Lot en sy gesin wat deur engele gered is uit Sodom net voor die oordeel van swael en vuur die stad getref het, is 'n klassieke een wat in elke kind se geheue vasgebrand is. As ons so tussen die lyne deur lees, kry ons 'n prentjie van daardie stede van verskrikking en walging. Wetenskaplikes het allerhande teorieë oor wat daar gebeur het. Was dit dalk 'n vulkaniese uitbarsting? Meeste slim mense reken dat daar iets anders gebeur het. Een teorie is dat 'n massiewe reën van meteoriete die aarde getref het. Hulle beweer dat 'n "bondel" meteoriete die  atmosfeer binnegedring het en die gebied rondom Sodom en Gomorra getref het. Witwarm vuurballe het die stede getref en alles en almal is binne minute tot as verbrand. Lot en sy gesin is betyds gered deur die engel, maar omdat sy vrou getalm het, is

sy ook verswelg deur die oordeel uit die hemel.

Oor die dorpe Tirus en Sidon, wat net soos Sodom ook nie-Joodse stede was, lees ons in Eseg. 28 hoe hulle veroordeel word. Ook dáár het gruwelike dinge aangegaan, en dit was veral die hoogmoed van die inwoners wat ‘n groot sonde was. Die heerser in Tirus het homself verhef tot goddelike status!

Ons het reeds gelees hoedat Jesus deur die hele Galilese streek gegaan en gepreek het en siekes gesond gemaak het en wonderwerke gedoen het. Mense het in reuse skares agter Hom aangeloop en in ongeloof toegekyk wat Hy doen. Dit is veral in die dorpe Gorasin, Betsaida en Kapernaum waar Jesus met soveel passie opgetree het. Hy het selfs ‘n tydlank in Kapernaum gewoon. Dit het egter net by verwondering gebly vir meeste van die inwoners van hierdie stede, en hulle het nooit die stap geneem om waarlik Jesus se volgelinge te word nie.

As ons teruggaan in die geskiedenis, sien ons hoe Jona ‘n eenvoudige tou-in-die-bek prekie gelewer het in die sondige stad Nineve, en

hoe die mense daarna tot bekering gekom het. Tirus, Sidon en Sodom het nie profete gehad om vir hulle te preek nie, dus was hulle sonde amper uit onkunde. Wanneer dit egter by die Galilese stede kom, is dit absoluut onverskoonbaar want elkeen in daardie stede het die Woord van God eerstehands gehoor en intensief beleef. En steeds het hulle hulle nie daaraan gesteur nie. Eintlik is hierdie drie dorpe wat Jesus uitsonder ‘n simbool van die hele Israel wat Jesus as Messias verwerp het. Tot vandag, tweeduisend jaar later, het Israel steeds nie vir Jesus aanvaar nie!

Ons leef vandag in ‘n tyd waar die Evangelieboodskap binne feitlik elke mens op aarde se bereik is. Elke Sondag word mense opgeroep om kerk toe te gaan. Sommige gehoorsaam die oproep, sommige omdat dit vir hulle ‘n passie is, maar ander omdat hulle deur omstandighede gedwing word. Sommige kerkgangers het die verlossing van Jesus aanvaar. Ander weer hoor Sondag na Sondag die boodskap van verlossing, maar kom nooit sover om die stap te neem nie.

Jesus se boodskap vir ons vandag is dat die

oordeel van God verskriklik gaan wees oor mense wat die Woord hoor en dag vir dag God se goedheid beleef en nie Jesus se verlossing aanvaar nie. Dit geld selfs vir 'n meelewende kerklidmaat! Vir die mense van Sodom en Gomorra en hulle walglike sondes sal dit makliker wees in die oordeelsdag!

Jesus het inderdaad gekom om te oordeel, maar Hy het óók (veral!) gekom om te red. Sy boodskap van redding is eenvoudig: al wat jy moet doen is om Sy geskenk van verlossing te aanvaar. Ongelukkig is dit vir baie mense heeltemal te eenvoudig! Hulle wou nog baie rituele uitgevoer het en dinge gedoen het. Baie mense kan die boodskap nie begryp nie, juis omdat dit so eenvoudig is. Hulle soek na ingewikkelde redenasies. Baie mense sien verlossing as harde werk of self-pyniging en verskriklike opofferings. Jesus sê dat dit nie nodig is nie, want Hy het juis gekom om rus te gee. Jy wil dalk 'n swaar las dra om Jesus te volg, maar Hy sê dat die las wat Hy jou gee om te dra baie lig en sag is.

Hy nooi dan vandag elkeen uit wat hierdie oordenking lees om na Hom te kom. Dalk is jy

een van die mense wat onder die verskriklike oordeel staan waarvan hier bo gepraat word. Dalk is jy moeg gesoek na antwoorde. Dalk is jy oorlaai van laste om jou saligheid te probeer verdien. Vir jou nooi Jesus vanoggend uit met die woorde: "**Kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en ek sal julle rus gee.**" (Mat. 11:28). Jesus wil jou nie veroordeel nie, want Hy is sagmoedig en nederig. (Mat. 11:29)

Talle mense het al vir my geskryf en gevra hoe hulle by Jesus kan uitkom. Dikwels is dit mense wat baie hard probeer het op allerhande maniere om die saligheid te verdien. Die antwoord is so eenvoudig dat sommige dit verwerp het, maar die engele in die hemel jubel vandag oor elkeen wat daardie antwoord aanvaar het. As jy wil weet hoe om daardie stap te neem, skryf gerus aan my by louis@dagstukkie.co.za of stuur 'n WhatsApp na 0827714925.

Gebed:

Here, my hart gaan uit vir soveel mense wat dag-vir-dag leef onder die geklank van U Woord, maar nog nooit waarlik die Jesus van

die Woord ontmoet het nie!

## 42.

## Wette en Tradisies

## Matteus 12:1-14

VIDEO | **OUDIO**

Ds. Daantjie kry toe mos ‘n beroep na ‘n dorpie iewers op die Natalse platteland. Sommige van sy kollegas waarsku hom dadelik dat dit maar ‘n moeilike gemeente is, maar hy het vrede in sy hart. En so land hy toe op die pragtige dorpie, Greytown. Dit was ‘n groot fees toe die inwoners hom daar verwelkom, maar hy sien sommer dadelik dat iets nie pluis is nie. Die manne in swart lyk vir hom beswaard, maar niemand durf iets sê nie. Ds. Daantjie is nou nie ’n man wat ’n moordkuil van sy hart maak nie, en weldra roep hy die leierouderling nader. “Wat is fout? Ek voel aan dat hier iets krap!”

“Broer”, sug die ouderling, “waar is jou manelpak dan?” Ds. Daantjie is skoon uit die veld geslaan. Hy het nog nooit in sy lewe ‘n manelpak besit nie! “Dit is tradisie dat die kerkraad, en veral die predikant hier ‘n manel dra,” lig die man met die lang, somber gesig

hom in. Ds. Daantjie wil nog protesteer, maar die ouderling sê "Dominee, op daardie preekstoel sal jy nie klim as jy nie 'n manel aanhet nie!" En daarmee is die saak afgehandel.

Nou ja, geldjies was maar bitter skraps, en om nou sulke duur klere te moet loop koop……. maar gelukkig kom 'n weduwee tot sy redding. Haar oorl'e man se manel, wat hy die afgelope vyftig jaar of wat gedra het, hang daar nutteloos in die kas. Hy is nou wel al skoon groen deurgeskif op plekke, maar 'n manel is mos maar 'n manel! En so het hy vir die volgende paar jaar Sondag-vir-Sondag in sy afgeleefde manelpak gepreek. Korrelkop wat hy was, het hy geweier om 'n nuwe een te koop. Maar die gemeente was tevrede, want die tradisie het behoue gebly!

'n Verspotte situasie, sou jy dalk sê.

Jesus en Sy dissipels is op pad. Dis was 'n harde dag en die manne is honger. Die pad wat hulle loop, neem hulle deur 'n koringland. Die sappige, vetgeswelde groen koringare lê hier as't ware op 'n skinkbord voor hulle, en dit maak hulle nou nog net meer honger.

Ingedagte loop hulle hier en daar are en pluk, en kou so in die loop. Daar is absoluut niks daarmee verkeerd nie, buiten vir een baie groot probleem, die feit dat dit op 'n Sabbat is. Die valkoë van die Fariseërs mis nie hierdie verskriklike, ongeoorloofde daad nie. Daar staan tog immers baie duidelik in hulle handleiding: "**64 Ongeoorloofde dinge op die Sabbat**" dat jy géén graan mag pluk op die Sabbat nie. Om koringare te pluk is niks anders nie as om te oes. En om te oes is mos werk! Die Skrif sê baie duidelik dat jy op die Sabbat nie mag werk nie. Jesus word geroskam oor Hy nie toesien dat Sy leerlinge die wet onderhou nie.

'n Rukkie later kom Jesus en Sy leerlinge in 'n sinagoge aan. 'n Man met 'n gebreklike hand word na Hom gebring. Dit is duidelik 'n lokval om te sien of Hy die verskriklike ongeoorloofde ding sou doen om die man op die Sabbat gesond te maak. Die Fariseërs is uit op 'n missie om Jesus te probeer vastrek.

Ek dink Jesus moes seker al baie moedeloos gewees het met hierdie klomp. Kyk, hulle was doodgoeie mense, en hulle het baie goed bedoel, want met hulle wette en tradisies wou

hulle God dien. Maar hulle het toet-en-taal die punt gemis oor waaroor diens aan God nou eintlik gaan. Vir hulle het alles gedraai om wette en tradisies - Jesus verduidelik vir hulle wat dit eintlik beteken om God te dien. Dit moet gaan oor barmhartigheid en liefde! Nee, Hy skiet nie die wet af nie, maar die wet is daar vir 'n baie spesifieke doel. As jy die doel mis, beteken die wet eintlik absoluut niks! Vir die Fariseërs het dit bloot gegaan om die onderhouding van die wet tot in sy kleinste besonderhede, maar hulle het nooit probeer uitvind waarom die wet daar is nie.

Die wet is 'n riglyn oor hoe om God lief te hê asook hoe om jou medemens lief te hê. Die Sabbatswet was deur God aan die mens gegee as 'n rusdag, maar dan spesifiek waar jy jou tyd aan God afstaan. Maar wat dan nou van die Sondag?

Stefan Joubert skryf in 'n dokument oor die Sabbat en Sondag onder meer: "Op Sondae het gelowiges volgens Justinus uit die profete en die apostels saamgelees, 'n kort preek aangehoor, saam gebid en dan saam die nagmaal gevier. Hierdie byeenkomste het

gewoonlik voor sonop en/of na sononder plaasgevind aangesien die vroeë gelowiges steeds op Sondae moes werk. Eers vanaf die vierde eeu, nadat die Christendom die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk geword het, het die Sondag 'n amptelike rusdag geword. Dit is ook vanaf die vierde eeu dat die Sondag algaande binne vele kerklike kringe die karakter van 'n sabbat begin aangeneem het." Lees gerus die skrywe: Nuwe-Testamentiese perspektiewe op die Sabbat en die Sondag by: bit.ly/dsJoubert

In Jesus se uitspraak gaan dit nie net oor die Sabbat nie, maar eerder oor verstikkende wette en tradisies wat 'n mens verhinder om jou liefde uit te leef. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die verpleegster wat 'n paar jaar gelede geweier het om 'n aborsie uit te voer. Die wet het vereis dat sy dit moet doen, maar dit het nie gestrook met die uitleef van Jesus se liefde nie. Sy is wel vervolg deur die owerhede en sy is haar werk kwyt, maar sy het 'n reuse oorwinning behaal vir die uitleef van dít wat Jesus gepreek het.

Gebed:

Here, leer my asseblief weer die ware betekenis van U wet!

# 43.

# Die Rokende Lamppit

# Matteus 12:15-21

**VIDEO | OUDIO**

'n Helder lig vul die vertrek, en in groot verwondering beleef ek hierdie oorvloed van lig. Die enigste probleem is dat die ding raas! Dit sis en blaas sodat jy mekaar skaars kan hoor praat. Die Coleman lamp is net vir spesiale geleenthede gebruik, en dan is dit 'n hele ritueel om hom aan die brand te kry. Met sy tenk vol paraffien word hy opgepomp totdat sy pompie "tssst, tssst" maak. Dan gooi Pa versigtig met 'n kromnek kannetjie brandspiritus in 'n gleufie rondom die sakkie. Dit word brandgemaak met 'n vuurhoutjie sodat die lamp se derms eers behoorlik warm kan raak. En net voordat die blou vlammetjie koebaai sê, draai Pa die kraantjie oop. En siedaar! 'n Verblindende helder lig wat elke hoekie en gaatjie van die vertrek vul!

Ons het ook die baie grênd, maar hoogs temperamentele Aladden lampe op die plaas gehad. Die vlammetjie het 'n delikate

asbessakkie witwarm verhit en dit het ‘n goeie, helder lig gegee, maar as die vlammetjie net so ‘n aksie te hoog brand, dan brand die sakkie pikswart. Dan is dit omtrént ‘n gepamperlang om die swart roet bitter stadig, stukkie-vir-stukkie af te brand om énigsins weer lig uit hom te kry.

Maar dan was daar natuurlik die doodgewone ou paraffienlampe wat in elke vertrek gestaan het. Nie veel van ‘n lig nie maar hy het gewerk. Hy was maar altyd daar, en as jy hom aansteek gee hy sy liggie. Partymaal is die ou liggie maar flou, en die meeste van die tyd rook die pit sodat daar naderhand ‘n groot swart kol teen die plafon begin vorm waar die lamp gewoonlik op jou bedkassie staan. Jy moet maar kort-kort knip en skaaf en verstel aan die pit om darem ‘n skaflike lig uit hom te kry. Soms is hierdie lamp soos ‘n steeks donkie en wát jy ookal probeer, hy wil net eenvoudig nie behoorlik brand nie! Sulke tye stuur hy ‘n verstikkende swart rookstreep die lug in. Ja, dit is in sulke tye wat daardie lamp ‘n pyn is en jy voel dat jy sy pit wil uitpluk en die lamp by die venster wil uitgooi! Maar solank daardie lamp paraffien

inhet en ‘n pit, gee hy darem gewoonlik sy lig.

Dit is juis oor hierdie soort van lamp wat Jesus hier praat. Dit is die soort wat maar net aanhou en aanhou probeer, en nie altyd so verskriklik suksesvol is nie. Ek dink dikwels ek is een van daardie lampe. Hoé hard ek ookal probeer om mooi en reg en sonder sonde te leef, bly ek maar gedurigdeur iewers in die modder trap. En die meeste van die tyd rook my ou pitjie dat die biesies bewe!

En so gepraat van biesies: Jesus sê in dieselfde asem ook dat Hy nie ‘n geknakte riet sal afbreek nie. ‘n Frustrerende ding, riete in jou visdammetjie. Ek het vir jare ‘n bos riete in my dammetjie gehad. Lyk pragtig wanneer hulle mooi en gesond is en pronk met hulle wollerige bruin pluime. Maar as die kuswind die dag waai, dan is hulle die eerste wat getref word en dan knak hulle. Lê dan sommer so skeef dwarsoor die visdammetjie. En dan klim ek met die snoeiskêr in om met die deurmekaar gemors af te reken. Alles wat skeef is word summier uitgesnoei en op die ashoop gegooi.

Inderdaad is ek ook maar ’n riet wat soms

baie mooi regop staan en met my mooiste glimlag probeer om die Here te dien na die beste van my vermoë. Maar o wee! As daardie sterk winde van beproewing kom, dan knak ek ook maar bitter gou. My moed breek, en ek sukkel met my geloof en my vertroue. Is dit nie maar so met meeste gelowiges nie? Ja, daar is seker die "Coleman's" wat hulle helder lig uitstraal, selfs wanneer die stormwinde op hulle sterkste is. Maar hulle is maar yl gesaai. Ek is beslis nie een van hulle nie!

Die goeie nuus is dat Jesus ons vandag verseker dat Hy nie die rokende lamppitte sal uitdoof nie (Mat 12:20). Hy weet waardeur ek en jy gaan, en Hy besef dat ons nie volmaak is nie. Die ingewortelde sonde in ons maak dat ons beste pogings nie eers naastenby goed genoeg is nie. Hy sal ook nie twis en skree nie (v. 19). Hy het empatie met ons, al is ons dikwels swak en rokerig. Boonop sal Hy ook nie die geknakte riete onder ons afbreek nie. Al wankel en knak ons so dikwels wanneer die stormwinde waai, sal Hy nie doen wat jy sou verwag nie. Hy vergewe en vergewe en vergewe oor en oor!

In hierdie gedeelte is daar ‘n baie groot troos vir jou en my opgesluit: dit is nie die sondelose mense wat Jesus gekom het om te red nie, maar juis die sondaars. Hy het immers vir die Fariseërs en hoogsgeleerde, hoogheilige Skrifgeleerdes gesê dat hy nie gekom het om die gesondes gesond te maak nie, maar juis die siekes! Wanneer Jesaja skryf dat die Messias die riet wat geknak is nie sal breek en die lamppit wat rook nie sal uitdoof nie, dan verwys hy na my en jou onvolmaakte lewens. (Jes. 42:1-4) Ons hoef nie eers perfek te wees voordat Hy ons aanvaar nie, maar Hy aanvaar ons net soos ons is, met al ons sondes en gebreke. Onthou die moordenaar aan die kruis langs Jesus. Hy het daardie sondige man belowe dat hy daardie dag nog saam met Hom in die paradys sou wees!

Dit beteken egter nie dat ons nou maar rustig kan terugsit en ons verlustig in die sonde nie. Allermins! Dit beteken dat ek júis my dankbaarheid soveel meer sal probeer uitleef en op hierdie manier vir die Here dankie sê vir die groot genade wat Hy aan my bewys het.

Gebed:

Here, dankie vir U groot liefde en genade en geduld met my. Ek bely dat my lamppit dikwels baie rook - dankie dat U my elke keer in liefde daar uithelp!

# 44.

## Die Doodsonde

## Matteus 12:22-37

**VIDEO | OUDIO**

Die onvergeeflike sonde, die sonde teen die Heilige Gees het elke Christen-gelowige al seker die een of ander tyd koue rillings langs sy ruggraat af gegee. Het ek nie dalk die een of ander tyd daardie sonde gepleeg nie? Dalk het ek onwetend die doodsonde gepleeg, en nou dink ek dat ek op pad hemel toe is, maar inderdaad is die hel my voorland! Sulke rillergedagtes het al deur menige gelowige se kop gemaal.

Maar kom ons begin voor: In hierdie perikoop word gepraat van drie houdings teenoor Jesus: 'n halfhartige houding vír Hom, 'n heelhartige houding téén Hom en 'n heelhartige houding vír Hom.

Wanneer die mense 'n blinde, stom man na Jesus bring is dit iemand met 'n baie ernstige gebrek. G'n wonder hulle het hom beskou as onder die mag van 'n bose gees nie. Dit was terloops, 'n algemene beskouing van daardie

tyd wanneer iemand ‘n groot gebrek gehad het. Wanneer Jesus die man gesond maak is daar twee reaksies: sommige mense wonder of Hy nie dalk die Seun van Dawid is nie. Met ander woorde, daar is iets van ‘n erkenning dat Hy die Messias is.

Lynreg teenoor hulle halfhartige “**Ja????**” is daar die heelhartige “**NEE!!!!**” van die Fariseërs. So sterk is hulle “nee” dat hulle Jesus daarvan beskuldig dat Hy duiwelse magte gebruik om bose geeste uit te dryf. Wat ’n verskriklike aanmerking om te maak! En terselfdertyd so verskriklik belaglik absurd!

Jesus antwoord hulle in twee dele: ‘n logiese deel en een wat geloof vra. Logies verduidelik Hy dat die duiwel mos nie teen sy eie demone sal draai nie, want dan ondermyn hy homself. En terloops, die Fariseërs se eie leerlinge dryf ook bose geeste uit - dan veroordeel hulle mos hulleself. Sy tweede antwoord vra iets meer: In geloof moet jy kan sien dat hierdie genesing deur die Gees van God geskied, en dat die Koninkryk naby gekom het. Jesus is die Een wat sterker is as die duiwel - Hy het die sterk man (Satan) vasgebind. Dit help nie dat

jy net halfhartig instem dat Hy dalk die Messias is nie - jy moet heelhartig 'n keuse **VIR** Jesus maak en Hom met oorgawe **vólg** voordat jy werklik kan sê dat jy aan Sy kant is. Jesus vra jou totale, volle lojaliteit!

Dit bring ons dan by Jesus se uitspraak oor daardie omstrede en goed-gedebateerde onderwerp: die sonde teen die Heilige Gees. Dit gaan hier oor teenstanders van Jesus wat lasterlike dinge aan Hom toeskryf, soos byvoorbeeld dat Hy met die gees van die bose vervul is, en nie met die Gees van God nie.

Ek het in 'n vorige dagstukkie gesê dat die Fariseërs eintlik 'n doodgoeie klomp is - goeie kerkmense wat die wet tot in sy kleinste besonderhede onderhou. Maar onder daardie dekmantel van vroomheid skuil 'n vrot, inherente boosheid. Hulle weier om enigiets goed in Jesus te sien, en selfs wanneer Hy ooglopend 'n Goddelike genesing doen, dan maak hulle dit af as duiwelswerk. Wanneer Jesus hierdie uitspraak maak oor die onvergeeflike sonde, dan gaan dit nie oor iemand wat uit onkunde vir God verwerp nie,

of ‘n gelowige wat ‘n verskriklike sonde begaan nie, maar oor teenstanders van die evangelie van Christus wat doelbewus, teen hulle beterwete in, uit die boosheid van hulle hart weier om God se reddingsdade te erken en dit dan aan die duiwel toe te skryf.

Wat sê dit vir jou en my vandag?

Eerstens dat jy as gelowige wat Jesus heelhartig dien, jou nie mag kwel met die gedagte dat jy dalk in die verlede die onvergeeflike sonde gedoen het nie. Jy het dan immers God se verlossing en vergifnis alreeds ervaar! God gaan nie terug op Sy Woord nie - As Hy vergewe het, dan is Sy vergifnis volkome! Ek glo vas dat géén mens wat hierdie verskriklike sonde gepleeg het ooit die geringste hunkering sal hê om God te aanbid nie - om ‘n verhouding met Jesus, die enigste Verlosser te hê nie. Dus kan elke gelowige maar rustig wees hieroor.

Maar in die tweede plek durf ons ook nie hierdie uitspraak as ‘n wapen gebruik om mense te verdoem wat Jesus openlik verwerp nie. God se oordeel oor iemand wat hierdie verskriklike sonde begaan is skrikwekkend,

maar dit kanselleer nie God se onpeilbare liefde en genade en geduld met mense uit nie. En dit gee ook aan niemand die reg om namens God te wil besluit wie vir ewig verlore is en wie die ewige lewe gaan ontvang nie. Menige mens wat deur gelowiges as totaal verlore afgeskryf is, het Jesus gevind. Selfs uitgesproke sataniste, wat seker die ergste vorm van teenstand teen God is, het al Jesus se verlossing ervaar. Die moordenaar wat langs Jesus aan die kruis gehang het is vir ons 'n blywende herinnering aan God se groot genade.

God is Liefde en genade! Hy wil nie dat 'n enkele sondaar verlore gaan nie. Maar dit vra iets van daardie sondaar - hy moet met 'n heelhartige "**Ja!**" vir God kies, en daardie geskenk van die ewige lewe wat God aanbied aanvaar.

Gebed:

Here, dankie dat U my uitgekies het, en dat U aan my die ewige lewe gegee het. Dankie dat U al my verskriklike sondes uit my verlede totaal vergewe het en my nuut gemaak het!

# 45.

# Die Gans en die Slingervel

# Matteus 12:38-42

**VIDEO | OUDIO**

Ek hoor eendag die storie van klein Jannie en sy sussie Sannie wat vir Oupa en Ouma op die plaas gaan kuier het. Oupa het vir Jannie 'n slingervel gemaak en toe stuur hy hom veld toe om te gaan oefen om hierdie nuwe "gevaarlike" wapen te hanteer, maar terselfdertyd ook sodat Oupa 'n bietjie kon rus.

Jannie was opgewonde en in sy verbeelding kon hy al sien hoedat hy 'n "Goliat" daarmee sou doodgooi! Maar tot sy groot frustrasie het hy baie gou agtergekom dat hierdie ding baie moeiliker was om te gebruik as wat hy gedink het. Hoe hard hy ookal probeer het, die klippe het gewoer-woer in nét watter rigting hulle wou! Hoe Dawid dit ooit kon regkry om vir Goliat met hierdie ding raak te gooi, was 'n gróót wonderwerk!

Na 'n uur se gesukkel het hy moedeloos teruggestap huistoe. Op die werf het Ouma se

liefling gans wat sy so vertroetel het, vir hom geblaas. "Stjoepit gans!" het Jannie die ongedierte toegesnou, en woer-woer sy slingervel in die gans se rigting geswaai. En toe gaan staan Jannie se hart amper want die klip het die gans netjies tussen die oë getref, nes Dawid vir Goliat, morsdood!

Jannie het hom natuurlik boeglam geskrik! Hy het nooit in sy wildste drome gedink dat hy die gans sou raakgooi nie! Ouma sou hom beslis lewendig afslag! Paniekbevange het Jannie vinnig die dooie gans onder 'n hopie hout begrawe sodat niemand hom sou kry nie. Maar toe hy opkyk, sien hy sy snipperige sussie Sannie daar vir hom staan en kyk. Sannie het nie 'n dooie woord gesê nie, maar hy kon sommer sien dat daar groot moeilikheid op pad was!

Daardie middag na middagete wou Ouma weet wie haar wou kom help met die skottelgoed. Jannie het amper van sy stoel afgeval toe Sannie ewe vermakerig sê: "Ouma, Jannie het gesê dat hy graag in die kombuis wil help." En toe fluister sy saggies in Jannie se oor: "**Onthou die gans!**" Ewe

gedwee het Jannie die skottelgoed gewas.

Laatmiddag wou Oupa die twee kinders vat om te gaan visvang in die plaasdam. Ouma was egter nie gelukkig nie, want sy wou hê dat Sannie haar help met aandete. "Moenie wôrrie nie Ouma, Jannie het gesê dat hy wil help. Ek sal saam met Oupa gaan," kom dit van Sannie terwyl sy vir Jannie daardie onthou-die-gans-kyk gegee het.

En so het hierdie afpersing vir 'n paar dae aangehou, en die arme Jannie moes hom vrek werk terwyl Sannie haar verlustig het in die situasie. Uiteindelik kon Jannie dit nie meer verdra nie, en in trane het hy by Ouma gaan bieg oor die gans. Ouma het hom 'n drukkie gegee: "Liefling, ek weet van die gans - ek het by die kombuisvenster gestaan toe dit gebeur het, en ek het alles gesien. Maar ek het jou lief, en ek het jou lankal vergewe. Ek was net nuuskierig om te sien hoe lank jy sou toelaat dat Sannie jou as 'n slaaf aanhou!"

Daar is 'n "Jannie" in elkeen van ons, en ons het almal maar 'n paar geraamtes in die kas! Die duiwel wil dit uitbuit en hy probeer jou herinner aan daardie ou sondes. God het

egter elke sonde reeds gesien en Hy weet van absoluut elkeen! Daar is niks wat jy vir Hom kan wegsteek nie. Maar as jy Sy kind is, het Hy jou ook al lánkal daarvoor vergewe, maar Hy wag dat jy daardie sondes voor Sy voete kom neerlê sodat Hy jou kan vrymaak van die duiwel se slawesweep wat jou so genadeloos piets!

Maar om daarvoor te kwalifiseer, moet jy deel van God se familie wees. Daar moet met ander woorde 'n geloofsverhouding wees tussen jou en Jesus. Wat dan as dit nie so is nie? Vergewe God ooit die sondes van mense wat nie in Jesus glo nie?

In Mat. 12:38-42 vertel Matteus van hoe die Fariseërs vir Jesus gevra het vir 'n wonderteken, so asof hulle nie al oorgenoeg gesien het nie. Die wonderteken wat Jesus hulle aanbied is 'n riller, want as ongelowiges sal daar baie "Sannies" wees wat eendag teen hulle sal getuig, en hierdie slag sal hulle nie meer kan bieg en vergifnis kry nie, want dit sal lankal te laat wees. God se genade is oneindig groot, en Hy gee soveel geleenthede vir mense om om te draai en

Hom te volg. Die Fariseërs byvoorbeeld, het talle geleenthede gehad: hoeveel keer het Jesus nie wonderwerke voor hulle oë laat gebeur nie? Hulle het die Skrif geken en hulle kon daaruit duidelik sien dat Jesus die Messias is, maar hulle het hardnekkig geweier om Hom te erken en te volg. Teen hulle is daar 'n skare van gelowiges wat eendag 'n verdoemende getuienis sal lewer. Vandag geld presies dieselfde vir die talle mense wat die evangelie oor en oor hoor, maar nie die besluit **VIR** Jesus wil maak nie!

As jy egter 'n kind van God is, sal die duiwel ook teen jou probeer getuig, maar dan sal Jesus tussenbeide tree en sê: "Hierdie kind van My behoort aan My! Ek het ál daardie sondes al lankal vergewe!"

Gebed:

Here, ek besef vanoggend dat U alles, ALLES van my weet, en dat ek niks vir U kan wegsteek nie. Dankie dat U alreeds my sondes vergewe het. En dankie dat U my vrygemaak het van die duiwel se aantygings. Leer my om dit waarlik te verstaan!

## 46.

## Die Spook is Weg!

## Matteus 12:43-45

**VIDEO** | **OUDIO**

Op die plaas waar ek grootgeword het naby Waterval Boven, was daar ‘n ou “spookhuis”. Inderdaad het daar jare gelede iemand in gewoon, maar toe die persoon vertrek, is die huis ontruim en skoongemaak, en toe staan dit leeg. Weldra het die plaaswerkers dit begin gebruik as ‘n werkplek. Die ou koolstoof in die kombuisie se skoorsteen het een dag afgebreek, maar niemand het ooit die moeite gedoen om dit te herstel nie. Elke keer wanneer iemand dus die stoof brandmaak, word die hele huis gevul met verstikkende swart rook, wat uiteindelik die plafon en mure pikswart gevlek het!

Met die tyd het vensters gebreek, maar omdat die huis nie bewoon was nie, was dit nooit herstel nie. Uiteindelik was die huis ‘n totale bouval, alhoewel die mure en dak nog stewig was. As jy daar ingestap het was dit asof ‘n duisternis jou gegryp en vasgedruk het.

Buiten vir ‘n lendelam tafel waarop die werksmense strykwerk gedoen het, en natuurlik die rokende koolstoof, was daar geen ander meubels in nie.

Daar was egter baie inwoners, nou nie juis die vriendelikste van inwoners nie! Daar was altyd ‘n geskarrel van goggas en rotte, en die plek was besmet met vlooie en weeluise. Die plaaswerkers het ook geglo dat daar ‘n spook sy intrek geneem het! Ek het die situasie uitgebuit, en kinders wat daar kom kuier het, met groot vermaak bang gemaak met daardie grillerige plek en sy “spook”. Natuurlik het ek met groot verbeelding my eie stories opgemaak oor die grillerige spoke wat daar snags vir jou lê en loer!

Uiteindelik is die plaas verkoop. Baie jare later lê ek weer daar besoek af. Die plaas is intussen omskep in ‘n gasteplaas. Daar is toe ook ‘n mooi einde aan die verhaal, want die eienaar het die bouvallige ou “spookhuis” pragtig opgeknap en dit in ‘n gastehuis omskep. Waar daar eens swart gate vir vensters was, hang daar nou vrolike gordyntjies. Die eens-dooie “spookhuis” het

skielik splinternuwe lewe gekry. Dit moes seker baie harde werk, skrop en ontsmet gekos het om daardie ou plek weer leefbaar te kry, maar dit was uiteindelik alles die moeite werd!

In Mat. 12:43-45 is Jesus steeds met die Fariseërs besig. Hulle het Hom vroeër gekonfronteer omdat Hy bose geeste uitgedryf het en nou vat Hy hulle aan op hulle eie terrein. Hulle het ook die uitdryf van bose geeste bedryf, maar wanneer die persoon verlos was, was hy nét daar gelos om maar self verder op te snork. Gewoonlik kon die arme man nie alleen die mas opkom nie en kort voor lank was hy maar weer terug waar hy was, en dalk nog baie erger! Jesus sê vir hulle dat as jy so 'n onrein gees uitdryf, dan soek daardie gees blyplek en as hy terugkom en sy vorige blyplek leeg en skoon kry, dan trek hy weer daar in. Dan bring hy boonop nog ál sy maatjies óók saam. Vandag sien ons dit dikwels met mense wat aan dwelms verslaaf is. Dikwels gaan so 'n persoon vir rehabilitasie, maar 'n paar maande later is hy terug, en sommer baie erger. Sonder Jesus is rehabilitasie gewoonlik 'n totale mislukking!

Dikwels is mense ook maar soos huise. Iemand se lewenshuis het ‘n baie prominente inwoner, die duiwel. Op ‘n dag kom ‘n Christen by hom aan en verduidelik aan hom dat die duiwel sy lewe oorheers en dat hy van hom moet ontslae raak. Die man skrik hom dood en begin ‘n mooi, skoon lewe - gaan selfs kerk toe. Maar stadigaan begin hy weer terugsak in die ou lewe en uiteindelik sit hy in ‘n baie groter gemors as wat hy was.

Waarom gebeur dit? Gewoonlik is dit omdat die persoon nie eerlik vir Jesus gekies het en in ‘n verhouding met Hom begin leef het nie.

Ons moet ook onthou dat volle oorgawe aan Jesus dikwels ‘n lang proses is. Soos ‘n baba nie eensklaps grootword nie, so groei ‘n mens ook geestelik geleidelik. Soos ‘n baba eers melk kry en later vaste kos, so moet ‘n nuwe Christengelowige gevoed word, eers met sagte kos en later die koubare goed. Om aan iemand die evangelieboodskap te verkondig en hom dan net so te los om self die mas op te kom, is wreed! Die persoon moet gehelp en gelei word tot geestelike volwassenheid, anders kan hy dalk uiteindelik in vertwyfeling

verval en geestelik doodgaan van die honger. Die taak van die kerk is natuurlik dan ook om toe te sien dat sy lidmate geestelike kos kry en bly groei. Hoe doen hy dit? Sondae se eredienste is maar net die begin. Dit is die plig van lidmate om na mekaar om te sien. Diegene wat geestelik al sterk is moet die "swakker" lidmate aan die hand neem en lei na volle wasdom.

Vir die lidmaat wat in totale verlorenheid verval het, is daar natuurlik hoop. Dit is egter ons as volwasse gelowiges se plig om daardie persoon te gaan opsoek en sy lewe op te hef sodat sy lewenshuis weereens mooi kan wees, en bewoon deur die Heilige Gees. Daar is natuurlik 'n bonus by, want wanneer jy sulke "opheffingswerk" doen, word jy self geestelik versterk! Dit laat jou nog verder groei in jou geloof en sodoende word jou eie lewenshuis verfraai.

Gebed:

Here, help my asseblief om my eie lewenshuis in stand te hou en uit te bou. Gee my ook die ywer om swakker lidmate aan die hand te vat en te help om tot volle geestelike wasdom te

kom tot eer van U koninkryk!

## 47.

## Jesus se Gesin

## Matteus 12:46-50

**VIDEO** | **OUDIO**

Wie is my familie? Ek hoor dikwels van mense wat hulle familie totaal afskryf, selfs broers en susters en ouers. Verskriklik! Wanneer Jesus dan vra: "Wie is My moeder, en wie is My broers?" is ons geskok deur Sy opmerking.

Gedurende die Viëtnamese oorlog kry 'n vrou eendag 'n oproep van haar seun, met die wonderlikste nuus: "Ma, ek is terug van Viëtnam af, en ek is op pad huistoe!" Die ma is oorstelp van vreugde: "Ons kind kom huistoe!"

"Maar ek wil 'n ou gunsie vra Ma, ek het 'n vriend wat saamkom. Hy is soos 'n broer vir my. Hy is baie ernstig beseer in die oorlog, en hy het 'n arm en 'n been verloor." Teen daardie tyd staan Pa ook al langs die telefoon en luister met een oor. "Die arme man het nêrens om heen te gaan, en niemand om hom te versorg nie. Sal julle omgee as hy by ons kom bly?"

“G’n probleem nie,” sê Ma, “ons sal solank vir hom begin uitkyk vir ‘n ander blyplek en iemand om hom te kan versorg.”

“Nee Ma,” sê die seun, “ek bedoel dat hy permanent by ons kom bly. Vir altyd!”

Op daardie stadium vat Pa die telefoon oor: “My seun, jy weet nie waarvoor jy vra nie!” Pa is gladnie gelukkig nie. “Jy weet, iemand wat so gestremd is sal ‘n groot las op my en jou Ma se skouers plaas, en ons het ons eie lewe wat ons wil leef. Ons kan nie toelaat dat so ‘n ding met ons lewens inmeng nie. Kom jy nou maar huistoe, en vergeet van daardie man! Hy sal wel ‘n plek kry om te gaan bly.”

En daarmee is die gesprek afgehandel. Of so het hulle gedink.

‘n Paar dae later kry hulle ‘n oproep van die polisie. Dit is droewige nuus: daar was ‘n ongeluk en hulle seun is dood. Geskok verneem Pa wat gebeur het. Hy word meegedeel dat hulle seun van ‘n gebou afgeval het en dat hulle vermoed dat dit selfdood was. Hulle moet sy liggaam kom uitken.

Die droewige ouers is na die lykshuis om die uitkenning te doen, maar dan tref die tweede groot skok hulle, iets wat hulle nooit geweet het nie: hulle seun het 'n arm en been in die oorlog verloor ……….

Wanneer Jesus se familielede Hom wil kom sien, is Jesus se skokkende vraag: "Wie is my moeder, en wie is my broers?" Mens wil dadelik die vraag vir jouself afvra: "Maar hoe kon Jesus so hardvogtig wees? Wat dan van die vyfde gebod: eer jou vader en moeder?" Maar as jy mooi gaan kyk na hierdie gedeelte, dan begin jy sien dat jy met so 'n benadering eintlik die hele punt gemis het. Hy wou hulle nie uitgesluit het nie, maar met hierdie woorde het Hy eerder Sy gesinskring uitgebrei tot almal wat Hom navolg. "Daar is my moeder en broers!" sê Jesus, en Hy beduie na sy volgelinge. Daardie handgebaar wys egter baie verder as net die paartjies wat rondom Hom sit. Met hierdie handgebaar sê Hy dat almal wat Hom volg, Sy broers en susters - Sy bloedfamilie is. Later, tydens Sy hemelvaart (Mat. 28:20) bevestig Jesus dit verder met die wonderlike belofte dat Hy hierdie familie van Hom nooit in die steek sal laat nie. "Ek is by

julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

'n Wonderlike vertroosting wat Jesus ons hier bied. Ons is deel van Sy gesin! Boonop is Hy nie iewers daar ver nie, maar hier by ons! As ons na die gesinsopset van daardie tyd kyk, sien ons wat dit werklik beteken om deel van Jesus se gesin te wees. Daar was 'n baie hegte band in die gesin. Gesinslede staan deur dik en dun bymekaar. Selfs gesinslede wat afdwaal van die gesin se norme en standaarde, word steeds beskerm en toegevou in die liefde van die gesin. Die "swartskaap" word nie uit die trop gesmyt nie!

Met dit in gedagte, plaas dit ons vandag in 'n totaal ander perspektief. As dit dan so is dat ek deel van Jesus se gesin is, moet dit ook mos waar wees dat die ander lede van Sy gesin ook naby familie van my is! Nou begin dit half ongemaklik raak, want 'n gesin is nie 'n eenrigting affêre waar Pa vir die gesin sorg en die res niks doen nie. Inteendeel, in 'n gesin sorg gesinslede vir mekaar en gee hulle vir mekaar om. Net so met die uitgebreide gesin van Jesus, waar ons vir mekaar moet omgee

en lief wees.

Wanneer ons deur die Evangelies lees, kom ons agter dat Jesus van twee soorte liefde praat. Eerstens is daar die liefde vir jou medemens (jy moet jou naaste liefhê soos jouself). Dit beteken dat jy vir hulle omgee en dat jy hulle op geen manier sal kwaad aandoen nie, selfs al is hulle jou vyand. Die tweede soort liefde is dié vir jou medegelowige. Hierdie is opregte familieliefde wat baie meer intens is en wat van uiterste omgee moet getuig. Om terug te kom by ons verhaaltjie van die geskende seun: natuurlik sou die ouers daardie seun liefgehad het en versorg het, selfs met sy groot gebrek. Hulle het egter nie kans gesien vir so 'n taak as die familiebande 'n bietjie verder was nie. Hoe ver is ek en jy bereid om te gaan met ons omgee vir die ander lede van ons uitgebreide gesin in Jesus? Is daar werklik liefde, selfs vir daardie gesinslid wat vir my 'n verleentheid is of my erg frustreer?

Gebed:

Here, my liefde vir my broers en susters in Jesus skiet so baie ver tekort. Leer my om elkeen

waarlik lief te hê met ‘n warm Jesus-liefde!

# 48.

# Saai Sonder Ophou

# Matteus 13:1-9

**VIDEO | OUDIO**

Ek kamp 'n klompie jare gelede met 'n spannetjie Voortrekkertjies in 'n pragtige kloof op 'n plaas naby Ballito. Ons neem slegs die noodsaaklikste benodigdhede saam. 'n Tent was nie beskou as een van die noodsaaklikhede nie. Die kinders moes ondervind hoe dit voel om onder die sterre te slaap. Met 'n nou suikerpaadjie ry ons tot 'n entjie van die kloof af, en dan stap ons die laaste ent. Voor ons doem 'n lowergroen woud op, byna ondeurdringbaar. 'n Helder waterstroompie kabbel tussen die woudreuse deur. In die klam grond sien ons die spore van bosbokkies, duikertjies en bosvarke. Met groot opgewondenheid begin die kinders kamp maak. Ek asem die heerlike, klam woudlug diep in my longe in. Skemer begin toesak oor ons, en die kinders kry die opdrag om vuurmaakhout te gaan soek en 'n vuur aanmekaar te slaan vir die nag.

En dis toe nou net hier waar die moeilikheid begin! Ek lag in my mou want ek weet hoe ‘n byna onbegonne taak dit is om hier in die klam woud ‘n vuur te maak werk. Ek het boonop aspris nie vuuraanstekers saamgebring nie. Een van die dinge wat die groepie kinders hierdie naweek moet leer, is dat nie alles in die lewe sommer maklik kom nie en om vuur te maak is een van daardie dinge. Hier is ons in ‘n ongerepte woud, sonder ablusiegeriewe en die dorpsjapies leer ook gou dat ‘n stort, wasbak en toilet luukshede is. Maar nou is hulle vol lewenslus en ywerig word daar gesoek na droë hout wat jy, terloops, nie sommer in so ‘n woud kry nie want alles is klam. Uiteindelik kom hulle daar aan, elkeen met ‘n arm vol hout. Maar hier begin die moeilikheid éérs, want om hout te kry is een ding, maar om dit brand te maak is ‘n héél ander saak. Met groot belangstelling sit ek en kyk hoe hulle vuurhoutjie-na-vuurhoutjie trek om die klam gras aan die brand te kry. Uiteindelik is daar ‘n vlammetjie, en dan blaas en hyg en proes dit om die vlammetjie lewendig te hou. Pikdonker het al oor ons toegesak voordat die eerste houtjies

vlamvat!

Ure later, nadat kos gemaak is met groot moeite, sit ons en kyk na die sterretjies wat deur die blaredak vir ons loer. Die grillerige kerm-skreeu van 'n Bosnagapie weerklink êrens deur die digte bome. Die kinders is doodmoeg, maar opgewonde oor hierdie avontuur wat hulle vir altyd sal onthou. Die vuurtjie is nou nie juis wat jy 'n reuse sukses kan noem nie. Meeste van die houtjies is te klam en hulle maak net rook. Ander is so nat dat hulle gladnie eers aan die brand kom nie. Maar die enkeles wat tog vlam gevat het maak alles die moeite werd.

Die gelykenis wat Jesus vertel oor die saaier, laat my baie dink oor daardie spesiale tye wat ek in die veld saam met my Voortrekkertjies deurgebring het. Soos wat die saad nie alles wou groei nie, so wou alles in die veld ook nie werk nie. Maar net so het ek ook ondervind dat dit met koninkrykswerk ook nie altyd werk nie. In my jong dae het ons dikwels in Welkom gaan straatwerk doen. Dit was met groot entoesiasme en verwagtinge van 'n groot oes nuwe bekeerlinge, wat ons dikwels die strate

ingevaar het. Maar dan moes ons baie keer teleurgesteld huistoe gaan, met slegs 'n enkele nuwe siel wat vir die Koninkryk gewen is. Dikwels is die vuur-en-vlam straatwerkers aan die einde van die dag moedeloos oor die karige oes.

Jesus se gelykenis van die saaier vertel dan ook van baie "mislukkings", want baie mense hoor die Woord en dit is slegs enkele hoorders wat positief reageer. As dit met Jesus gebeur, dan hoef ons nie sleg of moedeloos te voel nie want dan weet ons mos wat om te verwag as ons sélf ook gaan saai in God se lande. Dit is vir ons 'n wonderlike troos! Nou kan ons ook weet dat ek en jy nie die saadjie wat ons saai aan die lewe hoef te kry nie. God sal lewe gee. Hy is die enigste Een wat lewe kán gee! Ons moet maar net aanhou saai, wetende dat, alhoewel baie saad verlore sal gaan, daar die enkeles is wat sal groei. En dan sal die engele in die hemel juig!

So stuur ek hierdie dagstukkies elke oggend aan duisende mense regoor die wêreld. Ek weet dat slegs 'n gedeelte van die mense wat dit lees positief daarop reageer. Nogtans is dit

vir my ‘n lewenstaak. Ek stuur dit egter elke oggend met groot entoesiasme uit, want êrens is daar iemand vir wie vandag se dagstukkie baie beteken. Dit maak ‘n verskil in daardie persoon se lewe. Ek kry dikwels briewe van persone wat vertel wat dit vir hulle beteken en dan is alles die moeite werd. En dan, kry ek soms ‘n briefie van iemand wat deur hierdie dagstukkie geroer is om na Jesus te soek. As ek dan die geleentheid gebied word om daardie persoon na Jesus te lei, jubel en juig ek want dan weet ek dat die saad wat ek gesaai het nie deur die wind verstrooi is nie, maar op vrugbare aarde geval het en baie vrug sal dra!

Ek wil jou vandag aanspoor om te saai. Baie van jou saad sal verlore gaan maar moenie daaroor bekommerd wees nie, want iewers langs die pad gaan jou saad vrugbare aarde tref, en dan gaan daar ‘n juigkreet uitstyg in die hemele.

Gebed:

Here, my gebed is vanoggend dat ook hierdie saad wat ek vandag saai, nie leeg sal terugkom nie maar dat dit iewers op vrugbare

grond sal val en groei en baie vrug sal dra!

# 49.

# Hoor en Doen

# Matteus 13:10-17

**VIDEO | OUDIO**

Ek is baie lief vir stories! 'n Storie is soos 'n anker om 'n sekere boodskap in jou kop en hopelik ook in jou hart vas te anker. 'n Preek is dikwels baie gou vergete, maar 'n goeie storie vergeet jy nie sommer gou nie. Elke keer wanneer jy aan daardie spesifieke storie dink, is die boodskap wat hy uitsaai outomaties ook in jou gedagtes. Maar glo my, ek het 'n baie goeie Leermeester! Jesus het gedurig die mense geleer deur stories te vertel en hulle te gebruik as gelykenisse om lewenswaarhede tuis te bring.

Wanneer Jesus die gelykenis van die saaier vertel, dan sê Matteus vir ons dat Hy in 'n skuit geklim het. Van hierdie drywende "preekstoel" af het Hy die mense geleer. Dit het 'n tweeledige doel gedien. Eerstens was dit 'n baie slim manier om te verseker dat almal Hom kon sien. Die skare het baie groot geraak en die mense het mekaar verdring, sodat

meeste mense Hom waarskynlik gladnie kon sien nie. Hy het dus op hierdie manier toegang gehad tot almal op die strand.

Daar was egter ook ‘n tweede, meer subtiele rede. Hy wou hiermee aantoon dat daar tot ‘n mate ‘n verwydering gekom het tussen die skare en Jesus. Die meeste van hulle was daar om die verkeerde rede en anders as die dissipels, wou hulle Jesus nie werklik aanvaar en volg nie. Hulle was daar uit nuuskierigheid of om iets te kom ontvang. Dalk kon hulle die een of ander asemrowende wonderwerk of genesing beleef. Hulle was, met ander woorde, slegs daar vir die sensasie!

Dit is ook interessant om te sien dat Jesus soms met die skare praat en ander kere weer slegs met die dissipels, Sy ware volgelinge. Vir die skare sê Hy een ding en vir die dissipels iets anders, iets meer intiem. Dan verduidelik Jesus vir Sy dissipels dat die skare nie noodwendig die stories of gelykenisse wat Hy vertel snap nie. Vir hulle is dit meestal slegs mooi stories. En dan sê Jesus iets waaroor daar al dikwels gedebatteer is. Hy sê dat die skare se verstand afgestomp is en dat God hulle nie die vermoë

gegee het om te verstaan nie. En dan klink dit vir ons half onregverdig. Waarom sou die Here so 'n ding doen?

Daar is verskeie verklarings vir hierdie gedeelte, maar die mees logiese is dat dit beslis nie 'n onregverdige handeling van God is om mense doelbewus te blokkeer nie. Dit word bevestig deur talle gedeeltes uit die Bybel wat vertel van God se groot genade, en dat Hy elkeen wat na Hom toe kom sal aanneem as Sy kind. Niemand word óóit weggewys nie! Wat dus hier gebeur het is dat die mense se verstand afgestomp geraak het omdat hulle as't ware hulle ore sélf toegedruk het vir die evangelie. Dit is dus nie die gelykenisse se skuld dat die mense dit nie kon verstaan nie, maar die hardheid van hulle harte asook hulle onwilligheid om Jesus waarlik te volg soos die ander dissipels.

Die feit is dat om te verstaan nie slegs beteken dat dit vir jou verstand logies is nie. Dit moet eers jou hart raak. Dit is 'n saak van glo en doen, en dan baie belangrik, van volle oorgawe. Wanneer die gelykenis wat jy hoor oorgaan in 'n handeling, begin dit waarlik

perspektief kry in jou lewe, en jy kry begrip daarvoor.

Wat was dan die verskil tussen die dissipels en die skare op die strand? Die skare en die dissipels het presies dieselfde boodskap gehoor. Die skare het daardie aand onveranderd huistoe gegaan. Die dissipels het dít wat hulle gehoor het in hulle harte bewaar, dit oordink en hulle lewens aangepas by dit wat hulle gehoor het!

Ons lees hoe dit in die praktyk gebeur het in die boek Handelinge. Lukas vertel daar in groot detail wat hierdie dissipels gedoen het. Hulle het alles wat Jesus hulle geleer het deur gelykenisse in die praktyk gaan toepas. Een voorbeeld hiervan was die uitleef van die gelykenis van die saaier. Hulle het die saad van die evangelie wyd en syd gesaai. Baie van daardie saad het op vrugbare grond geval en het gegroei en weereens baie vrug gedra. Hulle het nie alleen gesaai nie, maar hulle het ook diegene in wie se harte hulle gesaai het geleer om dieselfde te gaan doen. Die gevolg was 'n ontploffing van die evangelie met verrykende gevolge. Selfs 'n

geharde Fariseër soos Paulus is getref deur hulle gehoorsaamheid. Inderdaad moes Jesus wél Persoonlik hier ingryp! Die gevolg was dat die evangelie regoor die Westerse wêreld uitgesprei het tot in die hartjie van “Babel”, Rome!

Ek en jy hoor elke Sondag die boodskap in die erediens. Die vraag is: wat maak ons daarmee? Bly dit net by hoor? Geniet ons die mooi preek en gaan dan onveranderd huistoe? Die idee is dat ons dít wat ons hoor, die boodskap wat die Heilige Gees aan ons oordra deur die prediker, in die praktyk moet gaan toepas. Hoeveel keer het ons nie al die opdrag gekry om die evangelie aan almal wat ons teëkom oor te dra nie. Hoeveel van ons het al ooit tot daardie aksie oorgegaan? Is ons nie dalk in presies dieselfde bootjie as die skare wat op die strand gestaan en luister het na Jesus se gelykenis, en dan onveranderd huistoe gegaan het nie?

Gebed:

Here, ek wil vanoggend om vergifnis vra dat ek U boodskappe aan my so dikwels verontagsaam - dit hoor, maar nie gaan

uitvoer in die praktyk nie. Help my asseblief om nie net te hoor nie, maak ook te doen!

## 50.

## Kom Saai Saam!

## Matteus 13:18-23

**VIDEO** | **OUDIO**

Jesus se volgelinge sit rondom Hom in die skuit. Op die strand staan daar ‘n skare van mense wat wag dat iets gebeur, maar Jesus is eers besig met hierdie handjievol manne. Dit is van uiterste belang dat hulle behoorlik sal verstaan waaroor hierdie gelykenis gaan, want hulle hele werksopdrag is geskoei rondom die waarhede wat in hierdie gelykenis saamgevat is. Die storie is eenvoudig: ‘n saaier wat sy saad strooi op ‘n klipperige land. Van die saad het op die pad geval en die voëls het dit dadelik opgepik. ‘n Ander deel het op klipbanke geval waar dit wel begin groei het, maar sonder genoeg grond kon dit nie lank aan die lewe bly nie. ‘n Derde deel het tussen die onkruid geval en is verstik. Die goeie nuus is dat van die saad ook in goeie grond geval het en dat dit gegroei het en vrugbaar was.

Nou verduidelik Jesus aan die manne dat daar ‘n dieper boodskap skuil agter die storie,

en dat die saad eintlik die evangelieboodskap is, en dat verskillende mense verskillend daarop reageer. Die vraag is egter: waarom het Jesus aan die manne die gelykenis verduidelik? Hulle het tog almal alreeds die boodskap ontvang en almal van hulle het positief daarop reageer. Hulle is almal die goeie grond, en die vrug kan alreeds in hulle lewe gesien word. Het hulle dan so 'n boodskap nodig? Dalk wonder jy oor Judas. Hy was ook daar. Het hy ooit waarlik positief reageer?

Ons is van kleins af geleer oor hierdie mooi gelykenis. Dit beteken mos dat dit 'n oproep is aan die mense wat die Woord hoor. Jy moet die regte reaksie toon wanneer die Here met jou praat deur Sy woord. Jy moet as't ware daarna streef om die "goeie grond" te wees sodat die saad van die evangelie wat in jou lewe gesaai word, sal groei tot volwassenheid en sal vrug dra. En dit is heeltemal reg ook. Vandag vra die Here dan ook van jou, dat jy eerlik vir jouself die saak moet uitmaak of jy werklik daardie goeie grond is, en of die saad wat in jou lewe gesaai is waarlik vrug dra.

Maar daar is ook ‘n ander betekenis aan hierdie gelykenis. Jesus wou juis primêr by die dissipels hierdie totaal ander betekenis tuisbring om hulle te bemoedig, want binnekort sou hy hulle uitstuur en dan moes hulle gemotiveerd bly, al sou almal nie positief op die boodskap reageer nie. En as jy deel is van die “goeie grond” en besig is om vrug te dra, dan is hierdie betekenis ook vir jóú bedoel. Vir jou gaan dit eerder oor die saaier, die persoon wat die goeie nuus verkondig op watter wyse ookal. Hierdie gelykenis dien om elkeen wat die saad van die woord saai te bemoedig in hulle arbeid. Persoonlik kan ek vanoggend bely dat ek al menigmaal bitter teleurgesteld was wanneer ek die Woord gesaai het, en dit is net eenvoudig verswelg deur die onkruid. Of dit lyk vir my asof my boodskap met blydskap aanvaar word en daar is groot vreugde, maar ‘n maand of twee later het alles verdor, nes die saad wat op die klip geval het en die pragtige jong plantjie deur die son verskroei is. Dit maak jou moedeloos!

‘n Leraar kan Sondag-na-Sondag op die kansel staan en die Woord verkondig, maar

aan die einde van die dag voel dit vir hom asof daar net mooi niks gebeur nie! Die gemeentelede is nog steeds verdeeld en hulle skinder steeds van mekaar! Sy woorde het tussen die onkruid geval, of erger nog: dit het op die klipharde pad geval! Nog voordat die mense by die kerkdeur uitgestap het, het die voëls alreeds al die saad opgevreet! Hulle het net mooi nie 'n enkele woord gehoor van wat hy gesê het nie! So voel dit dikwels vir 'n prediker.

En dit is nie net die leraars wat dikwels so voel nie. Ek en jy gesels moontlik met iemand oor die Here - gee dalk vir hom 'n traktaatjie of stuur vir hom 'n Whats-App. En dan is daar geen reaksie nie! Jy voel asof al jou beste pogings totaal waardeloos is.

Hierdie gelykenis wil ál die saaiers bemoedig en aanmoedig om aan te hou met saai. Ja, daar sál saad op die pad en tussen die bossies en op klippe val. Maar dan moet jy wéét dat daar iewers ook saad sál val in die ploegvore, en daardie saad gaan groei tot volwassenheid en sélf ook weer vrug dra. Moet nooit óóit ophou met jou

sendingpogings nie, al voel jy soms moedeloos. En moet nooit óóit ophou om die evangelie uit te dra nie, want iewers is daar iemand wat nét wag vir daardie boodskap van jou.

In Matteus se tyd was hierdie gelykenis ‘n bemoediging aan die hele gemeente, want almal het deelgeneem aan die saaiproses. Dit was nie net die leraar wat gesaai het nie. Vandag wil hierdie gelykenis nie net die leraar bemoedig nie, maar vir my en jou as “gewone” gemeentelede aanmoedig om deel te word van die saaiproses, en nie moedeloos te raak wanneer dit voel asof die saad nooit óóit op vrugbare grond val nie. Ek het eendag ’n lang gesprek gehad met ’n man wat op die punt was om selfdood te pleeg. My beste pogings om hom te probeer oortuig het gevoel soos saad tussen die onkruid. En skielik kom daar ’n deurbraak en hy ontmoet Jesus teen alle verwagtinge in. Wat ’n heuglike dag! Kom, saai saam! God sál vrug gee op ons arbeid!

Gebed:

Here, dankie vir hierdie wonderlike

bemoediging dat my arbeid nie verniet is nie. Dankie dat U vrug gee op my arbeid, al sien ek dit dikwels nie eers raak nie. Gee my asseblief die deursettingsvermoë om aan te hou om te saai!

## 51.

## Bossies en Blomme

## Matteus 13:24-30 & 13:36-43

**VIDEO** | **OUDIO**

Ek wil myself nie as ‘n tuinier van formaat beskou nie, want groen vingers het ek nou nie juis nie. Boonop laat my besige lewe nou ook nie rêrag toe dat ek veel tyd in die tuin spandeer nie. Maar in die goeie ou dae toe ek nog my eie huis gehad het en tyd op hande gehad het, was dit vir my baie lekker om myself so af en toe in Ballito se rooi sandgrond in te begewe en dan sien jy net stof spat! En ek kon spog met nogal ‘n mooi tuin, maar ek moet haastig bysê dat dit nou nie alles net mý slimmigheid was wat die tuin so mooi gemaak het nie. Die lof moet eintlik gaan aan ‘n kreatiewe jong Zoeloe kêrel genaamd Andrew, wat Saterdae kom arbei het in my tuin en sy kreatiwiteit mildelik ingewerk het.

Een ding wat ek nog nooit met groot sukses kon regkry nie is om blomme en veral groente van saad af te kweek. Moontlik het ek nie

genoeg geduld daarvoor nie. Maar so af en toe sien ek 'n pakkie blomsaad met 'n prentjie voorop wat so verruklik en aantreklik lyk dat ek dit net eenvoudig móét koop. So koop ek toe eendag, pas nadat Andrew vir my begin werk het, 'n pakkie met die allerfraaiste blommetjies op die voorblad. Ek het 'n paar spaar minute gehad en ek kry oorhaastig 'n lappie grond reg, werk kompos en kunsmis in en ek saai die saadjies. En ek wag. Ek was opgewonde oor my handewerk en met groot verwagting het ek uitgesien na kleurvolle blomme tussen die vaal struike. Uiteindelik het die eerste blommetjies hulle koppies begin uitsteek bo die grond. My stoutste verwagtinge was oortref, want vir een keer in my lewe het ál my saadjies opgekom! Ek was oorstelp van vreugde.

Twee weke het verbygegaan en my blommetjies het al te pragtig gegroei, maar vir dié van julle wat Natal ken, sal weet dat bossies hier beslis baie beter groei as blomme en weldra was die bedding oorgroei van bossies. G'n probleem nie, want Saterdag is Andrew mos hier, en hy het mos al geweet dat bossies die eerste prioriteit in my tuin was.

En so daag Andrew daardie Saterdag op met ‘n lied in die hart en ‘n missie om van bossies kleingeld te maak. Ek het elders baie besig geraak en dit was eers laatmiddag toe ek ‘n draai in die tuin kon maak. Andrew se taak vir die dag was afgehandel en hy het van oor tot oor geglimlag toe hy sy handewerk aanskou. Ek het óók aanskou en ek was met afgryse vervul! Daardie oggend nog het my blommetjies wat ek met soveel moeite en liefde gesaai het nog vrolik vir my geglimlag, wel tussen ‘n spul bossies maar hulle was steeds daar! Nou het daar net ‘n pynlik-netjiese kaal bedding sonder ‘n enkele bossie gestaan. En óók sonder ‘n enkele blomplantjie. Andrew het nooit besef dat daardie plantjies veronderstel was om blomme te wees nie!

Ek was bitter ongelukkig en die arme Andrew was asvaal geskrik. Hoe moes hy dan ook weet? Die blomme en bossies lyk dan presies eenders wanneer hulle klein is!

Ons het by ‘n vorige geleentheid gesien dat jy jou nie totaal van die wêreld kan afsonder nie. As gelowige skuur jy gedurig skouers met

ongelowiges en heidene van enige soort. Hier in KwaZulu-Natal is dit dalk meer so as enige ander plek want Hindoes, Moslems en allerhande Oosterse gelowe is hier aan die orde van die dag. Wanneer jy egter in die kerk kom, bevind jy jou tussen gelowiges. Of doen jy werklik? Inderdaad is almal wat kerktoe gaan nie gelowiges nie! Sommige kerkgangers sit maar net daardie masker van geloof op vir 'n verskeidenheid van redes. Ek het al dikwels gehoor dat iemand sê dat ons die kerk moet suiwer van al hierdie skyngeloof. Ek weet selfs van gemeentes waar dit werklik gebeur het. Ek het sélf al voorgestel dat al die onbetrokke lidmate verwyder word van ons gemeente se lys. Ek kon al my tong afbyt dat ek ooit so 'n ding kon voorstel!

Is die kerk dan net vir gelowiges? Inderdaad is die kerk, oftewel die gemeente die plek waar gelowiges geestelik gevoed, gebrei en opgelei word om hulle plek in die Koninkryk te kan volstaan. Maar is dit nie juis ook die plek waar ongelowiges die Woord kan hoor en Jesus se pleidooi om na Hom te kom kan hoor nie? As al die ongelowiges in die kerk "uitgeroei" word, gaan daar beslis 'n paar

gelowiges ook sneuwel wat swak staan in die geloof. Maar terselfdertyd gaan ‘n paar ongelowiges dalk van hulle laaste kans om die ewige lewe te kan smaak, ontneem word!

Natuurlik mag ons nooit aanvaar dat dit maar reg is dat baie van ons mede-gemeentelede lou of ongelowig is nie, en dit moet ons juis aanspoor om daardie mense te motiveer om bruikbaar vir die Koninkryk te word.

Terloops, ná daardie droewige dag het Andrew nog nooit weer ‘n “verkeerde bossie” uitgetrek nie. Hy het die boodskap helder en duidelik gekry en met sy ywerige hulp het ons tuin later die “tuin-van-die-maand” toekenning in Ballito gekry. Sou ‘n “Gemeente-van-die-maand” toekenning onvanpas wees? Ek vra maar net……….

Gebed:

Here, ek wil myself so dikwels onttrek uit die sondige wêreld, maar hoe gaan die mense dan U boodskap van verlossing hoor? Gee my asseblief die krag en wysheid en ywer om U Woord oral uit te dra!

## 52.

## Mosterd en Suurdeeg

## Matteus 13:31-35

**VIDEO | OUDIO**

Kyk, as jy nou ‘n groot boom wil hê dan plant jy ‘n groot pit. Vat nou maar ‘n kokosneutpalm: daar is darem maar vir jou ‘n menéér van ‘n pit! In die tropiese eilande waar hulle natuurlik voorkom, staan die bome dikwels reg op die strand. As die kokosneut ryp word dan val hy af en beland gewoonlik in die see en so word hy dikwels baie ver daarvandaan op ‘n ander eiland uitgespoel waar hy wortelskiet en groei. Baie romanties! En die Coco de Mer se pit is selfs nog baie groter.

Maar die mosterdsaad - dis nou ‘n héél ander storie. Sy pitte is piepklein swart korreltjies, skaars ‘n enkele millimeter in deursnee. Hulle lyk beslis of hulle vir niks anders nut het as om mosterd van te maak nie. Dis mos net bossies wat sulke klein saadjies het! Maar plant nou net daardie ou piepklein saadjie! As daardie ou korreltjie eers ontkiem, dan begin hy te

groei en groei totdat hy naderhand ‘n groot struik is, en voor jy weet waar jy is, sit jy met ‘n 3 meter hoë boom! En jy slaan jou hande saam in verbasing, want wie sou nou kon dink dat so ‘n boom uit so ‘n klein saadjie sou kon groei?

Jesus gebruik die mosterdsaadjie en suurdeeg om die Koninkryk van God voor te stel. Suurdeeg is natuurlik ‘n ander baie handige ding. Het jy al probeer brood bak sonder suurdeeg? Ek bedoel nou regte brood, nie die plêstiek soort wat jy met bruismeel of bakpoeier bak nie. Ek belowe jou: hy kom soos ‘n baksteen daar uit die oond, totaal oneetbaar! Maar meng jy nou ‘n paar korreltjies suurdeeg in jou meel in en jy laat hom staan en broei vir so ‘n rukkie, dan sien jy hoe daardie degie al groter en groter word totdat hy naderhand oor die kante van jou skottel wil loop. En Mamma! Hoe smaak so ‘n ou varsgebakte potbroodjie! En hoe water ‘n mens se mond dan nou so vroeg in die môre!

Wanneer Jesus hierdie twee beelde gebruik, verduidelik Hy iets van die geheim van God se Koninkryk wat ‘n mens na jou asem laat snak. Vir die Jode was dit wat Hy wou tuisbring so

totaal anders as wat hulle dit voorgestel het. Selfs vandag nog sukkel ons om die konsep te verwerk. Vir ‘n Jood was die gedagte van grootsheid en heerlikheid diep ingegraveer as hulle aan die Koninkryk van God gedink het, want alles omtrent God het rondom Israel gedraai. Hulle begrip van die Koninkryk van Israel en God se ryk was so verweef dat wanneer hulle in glorieryke taal van Israel sing, dan is God se Koninkryk terselfdertyd in hulle gedagtes.

Nou kom Jesus en Hy beskryf God se Koninkryk as ‘n piepklein mosterdsaadjie en dit skok die Jode uit hulle sokkies uit! Maar die groot geheim daaragter is dat dit nie gering geskat moet word nie want al was daar aanvanklik net ‘n ou klein handjievol mense wat Jesus aanvaar het, het die evangelie skielik op pinksterdag ontplof, en gegroei en gegroei teen ‘n verstommende tempo totdat dit uiteindelik oor die ganse aarde versprei is. Die ander voorbeeld wat Jesus gebruik is suurdeeg. Dit is ook maar ‘n ou paar niksseggende grys korreltjies wat jy in ‘n skottel meel inmeng, en kyk net watter verrykende invloed het dit op die meel! Soos

suurdeegkorreltjies het die eerste Christene die heidenwêreld geïnfiltreer, en die gevolge was absoluut fenominaal!

Vandag voel ek en jy as Christene soos klein mosterdsaadjies of grys korreltjies suurdeeg in ‘n oorweldigende wêreld van Goddeloosheid en selfs God-loosheid. As ons sien hoe misdaad in al sy vorms, nie alleen in Suid Afrika nie maar oor die ganse wêreld oor ons spoel, dan voel ons so magteloos. Maar ons moet verby die massas kyk en God se krag en almag raaksien, want in my as klein mosterdsaadjie is ‘n dinamiese groeikrag opgesluit wat net wag om tot uitbarsting te kom. Dankie tog dat dit nie ons eie krag is nie maar die onmeetbare krag van die Heilige Gees wat in ons opgesluit lê! Ons moet maar net toelaat dat Hy daardie Krag in ons kan ontsluit.

Die probleem is egter dat ons bang is vir die gevolge. Of wanneer ons uiteindelik toegee, dan raak ons moedeloos omdat dit lyk asof daar so min gebeur aan die begin. Vat nou maar ‘n mosterdsaadjie: wanneer hy ontkiem, lyk hy steeds so klein en broos en weerbaar.

Dieselfde met suurdeeg: as jy na ‘n paar minute in die skottel loer, lyk jou degie nog maar presies dieselfde. Niks het dan gebeur nie! Maar daar is ongelooflike kragte aan die werk en die uiteinde is oorweldigend! Jy moet net genoeg geduld gebruik. Uit my eie lewe kan ek met groot dank aan God getuig van die ongelooflike groeikrag wat Hy jou kan gee.

‘n Mosterdsaadjie lyk so niksseggend maar dit is gepak met energie: 46% olie en 43% proteïen. Net so is die vaalgrys korreltjies van die suurdeeg eintlik ’n lewende organisme wat net wag vir die meel en water om dan uit te bars. Op dieselfde wyse is die evangelie op die oog af minderwaardig en niksseggend, maar wanneer ek myself tot beskikking daarvan stel, kom die volle krag daarin opgesluit, in werking.

Al wat Hy van jou vra is om gewillig te wees om gebruik te word!

Gebed:

Here, gebruik my asseblief om U krag in die wêreld tot uiting te laat kom!

# 53.

# Die Krugermiljoene

# Matteus 13:44-52

**VIDEO | OUDIO**

Vertel vir enige jong seuntjie van 'n skat wat iewers begrawe lê, en jy sien sommer hoe borrel hy van pure opgewondenheid! Dit is egter nie net vir klein seuntjies wat ou President Paul Kruger se skatte opgewonde gemaak het nie. En Waterval Boven was vir baie jare die brandpunt van bespiegelinge oor daardie fabelagtige skat, want die ou President se laaste staning was in die klein dorpie, Waterval Onder. Talle fortuinsoekers was vas oortuig dat hy ál sy goud juis in daardie omgewing laat begrawe het. Kort-kort het daar iemand opgedaag wat nuwe insig sou gekry het oor presies waar al die fabelagtige rykdom begrawe sou lê, en dan wou hulle berge versit, letterlik en figuurlik!

Destyds het etlike mense by Oupa kom soebat om te soek vir die goud op ons plaas by Waterval Boven. Hulle was oortuig daarvan dat dit op ons plaas versteek was. Al goud

wat ek ooit daar raakgeloop het was Ma se goue ring en Oupa se goue medalje wat hy in sy jeug met atletiek verower het!

Maar stel jouself nou net voor: in ‘n ou kis op jou solder ontdek jy ‘n nota wat sommer geel is van ouderdom. Dit is geskryf deur jou Oupagrootjie en hy was een van die ou President se vertrouelinge. In die briefie, gerig aan Oumagrootjie, beskryf hy presies waar hy en sy makkers ‘n groot hoop goud begrawe het om ná die verwoesting van die Boereoorlog weer die land op sy voete te bring. Sou jy nie opgewonde wees nie? Uiteindelik is hierdie raaisel van meer as ‘n eeu opgelos! En jy is die enigste een wat daarvan weet. Jy pak jou tasse en vat die pad na die Laeveld toe. Alles het verander oor die afgelope honderd jaar, maar na ‘n lang soektog kry jy die plaas wat in Grootjie se brief beskryf is. Alles is presies net soos Grootjie sê! Jy is so opgewonde dat jy eintlik bewe. Jy spoor die eienaar van die plaas op en jy maak hom ‘n aanbod om die grond te koop, want jy is absoluut oortuig daarvan dat daardie ongelooflike skat juis daar begrawe is!

Hoe weet jy dit? Jou bron is een honderd persent betroubaar want hy was persoonlik daar en hy was deel van die geselskap wat die goud begrawe het. Natuurlik glo jy hom, en noudat jy so naby daaraan gekom het is daar ‘n opgewondenheid wat onkeerbaar deur jou are bruis. Jy is bereid om feitlik enige prys vir die grond te betaal. Jy gaan selfs jou huis en al jou eiendom verkoop om genoeg geld te kry om die plaas te koop, want die beloning sal dubbel en dwars opmaak vir wat jy betaal.

Jesus se derde groot preek word afgesluit met drie kort gelykenisse. Die eerste twee het te doene met dinge van groot waarde, presies soos in ons storie hierbo. Jesus sê dat wanneer so ‘n geleentheid van die een of ander groot skat hom opdoen, sal jy enigiets doen om daardie skat in die hande te kry. Kyk maar watter moeite doen party mense nie om skatte uit ou skepe wat vir honderde jare onder die see lê te kry nie. Geen geld of moeite word ontsien nie! So is dit met die Koninkryk van God: as ‘n mens dit die dag ontdek (of as dit jóú dalk ontdek!) dan raak jy só opgewonde daaroor dat jy letterlik enigiets

sal doen om deel daarvan te word.

Vat nou maar vir Petrus en sy makkers: hulle was so ‘n voorbeeld. Hulle het alles net so gelos, hulle werk, vriende, ouers, familie, bote. En hulle het Jesus onvoorwaardelik gevolg. Nee, nie sommer net vir ‘n dag of wat nie, maar vir drie jaar lank was hulle bereid om totale ongemak te verduur om net maar by Jesus te kon wees. Vir hulle was hierdie Skat van onskatbare waarde! Wanneer ‘n Moslem vandag daardie Skat ontdek, dan moet hy bereid wees om absoluut alles prys te gee, want totale verwerping van sy familie en vriende is sy voorland. Hy word gestroop van alles wat hy besit en alles en almal wat vir hom dierbaar is. Boonop is hy dan ook gladnie eers meer seker van sy lewe nie. “Is dit die moeite werd?” sou jy dalk wou vra.

Fatima, ‘n dame wat as jong meisie die Moslem geloof verruil het vir die Christelike geloof, het my opgewonde vertel van wat dit vir haar beteken om Jesus te kan volg. Al die afgryslike ontberings wat sy moes deurgaan was oor en oor die moeite werd. Nou doen sy sendingwerk en versprei die evangelie. Die

Blye Boodskap deel sy met duisende mense wat vasgevang is in Hindoeïsme en Islam se kloue.

My vraag aan jou vanoggend is, of jy al daardie Skat wat mense so opgewonde maak, ontdek het? Jy het? Is jy ook opgewonde daaroor? Is jy so opgewonde as wat jy sou gewees het as jy die Krugermiljoene ontdek het? Is jy so opgewonde dat jy net eenvoudig nie daaroor kan stilbly nie, en dat jy vir elkeen wat jou pad kruis moet vertel daarvan?

Mag hierdie dag wat voor die deur lê vir jou groot seën inhou en jou borrelend opgewonde maak oor die fabelagtige Skat wat alleen Jesus jou kan bied, die Skat van God se Koninkryk en van die Ewige Lewe!

Gebed:

Here, dankie dat U vir my ook daardie skat van die Ewige Lewe en U Koninkryk gegee het. Gee my ‘n passie om dit ook vir ander te laat kry!

# 54.

# Wonderwerke

# Matteus 13:53-58

**VIDEO | OUDIO**

Ek wil vandag 'n klip in die bos gooi met 'n vraag wat baie mense dalk sal laat regop sit: Is God se wonderwerke afhanklik van ons as mense?

Moontlik moet ek my vraag kwalifiseer met 'n paar voorbeelde. In my jong dae het ek nogal dikwels opgetree op die verhoog en lawwe liedjies gesing. Dikwels het ons 'n meelewende gehoor gehad en dan het dit my aangevuur om álles te gee. Hoe meer die mense hande geklap het, hoe beter kon ek op die verhoog presteer. Ek onthou byvoorbeeld een aand waar ek moes optree enkele dae nadat ek 'n neus operasie ondergaan het. Ek was in pyn en daar was blou sakke onder my oë. Toe ek egter begin sing en die entoesiastiese gehoor my aanpor, kon ek nie anders nie as om 'n suksesvolle, groot vertoning te lewer. My vertonings was egter nie altyd so entoesiasties aanvaar nie. Die mees frustrerende optrede

wat ek ooit beleef het was in my eie gemeente, waar dit vir my gevoel het asof niemand eers na my luister nie. Mense het gesit en gesels terwyl ek sing dat die biesies bewe! Inderdaad is jou eie gemeenskap gewoonlik die een wat jou talente die minste waardeer.

Ek was die afgelope jare gereeld uitgenooi deur verskeie gemeentes regdeur Zoeloeland om Sondae daar te preek, alhoewel ek nie 'n dominee is nie. In my eie gemeente het ek egter nog maar min die voorreg gehad om 'n erediens te lei.

Charlise Theron is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Toe sy in Suid Afrika gebly het, het niemand van haar geweet nie. Sy moes maar tevrede wees met die krummeltjies. Dit het eers gekos dat sy moes wegtrek na Amerika waar mense haar werklik waardeer het vir haar ongelooflike talent. En daar in die verre Amerika het sy vir die eerste keer begin blom. Binne enkele jare het sy voorbladnuus geword en die hoogste sport van Oscar toekennings bereik, aangevuur deur entoesiastiese aanhangers.

Ons lees in Matteus 13:53-58 dat Jesus na Sy tuisdorp, Nasaret toe gegaan het. Daar het Hy die eerste dertig jaar van sy lewe deurgebring en in Josef se timmerwinkel gewerk. As Hy nou na ‘n afwesigheid van ‘n jaar of twee weer daar opdaag, is almal baie skepties. Hulle ken Hom mos! En hulle gaan aan met hulle lewens. Jesus moes baie moedeloos gewees het met hierdie klomp, want hóé hard Hy ookal probeer, wil hulle nie eers na Hom luister nie. Dalk het Hy vir hulle gesê om hulle siekes te bring sodat Hy hulle kon genees. Hulle het egter net skouers opgetrek met: “Wat weet ‘n timmerman dan nou van mediese dinge af?” Jesus se hande was letterlik afgekap, want sonder mense se samewerking was Hy in ‘n sekere sin magteloos. Dit klink verskriklik om dit so te stel! Was Hy werklik magteloos? Natuurlik weet ons vandag dat dit nie die geval was nie! Alhoewel Matteus hier skryf dat Jesus daar maar bitter min wonderwerke kon doen vanweë die mense se ongeloof, weet ons tog dat Hy elders asemrowende wonderwerke gedoen het!

Vandag is dit nog steeds presies dieselfde. Jesus doen vandag steeds wonderwerke en

kort-kort is daar berigte wat daarvan getuig. Jy hoor van asemrowende genesings waar almal hoop opgegee het. Waar die dokters die pasiënt klaar afgeskryf het! Iemand het egter in geloof bly vasklou aan die een Strooihalm, Jesus. Vandag is daar talle mense wat kan getuig van Goddelike genesings, waar die mediese wetenskap net eenvoudig nie 'n verklaring het vir wat gebeur het nie. Maar in feitlik al hierdie gevalle is daar iemand betrokke wat die geloof geopenbaar het wat God die geleentheid gegee het om die genesing te bewerkstellig. Genesings is maar een enkele voorbeeld van God se moderne wonderdade. Op talle terreine gebeur dit vandag. Ek kan persoonlik getuig van male sonder tal dat ek dinge alleen kon toeskryf aan die hand van God. 'n Tyd gelede ry ek die straat af in Ballito. Ek ry onder 'n reuse vyeboom deur, en dan sê 'n Stem iewers in my dat ek in my truspieëltjie moet kyk. Ek stop geskok net daar in die middel van die straat, want reg agter my het daardie reuse boom platgeval en lê dit oor die hele straat. As ek een sekonde stadiger was, was ek waarskynlik papgeval deur die boom. 'n Vrou wat van

voor af kom, het alles sien gebeur: "Jy weet nie hoe gelukkig jy is nie!" sê sy vir my. Nee, ek was nie gelukkig nie! God het my bewaar. Dit was nog een van talle wonderwerke wat Hy oor my pad gestuur het!

Die vraag is nou egter: is God dan afhanklik van ons geloof om wonders te doen? Is Hy met ander woorde magteloos as ons nie glo nie? Daar moet ek 'n duisendmaal nee sê! Natuurlik is Hy nie afhanklik van ons as mense nie. Hy is nie afhanklik van enigiets of enigiemand nie! Het Hy dan nie die ganse heelal geskep uit absoluut niks nog voordat daar enige lewe was nie? Wat egter wél waar is, is dat God wil hê dat ons geloof in Hom moet hê. Wanneer ons hierdie geloof begin openbaar, gebeur daar dinge in ons lewens wat andersins onverklaarbaar is. Nou moet ons ook natuurlik baie versigtig wees om nie ons geloof te probeer gebruik om God te manipuleer nie. Dit kan en mag net eenvoudig nie! Jou geloof moet in diepe kinderlike afhanklikheid van God gebruik en gesien word, nie as 'n verdienste nie maar as 'n absolute genadegawe.

Gebed:

Here, ek kan nie ophou sing van al U wonderdade nie!

# 55.

# Die Kop op die Skinkbord

# Matteus 14:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Herodus het 'n gruwelike ding gedoen toe hy toegelaat het dat sy wellus hom oorweldig! Die gevolg was dat hy reg in sy vrou, Herodias se kaarte gespeel het!

Die Herodus waarvan ons hier praat is Herodus Antipas. Sy pa was die berugte Herodus die Grote, wat onder andere verantwoordelik was vir die gruwelike massa babamoord kort na Jesus se geboorte. Herodus die Grote se drie seuns, Argelaus, Filippus en Antipas het hulle opleiding in Rome gehad, en ná hulle wrede pa se dood het hulle elkeen 'n landstreek gekry wat hulle moes regeer. Antipas se magsgebied was Galilea en Perea. Hy is getroud met die dogter van Aretas van Nabatea, maar hy kon net eenvoudig nie sy oë van sy broer Filippus se vrou, Herodias afhou nie. Uiteindelik het sy wellus die oorhand gekry en hy smyt sy vrou weg en rokkel sy broer se vrou af. Hieroor is Skoonpa Aretas

natuurlik bitter kwaad, en die gevolg is ‘n oorlog, een wat Antipas verloor. Maar nouja, hy hét toe mos klaar vir Herodias. Of was dit dalk nou sý wat hóm het? ‘n Regte gifappeltjie, daardie vrou! Só lees ons so tussen die lyne deur…..

Johannes die Doper kon net eenvoudig nie stilbly oor die land se heerser wat hom soos ‘n vark gedra nie, en hy vertel vir Herodus en Herodias kaalkop die waarheid. En Herodias braak gal! Hoe durf ‘n ongepoetste straatprediker haar man, die Tetrarg van Galilea so beledig! En hulle stop Johannes in die tronk. Dis die soort van dinge wat gebeur as daar nie persvryheid is nie!

En toe kom dáárdie partytjie: Herodus verjaar, en hy gooi groot makiti. Ek kan my indink: almal met ‘n titel is daar. Die tafels kreun onder die vragte eksotiese kos en die drankies vloei mildelik. Skamelgeklede danseressies vermaak die gaste met erotiese danse op die maat van die Oosterse musiek. En dan kom die hoogtepunt van die aand: die verruklike dogter van Herodias verskyn op die dansvloer. Sy het by haar slinkse ma geleer hoe om mans

te betower, en as sy oor die dansvloer gly en wriemel, laat sy menige man in die vertrek kwyl. Herodus kan sy oë nie van haar afhou nie. As sy uiteindelik haar laaste draai maak, is die applous oorverdowend. Herodus wink haar nader: "Sê maar net wat jy wil hê!" Hy is merkbaar betower deur haar vertoning. "Enigiets! Ek sweer, enigiets wat jy vra gee ek vir jou!" Sy tong is goed los, want wellus het mos die manier om jou dinge te laat sê wat jy normaalweg nie sou sê nie. Jou verstand dink net eenvoudig nie meer logies nie!

Sy kyk vraend na Mammie, en Mammie fluister iets in haar oor. Vir 'n oomblik wil dit amper voorkom asof die meisiekind geskok is, maar dan sprei 'n slinkse glimlag oor haar beeldskone gesiggie: "Johannes se kop!"

Daar sak 'n geskokte stilte neer oor die vertrek. Het hulle reg gehoor? Herodus word wasbleek, maar sy vrou sit met 'n tevrede glimlag op die gesig. "Ek wil Johannes die Doper se kop hier op 'n skinkbord hê!" en sy wys met haar vinger hoe die man keelafgesny moet word. Teen hierdie tyd is Herodus skoon nugter geskrik. Hy probeer nog wal gooi, want uiteraard is hy

darem ‘n verantwoordelike heerser! Maar dan onthou hy sy belofte aan haar. As hy nou sou omdraai, is sy reputasie totaal daarmee heen.

“Nou goed dan!” Hy is moedeloos.

En Herodias glimlag tevrede, haar onverbloemde haat vir Johannes is bevredig! In die proses maak sy van haar dogter ook 'n moordenaar om haar moordlus te bevredig!

‘n Rukkie later dra twee slawe die grusame, bebloede gesig in ’n skottel die vertrek binne en gee dit vir die meisie. Sy wil dit nie hê nie en sy gee die afgryslike geskenk vir Mammie Herodias. Herodus voel siek……

‘n Grusame verhaal wat baie vrae in jou gemoed laat. Herodus het die wonderlike voorreg gehad om ‘n besoek te kry van die grootste profeet van alle tye, Johannes die Doper. Wat doen hy? Hy laat hom opsluit en vermoor. Hy kry ‘n tweede kans toe Jesus, die Seun van God, die Messias in sy omgewing kom preek. Hy skrik hom asvaal, want hy dink dat dit Johannes se spook is! Weereens laat hy die kans om die ewige lewe te verkry deur sy vingers glip. Daar was nooit weer daarna ‘n kans vir Herodus nie. Hy het sy laaste kans

verspeel!

Iemand skryf ‘n tyd gelede vir my en vra wat sy moet doen om ‘n kind van God te word. Ek het vir haar die duidelike, eenvoudige Evangelieboodskap gestuur. Haar antwoord was dat sy nog nie gereed was daarvoor nie. Sy moes nog eers dinge in haar lewe gaan regmaak. Sy het nooit weer van haar laat hoor nie. Is dit dalk nou ook al te laat vir haar, net soos Herodus? Was haar sondes dalk só groot dat sy gedink het dat daar nie vir haar vergifnis kon wees nie? Jesus het aan ‘n moordenaar die ewige lewe gegee terwyl Hy sterwend aan die kruis gehang het. Selfs sy verskriklike sonde was nie te groot vir God se vergifnis nie. As Herodus dit tog maar net kon besef, was hy dalk ook gered! Hy het egter sy ore toegedruk vir die evangelie. Hy wou dit nie hoor nie!

Moenie dat dit met jou gebeur nie………..

Gebed:

Here, ek bid vanoggend innig vir die talle mense wat deur hierdie dagstukkies reeds die duidelike Evangelieboodskap ontvang het, en nog nie daarop reageer het nie!

# 56.

## Dinsdag 11 Julie

## Kos vir 'n Reuse Skare

## Matteus 14:13-21

**VIDEO** | **OUDIO**

Die nuus van die grusame en onverstaanbare moord op die profeet, Johannes die Doper het die gemeenskap geskud. Jesus is self ook diep daardeur getref, sovéél só dat Hy net alleen êrens wil wees op 'n stil plek waar niemand Hom pla nie.

Dit is soms nodig dat jy jou net afsonder van die wêreld om alleen met God te kan wees, sodat jy weer perspektief op die lewe kan kry. Jesus en Sy twaalf leerlinge klim in 'n skuit en roei na 'n eensame plekkie. Só maklik kom hulle egter nie van die hongerige skares mense af weg nie. Toe hulle weer sien, is daar al klaar weer 'n reuse skare wat om hulle saamdrom. Jesus se oomblik van stilte was van baie korte duur. Die nood onder die mense is groot, en daar is baie wat desperaat is om genesing te kry, maar dan is daar ook talle wat kom net om vir Jesus te hoor praat, want

sy woorde is soos salf op die sielewonde.

Die twaalf manne begin onder mekaar brom. Dit word laat, en hulle is dan nou juis op so ‘n afgeleë plekkie. Waar gaan al hierdie mense kos vandaan kry? Een van die manne word afgevaardig om iets in die Meester se oor te gaan fluister, Hy moet die mense na die dorpies daar naby stuur om te gaan kos soek. Jesus laai egter die probleem vierkantig op die twaalf se eie skouers af: “Hulle hoef nie weg te gaan nie; gee júlle vir hulle iets te ete.”

Die manne skrik hulle yskoud. Dis ‘n groot klomp mense hier bymekaar! Hulle maak vinnig ‘n skatting: hier is minstens vyfduisend mans! Dan het hulle nie eers al die vrouens en kinders ook bygereken nie! (Ons kan dus aanneem dat daar dalk iewers tussen tien- en vyftienduisend mense bymekaar kon wees.) Dis skrikwekkend!

Gaan reël nou maar net ’n baie eenvoudige maaltyd vir vyftien gaste, en kyk wat kos dit! Dink dan bietjie hoeveel werk jy daarin moet sit om almal gelukkig te hou. Hier het ons ’n duisend keer soveel mense! Hoe voorsien jy vir so ‘n magdom mense? Die logistieke

probleme wat dit behels vir so ’n ete is astronomies, al is dit baie eenvoudig!

Jesus se dissipels raap en skraap, maar die vyf broodjies en twee vissies waarmee hulle vorendag kom is lagwekkend belaglik! Daar is nie eers genoeg vir die twaalf van hulle nie!

Jesus se reaksie? Hy dank God bloot vir die kos en begin uitdeel. Die manne se oë rek! Hulle kan nie glo wat hulle sien nie! Hulle stuur die kos met die ry af, maar dit word net eenvoudig nie minder nie! Uiteindelik is daar oorgenoeg vir almal, en die oorvloed is só groot dat hulle nog twaalf mandjies vol het wat oorbly nadat almal versadig is.

Wat presies het hier gebeur? Daar was ‘n groot nood en die manne het na Jesus gegaan vir hulp. Hulle het dééglik besef dat hulle uit eie krag niks kon doen nie. Jesus gee hulle ‘n opdrag om sélf iets te doen aan die saak - húlle moes vir die mense kos gee! Hulle het nie maar op ‘n hopie gaan sit en sê dat dit tog absoluut onmoontlik was, en dat dit tog nie eers sou help om te probeer nie! Nee, hulle het begin rondvra wie kos daar het. Hulle het met ander woorde pro-aktief opgetree. Dít

wat hulle in die hande kon kry, het hulle vir Jesus gegee. Met hulle karige ou bietjie het Hy die wonderwerk laat gebeur.

Oor die afgelope klompie jare het daar oral in ons land sopkombuise opgespring. Mense het die groot nood van werkloses, armes en wesies raakgesien en besluit om te help waar hulle kon, al het baie van hulle nie eers geweet waar om te begin om die middele te kry nie. Daar is talle verhale van mense wat so 'n sopkombuis met absoluut niks begin, en dan uitvind dat die kos en fondse om die kombuis te bedryf op wonderbaarlike wyse voorsien word. As jy egter gaan kyk watter metodes God gebruik om te voorsien, sal jy gou agterkom dat die kos en geld nie sommer maar uit die lug val nie! God vra van ons om aktief op te tree. Om 'n voorbeeld te noem: jy sal dalk na 'n groot supermark gaan en aan die bestuurder verduidelik wat jy besig is om te doen. Dan vra jy vir skenkings of vir kos wat nie meer in 'n toestand is om te verkoop nie, soos groente wat begin verlep. Die wonder kom wanneer God in daardie bestuurder se hart werk en hy besluit om te voorsien. Voor jy jou kan kry is daar 'n kettingreaksie wat jou

verstom!

Die belangrike dinge om te onthou is:

1. Bring jou nood in die geloof na God sodat Hy kan help.

2. Sit sélf skouer aan die wiel en doen wat Hy van jou vra. Moenie maar net hoop dat hulp uit die lug sal val nie.

3. Glo dat God op die regte tyd en deur die regte kanale sal voorsien.

4. Dank God wanneer die “manna en kwartels” op jou neersif, dikwels uit die mees onverwagte oord.

5. Gee aan God al die eer, want alleen Hý kan voorsien, al lyk dit soms vir jou of dit uit ‘n suiwer menslike oord kom.

Gebed:

Here, vanoggend moet ons net weereens besef dat U almagtig is en dat U voorsien in al ons behoeftes. Help my asseblief om my volle vertroue in U te plaas!

# 57.

# Om Op Water Te Loop

# Matteus 14:22-33

**VIDEO | OUDIO**

Om mense gesond te kan maak, is dalk nog aanvaarbaar. Om water in wyn te laat verander, is asemrowend. Om vir 'n skare van vyftien duisend kos te gee uit niks, is beslis die absoluut onmoontlike. Maar om op die water te kan loop - dis iets wat slegs die gode beskore is! So het die mense van die antieke tyd geglo. Om op die see te kon rondloop, het jy die godewêreld betree!

Met hierdie vertelling wil Matteus egter vir ons baie meer sê as dat dit maar net nog 'n wonderwerk van Jesus is. Hy wil die ware identiteit van Jesus beklemtoon. Hy is nie maar bloot van die godewêreld nie, Hy **IS** die Almagtige God!

Nadat Jesus en Sy dissipels vir die reuse skare kos gegee het, is dit te verstane dat hulle totaal uitgeput is. Jesus stuur die manne solank met 'n skuit vooruit na die oorkant van die meer, terwyl Hy nog die laaste mense huistoe

stuur. Dan kry Hy uiteindelik ook rus, en Hy klim teen die berg op om te gaan bid sodat Hy Sy kragte kan herwin. Dit lyk asof Jesus die grootste deel van die nag in gebed deurgebring het. Dit beklemtoon ook net weereens die ontsettende waarde en noodsaaklikheid van gebed vir ons as gelowiges.

Intussen roei en stoei die ander manne met die see. Hulle kry letterlik die wind van voor, en hulle skuit wil maar net nie vorder nie. Dan, in die wasige mistigheid van die vroeë oggendskemering sien hulle daardie figuur oor die see aangeloop kom, reg op hulle af. Hulle skrik hulle skoon in 'n ander geloof in, want wat hier gebeur is die absolute onmoontlike. Het hulle nou die gode- of geesteswêreld betree? Is dit 'n spook?

Ek kan my nogal assosieer met die manne. 'n Geheimsinnige figuur wat oor die woeste golwe na jou toe aangestap kom, en daar is nêrens waarheen jy eers kan vlug nie! Ek dink dat dit bloedstollend, skrikwekkend vir die arme manne moes wees. Hulle het geskreeu van angs!

Dan kom hulle Meester se gerusstellende woorde: "Hou moed, dit is Ek; moenie langer bang wees nie." Jesus se woorde: "Dit is Ek" herinner ons aan Moses se ontmoeting met God by die brandende bos. Moses wou weet: "Wie is U?" "**EK IS WAT EK IS**" stel die Here Homself aan Moses bekend (Eksodus 3). Skielik word 'n vreesaanjaende situasie ontlont. Wat meer is, Jesus sê hiermee vir hulle dat Hy dieselfde troue Verbondsgod is wat aan Moses verskyn het en wat nie alleen aan Moses en die Israeliete uitkoms gegee het nie, maar wat ook **NOU** uitkoms in húlle nood kom gee. Hy is Immanuel, God Met Ons! Alle mag behoort aan Hom, selfs die totaal onmoontlike soos om op die water te kan loop!

Hierdie twee gedagtes bring onmiddellik vir hulle kalmte.

Skielik skep Petrus moed: hy wil óók op die water loop! Ja, Petrus was die een wat altyd dinge gedoen en gesê het op die ingewing van die oomblik, sonder om te dink. Vuriglik impulsief! En kort-kort laat dit hom in die moeilikheid beland. En nou wil hy sowaar die totaal onmoontlike doen, die ding wat alleen

die “gode” kan doen, net omdat hy vir Jesus dit sien doen het. As Jesus hom uitnooi om uit die skuit te klim, is dit Petrus se impulsiewe geloof wat hom die mag gee om die eerste treë op die water te gee.

Hy het dit reggekry! Hy staan op water! Sy maters kan hulle oë nie glo nie, want hier loop hy, Petrus, ‘n doodgewone mens op die rowwe see. **DIE ROWWE SEE!** Daarmee het Petrus nou nie juis rekening gehou nie. Om op water te loop, dié kon hy dalk nog baasraak. Hier kom egter nou die skrikwekkende golwe op hom afgestorm. Skielik sien hy nie meer vir Jesus nie, maar net hierdie verskriklike golwe. En dan sink hy. Die oomblik as hy sy oog van Jesus af wegneem, is alles verlore. Jesus gryp hom aan die hand en help die arme bedremmelde Petrus die skuit in.

“Hou die oë op Jesus” sing ons. Maar dan sink ons wanneer ons Hom uit die oog verloor. Inderdaad sou Petrus ook nog ‘n hele paar keer lelik sink op sy pad vorentoe!

Is daar nie dalk maar ‘n Petrus in ons elkeen se lewe nie? Ons is dikwels geteister deur angs, ongeloof en kleingeloof. Soms kom daar selfs

oomblikke dat ons oor God twyfel, dat ons totaal die oog van Hom af wegneem. Dan vra ons ook soos Petrus: "As dit werklik U is……." (vers 28). Maar dan, as ons (soos Petrus) die Woorde van die Here hoor wat ons uitnooi: "Kom!" is ons in staat om bo die twyfel en angs uit te styg en letterlik op water te loop.

Ons moet egter onthou dat dit nie hier oor menslike bravade gaan nie, maar oor 'n "loop in die geloof". Jy is maar gedurig bewus van jou eie twyfel. Kort-kort is daar 'n insinking waaruit Jesus ons moet red. Tog hoor ons elke keer weer die Here se stem: "Kom!" Hy wil hê dat ons dit sal waag op die pad van radikale liefde en gehoorsaamheid om so ons angste en kleingeloof te oorkom. Petrus het uiteindelik geseëvier ná Pinksterdag. Toe het hy uitgestyg as 'n hoekpilaar in die geloof. Ek en jy kan ook. Nes Petrus, het ons ook die Heilige Gees ontvang wat ons al die nodige krag gee.

Gebed:

Here, dankie dat U ook vir my U Heilige Gees gegee het, en dat U daardeur vir my onbeperkte krag gegee het. Here, versterk asseblief elke dag my geloof en vertroue in U!

# 58.

# Tradisies

# Matteus 15:1-20

**VIDEO | OUDIO**

In ons gemeente was daar eenmaal tydens 'n kerkraadsvergadering 'n hewige debat oor watter soort klere die ouderlinge en diakens in die kerk moes dra. Tot laatnag toe was daar gestry, en die arme predikant moes net bontstaan om vure dood te slaan. Sommige wou die tradisie van swart pakke en wit dasse handhaaf, terwyl die ander dit net eenvoudig nie meer kon uithou in die warm klere in die snikhete Stanger nie. Uiteindelik was daar 'n ooreenkoms bereik: Safaripakke! Dit was natuurlik daardie tyd hoogmode! Aan die einde van die gesprek moes die arme predikant egter verneem dat hy steeds gebuk moes gaan onder die las van die swart pak en boonop nog 'n toga óók. Hy was immers die leraar!

Ons kan dan seker ook die vraag vra, wat is die doel van 'n kerkraadsvergadering? Is dit om ellelange debatte te voer oor die

handhawing van tradisies, of is dit om maniere te besin waarop die Koninkryk van God beter uitgebrei kan word?

Onsinnige tradisies was al die oorsaak van baie pyn en smart in die kerk. Vat byvoorbeeld nou maar die hoed wat vrouens moes dra, of hulle nou wou of nie. Dankie tóg dat daardie saak opgelos is! Hoede het veroorsaak dat 'n erediens dikwels in 'n modeparade ontaard het. En dan was daar die absurde!

Ek lees eenmaal 'n storietjie van Ferdinand Deist wat daar in die Sandveld afgespeel het: die koshuiskinders was gedwing om kerk toe te gaan, gevolglik het hulle doodverveeld Sondae op die galery gesit en kattekwaad uitdink. Daardie Sondag het een seun 'n stuk vislyn met 'n hoek saamgekarwei kerk toe, en soos sy geluk dit wou hê, kom sit 'n gewigtige ou tante met 'n reuse wawiel, versier met 'n plastiek vrugterangskikking op haar kop hier reg onder hom. Toe die dominee sê: "Laat ons bid", neem die kêreltjie sy kans waar. Almal staan op vir die gebed, en terwyl almal se oë toe is, laat sak hy sy hoek na onder en haak

hom netjies in hierdie vrugterangskikking, en hy maak die lyn vas aan die galery se tralies. Wat hy egter nie besef het nie is dat die tante die hoed stewig in haar hare vasgesteek het met haarspelde sodat die wind dit nie skep nie. Gevolglik, toe dominee "Amen" sê, is daar konsternasie, want toe die tante begin sit, bly hang sy, soos Absalom van ouds, tussen hemel en aarde! Iemand het darem tot haar redding gekom en die lyn gesny met 'n knipmes. Maar toe volg die tweede konsternasie, want skielik is die spanning van bo onverwags gebreek, en toe plof die ou tante na benede op die kerkbank dat dit weergalm deur die kerk! Die dominee het daardie Sondag puur verniet gepreek, want ek twyfel of enigeen iets van sy preek kon onthou!

Die handewassery wat ter sprake is in Matteus 15 het absoluut niks te doen met normale higiëne nie, maar suiwer tradisies wat hulle oorsprong in die tempeldiens het. Die Fariseërs het hierdie tradisie op die gewone mense probeer afdwing. As hulle nou ook hulle tradisies op Jesus se dissipels probeer afdwing, kap Jesus hulle terug oor hulle skynheiligheid. Volgens tradisie (dis nou die Fariseërs s'n)

moes ‘n sekere deel van hulle besittings slegs aan die tempel gewy word, en hieraan mag hulle nie raak nie. Hierdie was dan ‘n baie maklike manier om hulle ander verpligtinge vry te spring want daar was mos nou nie meer genoeg oor om byvoorbeeld vir hulle ouers te sorg nie. Basiese naasteliefde moes sneuwel ten koste van ‘n baie vroom tradisie. Jesus noem dit pure lippediens! Uiterlike vroomheid kan nie regmaak wat binne verkeerd is nie. So ‘n uiterlike vroomheid kan selfs veroorsaak dat iemand anders in die proses sondig. Kyk nou maar net hoe die arme koshuisbrak daardie Sondag gesneuwel het oor die ou tante se vrugterangskikking op haar kop! En dit alles net oor uiterlike vroomheid en tradisies.

Ons moet baie duidelik verstaan dat Jesus nie hier ‘n veldtog voer teen vroom uiterlike handelinge of tradisies nie, maar dat dit eerder gaan oor ‘n mens se gesindheid. Opregte godsdiens begin by die regte innerlike gesindheid, en die eerste hoekpilaar daarvan is liefde. Eerstens opregte liefde teenoor God, en dan natuurlik ook opregte, ongeveinste liefde teenoor jou medemens. Hierdie liefde moet weereens nie ‘n

aangeplakte aksie wees net om ander te beïndruk nie, maar moet diep uit jou hart kom. Die spreekwoord sê: "Wat die hart van vol is, loop die mond van oor." As jou hart vol liefde is, sal nie alleen jou mond nie, maar jou hele lewe daarvan oorloop.

Hiermee wil ek natuurlik nie sê dat alle tradisies sleg is en uitgegooi moet word nie. Inderdaad is daar steeds mooi tradisies wat behoue moet bly. Maar die voorwaarde moet wees dat ons dit nie onderhou ter wille van die tradisie nie, maar dat ons die ware betekenis agter die tradisie moet uitleef, en dat dit uit die hart moet kom!

Gebed:

Here, maak asseblief my oë oop sodat ek kan sien waar die dinge wat ek doen slegs mooi tradisies is. Help my asseblief om waarlik uit die hart vir U te lewe!

**59.**

# Om te Neul by God

## Matteus 15:21-28

**VIDEO** | **OUDIO**

As ek van die Here iets vra, en Hy antwoord nie my gebed nie, mag ek dan aanhou vra? Dan is dit mos dieselfde as om te neul by God!

Paulus het 'n "doring in die vlees" gehad, en hy het drie keer vir die Here gebid om dit weg te neem, maar die Here se antwoord aan hom was dat dit nie binne Sy wil val om dit weg te neem nie. Paulus het nie weer gevra nie. Beteken dit dat God later 'n dowe oor draai as ons aanhou vra? Vandag se Skrifgedeelte handel juis oor so 'n persoon wat aanhou kerm het.

Jesus het vir 'n tyd uitgewyk na die stede Tirus en Sidon in Fenisië, 'n nie-Joodse gebied. Met enkele uitsonderings soos byvoorbeeld die Hellenistiese gebied van Gadara, het Jesus Sy prediking en genesings tot dusver meestal beperk tot Jode, die Volk van God. Nou bevind Hy Hom egter in 'n vreemde land met vreemde mense. Jy onthou seker nog dat die

inwoners van Sy tuisdorp Hom verwerp het!

Op ‘n dag kom ‘n Kanaänitiese vrou en kerm al agter Jesus aan om asseblieftog haar siek dogter te help. Wat maak Jesus? Ons is eintlik verras wanneer ons sien dat Hy maak asof Hy haar nie hoor nie, en bloot aanstap. Die manne saam met Hom raak geïrriteerd met hierdie vrou wat so aanhou kerm. As hulle dit nie meer kan hanteer nie, sê hulle vir Jesus dat Hy haar asseblieftog net moet wegstuur, want sy neul!

Dan draai Jesus om. Hy laat haar duidelik verstaan dat Hy haar nie sou help nie, want sy is mos nie ‘n Jood nie. Sy taak was spesifiek om die evangelie aan die Jode, die uitverkore volk van God te kom bring. Onthou, dit was eers tydens Sy hemelvaart waar Sy volgelinge die opdrag kry om die evangelie na die ander volke uit te dra. Op hierdie stadium is dit egter nog net vir die Jode bedoel. Maar hierdie vrou is desperaat, en sy kom met allerhande argumente waarom sy ook deel moet kry van Jesus se bediening. Sy sal tevrede wees selfs met net “die ou krummeltjies wat van die tafel afval.” Sy verstaan baie goed, maar sy wil nie

die uitverkorenes se “brood” afneem nie. Asseblieftog………

Hoe ironies is dit dat die geleerdes wat die Woord van God bestudeer het tot in die kleinste detail, vir Jesus verwerp. Hy is die Een van Wie die Skrifte vertel het, die Een oor Wie Jesaja so sielvol geskryf het. Hulle het alles geweet, nogtans het hulle Hom geminag en Hom uitgeskel vir alles wat sleg is. Tog kom hierdie heidense vrou uit ’n heidenland en sy spreek Hom aan op Sy Joods-Messiaanse titel: “Here, Seun van Dawid”!

Ja, uiteindelik het hierdie selfde vroom “Godsmense” tot die uiterste toe gegaan en Jesus laat doodmaak om sodoende vir altyd van Hom ontslae te raak. En God het vir Hom ‘n nuwe volk versamel uit al die heidennasies van die wêreld, soos Hy aan die eerste dissipels die opdrag gegee het: “**Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.**” (Mark. 16:15)

Jesus het met deernis geluister na hierdie vrou wat nie wou ophou nie. Hy het geloof in haar gesien, geloof wat nie in die Skrifgeleerdes teenwoordig was nie. Hoe kon Hy haar

versoek bloot ignoreer? Natúúrlik sou Hy dit nie ignoreer nie! Haar dogter is genees. Haar pleidooi het baie beslis nie op dowe ore geval nie. Wie weet, dalk wou Hy met Sy ignorerende houding en maak asof Hy haar pleidooi nie hoor nie, net toets hoe sterk haar geloof werklik is.

Om terug te kom by die vraag of ek dan mag aanhou vra vir iets van die Here af: Ja, verseker! As Jesus 'n nie-Joodse vrou sou help, alhoewel dit nie sy aanvanklike taak was nie, hoeveel te meer sal Hy nie sy kinders help nie. Hy is immers die Immanuel, God by ons, en Hy het belowe dat dit vir altyd so sal wees. Ons kan dus te alle tye verseker wees van Sy hulp, en ons mag maar, net soos daardie Kanaänietiese vrou, somtyds kerm by Hom. Anders as mense wat dikwels geïrriteerd met ons raak as ons aanhou en aanhou, sal Jesus steeds geduldig na ons luister. Soms voel dit asof Hy ons totaal ignoreer, maar wees verseker: Hy luister! Dalk wil Hy ook jou geloof daardeur toets. Dalk wil Hy juis jou geloof daardeur brei en sterk maak, sodat jy 'n nuttige instrument in Sy hande kan word om in diens te staan om die Koninkryk van God uit te

brei.

Natuurlik sal Hy nie elke versoek van jou toestaan nie, want soms is dit nie binne Sy wil nie. Paulus se doring was so ‘n geval. Maar jy mag maar aanhou vra totdat jy ‘n antwoord van God af gekry het.

Dikwels gebeur dit ook dat Hy jou gebed, jou pleidooi hoor, maar dat Hy dit dan op ‘n totaal ander wyse verhoor as waarop jy gehoop het. Ek het dit die afgelope paar jaar so intens ervaar, waar ek baie dikwels moes pleit vir uitkoms, moes pleit dat die Here voorsien. En dan voorsien Hy wél, maar op ‘n tyd en manier wat ek die minste verwag. Ek slaan dikwels my hande saam in verbasing en tegelykertyd in verwondering oor die weë van die Here wat so verrassend en vars is.

En ja, ek neul ook maar dikwels by Hom, en ek het nog nooit ‘n afjak gekry nie!

Gebed:

Dankie Here, dat ek maar by U kan neul, en dat U elke keer na my luister!

# 60.

# Nóg Brood

# Matteus 15:29-39

**VIDEO | OUDIO**

Ons lees vanoggend ‘n verhaal gevul tot oorlopens toe met liefde en deernis. Jesus en sy dissipels is terug by die See van Galilea waar so ‘n groot deel van Sy bediening afgespeel het. Hierdie keer klim Hy in ‘n afgeleeë gebied teen ‘n berg op, en van heinde en verre word siekes na Hom aangekarwei: verlamdes, gebreklikes, dowes, stommes, blindes. Jesus het hulle almal gesond gemaak. Die stroom van “pasiënte” is nimmereindigend, en die wonderlike is dat die mense die hand van God hierin raaksien en God daarvoor loof en prys. As ons tussen die lyne lees, moet ons agterkom dat die enkele genesings wat vir ons opgeteken is, slegs ‘n druppel in die emmer is van wat Jesus werklik gedoen het.

Vir drie dae lank hou dit so aan, en die skare word al hoe groter. Maar daar is ‘n probleem: op hierdie verlate plek is daar nêrens ‘n plek

waar die klomp mense kan gaan kos kry nie. Hulle is baie ver van die naaste dorp af, en vir drie dae het meeste van hulle nog niks gehad om te eet nie. Jesus het die mense innig jammer gekry, en Hy lê Sy bekommernis oor hulle voor die voete van die twaalf manne. Hulle kyk vir mekaar: "Waar sal ons in hierdie verlatenheid kos kry vir so baie mense? Hier sit vierduisend honger mans met hulle vrouens en kinders! Ons kan tog nie vir almal kos optower nie….?"

Ai tog! Die twaalftal het al lankal weer vergeet van die vorige geleentheid waar hulle in 'n byna identiese situasie vir 'n reuse skare kos gegee het, en dit met net vyf brode en twee vissies! Hoe kan dit moontlik wees dat hulle so 'n wonderwerk kan vergeet? Of sou hulle dalk gedink het dat só 'n wonder beslis nie herhaal kon word nie?

Jesus moes sekerlik baie moedeloos met Sy leerlinge gewees het. Hoe lank gaan dit hulle nog neem om te begin leer? Wanneer kry hulle eendag die boodskap? Drie dae gevul met asemrowende wonderwerke, en nog steeds is die manne kleingelowig!

“Hoeveel brood het julle?” wil Jesus weet.

Sewe brode, dis al! Plus darem ‘n paar vissies ook. Dan doen Jesus dit weer: Hy dank God vir die kos en die manne word aangesê om die kos te begin uitdeel. Hoe verder hulle vorder, hoe meer word die kos! Daar is net eenvoudig nie ‘n einde nie! En wanneer almal versadig is bly daar nog baie meer oor as wat hulle uitgedeel het, sewe mandjies vol brood.

Hoe ironies dat hierdie einste mense wat met soveel verwondering na Jesus geluister het, wat so elke woord wat uit Sy mond gekom het ingedrink het, Hom uiteindelik verwerp het. Ja, dit was dieselfde mense wat met soveel oorgawe die nimmereindigende stroom van siekes en blindes en gebreklikes en dowes na Jesus toe aangebring het! Ons lees dat Jesus hierdie mense innig jammer gekry het. Ons sien telkemale hoedat Hy Hom afsloof om in hierdie mense se behoeftes te voorsien. Ons sien hoedat Hy dae aanmekaar moet werk om die stringe siekes gesond te maak, en dat Hy Hom boonop nog bemoei daarmee om vir reuse skares kos te gee. Hoeveel deernis was daar nie opgesluit in Jesus se onselfsugtige

werk nie! Nogtans is dit dieselfde mense wat Hy met soveel liefde oorlaai het wat net ‘n rukkie later gevul met haat, woedend geskreeu het: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!”

Vandag veroordeel ons die Jode oor hulle kortsigtigheid. Maar ons moenie te gou oordeel nie, want is dit nie maar die geskiedenis van die moderne mens ook nie? Sien ons nie vandag hierdie sélfde dinge voor ons oë afspeel nie? Inderdaad kan ons vingerwys na die hordes mense wat Jesus vandag openlik verwerp, en dít nadat die evangelie, die blye tyding so helder en duidelik regoor die wêreld uitgebasuin word oor die TV, radio en internet! Net soos die Jode van ouds kan almal vandag eerstehands die wonderdade van God aanskou. Die oorgrote meerderheid van mense lag egter maar net oor hierdie evangelie, en dan gaan hulle ongestoord voort met hulle roekelose lewens!

Steeds moet ons nie te gou wees om te oordeel nie, want ek en jy as Christen-gelowiges, wat Jesus se wonderlike liefde eerstehands ervaar het, en wat vandag weet dat Hy ons gered het uit die ewige

verdoemenis - hoe leef ons ons dankbaarheid teenoor Hom uit vir hierdie groot genade?

Inderdaad skree ons darem nou nie "Kruisig Hom!" nie, maar seer selde weerspieël ons lewens daardie wonderlike liefde wat Jesus aan ons betoon het. As ek dink aan die liefde en deernis waarmee Hy mý gered het, staan ek met groot skuld voor Hom! Ek kan nie eers naastenby begin om met my lewe daarvoor dankie te sê nie! In Matteus 28 vra Jesus 'n klein dingetjie van my: om te gaan vertel. Met hoeveel mense het ek al ooit in my leeftyd die evangelie gedeel? Dis egter meer as net om te vertel van Jesus, want in die afgelope week se oordenkinge sien ons herhaaldelik hoe Jesus mense voed en genees. Jesus red nie net ons "siele" nie – ons totale menswees is vir Hom belangrik. Juis in hierdie deernisvolle hantering van mense, herken die mense Hom as die Messias.

Die wêreld is honger vir die Woord. Maar sonder ons, God se boodskappers, kan hulle nie versadig word nie.

Gebed:

Here, ek loof en prys U, want U is so goed vir

my. U oorlaai my dag-vir-dag met ryke seëninge. Help my asseblief om ook iets hiervan vir U terug te gee!

## 61.

## Suurdeeg

## Matteus 16:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Suurdeeg is 'n wonderlike ding. Kyk nou maar net hoe kan hy toor met 'n sakkie meelblom! Een van die groot lekkertes van 'n kuiertjie in die Bos, is natuurlik daardie siel-salige uitstrek by 'n hardekoolvuurtjie, en die klanke en geure van die veld indrink. Om te sit en staar na die vlammetjies wat bokspring en dans en huppel en allerhande prentjies optower. En dit natuurlik terwyl jou vleisie rustig op die kole lê en lekker raak en daardie vingerleklekker geur van die smeulende hout soos 'n spons indrink. Maar sekerlik die belangrikste is jou potbroodjie wat daar eenkant op 'n paar rustige kooltjies staan en stoom!

Maar om daardie potbroodjie so goudbruin en donsig-sag te kry, het jy 'n paar dinge nodig. Natuurlik meelblom en sout en sommer 'n bietjie kruie vir die smaak, maar sonder die pakkie suurdeeg sal hy soos 'n baksteen smaak. Dis harde werk om die suurdeeg

behoorlik deur te knie. Maar dan begin die wonderwerk as die wit deeg hier voor jou oë begin rys en rys, totdat hy naderhand oor die skottel se rand probeer ontsnap! Wonderlik hoe 'n ou klein bietjie suurdeeg 'n hele skottel deeg in 'n heerlike, geurige, stomende, watertand broodjie kan verander. As jy na 'n uur se bak die pot se deksel lig, dan weerklink dit om die vuur: "Aaaaah!" van pure verwondering. Dit is dán dat jy selfs skoon kan vergeet van die peperduur biefstuk op die kole!

Hoe werk suurdeeg? Ek weet nie, maar wat ek wél weet, is dat dit alles waarmee dit in aanraking kom, affekteer. Gooi jy 'n teelepeltjie vol in 'n bak meel, dan begin dit naderhand borrel en blaas en dit raak 'n lewende organisme. Gooi 'n bietjie suurdeeg in 'n emmer vol water en suiker met 'n bietjie gemmer en 'n handjievol rosyntjies, en netnou raak daardie 'n heksebrousel wat borrel en kook en stoom en gis. Die eindproduk is dikwels 'n ding met 'n liederlike skop as hy lank genoeg laat staan word! Die suurdeeg maak van die rustige watertjie 'n baie kwaai brousel.

Ek het al ‘n slag of wat maroelabier gemaak in die Laeveld. Dit maak nogal ‘n heerlike verfrissende drankie. Per geleentheid het ek ‘n bietjie suurdeeg bygegooi en laat hom sommer lekker lank staan, nét om te sien wat gebeur. Na ‘n week het daar vir jou ‘n klankie uitgekom wat skrik vir niks! Half huiwerig het ek vir my ‘n glasie geskink. Daardie borrelende brousel het ‘n skop gehad soos ‘n muil! Giftig! En boonop totaal ondrinkbaar.

Dalk is dit juis hierdie soort invloed wat die Jode suurdeeg in ‘n negatiewe lig laat sien het. Hulle het geglo dat suurdeeg eintlik in ‘n sekere sin agteruitgang veroorsaak. Gedurende Paasfees was alle suurdeeg dan ook uit die huis gesmyt as ‘n simboliese aksie, en die brood wat gebak word is sonder suurdeeg gebak. Ek kan my indink hoe onsmaaklik sulke ongesuurde brood moes smaak! In die Nuwe Testament word suurdeeg dan gewoonlik ook, met slegs een of twee uitsonderings in ‘n negatiewe sin gebruik. In Matteus 16:6 waarsku Jesus byvoorbeeld Sy dissipels teen “die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs”.

Net soos wat ‘n klein bietjie suurdeeg ‘n groot invloed het, het een enkele persoon dikwels ‘n invloed op baie mense. Hitler was ‘n kragtige “suurdeeg” wat miljoene mense beïnvloed het. Net so kan ‘n enkele negatiewe persoon ‘n hele gemeente versuur. Ek onthou die Sondag toe ‘n gemeentelid opgestaan het tydens die Erediens en aangekondig het dat hy nie langer na die dominee se “snert” sou luister nie. Dit het die ganse erediens totaal geruïneer! Een persoon se negatiewe houding kan ‘n hele gemeente saamsleep op sy donker pad.

Maar suurdeeg kan ook in ‘n positiewe lig gesien word, soos in Matteus 13:33 beskryf word. Dink maar aan daardie geurige potbrood. Een enkele persoon kan ‘n hele gemeente positief beïnvloed met byvoorbeeld liefde wat uitstraal of blydskap of entoesiasme. Toets dit maar: stap in ‘n vertrek in waar ‘n klomp teneergedrukte mense sit. Begin om vrolik en hartlik die mense te groet met blydskap wat uit jou hart kom en binne minute verander die ganse stemming van daardie groep. Mense wat totaal afsydig is, sal selfs met mekaar begin gesels. Dit is hoe goeie

suurdeeg werk.

Die wonderlike van suurdeeg is dat dit ‘n lewende organisme is. Dit is nie soos byvoorbeeld bakpoeier wat slegs vir een baksel die deeg kan laat rys nie. Suurdeeg kan aangaan en aangaan. As jy ‘n bietjie van die deeg wat ingesuur is bêre, kan jy more en oormore en volgende maand nog steeds deeg daarmee laat rys. Net so is ‘n gelowige se positiewe suurdeeg ook nie maar ‘n eenmalige ding nie, maar dit moet ‘n lewenswyse wees van positiewe inspirasie en blydskap wat aangaan en aangaan sonder ophou, selfs deur swaar tye. Op hierdie wyse gee jy dan ook vir ander mense moed en veral belangrik: hoop!

Die belangrike om egter te onthou, is dat niemand dit kan doen uit eie krag nie. Die Heilige Gees alleen kan jou die krag gee om vol te hou daarmee om goeie suurdeeg te wees en geurige “potbrode” te bak. Maar ewe belangrik is, dat jy aan elkeen wat geraak word deur jou suurdeeg, dit sal duidelik maak waarvandaan jou krag kom.

Gebed:

Here, maak my asseblief ‘n goeie suurdeeg in U Koninkryk, en gee my die krag om dit uit te leef tot U eer!

## 62.

## Die Sleutels van die Hemel

## Matteus 16:13-20

**VIDEO** | **OUDIO**

Petrus se belydenis was deur die eeue ‘n baie taai toffie vir die kerk, want daar is duidelik twee wyd uiteenlopende sieninge hieroor. Aan die een kant reken die Katolieke kerk dat Jesus se woorde aan Petrus persoonlik gerig was, en dat die Pous vandag Petrus se gesagsposisie voortsit. Aan die ander kant reken die protestante dat die kerk se gesag nie in ‘n persoon gesetel is nie, maar in Petrus se belydenis dat Jesus die Seun van God is. Wie is nou eintlik reg? Kom ons kyk of ons hierdie kraaines kan ontrafel.

Hierdie perikoop bestaan uit drie dele. Dit begin met die vraag oor Jesus se identiteit en Petrus se belydenis. Die tweede gedeelte handel oor die uitsonderingsposisie van Petrus/die Kerk en die derde oor Jesus se opdrag, dat hulle met niemand hieroor mag praat nie.

Jesus vra eers wat die ander mense oor Hom

dink, en dis duidelik dat meeste nie ‘n vaagste idee het wie Hy werklik is nie. Hulle besef dat Hy baie besonders is, dalk ‘n Profeet soos Elia, Jeremia of selfs Johannes die Doper! Slegs die dissipels ken Sy ware identiteit! En dit is nie slegs Petrus nie, want soos jy sal onthou, toe Jesus op die see geloop het, het ál twaalf die dissipels voor Hom gekniel en bely: “U is waarlik die Seun van God.” (Mat 14:32) Petrus het hier dus nie alleen sy persoonlike mening gelug nie, maar hy het namens álmal gepraat.

In ‘n woordspeling sê Jesus vir hom dat hy Petrus is (wat rots beteken)  en dat hy dus sterk genoeg is vir die taak wat voorlê en op sy belydenis (so kragtig soos ‘n rots) gaan Jesus Sy kerk bou. Petrus se belydenis is alléén moontlik as dit deur God (die Heilige Gees) op sy hart gelê is! Dit geld natuurlik ook vandag nog steeds vir ons! Nou word die gesag aan Petrus gegee om daardie kerk te onderrig. Alhoewel Petrus klaarblyklik hier uitgesonder word, is dit nie net op Petrus gerig nie maar op die hele dissipelkring. Wanneer Jesus byvoorbeeld vir Petrus sê dat hy die “sleutels van die Koninkryk van die hemel” kry, dan word hierdie stelling in Matteus 18:18 weer

woord-vir-woord herhaal. Hierdie keer word dit egter gerig aan ál die dissipels en dus by implikasie aan die hele kerk.

Dit is met ander woorde soos die kaptein van ‘n rugbyspan wat die beker ontvang. Alhoewel hy die persoon is wat gelukgewens word en die trofee in sy hande kry, ontvang hy dit namens die hele span, ook die afrigter en helpers en selfs die manne op die reserwebank wat nooit eers ‘n kans gehad het om te speel nie, of dalk net vir die laaste vyf minute op die veld gedraf het. Maar dit kring baie verder uit. Hierdie trofee behoort ook aan al die manne en vroue wat agter die skerms geswoeg het, en uiteindelik ook aan al die span se ondersteuners. So is Petrus wel uitgesonder maar hy het hierdie belofte nie alleen namens die ander dissipels gekry nie, maar namens die hele kerk. Jesus gee ons dus die belofte dat die kerk die aanslae van die magte van die doderyk sal oorleef. Die dissipels en kerk sal die gesag ontvang om die gelowiges voor te gaan in die leer van Jesus.

Die vraag is: waarom word Petrus dan so uitgelig? Waarom wys Jesus die vinger juis na

hom wanneer Hy hierdie belofte gee? Was hy dan só 'n baie besonderse mens? In 'n sekere sin wás hy inderdaad baie besonders! As ons egter mooi na hom gaan kyk, sien ons 'n doodgewone mens, nes ek en jy. Petrus was besonders omdat hy volgens die Christelike tradisie die persoon was wat die gelowiges aan die aardse Jesus verbind. Hy is immers die persoon wat eerste deur Jesus geroep is. Maar as ons die evangelies mooi lees, kom ons agter dat Petrus nêrens uitgesonder word as iemand wat méér as net 'n gewone dissipel was nie. Hy was maar net soos enige van die ander dissipels. En as ons dieper gaan delf in Petrus se lewe, sien ons 'n klompie baie ontstellende dinge van iemand wat gereken word as die verteenwoordiger van die kerk. Petrus het voete van klei gehad. Dikwels was hy kleingelowig! Vat nou maar die keer toe hy op die see begin loop het en hoe sy geloof hom in die steek gelaat het. Hy was 'n grootbek! Kyk maar net hoe hy gespog het dat hy Jesus nimmer as te nooit sou verlaat nie en dat hy selfs bereid sou wees om vir sy Meester te sterf. En kyk hoe skandelik hy slegs enkele ure later vir Jesus verloën het. Hy was

selfs vir ‘n doodgewone diensmeisie bang! Een slag het Jesus selfs vir hom gesê: “Gaan weg agter my, Satan!”

O, ek sien in Petrus my eie wankelrige lewe. Ek struikel tog so maklik. Ek word soms baie hard aarde toe gebring! Maar daar is ook hoogtepunte en soos Petrus van ouds voel dit soms of ek baie hoog vlieg. Wanneer iemand vertel dat ’n dagstukkie vir haar baie diep geraak het, dan vlieg ek hoog. Dan weet ek dat wat ek gedoen het, werklik iets vir iemand beteken het. Is dit nie maar elke kind van God se lewe nie?

Petrus “is” die kerk! Maar dit eindig nie daar nie. Ek en jy, die gelowiges is óók die kerk. En aan ons is die sleutels gegee vir die hemel. As ons nie daardie sleutels verantwoordelik gebruik en ook die hemel oopsluit vir iemand nie, dan misbruik ons God se gawes. Dan beteken dit eintlik dat ons die hemel vir iemand toesluit! Wat ‘n verskriklike gedagte!

Gebed:

Here, gee my asseblief wysheid om U sleutels reg te gebruik, en ook die ywer om dit dikwels te gebruik!

# 63.

# Dis Donkernag!

# Matteus 16:21-28

**VIDEO | OUDIO**

Jy beplan dikwels dinge baie mooi en werk aan jou saak. Uiteindelik val alles mooi in plek en jy dink: "Nou is my kop deur! Ek Het Dit!" En dan tuimel jou hele kaarthuisie inmekaar. Dit is dán wat 'n man soms baie moedeloos of bang kan raak!

Ek beplan eenmaal 'n naweek kamp met my Graad 7 Voortrekkerspannetjie. Die idee was om 'n nag of twee onder die sterre te gaan deurbring in 'n ongerepte stukkie natuur, met slegs die héél basiese tot ons beskikking. Al die reëlings het vlot verloop en so vertrek ek die Vrydagmiddag na 'n ongerepte kloof in die Glendale berge naby Ballito met 'n kombivrag vol uitgelate, amper onbeheerbare tieners wat absoluut oorloop van selfvertroue!

Op pad na die plaas sien ek egter met groot kommer hoedat swaar donderwolke begin vorm. Toe ons by Frik, die plaasboer se opstal stilhou, sien ek sommer ook dat daar groot

moeilikheid op pad was! Net vir die wis en onwis gee hy my ‘n stuk seil en pale wat ons kon opslaan vir ‘n afdak as dit dalk hard sou begin reën.

Ons kampplek was, om die minste te sê asemrowend! Dit was geleë op die randjie van ‘n krans met die ondeurdringbare woud propvol misterie wat onder ons uitsprei. Skaars land ons daar, of die eerste reëndruppels begin swaar op ons neerplof. Daar moet baie haastig gewerk word om betyds die seil gespan te kry voordat die storm ons vang, en haastig word die kinders se karige besittinkies onder die seil ingedra terwyl pikswart wolke bo ons kook en maal. Vrees omklem die harte van die kinders. Myne óók!

En toe maak die sluise van die hemel oop. Weldra is dit pikdonker. Die reën stort neer, vlaag op vlaag, sonder ophou. Oorverdowend rammel die donderweer en weerligstrale verblind ons kort-kort met angswekkende knalle. Styf sit ons daar op ‘n bondeltjie onder die middelkolletjie van die seil, terwyl die reënwater deur ons afdakkie spoel soos ‘n jong rivier. Alles is nat. Dis koud.

Dis donker! Die kinders wat eers so oorgeloop het van selfvertroue is bang. "Waarom moet dit met ons gebeur?" word daar vir my gevra. As die storm teen middernag bedaar, is daar steeds geen kans om te slaap nie want alles is sopnat, ten spyte van die seil.

Skielik styg daar die aller-aakligste geluid uit die woud op. "Wat was dit? Het Oom gehoor?" Dit klink op 'n druppel na soos die angsgille van 'n babatjie met koliek! 'n Bosnagaap se roep kan skrikwekkend wees vir die oningeligte. Ek stel hulle gerus. Daar beweeg 'n liggie êrens in die veld. "Oom Louis, is dit dalk iemand wat ons wil kom beroof?" Die kinders is vreesbevange. Alles is so verskriklik vreemd, so tasbaar duister. Daar is net een troos: "Oom" is daar om hulle te beskerm teen al hierdie ellende deur hierdie nimmereindigende, beklemmende, verskriklike donker nag!

As die dag uiteindelik breek en die asemrowende skoonheid van die woud voor ons ontvou, is daar 'n groepie baie dankbare kinders wat in een enkele nag meer angsvolle ervaringe deurgemaak het as meeste mense

in ‘n leeftyd. Nou begin hulle so ‘n klein ietsie verstaan van die natuur. Ons sit daar op die randjie van die krans in verwondering as die bloukuifloeries onder ons verbyvlieg en hulle helder reënboogkleure helder skitter in die enkele sonstraaltjies. Reëndruppels blink soos duisende diamante op die blare van die woudreuse. Die nag is verby! Die dag is daar in al sy glorie!

Vir Petrus en sy maters was daar ook hierdie groot “avontuur” saam met die Messias. Maar toe begin hulle met groot kommer die donderwolke sien! Die groot teenstand wat Jesus kry van die kerkleiers maak hulle benoud. Daar kom al selfs doodsdreigemente! En skielik is dit nag as Jesus vir hulle vertel dat Hy in Jerusalem tereggestel gaan word. Petrus is opstandig: “Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie!” Petrus verstaan nie. Hy word kwaai deur Jesus berispe. Dan verduidelik Jesus dat dit nie maklik is om Hom te volg nie. Dit kan soms ‘n bitter moeilike pad wees. Jy kan selfs die dood in die oë staar! Maar die uiteinde is alles deur en deur die moeite werd.

Moontlik gaan jy ook vandag deur een van daardie angswekkende donderstorms in jou lewe, waar dit lyk asof daar nie uitkoms is nie. Miskien voel dit vir jou of die nag nimmereindigend is. Klou vas aan jou geloof met alles wat jy het! Die troos is dat Jesus die hele tyd by jou is. Hy is reg langs jou om jou hand styf vas te hou deur alles. Onthou: Hy het ál hierdie dinge, en nog baie, baie erger beleef. Hy verstaan, want Hy weet presies deur watter storms ek en jy gaan. En Hy het ook gewaarsku dat dit nie maklik sou wees nie. Ons moet voorbereid wees op die storms. Maar daar is ook ’n ander baie groot troos, en dit is dat daar weer ‘n dagbreek gaan wees en dat daardie dagbreek asemrowend, onbeskryflik mooi gaan wees.

Gebed:

Here, ek wil vanoggend bid vir krag wanneer die donderstorms tref. Hou asseblief my hand styf vas en dra my waar ek nie meer kan nie!

# 64.

# Jesus Verheerlik

# Matteus 17:1-13

**VIDEO** | **OUDIO**

Wintertyd kan dikwels uiters frustrerend wees vir die voëlkyker, want dan lyk die hele lot dieselfde. Natuurlik is daar uitsonderings, maar as jy kyk na die KBV's (dis nou die Klein Bruin Voëltjies), dan is daar bitter min verskil. Moontlik is die een se bekkie 'n bietjie swarter of rooier as die ander, of sy pootjies is oranje en nie vaal nie. Maar verder lyk hulle vir die leek presies dieselfde.

Maar wanneer die somer aanbreek en broeityd kom, ontplof hierdie selfde ou vaal voëltjies in kleurvolle laventelhane, dis nou die mannetjies. Die Koningrooibekkie trek 'n pikswart manelpak aan met swierige lang sterte en 'n spierwit hemp. Die vaal Paradysvink verruil sy grys werksklere vir 'n indrukwekkende pikswart tuxedo waarvan die stertpunte wie-weet-hoe-ver agterna sleep, en daarby 'n roomkleur hemp en 'n oordrewe rooibruin strikdas. Meneer Rooikopwewer trek

‘n bloedrooi mus oor sy kop wat tot op sy skouers hang. Meneer Rooivink dra ook ‘n bloedrooi mus maar met ‘n pikswart masker en hemp en ‘n rooistert baadjie. Langstertflap ondergaan ‘n asemrowende metamorfose van ‘n vaal ou KBV’tjie met ‘n niksseggende kort stertjie tot ‘n sjarmante pikswart pierewaaier met ‘n halfmeter lange welige blinkswart stert en ‘n swart en wit baadjie met bloedrooi skouerklappe. As hy oor die hoëveld se grasvlaktes fladder, kan niemand hom miskyk nie!

Gewoonlik herken jy nie eers hierdie grys voëltjies nie, maar net nóg ‘n ou valetjie. Maar vir ‘n kort tydjie kry hulle skielik name en hulle word raakgesien! En dis veral die wyfie-vaalvoëltjies wat ékstra hard kyk! Moet hy dan nou eers sy tuxedo en strikdas aantrek voordat hy belangrik word?

Matteus beskryf ‘n insident waar Jesus saam met Petrus, Jakobus en Johannes teen ‘n berg opgeklim het. Ons moet onthou dat Jesus soos enige ander Joodse man gelyk het. Dit was alleen die dinge wat Hy gesê en gedoen het wat Hom anders gemaak het as die ander.

Selfs Sy eie dissipels het gesukkel om Hom te herken as die Messias. Selfs tot op die héél einde was hulle nog nie eers seker nie. Dit was slegs vir vlugtige oomblikke wat hulle waarlik seker was oor Wie Hy werklik was!

Dan gebeur hierdie byna onbeskryflike ding op die berg, die gebeurtenis wat permanent in die geheues van die drie manne ingegraveer is. Skielik verander Jesus se hele gedaante. Sy gesig blink helder soos die son. Dan verskyn Moses en Elia uit die hemel om saam met Jesus te verkeer. Vir Petrus en sy makkers is hierdie asemrowende verskynsel een te veel. Hulle wil dit vir altyd so bewaar. Hulle wil selfs vir hulle hutte daar bou sodat hulle vir ewig daar kan bly. Dan verskyn daar skielik 'n helder wolk oor hulle en 'n gesagvolle stem praat uit die wolk: "Dit is my geliefde Seun, oor wie Ek My verheug. Luister na Hom." Petrus-hulle val op die grond neer as hulle die Stem van God hoor.

Vir hierdie drie manne was dit uiters kosbare oomblikke! Maar het hulle werklik verstaan wat gebeur het?

Moses en Elia verteenwoordig die Wet en die

Profete. Hulle verskyning is ‘n bevestiging dat die hele Ou Testament uitmond in Jesus. Hulle legitimeer sy Messiasskap, al die beloftes van die OT word in Jesus vervul. Verder is 17:5 feitlik ‘n woordelikse herhaling van Matt 3:17 (by Jesus se doop). Aan die begin van Jesus se bediening bevestig God wie Jesus is – Seun van God en dat Hy met goddelike sanksie optree. In 17:5 word hierdie feit herbevestig, voor Jesus na Jerusalem reis om te sterf vir die sonde van die wêreld. Opnuut ‘n versterking vir Jesus voor sy Via Dolorosa begin. Die 3 dissipels het dit ook gehoor – dat Jesus die Seun van God is. Dit word duidelik aan hulle geopenbaar, maar hulle val in vrees neer. Jesus stel hulle gerus: Moenie bang wees nie – presiese woorde wat hy op die see sê asook ‘n paar ander geleenthede, elke keer wanneer iets oorweldigends gebeur. Moenie bang wees nie, vertrou my, alles is onder beheer – wil Jesus vir sy dissipels sê.

Dikwels aanvaar ons Jesus maar as vanselfsprekend. Hy is mos maar daar! Hy het so deel van ons alledaagse lewe geword dat ons Hom nie meer herken as die Ware Lewende God nie. Ek kry dikwels diep seer as

ek hoor hoe Christen-gelowiges verkleinerend of alledaags van Jesus praat. Dikwels word daar skertsend of selfs in ‘n grap na Hom verwys, wél in ‘n goeie sin. Maar met sulke soort opmerkings bring ons eintlik vir Jesus af na die vlak van die mens in ‘n slegte of vernederende sin!

Inderdaad is Hy elke oomblik van die dag by my en ek kan te enige tyd met Hom gesels. Inderdaad kan ek al my vreugdes, sorge en smarte met Hom bespreek. Maar ons moet altyd onthou **WIE** en **WAT** Hy werklik is. Hy is uiteraard **God ALMAGTIG!** Hy is die Koning van alle konings, die Skepper van die heelal! Hy is die Een wat vir ewig op die troon sit en regeer oor alles en almal! Ons moet te alle tye aan Hom daardie nodige eer en respek betoon, al sien ons Hom nie in die glans en glorie wat Petrus en sy makkers Hom gesien het nie.

Kom ons verheerlik vandag vir Jesus, en betoon aan Hom die respek wat Hom toekom!

Gebed:

Here Jesus, ek aanbid U as my Koning en my Here en my God. Al die lof en dank en aanbidding kom U alleen toe!

**65.**

# Wonderwerke En Geloof

## Matteus 17:14-21

**VIDEO | OUDIO**

Waarom gebeur wonderwerke nie meer vandag nie?

Gebeur wonderwerke wérklik nie meer vandag nie?

Gebeur wonderwerke nog werklik?

Waarom gebeur wonderwerke net met ander mense en nie met my nie?

Is daar dalk iets fout met my dat ek nie wonderwerke ondervind nie?

Wonderwerke ….. Ag nee wat…..!!!

Wonderwerke is so werklik soos die lewe sélf!

Hierdie is van die talle vrae en stellings wat jy hoor wanneer wonderwerke ter sprake kom. Eerstens moet jy jouself afvra of wonderwerke inderdaad nog vandag gebeur. Ons het gesien hoedat Jesus 'n magdom wonderwerke verrig het, sommige van hulle asemrowend groot! Is sulke dinge werklik nog

moontlik? Toe Jesus Sy dissipels uitgestuur het, het hulle sélf ook wonderwerke verrig. Hulle het inderdaad mense gesond gemaak en nog baie meer. Later word daar in Handelinge ook beskryf van talle wonderwerke wat plaasgevind het onder die hande van die Apostels.

Wanneer 'n man in groot nood na Jesus kom met sy seun wat waarskynlik epileptiese aanvalle kry en al by geleentheid selfs in die vuur geval het, vertel hy dan ook dat Jesus se dissipels reeds probeer het om die seun gesond te maak, maar dat hulle dit nie kon regkry nie. Jesus was moedeloos met hulle: "O, ongelowige en ontaarde geslag, hoe lank moet Ek nog by julle bly? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom na My toe!" Harde woorde! Later vra hulle Hom waarom hulle dan nie die seun kon gesondmaak nie? Dan antwoord Hy hulle: "Vanweë julle kleingeloof!" Dan sê Hy dat geloof so groot soos 'n ou mosterdsaadjie berge kan versit!

Kan wonderwerke vandag nog gebeur as ons geloof groot genoeg is? Inderdaad, Ja! Nou is die vraag, of dit dan my geloof is wat

wonderwerke verrig? En die antwoord daarop is ‘n besliste “Nee!”

Nee, maar……. Nee, dit is nie jou geloof wat die wonderwerk verrig nie, maar dit is **JOU** geloof wat die krag van God loslaat. En dít kán berge versit! Ons moet in die eerste plek baie duidelik besef dat dit nie jý as mens is wat die wonderwerk vermag nie, maar dat God jou as ‘n werktuig kan gebruik. Dit is soos ‘n waterpyp wat water voer vanaf ‘n windpomp na ‘n dam. Dit is mos nie die pyp wat die werk doen nie. Die pyp is maar net die kanaal waardeur die water na die dam vloei. Die een wat al die harde werk doen en die water diep onder die aarde uitpomp, is die windpomp. Maar ons moet ook besef dat as die pyp verroes en vol gate is, kan daardie water nie by die dam uitkom nie. Dan lek al die water uit, lank voordat dit by die dam kom.

Ek ondervind elke dag wonderwerke in my lewe. Dalk lyk dit nie altyd indrukwekkend nie, maar as jy in my skoene sit, dan sal jy weet hoe indrukwekkend dit werklik is. Sowat 20 jaar gelede, Januarie 2002, het ek desperaat gebid dat die Here my ‘n dagstukkie sal gee

om te skryf. Ek was in groot nood, want die persoon wat my altyd van dagstukkies voorsien het, het net verdwyn, en niemand wou my help nie. My geloof was maar baie pieperig maar ek het gehoorsaam aan die opdrag van die Here gaan sit en begin skryf. En só is die eerste dagstukkie van Ons Dag se Brood gebore!

Ek was sélf verwonderd oor die stuk wat ek geskryf het, want ek was nie tot sulke dinge in staat nie. Toe gaan die lig skielik vir my op: Hy, die Heilige Gees, het die gedagtes vir my gegee om neer te skryf. Die volgende dag was ek sommer vol moed vir die tweede dagstukkie! Ek het uitgesien daarna dat die Here my op só 'n manier gebruik. Nou, meer as 5'000 dagstukkies later het die woorde nog nooit opgedroog nie. Nog nie één enkele keer het ek "skrywersblok" gekry, waar ek nie geweet het wat om te skryf nie!

Elke dagstukkie wat ek skryf is dikwels vir myself 'n verrassing. Wanneer ek klaar is met een, gaan sit ek dikwels terug en sê: "Wow! Waar het dit vandaan gekom?" En dan weet ek: Dit was nie mý werk nie, maar God s'n alleen,

want ek is nie daartoe in staat nie. Ek is maar net daardie waterpyp. Maar as ek nie glo dat God dit deur my sal doen nie, dan is hierdie "waterpyp" vol roesgate, en is ek nutteloos vir God.

Hierdie is maar een enkele voorbeeld. Nét so gebruik Hy ook mense deur wie Hy genesingswonders kan doen of om moedelose mense weer moed vir die lewe te gee. Daar is talle ander wonderwerke wat die Here op hierdie wyse deur mense doen. Hy kan jóú ook so gebruik! Stop gerus daardie "ongeloof-roesgate" toe, dan sal jy verstom staan oor die dinge wat deur jou kan gebeur!

Gebed:

Here, gee my asseblief meer geloof sodat ek bruikbaar kan wees vir U in U Koninkryk. Ek stel myself ook tot U beskikking sodat U my kan gebruik om wonderwerke te doen!

## 66.

## Tempelbelasting

## Matteus 17:22-27

**VIDEO | OUDIO**

Belasting is ‘n ding wat jy gewoonlik met ‘n baie swaar hart betaal. As daar dan nou vir jou gesê word dat jy, op grond van jou herkoms nie nodig het om belasting te betaal nie - sou dit nie fantastiese nuus wees nie?!

Petrus word gekonfronteer deur die tempelamptenare toe dit lyk asof Jesus nie tempelbelasting betaal nie. “Maar natuurlik betaal Hy!” het Petrus hulle geantwoord. Later het Jesus vir Petrus verduidelik dat ‘n koning se seuns mos nie belasting aan hulle pa betaal nie? Hulle is mos vrygeskeld van belasting! Dan voeg Hy by: “Maar ons sal in elkgeval maar betaal, want ons wil mos nie die mense aanstoot gee nie.” Petrus het nog gewonder waar die geld vandaan sou kom, toe Jesus hom aansê om ‘n vis te gaan vang. In die vis se bek sou Petrus ‘n muntstuk kry. Wat amper na ‘n sprokie klink, word ‘n werklikheid toe Petrus die vis uit die water trek en die muntstuk

in sy bek kry, presies net soos wat Jesus voorspel het. Die muntstuk was genoeg om Jesus se belasting te betaal asook syne.

Hoe moet ons vandag hierdie verhaaltjie interpreteer? Beteken dit dat Christengelowiges nie belasting hoef te betaal nie bloot omdat ons Koningskinders is? 'n Paar jaar gelede het 'n groot geestelike in Amerika wél so gedink en hy het sy rieme styfgeloop! As jy so redeneer, het jy die punt totaal gemis! Wat dit wél beteken is dat gelowiges (Koningskinders) vrygemaak is in God se Koninkryk. Onthou, ons was eers wetsgebonde en moes probeer werk vir ons saligheid, totdat Jesus ons bevry het. Wat beteken wetsgebondenheid? Dit beteken dat jy die tien gebooie getrou móét onderhou. Dit beteken ook dat jy die ander wette wat in die Bybel opgeteken is móét nakom, en onder andere dat jy jou tiende vir God se werk móét gee. Dit sou in vandag se terme neerkom op tempelbelasting.

As jy egter vrygemaak is, verval hierdie wette want Jesus het die Wet vervul toe Hy aan die kruis gesterf het. Beteken dit dan nou dat ek

gladnie meer enige van die Bybelse wette hoef na te kom nie? Die eenvoudige antwoord daarop is: Nee! Nee, jy hoef nie die wette na te kom om jou saligheid te verdien nie, want as jy in Jesus, die Seun van God glo, gee Hy jou die ewige lewe. Lees maar weer wat in Johannes 3:16; Joh 3:36; Joh 6:47 ens. staan. Dit beteken selfs dat jy nie eers verplig is om jou tiende te gee nie! In Romeine 7:6 lees ons: "Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie."

Nou weet ek al dat 'n paar mense my sal wil kruisig oor hierdie stelling. "Hoe kan jy die Wet dan sommer net so by die deur wil uitsmyt?!" Maar lees eers verder voordat jy my braai!

As 'n pa vir sy seun sê: "Jy is vry om te doen net wat jy wil, omdat jy my seun is," sou dit dan beteken dat daardie kind kan mal gaan en maak en breek nes hy wil? Inderdaad het sy pa mos vir hom toestemming gegee om dit te doen! As hy sy pa liefhet, sal hy beslis nie homself te buite gaan nie! Natúúrlik sal hy baie dankbaar wees oor hierdie nuutgevonde vryheid! Juis daarom sal hy op sy manier vir Pa

probeer dankie sê. Dalk sal hy vir Pa koffie aandra, of die grasperk gaan sny. Nou is dit egter nie meer "werk" nie maar 'n plesier, want hy weet dat Pa gelukkig gaan wees as hy dit doen. Skielik kom hy agter dat die dinge wat voorheen "wette" was, begin sin maak. Hy hou nou by die reëls, al is dit nie noodsaaklik vir sy oorlewing nie. As Pa dan daardie opoffering gedoen het om hom vry te maak van al die wette, dan kan hy mos ook opofferings maak om op só 'n manier vir Pa dankie te sê. Skielik is Pa nie meer 'n "baas" nie, maar 'n liefdevolle Pa en vriend.

In die tweede gedeelte van Romeine 7:6 skryf Paulus: "Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie." God se Koninkryk werk dus op presies dieselfde wyse as hierdie gesin: Omdat jy God se kind is, hoef jy nie Sy wette na te kom nie, maar natuurlik gáán jy hulle wél onderhou uit liefde en dankbaarheid. Dit is egter nie omdat jy gedwing word om dit te doen nie, maar omdat jy graag wil. Die wet word dus nou 'n riglyn vir hoe jy jou dankbaarheid teenoor God kan uitleef.

Wat dan nou van die "tiende"? Beteken dit ook dat ek dit nie meer hoef te gee nie? Inderdaad! Die Tiende (tempelbelasting?) word nou 'n Dankoffer, want jy gee dit vrywillig uit dankbaarheid, sodat die Koninkryk van God uitgebrei kan word. Jy gee dit omdat daar 'n nuwe liefde in jou hart groei, nie alleen teenoor God nie maar ook teenoor ander mense. En jy wil jou medemens help waar jy kan. Waarom? Om die Here se liefde teenoor hulle uit te leef uit dankbaarheid. Maar dit gaan verder, want wanneer jy liefde uitleef teenoor mense, sien hulle die lig van Jesus in jou skyn. Op hierdie manier verkondig jy só sonder woorde die evangelie. Sodoende word jy 'n instrument in die uitbreiding van God se Koninkryk. In kort kan ons sê dat wanneer die wet as 'n plig nagekom word, is dit nutteloos. Dit moet diep uit die hart kom! Eers dán maak dit werklik sin!

Gebed:

Here, ek het U innig lief, daarom probeer ek om te doen wat U van my vra. Daarom gee ek 'n dankoffer om dankie te sê vir wat U vir my doen!

# 67.

# Die Kleintjies

# Matteus 18:1-5

**VIDEO | OUDIO**

As voorgeskrewe boek vir Matriek, het ek 'n Hollandse verhaal gehad met die titel: "De Klijne Johannes". Hierdie eenvoudige verhaaltjie met 'n baie diep betekenis het 'n geweldige indruk op my gemaak! Dit handel oor 'n klein seuntjie wat deur verskillende stadiums van sy opgroeiproses beweeg. As 'n klein seuntjie glo hy onwrikbaar aan feetjies en al die mistieke wesentjies van die bos. Wanneer hy egter groter word, begin twyfel hom beetpak. Dan begin sy soektog na die "klein boekie," die Boek van die Lewe. Uiteindelik begin hy alles en almal rondom hom in twyfel trek. Wanneer die ware Boek van die Lewe aan hom voorgehou word, trek hy selfs dié in twyfel en hy sit sy soektog voort.

In 'n sekere sin 'n baie droewige boek, want jy wil die hele tyd vir Johannes sê: "Moenie jou kinderlike geloof weggooi nie!" en wanneer hy by die Boek van die Lewe verbykyk, wil jy vir

hom skree: “Die Waarheid is hier reg onder jou neus, gryp dit aan!”

Die verhaal het my aan die hart gegryp en ek het dit verstaan, maar die groot les daaruit het ek nooit op my eie lewe toegepas nie! Eers jare later, in my eie soeke het ek die waarheid reg onder my neus ontdek.

Dis Sondagskoolafsluiting en die kinders voer ‘n Kersfeestoneel op tydens die erediens. Die meelewendheid van hierdie ou kleintjies gryp jou aan die hart. Die kinderlike opregtheid en oorgawe waarmee hulle deelneem, laat trane van aandoening in jou oë. Een van die ou kleintjies sien die Jesus-pop raak. Sy gryp dit en hardloop daarmee weg. Dan volg totale chaos! As die ontvoerde “Jesus” teruggevind is, gaan die spel onverstoord voort met hope selfvertroue en die spel is uiteindelik ‘n reuse sukses, ten spyte van talle glipse!

Ons kan beslis baie by die ou kleintjies leer! Jesus het hierdie waarheid gebruik as deel van Sy vierde groot preek. Eg kinderlike geloof kan jou aan die hart gryp. Die dikwels skreeusnaakse sêgoed van kinders laat jou besef hoe opreg die kleintjies glo. Om dit te

illustreer, wil ek ‘n storietjie gebruik wat ek eenmaal gehoor het.

Dis aand en klein Jannie se ma vra hom om die besem op die stoep te gaan haal, maar toe hy by die deur uitloer en die donker stoep sien, kom sy bewende stemmetjie: “Ma, ek is bang vir die donker!”

“Moenie bang wees nie Jannie, Jesus is altyd by ons en Hy is selfs op die donker stoep.”

Jannie draai om, loop na die deur en maak dit op ‘n skrefie oop: “Liewe Jesus, gee asseblief vir my die besem aan!”

Ons wil lag hieroor want dit is mos nou absurd, maar so kinderlik opreg moet ons geloof wees. Dit is egter nie alleen kinderlike geloof waaroor Jesus hier praat met Sy dissipels nie. Hulle wou eintlik weet wie die belangrikste in die Koninkryk is. Kinders was in daardie tyd totaal geminag. Hulle het feitlik geen betekenis gehad in die samelewing nie en was beslis nie beskou as belangrik nie. Vir Jesus se dissipels was daar egter gedurig ‘n gestryery oor wie van hulle twaalf nou eintlik die belangrikste is. Ek dink dat hulle met hierdie vraag vir Jesus wou probeer uitlok dat Hy ‘n beslissing gee. Hy

moes dit vir eens en altyd uitklaar en sê dat Petrus of Johannes of wie ookal die belangrikste is.

Dan laat Jesus hulle skaamkry as Hy verduidelik dat nie een van húlle "belangrikes" nie, maar hierdie geminagte kindertjies eintlik die héél belangrikste is! Ek dink hulle het maar baie bekaf gevoel!

So dikwels wil ons neersien op die "eenvoudiges" en verkleineer ons hulle menswaardigheid. Uit hierdie gedeelte leer ons 'n baie waardevolle les, om niemand te minag nie. Gee aan die ou bedelaar dieselfde respek as wat jy vir die hooggeplaaste persoon sou gee. Hoe weet jy wat daardie persoon se omstandighede is? Hoe durf ek oordeel?

Onthou jy nog die verhaal van die Samaritaanse vrou by die put? Jesus het Homself verneder deur te doen wat géén gerespekteerde Joodse man óóit sou doen nie, deur met haar te praat. Hy luister met groot deernis na haar. Hy stel intens in haar belang en Hy veroordeel haar nie oor haar duistere lewe nie. Hy gee haar weer moed om

in haarself te glo. Die gevolg was dat sy uit haar wegkruip-kokon gebreek het en met die mense gaan praat het wat haar verwerp het. En die hele dorp se mense het na Jesus gestroom oor haar getuienis!

Deur 'n verworpe persoon te laat verstaan dat sy ook 'n iemand is, het die wêreld vir haar oopgegaan. Dit kan ook gebeur wanneer ek en jy die "kleintjies" in die Koninkryk behandel asof hulle volwaardige mense is, geskep na die Beeld van God. Sodoende kan ons aan hulle menswaardigheid gee.

Gebed:

Here, dankie dat U aan my menswaardigheid gegee het - dat U my na U Beeld geskep het. Maak asseblief my oë oop sodat ek ander mense - veral die "kleintjies" in dieselfde lig sal sien!

## 68.

## Omgee Vir Mekaar

## Matteus 18:6-20

**VIDEO | OUDIO**

Eers klink dit soos die geruis van die wind deur die bome, maar dan hoor ek die botone: skwiek, tjorrel, knor, mor, borrel, en ek wéét sommer wat op pad is! Bo die vaal gras loer 'n koddige klein gesiggie uit om te sien of alles veilig is. Hy duik weer grondwaarts en dan vleg hy in dolle vaart tussen die bossies deur, reguit na die stoep toe. 'n Entjie agter hom kom die bondel, 'n lang streep grys gevaartetjies. Hulle beentjies maal presies soos opwensoldaatjies, net baie vinniger. Daar is 'n opgewondenheid wat in my borrel. Hierdie muishondjies is my gunsteling diertjies want vir hulle is omgee vir mekaar 'n lewenswyse!

Ek gooi 'n paar stukke gemufde brood na hulle kant toe en die reaksie is oorweldigend! Dit stoei en raas en knor en skarrel maar uiteindelik het elkeen 'n stukkie en nou kloek en koer dit vir 'n vale, want hulle is tevrede. Een outjie ontdek die dammetjie en gaan lê

pens en pootjies plat op sy maag in die water. ‘n Ander outjie ontdek weer die braairooster en roep sy maats nader. Saam lek hulle die sif blinkskoon en daarna volg die pappot met gisteraand se oorskietpap. Hulle klouter binne in die pot en lek hom skoon!

Skielik knor die tropleier ‘n waarskuwing en almal gaan staan doodstil en kyk stip na die groot knoppiesdoringboom waar die groot gevaar dreig. Die kleintjies word op 'n bondel gedruk en beskerm teen die gevaar. 'n Blouaap loer arrogant deur die blare na onder. Baie duidelik het hy g'n respek vir hierdie spul hansworse nie. Hy skree ‘n belediging na onder (wat ek liewer nie hier sal herhaal nie)! Die muishondjies laat hulle nie só slegsê nie en een baie brawe outjie besluit om die arrogante aap aan te vat en landuit te jaag! Hy voeg sommer die daad by die woord en hardloop teen die skuins stam van die knoppiesdoring op. Aap se kind is nie geneë met sulke arrogante gedrag nie en hy klim dreigend teen die stam af om met hierdie japsnoet te kom afreken. Hy is immers baie groter! Die muishondjie se moed begewe hom en hy laat spaander teen die stam af na

onder.

Maar moenie dink dat hy verslaan is nie. Hy kom net versterkings soek. Hy maak baie vinnig ‘n paar maters bymekaar en voor die aap sy skelm ogies kan uitvee, storm hulle in 'n bondel teen die stam op. Die res van die gepeupel drom nou soos een man saam onder die boom en por hulle helde luidkeels aan. Blouaap, wat intussen selfvoldaan op sy nuwe troon bly sit het, val byna uit die boom uit van skok en oorhaastig klouter hy holderstebolder terug na veiligheid!

Tevrede met hulle suksesvolle offensief, klim die muishondjies af, baie waardig en onder luide toejuiging. Selfvoldaan draai die tropleier om en met 'n tevrede getjor, tjorrel, kloek en skwiek streep hulle weg deur die droë grasse na ‘n nuwe bestemming.

Ons kan beslis leer uit die natuur wat omgee vir mekaar werklik beteken. Kyk maar net byvoorbeeld hoe ‘n trop (wrede?) wildehonde mekaar versorg en omgee vir hulle mede-honde. Dit is veral die kleintjies wat gepamperlang word, nie alleen deur die ma nie maar deur elke lid van die trop.

In hierdie preek van Jesus noem Hy gedurig die "kleintjies" en hulle kwesbaarheid. Hier word nie gepraat van kinders nie, maar van volwassenes wat klein geword het in hulleself en weer opreg kinderlik glo. Moenie so 'n persoon minag nie! Hy het naby aan God se Koninkryk gekom. Maar hy kan baie maklik seerkry, veral as mede-gelowiges hom laat struikel. Jesus laat baie harde woorde val oor mense wat die kleintjies laat struikel!

Die klem val in hierdie gedeelte baie sterk op die omgee vir mekaar. Ons gelowiges moet soos daardie herder wees wat innig en opreg omgee en baie moeite doen om die enkel skapie wat verdwaal het, terug te bring. Iemand wat in sonde verval het moet nie maar sommer afgeskryf word of veroordeel word nie, maar met groot deernis gesoek en teruggelei word na die kudde.

Jesus verduidelik dan ook watter stappe geneem moet word wanneer iemand afdwaal of sondig. Gesels eers alleen met die persoon, natuurlik in liefde! As dit nie vrugte afwerp nie, neem dan nog iemand saam en probeer hom oorreed om tot ander insigte te

kom. Selfs wanneer die persoon hom verhard en hy weier om te breek met sy sonde, is dit steeds nie die einde nie. Dan word hy behandel soos 'n "heiden en 'n tollenaar". Is hy dan afgeskryf? Nee, beslis nie! Dan is hy 'n "sending-geval." Dit beteken dan dat die evangelie weer aan hom gebring moet word net soos vir 'n ongelowige. 'n Mens se omgee moet nooit ophou nie, selfs al word jou liefde verwerp!

Gebed:

Here, so dikwels vergeet ek van ware omgee. Leer my om diep uit my hart om te gee vir elke mede-gelowige, en veral die kleintjies in U Koninkryk!

# 69.

# Totale Vergifnis

# Matteus 18:21-35

**VIDEO | OUDIO**

Ek wil vandag 'n klip in die bos gooi en jou vra hoeveel keer jy al sonde gedoen het? Moontlik sal jy antwoord: “Watter soort van vraag is dit dan?! Ek is ‘n goeie mens! Ek probeer baie hard om reg te lewe!”

Kom ons bekyk hierdie vraag 'n bietjie in perspektief. Dink na oor verlede Sondag. Het jy nie dalk, selfs terwyl jy in die kerk gesit het kritiese gedagtes gehad teenoor iemand nie? Moontlik oor die dominee se preek? Dalk het jy selfs daardie persoon met iemand anders bespreek. As dit die geval is, is dit mos niks anders as skinder nie! Moontlik was jou gedagtes elders terwyl die dominee vir jou gepreek het. In daardie geval het jy dus God se woorde aan jou geminag! Die Heilige Gees praat immers deur die prediker! En op pad huistoe, toe daardie taxi roekeloos voor jou motor ingeswaai het, wat het jy gesê? Dink ‘n bietjie mooi na oor waar jy oral gister gesondig

het. Dalk onthou jy van tien sondes, en as jy mooi gaan tel dalk selfs ‘n honderd! Kom ons maak nou gou sommetjies. As ek gemiddeld maar net tien keer op ‘n dag sondig, dan gaan ek 3650 keer per jaar sonde doen. ‘n Persoon in sy vyftigs het dus al 180’000 oortredinge agter sy naam, en ek dink ‘n mens kan dit maar ruim met tien vermenigvuldig, dus al klaar ‘n miljoen of twee sondes! Skrikwekkend, né! So ‘n gewoontemisdadiger hoort nooit die buitekant van ‘n tronk te sien nie!

Petrus vra vir Jesus hoeveel keer jy jou broer moet vergewe as hy teen jou sondig. Is sewe keer genoeg? Eintlik is Petrus baie gulhartig met sy sewemaal se vergewe, want daardie tyd was die norm dat jy hom driekeer moes vergewe, en daarna moes hy maar die gevolge dra!

“Nee Petrus, sewentig maal sewe keer!” Nou begin ons al dadelik sommetjies maak: dit is mos 490 keer. Moet dit nou die nuwe norm wees? Sjoe, maar dis mos baie keer! Maar wat Jesus eintlik wil sê, is dat daar nie ‘n einde aan jou vergifnis moet kom nie! Jy moet altyd nog

bereid wees om te vergewe, selfs al het die uurglas lankal uitgeloop!

Maar waarom sal ek dan nou so vergewensgesind wees?

Jesus verduidelik aan sy dissipels met behulp van ‘n storietjie van ‘n amptenaar wat die koning miljoene geskuld het, en daar was géén manier waarop hy dit kon terugbetaal nie. Die koning het hom jammer gekry en ál sy skuld afgeskryf. Die amptenaar was skaars buite, toe loop hy ‘n kollega raak wat hom ‘n paar randjies skuld. En wat doen hy? Hy probeer die ou bietjie skuld uit hom uitwurg!

“Dis skokkend!” sou ons dadelik wil sê. Maar kom ons gaan kyk weer ‘n slag na die sommetjie wat ons hier bo gemaak het oor ons eie sondes: Hoeveel keer het jy nou weer gesondig? 180’000 keer? Dalk baie meer? En hoeveel keer het God jou (en my!) al vergewe vir daardie sondes? Ek belowe jou: elkeen van hulle is afgeskryf! Gaan lees maar gerus wat geskryf staan in Jesaja 1:18, 2 Korintiërs 5:21, 1 Johannes 4:10, Jesaja 43:25 en 1 Johannes 1:7. God vergewe ons nie net sewe maal of selfs 490 maal nie, maar Hy vergewe elkeen van

daardie waenhuis vol sondes wat ons al gedoen het! Boonop is Sy vergifnis volkome, sodat Hy nie eers weer daaroor dink nie!

Nou sê Jesus dat net soos daardie koning die amptenaar van miljoene vrygespreek het, so is dit nou die amptenaar se beurt om sy kollega se paar ou randjies vry te spreek. Omdat God vir my en jou van ontelbare sondes vrygespreek het, so is dit nou ons beurt om die enkele verkeerde dingetjies wat ander mense teen ons doen ook vry te spreek of te vergewe. As sy sonde teen jou 'n ou kleintjie is, dan is dit maklik. As hy of sy jou beskinder het, dan kan julle dalk nog die saak uitpraat. Wanneer dit kom by jou geld en daardie persoon jou ingedoen het met 'n paar duisend rand, dan begin dit baie moeilik raak. As hy die oorsaak is dat jy jou werk verloor en daarmee saam dalk jou motor en jou huis, dan begin hierdie vergewe-storie krap aan 'n man! Dan sluk jy maar baie swaar daaraan!

Maar dit begin eers werklik bitter swaar word wanneer jou huwelik bedreig word en wanneer iemand jou lewensmaat van baie jare van jou steel. Of wanneer jou

lewensmaat, die een wat jy met jou hele lewe vertrou het, jou verkul en groener weivelde gaan soek het. Ek ken baie mense wat deur hierdie soort trauma moes gaan. Maar selfs dán vra Jesus van ons vegifnis, al is dit ook hóé moeilik. Ja, selfs wanneer ‘n geliefde wreed vermoor word deur boewe, wil ons Vader hê dat ons nie met haat in ons harte moet rondloop nie, maar vergewe. Dit is bitter moeilik, byna onmoontlik. En tóg is dit moontlik in die krag van die Heilige Gees. Kyk maar na Louis en Hettie Brittz - die wonderlike voorbeeld wat hulle gestel het oor vergifnis. Dink daaraan, dat God selfs bereid was om diegene wat Sy enigste Seun, Jesus, so wreed aan die kruis gemartel en vermoor het, te vergewe. Totaal en onvoorwaardelik! En dít nadat Hy bereid was om Sy lewe op te offer vir daardie selfde mense! Waarom sal ek en jy dan nie ook vergewe nie?

Gebed:

Here, ek besef vanoggend maar net weereens dat ek U so baiekeer bedroef en sonde doen. Vergewe asseblief maar weer Here. En leer my ook asseblief om ander te

vergewe wat my onreg aandoen!

# 70.

# Trou En Skei

# Matteus 19:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Ek sit eendag so in die Laeveld op die stoep, die aktiwiteite van 'n Rooibek Neushoringvoël en dophou. Ons het mieliepitte en 'n bietjie oorskietkos voor die stoep uitgegooi, en Meneer Neushoring het dit ontdek. Met klokslag-reëlmaat vlieg hy elke vyf minute om 'n pit of twee op te tel. Dan vlieg hy daarmee reguit na sy nes waar Mevrou en die kroos in 'n gat in 'n boomstam toegemessel sit. Daar is net 'n klein skrefie waardeur hulle gevoer kan word. Uur-na-uur werk hy onverpoosd voort totdat die son sak. Môre vroeg, so kort na hanekraai, is hy alweer op sy pos, en hy stop selde om eers sélf 'n happie te eet. Daar is net één saak op sy agenda: Vroulief wat vir hom sit en wag.

Sou daar miskien 'n ander neushoringdoedie verbykom, sou hy nie eers in haar rigting kyk nie want vir hom is die belangrikste ding in sy lewe sy maat. Hy pas haar soos goud op en hy

is baie versigtig om nie die geheim van haar nes te verklap nie, vir ingeval iemand met ‘n groot vleislus dalk om ander duistere redes in haar sou belangstel. Hy vlieg dus nooit reguit nes toe nie, maar hy maak eers ‘n draai om doodseker te wees dat niemand hom agtervolg nie voordat hy sy sóveelste pakkie kos gaan aflewer.

En sy? Wat is háár aandeel in hierdie verhouding? Sy laat haar vrywilliglik toesluit in ‘n beknopte spasietjie en offer haar hele lewensbestaan op vir haar maat en hulle kleintjies. Die twee se onselfsugtige, alles-opofferende liefde vir mekaar en die passie waarmee hulle aan hulle “huweliksbande” werk maak my skaam dat ek dikwels so selfsugtig en onsensitief is teenoor my maat.

En dan dink ek onwillekeurig aan iets totaal anders: ‘n trop bobbejane. Hoe verskriklik anders is hulle nie! Daar is gedurigdeur ‘n oor en weer skelm gevryery, nés die grootbaas sy kop draai. Van “huweliksreinheid” is daar by hulle g’n sprake nie, en dikwels laat hulle jou bloos oor hulle eksplisiete seksmanewales!

Jesus word gekonfronteer met die vraag oor

egskeiding. Wat hierdie gedeelte so moeilik maak is nie soseer om te begryp wat daar staan nie, maar om dit in verband te bring met ons eie leefwêreld van vandag. Ons leef in 'n wêreld waar buite-egtelike verhoudings en egskeiding so verskriklik "normaal" geword het. Dan klink Jesus se uitsprake hieroor so vreeslik outyds! Die feit is egter dat ek die pyn en smarte, wat 'n derde persoon in die huwelik veroorsaak dikwels sien. Ek sien dikwels mense wat stukkend is omdat iemand anders hulle huwelik kom vernietig het.

Natuurlik wou die Fariseërs Jesus maar net probeer uitvang met hulle vraag, maar soos gewoonlik trap Hy nie in hulle strik nie. Hulle wou Hom vastrek met wetspunte, maar Jesus kom onmiddellik na vore met die kern van die saak. Dit gaan nie hier oor wat die huwelikswette sê en hoe die regsgeleerdes die saak verwring om by elke omstandigheid aan te pas nie. Dit gaan egter oor die wil van God. Hy het van die begin af die huwelik bedoel as 'n permanente verbintenis tussen een man en een vrou. Dit is Persoonlik deur God saamgevoeg, en niemand mag hierdie verbintenis verbreek nie. Lees maar weer Mat.

19 vers 5 en 6. Daar is dus nie ‘n plek vir egskeiding binne God se wil nie.

Tog hou Jesus rekening met die gebrokenheid van ons wêreld, en Hy sê: “behalwe oor owerspel.” Beteken dit nou dat ‘n mens **MOET** skei as daar owerspel in jou huwelik betrokke was? Nee, beslis nie! Jy is nie verplig om dan te skei nie, maar in God se groot genade word jy vrygelaat om dan te skei. Ware berou en vergifnis kan egter selfs in só 'n geval 'n egskeiding verhoed. Ek weet van verskeie gevalle waar selfs hierdie verraderlike huweliks-ontrou nie die einde was van die huwelik nie. Egskeiding is nooit 'n oplossing nie - dit bly steeds téén die wil van God. Dit mag egter in bepaalde gevalle deur die gelowige met berou en rou as 'n uitweg aanvaar word.

As die huwelik dan so vol slaggate is, is dit nie dalk beter as ‘n gelowige nooit trou nie? Paulus het immers sélf gesê dat dit  dalk beter is om nie te trou nie (1 Kor. 7). Ons moet besef dat die huwelik in diens van die Koninkryk van God is en dat dit dus ondergeskik daaraan is. Die mens se hoogste roeping is egter om God voluit te dien. Daarom mag iemand wat

besluit om sy hele lewe aan God alleen te wy, wel kies om nie te trou nie, soos in Paulus se geval. In Paulus se lewe sou 'n huwelik nooit uitwerk nie, want hy het sy hele lewe êrens op die pad deurgebring, besig om die evangelie te versprei. As hy sou trou, sou hy nooit sy volle aandag so voluit aan God kon gee nie. Boonop sou dit sy huweliksmaat se lewe gedurig in gevaar stel, want Paulus het etlike male die dood net-net vrygespring. Dit is egter 'n groot genadegawe om so ongetroud te bly, en bitter min mense kan dit doen. Die punt is, dat daar niks verkeerd is daarmee om te trou nie, maar dat daar tóg mense is wat God beter kan dien deur ongetroud te bly.

Gebed:

Here, dankie vir my huwelik, en dankie vir die lewensmaat wat U my gegee het. Help my om haar altyd te koester en my liefde op haar uit te stort!

## 71.

Dinsdag 1 Augustus

## Rykes en die Hemel

## Matteus 19:13-30

**VIDEO | OUDIO**

Kan ryk mense ook in die hemel kom? Hierdie is ‘n baie ontstellende vraag, veral in die land waarin ons bly waar daar baie skatryk mense is. Baie mense bly in peperduur, luukse paleise, dikwels met 'n asemrowende mooi uitsig oor die wye oseaan.

Die probleem is, dat as iemand baie ryk is, hy so maklik van sy totale afhanklikheid van God kan vergeet. Dan is sy vertroue eerder op sy eie vermoëns of rykdom wat hy versamel het. En dan kom die vraag onwillekeurig by jou op: kan sulke skatryk mense óóit deel hê aan die Koninkryk van God? Die verhaal van die ryk jongman gee die indruk dat iemand wat baie ryk is, nie in die hemel kan kom nie.

Maar wat het Matteus oor hierdie netelige kwessie geskryf? ‘n Skatryk jong man kom by Jesus om raad aanklop. Hy wil weet wat hy

moet doen om die ewige lewe te kan kry. Dan toets Jesus hom. Natuurlik moet hy mos die gebooie onderhou en verséker dóén hy dit ook. Dit kan egter sekerlik nie genoeg wees vir so 'n groot saak soos die ewige lewe nie?

“Inderdaad,” verduidelik Jesus, “daar is nog een ding wat staan tussen jou en die ewige lewe: jou rykdom!”

Dáárvan is die jongman beslis nie bereid om afstand te doen nie! Dan laat Jesus die bom bars: vir ‘n ryk persoon is dit bitter moeilik om in die hemel te kom! Dit is byna so onmoontlik as om ‘n kameel deur ‘n naald se oog te druk! Só moeilik is dit vir ‘n ryke om die ewige lewe te hê.

As ons nou hierdie vertelling van Matteus net daar sou ophou lees, is dit genoeg om enige ryk persoon in ‘n verskriklike depressie te laat verval. Dan sou dit mos beteken dat geen ryke óóit die hemel sal bereik nie. Die dissipels is baie ontsteld as hulle hoor wat Jesus sê, want dit is baie duidelik dat dit hier nie net oor rykes gaan nie. Dit impliseer ook dat álle mense hierby ingesluit is. Dit is met ander woorde totaal onmoontlik om die ewige lewe

te kan verdien!

Genadiglik skryf Matteus ook die res van Jesus se gesprek neer en eers wanneer jy die res gelees het, begin jy verstaan wat Jesus werklik met hierdie woorde bedoel het.

Jesus begin verduidelik dat dit wel vir ‘n mens onmoontlik is om die saligheid te kan verdien, maar dat enigiets tog moontlik is vir God. Hy lê die klem op die genadekarakter van die ewige lewe. Dit is nie iets wat verdien kan word nie. Slegs God kan dit moontlik maak! Hy gee die ewige lewe uit genade vir diégene wat bereid is om Hom onvoorwaardelik te volg.

Dan vra Petrus: “Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal ons daarvoor kry?” Ons wil eintlik moedeloos raak met Petrus, want dit wil lyk asof hy 'n dik swart streep trek dwarsdeur die genadekarakter van die ewige lewe! Die dissipels moet darem op ‘n manier beloon word vir hulle groot opoffering en al hulle ontberings, is dit nie so nie? Dit was baie beslis nie maklik om Jesus te volg vir drie jaar lank nie. Hulle moes van genadebrood lewe. Hoeveel keer moes hulle nie koud en nat in

die veld slaap nie? Hoeveel keer moes hulle nie deurloop onder die skerp tonge van die Fariseërs en Skrifgeleerdes nie, en dit ter wille van die dinge wat Jesus gesê of gedoen het? Hoeveel honderde, dalk duisende kilometer moes hulle nie te voet aflê van dorpie na dorpie nie, dikwels deur die dorre woestyn? Swaarkry was elke dag 'n integrale deel van hulle lewe.

Inderdaad sal daar ‘n loon wees! Die loon hier ter sprake is egter genadeloon. Dit is net ‘n ander manier om die “skat in die hemel” te beskryf waarvan Jesus praat in Matteus 19:21. Maar dan kom Jesus in Matt. 19:30 en Hy sny al die verdienste-redenasies by die wortel af, want wat mense dink eerste is, is nie noodwendig vir God eerste nie. Alhoewel die dissipels se loon baie groot sal wees - hulle gaan immers heersers wees in die Koninkryk - bly die ewige erfenis ‘n “loon” ver buite verhouding tot dít wat hulle ingesit het. Die hemelse dividende op hulle aardse belegging is nie 10% of 20% of selfs 100% nie, maar 1000%. Dit maak hierdie “belegging” oor en oor die moeite werd. En die bonus wat jy boonop nog kry is van onskatbare waarde: die ewige lewe!

Die Here vra van ons om opofferings te maak. Moontlik vra hy deel van jou rykdom of jou kosbare tyd. Moontlik wil Hy hê dat jy uit jou gemaksone moet klim en dinge doen waarvoor jy bang is, dalk dat jy gevare moet trotseer, Bybels in 'n ontoeganklike land insmokkel. Of dat jy die gevaar staan om jou vriende te verloor as jy praat oor dinge wat verkeerd is. Dan moet jy egter weet dat, alhoewel jy eendag daarvoor beloon sal word, ons nie sommetjies moet probeer maak in ons verhouding met God nie. Onthou één ding: Alles, álles is genade, onverdiende guns alleen!

En terloops, hierdie deel is nie slegs teen rykes gerig nie. Rykdom is bloot 'n voorbeeld van iets wat vir jou belangriker is as God. Lees maar weer wat in vers 29 staan!

Kan ryk mense ook in die hemel kom? Wat vir my en jou onmoontlik lyk, is vir God méér as moontlik!

Gebed:

Dankie Here, dat U genadig is en dat dit nie op grond van ons verdienste is wat ons die saligheid kry nie, maar suiwer op grond van U

groot genade. Dankie dat U dit alles moontlik gemaak het deur U Seun, Jesus!

# 72.

# Onregverdige Loon!

# Matteus 20:1-16

**VIDEO | OUDIO**

Gestel jy werk vir baie jare by 'n maatskappy en jy het 'n hoë posisie bereik. Die baas was nog altyd vir jou baie goed en hy gee jou 'n ruim salaris. In kort: jy is gelukkig! Op 'n dag word 'n skoonmaker aangestel. Al wat sy doen is om vloere te vee want haar vermoëns is maar bitter beperk. Dan word jou voete onder jou uitgeslaan as jy uitvind dat sy presies dieselfde salaris as jy kry! Sal jy nie bitter ongelukkig wees oor hierdie verskriklike onreg wat jou aangedoen is nie? Die vraag is of jy werklik 'n onreg aangedoen is? Was jy nie dolgelukkig met jou salaris totdat jy uitgevind het wat háár beloning is nie?

Die storie wat Jesus vertel laat 'n mens baie ongemaklik voel. Net gister nog het ons gelees dat die gelowiges wat bereid is om hulle álles vir die Here te gee, 'n groot loon in die hemel sal ontvang. En nou lyk dit asof die loon in die hemel onregverdig uitgedeel gaan word. Hoe

moet ek dit verstaan? Het ek dan nie baie duidelik geleer dat God regverdig is nie? Hierdie verhaal vra nie alleen van ons 'n totale omkeer van ons denke oor loonpraktyke nie, maar ook oor hoe ons verhouding met God werk. Daar maal gedurig in jou agterkop die gedagte van "beloning volgens verdienste." Dit ten spyte van die feit dat ons protestantse erfenis vir ons oor en oor leer van die Genade van God. Die vorige gedeelte het afgesluit met die woorde: "Maar baie wat eerste is sal laaste wees, en wat laaste is eerste." Hierdie gedagte word nou deurgedra en dit is tiperend van die Koninkryk van die hemel.

Jesus se verhaal gaan oor die eienaar van 'n wingerd wat op verskillende tye van die dag arbeiders gehuur het om in sy wingerd te werk. Toe die eerstes begin werk was hulle heeltemal tevrede om vir die "gewone dagloon" te werk. Met dié wat later begin het, was die ooreenkoms "'n billike betaling". Die verwagting word by 'n mens geskep dat elkeen betaal sal word volgens die aantal ure wat hy werk.

Wanneer dit egter by die betaalslag kom, is

daar die een ongerymdheid op die ander. Die voorman kry opdrag om by die laastes te begin betaal. Maar die toppunt van onregverdigheid word bereik wanneer die eerstes hulle geld kry, en dit is niks meer as dié van die laastes nie.

Ons simpatie lê beslis by die arme ouens wat heeldag lank geswoeg het! Is hulle klagtes nie dalk volkome regverdig nie? Wat het die eienaar hierop te sê? Sy verweer is dat hy hulle gladnie verkul het nie. Hy het hulle bloot betaal wat hy met hulle ooreengekom het. Tweedens wil hy graag vir almal dieselfde gee omdat hy goed is, en derdens is dit immers sý geld! Hy kan mos daarmee maak wat hý wil. As hy vir iemand meer wil gee as wat hy verdien het, is dit tog sy reg om dit te doen!

Die eienaar sluit sy verweer af met twee vrae. Daarmee veroordeel hy nie die klaers nie, maar eintlik rig hy hiermee eerder 'n appél tot hulle om tot ander insigte te kom. Hy wil hulle vra om dinge te begin sien soos hý dit sien. Sy vergoeding is nie volgens kille berekenings nie. Hy vergoed volgens 'n maatstaf van liefde en barmhartigheid.

Op hierdie punt begin die saak waaroor dit eintlik gaan, deurskemer. Dit is nie om dowe neute dat hier van ‘n wingerd gepraat word nie. God se volk, Israel, is dikwels in die Ou Testament beskryf as God se wingerd. Dit gaan dus in die eerste plek hier om die verhouding tussen God en Sy uitverkore volk, Israel. Deur die eeue het God ál Sy liefde en genade oor hierdie volk uitgestort. Ja, en meer as dikwels het hulle dit nie eers waardeer nie! Dit gaan egter in die tweede plek ook oor die Joodse leiers (die klaers) wat dit nie kan verwerk dat Jesus juis die verstotenes (die tollenaars en sondaars) en gewone mense deel maak van God se Koninkryk nie. God se Koninkryk is een van genade en nie van verdienste waar jy jouself moet in-presteer nie.

In die derde plek sien ons in ‘n later stadium, ná Jesus se hemelvaart hoedat selfs heidene óók deel word van die Koninkryk. Nou kan hulle óók saam met die Jode aansit by die feesmaal. Vir baie Jode was dit ‘n bitter pil om te sluk want hulle loop immers ál die pad saam met God vir die afgelope paar duisend jaar. Nou kom die heidene skielik van nêrens af in en hulle kry presies dieselfde seëninge as

hulle!

Vierdens nooi hierdie gelykenis ons vandag uit om na die wêreld rondom ons te kyk met dieselfde goedheid van liefde en barmhartigheid as wat God dit hier doen. Dit is eers wanneer ons die genadekarakter van die Koninkryk van die hemel ons eie maak dat die wêreld begin sin maak. Ons begin eers die karakter van die Koninkryk begryp wanneer ons insien dat die wêreld ten diepste leef van liefde en genade, en nie van kille berekenings nie. As gelowiges wat met die Woord grootgeword het en reeds 'n lang pad met God gestap het, raak ons dikwels jaloers wanneer iemand tot bekering kom ná 'n roekelose lewe en dan God se seëninge baie intens ervaar. Wat is hy beter as ek?

Kom ons begin vandag om God se genade te sien uit God se oogpunt.

Gebed:

Here, vergewe my waar ek so baie keer al jaloers was op mense wat volgens my nie U genade verdien het nie!

# 73.

# Diensbaarheid

# Matteus 20:17-28

**VIDEO | OUDIO**

Ons verhaal gaan vandag oor twee broers, Jakobus en Johannes. Hulle dierbare Mammie het met 'n baie ernstige versoek na Jesus gekom, dat haar twee seuntjies asseblieftog die ereposisie by Sy troon sou kry wanneer Hy eendag regeer. Dit klink nie na 'n vreeslike onbillike versoek nie, want uiteraard was hulle mos deel van 'n klein groepie van Jesus se intieme vriende van die afgelope drie jaar. Sy het egter nie die vaagste benul gehad waaroor alles werklik gegaan het nie. 'n Mens sou ook verwag dat hulle sommer dadelik vir haar sou sê: "Ag Ma, los tog maar, want ons weet mos dat dit oor baie meer gaan as net 'n ereplekkie langs die troon!" Maar nee! Hulle het saamgespeel en jy kom agter dat selfs ná al die dinge wat Jesus hulle geleer het, hulle steeds gladnie besef het WIE Jesus was nie.

Die ander manne was bitter ontsteld oor hierdie twee en natuurlik ook hulle ma se

versoek. Dan dink jy dat hulle darem ten minste iets sou gesnap het? As jy egter ‘n bietjie dieper kyk, kom jy agter dat hulle ontstteltenis gegaan het oor die feit dat Jakobus en Johannes hulle voorgespring het. Hulle wou dan eintlik sélf mik vir daardie ereposisie!

Wat die hele situasie nog meer absurd gemaak het, is die feit dat hierdie petalje afgespeel het pas nadat Jesus juis vir hulle vertel het dat die kerkleiers Hom in Jerusalem sou gevange neem. Hulle was op daardie stadium juis op pad na Jerusalem, dus was hierdie nagmerrie net om die draai. Hy het ook vertel dat Hy ter dood veroordeel sou word. In detail het Hy vertel hoedat die heidene Hom sou spot, gésel en kruisig. Maar op die derde dag sou Hy opstaan uit die dood. Het hierdie dinge nie by hulle ingesink nie? Was hulle so behep met hulle eie posisie eendag in die Koninkryk dat hulle nie eers gehoor het wat Jesus gesê het nie?

Ek dink dat Jesus seker baie moedeloos met hierdie klomp moes gewees het. Vir drie jaar lank het Hy hulle intensiewe opleiding gegee

en vir hulle verduidelik presies waaroor alles gegaan het. Daar was wél pragtige oomblikke wanneer dit gelyk het of hulle besef het wie Jesus was en selfs bely het dat Hy die Seun van God is.

En dan, **DIT.......**!

Miskien het hierdie pelgrimsreis van hulle na Jerusalem, gedagtes by hulle losgemaak, dat Jesus dalk 'n staatsgreep sou uitvoer en Israel van die Romeine verlos. Het Jesus nie al by verskeie geleenthede vir hulle uitgespel wat in Jerusalem sou gebeur nie? Het hulle nooit gehoor toe Hy vir hulle vertel het van die lyding en die dood wat daar op Hom gewag het nie? As Jesus dan vir hulle vra of hulle bereid sou wees om die lydensbeker saam met Hom te drink, antwoord hulle onomwonde "JA!" Hulle praat sonder om te dink, sonder om te besef wat hulle sê.

Jesus het die twaalf eenkant toe geroep en vir hulle ‘n prent geskilder, ‘n prent waarin Hy die verskil tussen ‘n wêreldse Koninkryk en ‘n Goddelike Koninkryk verduidelik het. In vandag se terme sou Jesus waarskynlik sê dat die president en sy regering hulle magte totaal

misbruik. In plaas van om die land te dien, wil hulle gedien word, in lang, swart motors ry, in paleise woon en onbeperkte mag hê. Hulle wil stringe veiligheidswagte hê om hulle te beskerm!

In God se Koninkryk werk dit baie anders: daar word jy nie gedien nie, maar jou hoogste taak is eintlik om diensbaar te wees. Jesus het hierin telkemale die voorbeeld gestel waar Hy die minste was om selfs sy leerlinge se vuil voete te was, iets wat slegs 'n slaaf sou doen. Hy het weggeskram van alle eerbetoon en telkemale as Hy iemand gesond gemaak het, het Hy die persoon beveel om stil te bly daaroor. Jesus se dag van glorie, die dag toe Hy die vyand finaal verslaan het, was nie 'n reuse jubelfees nie maar uit 'n wêreldse oogpunt 'n uiters tragiese dag. Daardie dag het Hy, die Koning, die Oorwinnaar immers aan 'n vloekhout gehang en is Hy bespot en geslaan. Jesus verwag nie van enigeen van ons om óóit so ver te gaan nie. Sy boodskap is egter dat die hoogste eer wat jou kan tref is dat jy die geleentheid kan kry om te dien en dat jy dit met albei hande sal aangryp!

Ek het dit al dikwels beleef dat mense wat die hoogste posisies beklee in die kerk, juis die mense is wat bereid is om die skottelgoed te was en die laagste werkies te doen!

Gelowiges se strewe moet wees om diensbaar te wees, nie alleen teenoor God nie maar ook teenoor elkeen wat ons paadjie kruis. Saam met diensbaarheid kom natuurlik ook nederigheid en die bereidheid om die minste te wees. Dit is baie beslis nie maklik nie! Dit verg baie moed om van daardie troontjie af te klim! En nog meer só, as jy moet toesien dat die persoon wat jou plek inneem beslis nie waardig is om daar te sit nie. My gebed vanoggend vir jou is dan ook dat hierdie ‘n kenmerk van jou lewe sal wees.

Gebed:

Here, help my om diensbaar te wees in U Koninkryk maar ook nederig. Stuur vandag asseblief geleenthede oor my pad waar ek kan dien, en maak my gewillig om die minste te wees!

# 74.

# Twee Blindes

# Matteus 20:29-34

**VIDEO | OUDIO**

Jesus se bediening word nou op die spits gedryf wanneer Hy uit Jerigo uitgaan. Die héél laaste been van Sy reis op aarde breek aan wanneer Hy die steil, dorre bergpas van Jerigo na Jerusalem aandurf. Jesus word gevolg deur ‘n reuse skare opgewonde mense. Kan hulle dalk aanvoel dat hier nou iets baie groot gaan gebeur? Die vraag is: wat wíl hulle hê moet gebeur? Die vorige insident, toe Jesus se intieme groepie van twaalf nog steeds nie kon begryp wat Jesus hier kom doen het nie, lê nog vars in die geheue. Dit laat jou wonder of hierdie klomp mense ooit die ware Jesus raakgesien het? Sien hulle nie dalk hier die Groot Leier wat hulle nou in die politiek sal voorgaan nie – dalk die Messias? Alle aanduidings is dat hulle wél vir Jesus sien as ‘n politieke kandidaat wat hulle uit Rome se kloue sou red. Daarom volg hulle Hom met groot opgewondenheid. Hy het so pas die triomfantlike optog na Jerusalem begin,

moontlik om die stad te verower!

Maar dan is daar ‘n oponthoud, iets wat hulle baie beslis nie nou op hierdie kritieke oomblik wil hê nie. Twee simpele blindes wat juis nóú Jesus se aandag soek. “Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!” kerm hulle.

“Bly stil! Kan julle nie sien dat Hy op pad is na Jerusalem toe nie? Daar is nou báie belangriker dinge om te doen as om twee kermende blindes te woord te staan! Ons gaan Jerusalem verower!” Die blindes word summier stilgemaak.

Maar die twee manne laat hulle nie só maklik afsit nie. Hierdie is hulle laaste kans en hulle skree al harder sodat Jesus asseblieftog net moet hoor: “Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!” Hoe harder die mense probeer om hulle stil te maak, hoe harder skree hulle. Hulle is desperaat - Jesus is hulle enigste redding. As Hy nou hier by hulle verbygaan is dit dalk vir ewig te laat! Hy is hulle laaste en enigste hoop.

“Vorentoe! Vorentoe! Jerusalem wag!” is al wat in die skare se opgeklitste gedagtes kook. “Hierdie manne het immers 'n volle drie jaar

gehad waarin hulle Jesus se genesing kon opsoek! Hoekom juis nóú? Waarom op hierdie kritieke oomblik? Nee wat, hulle kan beslis maar wag!"

Jesus gaan staan. Hy draai om na die twee patetiese figure en tot groot frustrasie van almal wat Hom aanstoot na Jerusalem, vra Hy: "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" Sy houding spreek van groot deernis. Hy voel innig jammer vir hulle want die samelewing het hulle verwerp.

"Dat ons oë sal oopgaan, Here....." Jesus beur 'n pad deur die skare tot by hulle. Hy raak aan hulle oë. Dan gebeur die wonderwerk: hulle kan skielik sien! Tussen Sy "besige skedule" om die finale treë te gee na die redding van die ganse mensdom, maak Jesus tyd om aan twee blindes se oë te gaan vat. Terwyl die skare wil voortbeur na Jerusalem om Jesus Koning te gaan maak, gaan staan Hy stil om aandag te gee aan twee miserabele uitgeworpenes.

En hulle het Hom gevolg!

Ek wil glo dat hierdie twee Jesus gevolg het om 'n totaal ander rede as die res van die

skare. Hulle volg Hom uit dankbaarheid vir wat Hy vir hulle gedoen het. Hulle volg Hom omdat hulle Hom waarlik sien as die Seun van God wat hulle gered het uit die duisternis. Hy het immers vir hulle die lig gegee! Hulle was anders as die skare wat Jesus eintlik nie gevolg het nie, maar Hom eerder meedoënloos voortgedruk het na Jerusalem.

Wie is Jesus werklik vir jou? Dalk sal jy sê dat 'n mens mos nie so 'n arrogante vraag kan vra nie! Jesus ís mos Koning! Inderdaad, maar dikwels wil ons Jesus anders probeer maak as wat Hy is. Nét soos wat daardie skare Jesus wou misbruik om hulle politieke aspirasies te bereik, probeer ons Hom óók dikwels misbruik!

O, natuurlik kan en móét ek na Jesus gaan in my uur van nood en Hom vra vir uitkoms. Inderdaad móét ons besef dat ons hele lewensbestaan afhanklik is van Hom. Maar so dikwels probeer ons ook vir Jesus manipuleer om sekere dinge te kry. In 'n selfsugtige gebed probeer ons Hom dikwels in 'n sekere rigting indwing, en sal ons soms selfs soos daardie skare op die blindes langs die pad trap om Jesus te kry waar ons Hom graag wil hê!

Ons moet onthou dat ons hele lewensbestaan as kinders van God moet wentel rondom die begrip van ‘n lewe van dankbaarheid. Jesus het die hoogste moontlike prys betaal om vir ons die geskenk van die ewige lewe te kon gee. Juis daarom moet dit vir my nie gaan om wat ek nóg van Jesus kan kry nie, maar eerder oor hoe ek Hom beter kan dien. Wat kan ek vandag vir Jesus doen om dankie te sê? Hoe kan ek my lewe inrig om waarlik vir die Here te wys dat ek Hom liefhet bo alles en almal? Elke gawe wat na ons kant toe kom moet ons sien as suiwer genade, en dit moet ons maar net aanspoor tot ‘n meer intensiewe dankbaarheidslewe. Boonop moet ons elke oomblik van die dag ons totale afhanklikheid van Hom besef, soos daardie twee blindes gedoen het.

Gebed:

Here Jesus, ek wil vanoggend bely dat ek U al so dikwels probeer misbruik het. Vergewe my asseblief daarvoor, en maak asseblief vandag my oë oop sodat ek die geleenthede kan raaksien om U beter te kan dien. Maak my gewillig om in U diens te staan, en maak my

elke oomblik van die dag dankbaar vir alles wat U vir my doen!

# 75.

# Die Groot Intog

# Matteus 21:1-11

**VIDEO | OUDIO**

Jesus het die grootste deel van Sy drie-jaar lange bediening in Galilea, en veral rondom die see van Galilea deurgebring. Daar was wel enkele besoeke aan Jerusalem asook enkele heidense streke soos Gadara, Tirus en Sidon. Nou het Hy hierdie plattelandse bediening afgesluit en Sy héél laaste reis na Jerusalem vir die Paasfees het sy bestemming bereik. Hierdie Paasfees sou egter baie anders wees as ál die ander voor dit, en dit sou die ganse geskiedenis van die mensdom radikaal verander.

Jesus se intog in Jerusalem is gelaai met simboliek. Hy het nie maar daarheen gegaan net om Paasfees te vier nie. Die hele proses gloei van Koningsgesag - van dié Koning wat gekom het om Sy regmatige eiendom, Jerusalem te kom opeis. Hier sou die vyand, wat arrogant vir die wêreld uitbasuin dat hy in volle beheer is, verslaan word op ‘n wyse wat

alle verstand te bowe gaan.

Wanneer Jesus naby Jerusalem kom, stuur Hy twee dissipels: “Gaan na die dorpie daar voor julle en julle sal dadelik 'n vasgemaakte donkie vind met 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My.”

Kon dit nie liewer ‘n pragtige pronkende perd gewees het nie? Jesus het ‘n donkie verkies want dit het gepas by Sy nederige persoonlikheid. ‘n Perd word geassosieer met ‘n militêre inval, hulle was oorlogsdiere! Jesus het nie Jerusalem kom binneval nie, Hy bring vrede! Hy het die magtige skaar van engelmagte tot Sy beskikking gehad om in glorie die stad te kom verower, maar Hy verkies om eerder as Vredeskoning te kom sonder om geweld te gebruik. Alhoewel ons dalk vandag op ‘n donkie neersien as 'n halsstarrige, moedswillige dierasie, was dit in die Joodse tradisie ‘n koninklike rydier. As ons Genesis 49:10-11 lees, sien ons die profetiese woorde van Jakob, dat die Heerser op ‘n donkie ry.

Jesus se intog in Jerusalem spreek inderdaad van Koningsgesag. Wanneer Hy die donkie

laat haal was dit oorgenoeg vir die dissipels om maar net vir die eienaar daarvan te sê dat die Here die donkie nodig het. Die man het dadelik ingestem sonder om vrae te vra en sonder teëstribbel. Die groot skare pelgrims wat Jesus vergesel, rol boonop as't ware die rooi tapyt vir Hom oop. Hulle borrel van opgewondenheid want hulle kan aanvoel dat iets baie groot gaan gebeur. Hulle dans en sing en gooi hulle klere voor Hom in die pad. Takkies word van die bome afgepluk en triomfantlik rondgeswaai uit eerbetoon vir hierdie Koning. Volgens Johannes 12:13 was dit palmtakke.

In Jerusalem gaan daar 'n gedruis op van mense wat in 'n groot beroering kom. Die nuus van die Koning se intog versprei soos 'n veldbrand. Hierdie beroering is egter nie van opgewondenheid oor Jesus se koms nie, maar eerder van ontsteltenis. Jy sal sékerlik onthou dat daar nét so 'n groot ontsteltenis in Jerusalem was tydens Jesus se geboorte. Herodus was woedend toe hy hoor dat daar 'n nuwe Koning gebore is! Jesus se vrede bring dus ook terselfdertyd onvrede!

Dit gaan jou verstand te bowe dat Jesus vir drie jaar lank die hele Israel deur gepreek en wonderdade gedoen het en dat reuse skares mense agter Hom aangeloop het. Maar wanneer Hy Jerusalem binnekom, wil die mense weet wie hierdie Man dan tog is? Vir baie van die mense wat aan die optog deelgeneem het was Jesus slegs "die Profeet van Nasaret." Was hulle ore en oë dan bottoe vir alles wat Jesus gedoen het? Vir hulle was Hy 'n volslae vreemdeling, 'n Vreemdeling met 'n vreemde boodskap. Dit voorspel niks anders nie as stryd! Jesus het tog immers gesê dat Hy nie alleen gekom het om vrede te bring nie, maar ook stryd - gaan lees gerus maar weer wat Hy gesê het in Matt. 10:34.

Inderdaad bring Jesus gewis stryd vir diegene vir wie Sy vredesboodskap te rewolusionêr klink, omdat dit jou lewe totaal kan omkeer. Talle mense kom vandag steeds in beroering van ontsteltenis wanneer Jesus se vredesboodskap weerklink. Talle misdadigers kry voorkeurbehandeling of word summier hulle wandade kwytgeskeld, maar wanneer die boodskap van Jesus se vrede oor 'n Christelike radiostasie weerklink, word dit

uitgedoof. Dit word stilgemaak uit vrees dat dit dalk die een of ander wet sou kon oortree. In skole is dit 'n misdaad om die vredesboodskap te verkondig. Is dit dalk uit blote vrees vir die vredesboodskap?

Vir diegene wat egter bereid is om voor hierdie Vredeskoning te buig in aanbidding, bring Hy ware vrede en rus, 'n onbeskryflike vrede wat alle verstand te bowe gaan!

Vanoggend is Jesus se dringende vraag aan jou: het jy al by daardie punt in jou lewe gekom waar jy jou lewe aan die Vredeskoning oorgee? Of is jy dalk steeds bevrees om die stap te neem, omdat dit dalk 'n radikale verandering in jou lewe sou beteken? Genadetyd het bitter min geraak! Dalk is dit selfs more al te laat..........

Gebed:

Here Jesus, Vredeskoning, ek buig vanoggend in aanbidding voor U neer, want aan U behoort al die eer en verheerliking. Dankie dat ek vandag U volle rus en vrede kan beleef. Dankie dat U die Koning is van my hart!

# 76.

# Die Tempelreiniging

# Matteus 21:12-17

**VIDEO** | **OUDIO**

Besigheid was baie goed daardie dag! Mense het in hulle hordes na die tempel gestroom want dit sou binnekort Paasfees wees. Dit was inderdaad die moeite werd om 'n "handelspos" hier by die tempel te begin, want die rompslomp wat die Fariseërs en Skrifgeleerdes veroorsaak het, het dit feitlik onmoontlik begin maak vir die gewone man om in die tempel te kom offer. Dit was veral die pelgrims van ver af wat hard geraak was. 'n Klompie sakemanne het hier 'n nis gesien vir 'n winsgewende besigheid. Het 'n paar priesterhoofde en Fariseërs nie dalk 'n aandeel gehad in hierdie florerende saak nie? Mens wonder maar net.....

Die Jode het geglo dat die afbeelding van enige persoon op 'n muntstuk die tweede gebod verbreek het. Sulke munte kon dus nie in die tempel gebruik word nie. Romeinse munte het die gesig van die Keiser op gehad,

dus moes dit eers verruil word vir munte sonder sulke afbeeldings soos byvoorbeeld die geld wat in Tirus gemunt was. Natuurlik het die geldwisselaars hier ‘n vet profyt gemaak.

Boonop het baie mense wat kom offer het lang afstande moes aflê om by die tempel te kom, en dit was nie prakties om diere saam te bring nie. Slegs die beste gehalte diere mag geoffer word en as jy vir ’n week lank ’n dier aangekarwei het, het hy al baie vaal begin lyk. Die priesters sou so ‘n verlepte skaap nooit as offerdier aanvaar nie. Dus was hier ook ‘n goeie mark om diere te voorsien om geoffer te word, natúúrlik teen ‘n prys!

Waar sou jy dan nou ook ’n beter plek kon kry om ’n stalletjie op te sit om hierdie handelsware te verkoop as reg in die Tempel se voorhof? Dan hoef die moeë reisiger mos nie eers te gaan rondsoek elders vir ’n offerding nie. Lammers en duiwe wat as offerdiere moes dien het dus ’n gereelde gesig geword by die tempel. Mense was liederlik uitgebuit en dit nogal in die tempel se voorhowe. In plaas daarvan dat die tempel die plek was waar God aanbid word, het dit in

‘n rowersnes verander! Dit dui presies aan hoedanig die Jode se gesindheid geword het en natuurlik het die kerkleiers hierdie dinge goedgekeur. Dalk het hulle sélf ook ‘n vet kommissie hieruit gekry?

Wil ek hiermee probeer sê dat ‘n kerkgebou ‘n heilige plek is waar dit te alle tye doodstil en stemmig moet wees? Inderdaad Nee! Kyk maar wat Jesus hier gedoen het: Nadat Hy hierdie spul handelaars uitgesmyt het, het Hy nie op ‘n hopie gaan sit en peins nie maar Hy het begin om siekes gesond te maak. Veral blindes en kreupeles het na Hom toe gestroom. Daar het ‘n lang tradisie ontstaan uit Dawid se tyd, dat gebreklike persone soos kreupeles en blindes nie in die tempel toegelaat was nie. Daarvan lees ons in 2 Sam. 5:8. Hierdie arme mense is met ander woorde alle reg om in die tempel te mag aanbid ontneem. Met Jesus se aksie het Hy nie alleen hierdie mense gesond gemaak nie, maar ook vir hulle die geleentheid gegee om vir die eerste keer weer te kon aanbid in die tempel!

Ons moet onthou dat die tempel in Jerusalem die simbool was van God se teenwoordigheid

in Israel. Deur 'n rowersnes daarvan te maak was 'n klap in God se gesig. 'n Kerkgebou het uiteraard vandag nie meer dieselfde betekenis nie. Die gebou as sulks is nie heilig nie want dit is bloot 'n dooie gebou. Dit behoort egter 'n "werkswinkel" te wees waar kinders van God opgelei word om 'n sinvolle dankbaarheidslewe te leef. Dit moet ook vir die wêreld daar buite 'n simbool wees van God se liefde, want die mense wat uit hierdie gebou stap moet Sy liefde op 'n sigbare en praktiese manier gaan uitleef deur om te gee vir almal waarmee hulle in aanraking kom.

Jesus se handeling daardie oggend in die tempel het die kerkleiers hulle wenkbroue laat lig. Binne-in hulle het dit gekook! Maar toe kom die kersie op die koek: 'n horde kinders, wat waarskynlik vroegdag al gesien het hoe die grootmense op pad na Jerusalem Jesus se lof toegesing het, het nou hierdie wonderwerke voor hulle oë sien afspeel. "Prys die Seun van Dawid!" het hulle dit nou kliphard uitgejubel, totdat die soet klanke van kinderstemmetjies weergalm het deur die tempelgange. Die kerkleiers was geskok tot in hulle klipharde fondamente! "Hoor Jy wat

hulle sê?" het hulle verontwaardig vir Jesus gevra.

Inderdaad het Jesus gehoor wat die kinders sing. Uit die pragtige loflied, Psalm 8, het Jesus dan ook vir hierdie beswaarde manne aangehaal dat God daarvoor gesorg het dat kinders en suigelinge Sy lof besing. As die kerkleiers dit dan nie wou doen nie, sou diegene wat verwerp was en as niks gereken was, Jesus verheerlik vir Wie Hy waarlik was!

Die leiers het van godsdiens 'n swaar en moeilike aangeleentheid gemaak, daarom is Jesus se optrede in die laaste vers, hoogs simbolies – Hy keer sy rug op hierdie soort godsdiens. Hy verlaat die tempel en gaan na Betanië.

Ek en jy is die "kinders" wat die soet klanke van God se lof uit ons kerkgeboue moet laat weergalm oor die wêreld. Nie alleen met ons stemme nie, maar met praktiese liefde wat menseharte oorrompel.

Gebed:

Here, gee my asseblief vandag die ywer en insig om U liefde prakties uit te leef en uit te

jubel sodat ek die soet geur van U groot genade kan versprei!

# 77.

# Gelowige Gebed

# Matteus 21:18-22

**VIDEO** | **OUDIO**

In die wildtuin kom ons eenmaal op ‘n gompou af wat bitter ongelukkig lyk. As jy dalk nie ‘n gompou ken nie - hy is ‘n baie groot voël, die swaarste voël wat kan vlieg in die wêreld. Hy staan so amper ‘n meter en ‘n half in sy sokkies en ‘n vlerkspan van byna 3 meter. Dis 'n klomp moeite vir so 'n swaar voël om in die lug te kom, en daarom spandeer hy die grootste deel van sy lewe op die grond.

Naby hierdie voël staan ‘n paar rooibokke rustig en wei. Wel, dit wás rustig totdat hulle per ongeluk die gompou se spasie betree. Skielik begin Gompou sommer aggressief raak en die arme bokke word wild en wakker verjaag! Sy maak haarself nóg groter as wat sy is deur haar nekvere op te blaas en sommer baie lelik te lyk. Die bokke laat spaander uit vrees vir hierdie “monster!” Eers dán raak sy weer rustig. Ek vermoed dat sy daar iewers ‘n nes gehad het om te beskerm.

Dit laat my toe dink aan ‘n soortgelyke situasie toe ons ‘n buffelbul sien wat op ‘n bontkiewiet se nes afgestap gekom het. Die buffel is natuurlik ‘n groot stuk vleis en die kiewietjie maar skaars ‘n baksteen hoog. Maar hierdie voëltjie het ‘n verskriklike kabaal opgeskop en keer op keer rakelings by die buffel verbygevlieg totdat die ou kêrel uiteindelik die boodskap kon kry dat hy nie daar welkom was nie. As dit 'n mens was, het daardie kiewietjie sékerlik baie hard gebid, en dalk so ook die gompou. Ja, ook háár kosbare nessie het ongeskonde gebly!

Help dit ooit om te bid?

Wat ‘n vraag!

Jesus verduidelik aan die dissipels oor die krag van ‘n gelowige gebed. Alles het begin met 'n baie ontstellende insident met 'n vyeboom.

Jesus en Sy dissipels het die nag in Betanië deurgebring, ‘n dorpie nét buite Jerusalem. Vroegoggend was hulle weer op pad terug na Jerusalem. Hulle was honger en toe daar ‘n vyeboom, pragtig uitgedos in lowergroen blare reg langs die pad staan, was hulle opgewonde want hier sou iets te ete wees vir

daardie leë mae, dalk 'n paar heerlike sappige vye. Maar tevergeefs, want die boom het nie ‘n enkele vrug aan gehad nie. Toe gebeur ‘n ontstellende ding: Jesus het die boom vervloek en onmiddellik het dit begin om totaal te verdroog. “Mag jy tot in ewigheid nooit weer vrug dra nie!” Hoe kon Jesus so ‘n verskriklike ding sê?!

Die insident drup egter van simboliek, en hiermee wou Jesus twee dinge illustreer: vir die praktiese hier-en-nou wou Hy vir die dissipels die krag van gelowige gebed verduidelik. Daar is egter ook ‘n dieperliggende simboliek: Hierdie vyeboom simboliseer die volk Israel. Oppervlakkig was hulle pragtig, lowergroen, en het hulle baie hard gewerk om die wet te onderhou. Uiterlik was hulle verskriklik voorbeeldig en g’n sonde was geduld nie. As enigeen dalk sou struikel, veral as jy boonop ‘n vrou was, was jy summier met klippe doodgegooi om die euwel uit die samelewing uit te roei. Daardie “vyeboom” moes tog net uiterlik baie mooi lyk te alle tye!

Inherent was die volk egter korrup. Daar was nie ‘n enkele vrug aan hierdie boom nie. Alles

het net om hulleself gedraai. Hulle moes lewe om vir hulleself ‘n paadjie oop te werk na die saligheid. In die proses het hulle getrap op enigeen wat daardie droom dalk kon suur maak. Dit is nou al 2000 jaar later, en dit is nog presies dieselfde. My dogter het vir drie jaar in Israel gebly en vir Jode gewerk, en daar het sy hierdie dinge eerstehands ervaar en as ‘n senuweewrak teruggekom. Die feit dat Jesus die vyeboom onmiddellik laat verdroog het, beklemtoon die verskriklike erns van die saak: Israel se tyd was verby! God sou Israel vervang met ‘n nuwe volk wat wél vrug sou dra.

As ons nou hierdie gedagte ‘n bietjie verder sou voer, dan beloof Jesus aan Sy dissipels en aan die kerk ‘n nuwe lewe. In gebed en geloof sal hulle letterlik berge kan versit. “Berge versit” is ‘n integrale deel van God se werksaamhede in die eindtyd, soos ons duidelik lees in Jesaja 40. Wanneer die dissipels dus op God sou vertrou, binne Sy wil sou leef en Sy mag deur gebed in werking sou stel, sou hulle God se groot dade beleef.

As kerk van Christus moet ons egter baie versigtig wees dat ons nie dalk dieselfde

paadjie loop as Israel nie. Ek het so dikwels gesien dat ‘n gemeente daardie pragtige lowergroen van die vyeboom vertoon, maar dat dit nes Israel van ouds ook slegs uiterlik is. Van vrugte is daar weinig sprake. Alles gaan daaroor om vir die wêreld te wys hoe goed en suksesvol hulle is. Ek ken egter ook ander gemeentes waar die liefde van God uitgestraal word en waar daar volop vrugte is. En dan kan jy ook maar gaan kyk na die gebedslewe in so ‘n gemeente. Daar word dit lewend gehou en gemeentelede staan gewoonlik daar in ‘n gebedsverhouding met God. Gebed versit verséker berge!

Gebed:

Here, U het belowe dat ek groot dinge kan vermag as ek in geloof tot U bid. Gee my asseblief die vertroue om die geloof in werking te stel, al is dit so klein soos ‘n mosterdsaad.

78.

## ‘n Gewillige Sondaar

## Matteus 21:23-32

**VIDEO | OUDIO**

Jesus het Jerusalem triomfantlik as die Groot Koning binnegery, ten spyte van die kerkleiers se groot teenkanting. Sy koningsgesag word daardie selfde dag nog verder beklemtoon wanneer Hy die tempel reinig van die rowersnes wat daar ontaard het, en dit lyk nie of enigeen ‘n vinger kon roer om Hom te keer nie. ‘n Derde insident volg waar Jesus se gesag selfs oor die natuur beklemtoon word wanneer Hy die onvrugbare vyeboom laat verdor.

Nou sit Jesus as’t ware op die “troon” in die tempel. Hy is in volle beheer van die plofbare situasie wat besig is om op te bou. En dan kom die volksleiers, dis nou die familiehoofde en priesterhoofde en hulle probeer Hom vastrek om êrens ‘n verkeerde ding te sê sodat hulle Hom kan laat veroordeel. Jesus gebruik egter taktiek waarvoor die Rabbi’s sélf baie lief was, om ‘n vraag met ‘n teenvraag te beantwoord

om mekaar so te probeer troef. Hulle is oorbluf want Jesus se teenvraag laat hulle met 'n groot dilemma. Hulle durf dit net eenvoudig nie antwoord nie, want watter kant toe hulle ookal antwoord, bly hulle kniediep in die moeilikheid. Dis skaakmat!

Wanneer Jesus hierdie manne aanvat, impliseer Hy dat Sy werk en dié van Johannes die Doper baie nou verweef is. Net soos Johannes die volk gesoebat het dat hulle hulleself moes bekeer, het Jesus ook probeer om hulle tot nuwe insigte te lei. Dit was egter puur verniet, want hulle het die vermanings bloot geïgnoreer. Daar was géén berou by die Joodse leiers te bespeur nie!

'n Ander uiters ontstellende gedagte wat na vore kom is die wrede dood waarmee Johannes moes betaal vir sy oortuigings. Jesus sou dieselfde prys betaal, maar net baie, baie erger! Al voel dit soms vir ons asof Jesus hier alle beheer verloor het, is die teendeel egter waar. Hy weet presies wat Hy doen, en Hy stuur doelgerig af op die eindbestemming!

Dan vryf Jesus sout in Sy ondervraers se wonde met twee gelykenisse, waarin Hy nie alleen vir

hulle iets van hulleself vertel nie maar ook die oordeel oor die ganse Joodse volk uitspreek.

In die eerste verhaaltjie gaan dit om twee seuns wat elkeen 'n opdrag kry. Die een is hardkoppig en moedswillig en weier botweg. Die ander is baie voorbeeldig en sê vroom: "Ja, Pa!" Wanneer dit egter by die praktiese kom, is die voorbeeldige seun nêrens te vinde nie. Die weerbarstige knaap voel egter skaam oor sy laakbare gedrag en hy gaan doen tóg wat Pa gevra het.

En dan tik Jesus hierdie manne geniepsig oor die vingers, want húlle is daardie "voorbeeldige" seun! Hulle is die leiers van die volk in alle opsigte en hulle is die mense wat 'n voorbeeld aan die res moet stel. Uiterlik doen hulle dit dan ook perfek met hulle verskriklike vroom handelinge en rituele en die rye en rye wette wat hulle so nougeset elke dag nakom en op hulle lysie aftik om te bewys hoe vroom hulle is. Op die oog af is hulle die toonbeeld van geloof en Godsdienstigheid. Hulle sal ook uit hulle pad gaan om dit so te hou. Innerlik is hulle egter korrup, want hulle dink net aan hulleself. Al hulle tyd gaan in die blinkpoets

van hulle uiterlike en die binneste word intussen totaal verwaarloos. Daar word nie eers ‘n gedagte gegee aan die ander sondige skepsels wat daagliks by hulle verbyskuur nie!

Aan die ander kant van die spektrum is daar die weerbarstige seun. Dit is nou die verwerptes onder die volk wat nie eers ‘n kans gegun word om te deel in God se Koninkryk nie. Onder hulle tel onder meer die tollenaars, kreupeles, melaatses en enigeen wat die een of ander ergerlike sonde begaan het. Hierdie mense is afgeskryf deur die samelewing en veral die kerkleiers. Daar kan tog niks goed in hulle steek nie! Word hulle egter ‘n kans gegun, soos byvoorbeeld gebeur het met Matteus, die tollenaar, dan gebeur daar wonderwerke! Gaan lees maar gerus weer die dagstukkie: “*Feesmaal Saam Met Sondaars*" by **bit.ly/ds230607**

Ek en jy moet oppas dat ons nie so verval in ‘n vroom lewe, waar ons net aan onsself dink of hoe om ‘n mooi beeld aan die wêreld voor te hou nie. Die groot gevaar is dat ons dan dalk die hele gees van die evangelie kan miskyk!

Of dat ons dalk so vasval in die dinge van die kerk dat ons nie meer tyd het om 'n verhouding uit te leef met Jesus nie. Moenie iets anders probeer wees as wat jy is nie! Dis egter van uiterste belang dat ons doen wat die Here van ons vra om te doen, naamlik om die liefde van Jesus uit te leef in alle aspekte van jou lewe. Dit beteken dat ons dit nie alleen teenoor God doen nie, maar ook teenoor ons medemens. Maar weereens, moet hierdie uitleef van liefde nie 'n geforseerde ding wees wat jy doen omdat jy verplig voel om dit te doen nie. Dit moet diep uit die hart kom. Dit moet 'n passie in jou lewe wees wat uitborrel uit dankbaarheid teenoor God.

Gebed:

Here, vanoggend moet ek bely dat my lewe deurtrek is van sonde. Nogtans vra ek dat U my die krag en passie sal gee om, ten spyte van wie en wat ek is, die wonderbare liefde wat U vir my bewys het uit te leef!

## 79.

## Die Wingerd

## Matteus 21:33-45

**VIDEO | OUDIO**

Ons het Jesus gister kom kry waar Hy deur 'n groep priester- en familiehoofde gekonfronteer was met 'n strikvraag terwyl Hy in die tempel besig was om mense te leer. Nadat Hy hulle mooi laat verstaan het dat Hy baie beslis nie vir hulle slim truuk sal val nie, vertel Hy hulle twee storietjies.

Gister se storie het gegaan oor twee seuns. Vandag s'n is 'n baie ontstellende verhaal, van 'n man wat 'n wynplaas gevestig het en pragtig ingerig het vir produksie, en toe verhuur hy die plaas. Toe hy egter na 'n jaar die huurgeld wil invorder, word sy slawe wat hierdie takie moes verrig, by twee geleenthede mishandel, geslaan, gestenig en onverrigtersake teruggepos. Een is selfs doodgemaak! Dit is tóé dat hy sy seun stuur om die saak finaal te gaan uitsorteer. Hulle het egter sy seun vermoor! Hulle het gedink dat hulle hiermee die plaas vir hulleself sou kon

opeis. Hierdie boere het egter nie met die bedroefde vader rekening gehou nie: hy sou toesien dat nie een van hulle ‘n wrede straf vryspring nie!

Toe maak Jesus ‘n baie ontstellende uitspraak: Hy vertel vir hierdie volksleiers dat húlle eintlik daardie huurboere was, en dat die Koninkryk van God van hulle weggeneem en aan ‘n ander volk gegee sou word!

Die manne was briesend kwaad. Hulle slim praatjies het op hulle teruggeplof. Hulle was verleë want hulle wou Hom net daar en dan in hegtenis neem, maar die skare van mense wat aan Jesus se lippe gehang het sou hulle stenig as hulle dit u waag. Stomend van woede is hulle daar weg, met moord in hulle harte!

Wanneer ons hierdie storie lees, sê ons baie gou: “Lekker! Hulle het presies gekry wat hulle gesoek het! Hulle kierankies gaan braai!” Maar moenie oorhaastig wees nie. Moenie sommer hierdie gelykenis “aanstuur” nie, want elke gelowige, ja ook ek en jy word aangespreek in Jesus se storie.

Eerstens moet ons gaan kyk wat Jesus direk vir

daardie manne wou sê: Die wingerd is natuurlik die volk van God, Israel en die boere die Joodse leiers. God verwag 'n "druiwe-oes" van geregtigheid van hulle, maar met hulle eiegeregtigde optrede en hulle verstikkende godsdienstige voorskrifte, verhoed die Joodse leiers dat die volk daardie vrug van liefde, barmhartigheid en vrede oplewer. Die slawe waarvan Jesus praat is die profete wat telkemale by die volk moes kom pleit. Hulle is telkemale mishandel en selfs doodgemaak. Die jongste voorval is die grusame dood van Johannes die Doper.

Uiteindelik word die Seun gestuur - Jesus. Jesus sien al duidelik hoedat Hy wreed gemartel en doodgemaak gaan word deur hierdie einste manne wat voor Hom staan en stoom.

Soos in gister se storie, word hier in geen onduidelike woorde vir die volksleiers gesê dat Israel sy Godsvolk-status kwyt gaan wees, en dat daardie titel aan 'n ander volk gegee gaan word. Inderdaad het dit pesies nét so gebeur, en vandag is ek en jy deel van daardie volk wat regoor die wêreld versprei is. En die wonderlike is dat hierdie volk selfs ook

bekeerde Jode insluit!

Inderdaad kan ons jubel en juig, want ons is nou deel van God se volk. Hier is egter ook 'n baie ernstige waarskuwing vir ons opgesluit in hierdie verhaal. Ons moet oppas dat ons nie dalk dieselfde pad loop as die Joodse leiers nie! In die eerste plek moet ons besef dat dit nie oor 'n wingerd gaan met die pragtige druiweboorde nie. Dit gaan uitsluitlik oor die vrugte wat die boord dra. Daar moet Godsvrug in ons lewens wees, anders is ons as Christen-gelowiges absoluut niks werd vir God se Koninkryk nie!

In die tweede plek moet daar ook 'n baie fyn balans in ons lewens wees. Alhoewel ons heilig en naby God moet lewe, moet ons ook besef dat ons **IN** die wêreld lewe. Die verstikkende wettiese voorskrifte van die Joodse leiers het die volk doodgemaak. Moenie dat dit ook met ons gebeur nie! Daarmee bedoel ek nie dat alle wette oorboord gegooi word nie. Ek bedoel beslis ook nie dat ons nou maar sommer soos varke in die sonde kan gaan rol nie! Ons moet egter die dieper sin van die wet deel van ons lewe maak. Dit gaan oor liefde,

barmhartigheid, vrede en al die mooi deugde waarvan Paulus so baie geskryf het.

Ons moet egter ook in gedagte hou dat die Fariseërs eintlik nie “slegte” mense was nie, maar mense wat hulle Godsdiens met groot passie bedryf het. Hulle was egter so behep met Godsdiens, dat hulle nie vir God daarin kon herken nie. Dit het ontaard in 'n handeling eerder as 'n hartsverhouding met God.

Ons moet versigtig wees dat dieselfde nie ook met ons gebeur nie. Ons moet oppas dat ons so behep raak met Godsdiens dat ons vir Jesus daarin begin vergeet. Ware Godsdiens is om ‘n lewende verhouding met Jesus te hê. Dit is ‘n verhouding wat maak dat ek liefde uitleef op alle vlakke van die lewe, nie uit dwang nie maar omdat ek dit graag wil doen uit dankbaarheid en liefde vir God.

Gebed:

Here Jesus, dankie dat ek vandag ook deel kan wees van U volk. Maak my asseblief ‘n waardige, vrugdraende druiwerankie in U wingerd, en gee asseblief vir my ‘n oorvloed van liefde, blydskap, barmhartigheid, verdraagsaamheid, vrede, en weereens liefde

in my lewe!

# 80.

# Die Bruilofsfees

# Matteus 22:1-14

**VIDEO | OUDIO**

Na Jesus se harde gesprek met die Joodse leiers, kry ons Hom weer hier by 'n klomp mense wat aan Sy lippe hang. O, hoe wonderlik moes dit nie wees om te kon insit by een van Jesus se leer-sessies nie! Elke woord wat Hy gesê het, kon jy indrink soos 'n dorstige spons!

By hierdie geleentheid vertel Jesus vir die mense 'n storie oor 'n bruilof. Ons moet onthou dat Jesus hier in die laaste paar dae van Sy lewe as "gewone" mens op aarde verkeer. Die ergste van alles is dat Hy geweet het presies wat op Hom wag. Nogtans gaan Hy voort en vertel stories vir Sy hoorders asof daar absoluut niks verkeerd is nie. Maar hierdie is beslis nie maar sommer net stories nie. Hierdie vertellings is propvol simboliek, en die idee is dat die mense nie alleen daaruit iets leer nie maar dat hulle ook ernstig moet reageer daarop! Dit geld nie alleen vir die

direkte hoorders nie, maar nog steeds nét soveel só vir jou en my vandag! Boonop maak die blote feit dat Hy hierdie stories vertel het terwyl Hy so bitter min tyd oorgehad het, dit van die uiterste belang dat ons dit ter harte sal neem.

Jesus vertel van ‘n koning wat ‘n verruklike bruilofsfees vir sy seun voorberei het, maar die genooide gaste het hulle nie daaraan gesteur nie. Sommige het selfs sy boodskappers vermoor! Natuurlik was dit ‘n reuse belediging vir die koning, en hulle straf vir so ‘n klap in die gesig was verskriklik!

Toe laat maak die koning vir hom ander gaste bymekaar uit die strate. Sy slawe moes sommer enigeen wat hulle in die hande kon kry, uitnooi en daar was ‘n reuse fees. Nie almal by die fees was egter daar met goeie bedoelings nie: een kêrel het geweier om feesklere te dra en sodoende sy hulde te betoon. Dit was sommer pure slegte maniere! Hy is hardhandig uitgesmyt!

Natuurlik het hierdie storie in die eerste plek direk te make met Israel. God het Sy “slawe,” die profete na die genooide gaste, Israel en

veral die Joodse leiers gestuur. Hulle moes kom deel in die groot bruilofsfees van Jesus, Sy Seun. Deur die eeue is die profete mishandel. Die laaste profeet, Johannes, is geminag en wreedaardig doodgemaak. Dit was ‘n klap in die gesig van God, toe veral die kerkleiers Jesus, die Bruidegom hardnekkig verwerp het. Hulle het Hom daardie selfde week nog vermoor ten spyte van al Sy mooi pogings om hulle vertroue te wen.

God se reaksie is, hééltemal regverdig, ‘n verskriklike straf vir almal wat Hom verwerp het. Die wonderlike vreugdeklanke wat egter hier opstyg, verdwerg absoluut die straf. Nou kry al die ander wat nooit kon deel in so ‘n wonderlike vreugdefees nie, die geleentheid om deel te kan wees. Hy begin met eenvoudige vissermanne en gehate tollenaars, en uiteindelik brei dit uit na verwerpte Samaritane en veragtelike heidene. Ja, daar was selfs ’n vrou met 'n gure reputasie en ’n ander wat egbreuk gepleeg het en so byna-byna met klippe doodgegooi was. Wat ‘n wonderlike geleentheid is dit nie wat God skielik hier aanbied aan elkeen wat wil kom, maak nie saak wie of wat jy is nie. Die

vreugdevure brand hoog!

Maar nie alles is hééltemal pluis nie. Ten spyte van God se opreg-goeie bedoelings is daar iemand teenwoordig met oneerlike bedoelings. Alhoewel hy by die bruilofsfees is, neem hy nie deel nie. Hy wys openlik sy misnoë deur nie sy bruilofsklere aan te trek nie.

Hierdie insident sê vir ons dat om deel te hê aan God se Koninkryk, beteken dat jy nie alleen maar passief daarin kan val en bly lê sonder om iets te doen nie. As uitgenooide het jy 'n verantwoordelikheid om aktief deel te neem aan die fees. Dissipelskap eis volle lojaliteit sowel as inspanning, met ander woorde dinge soos dade van liefde en barmhartigheid.

Inderdaad sien ek daagliks "sogenaamde gelowiges" sonder bruilofsklere, mense wat maar net saamry op die gemeentetrein. Hulle is altyd gereed met kritiek of om met 'n bakhand te staan, maar hulle weier om hulle gewig in te gooi en aktief in te skakel by gemeentebedrywighede. Die kerk is slegs daar om hulle te bedien! Trek aan jou bruilofsklere! Word deel van die groot fees!

Die laaste sinnetjie kan baie ontstellend wees: baie is geroep maar min is uitverkies. Hoe moet ons dit verstaan? Beteken dit dat 'n gelowige gedurig onder 'n wolk van onsekerheid moet leef?

Inderdaad nie! Dis egter baie belangrik om te weet dat God se bewaring nie ons eie inspanning uitsluit nie. Dit moet met ander woorde vir ons dien as 'n aansporing om te volhard. Daar is 'n nou paralelle band tussen Goddelike uitverkiesing en menslike verantwoordelikheid. Hierdie is 'n band wat nie logies deursigtig is nie. Hier gaan dit beslis nie om verlossings-onsekerheid, waar jy jou gedurig aan God moet bewys nie. Dit gaan egter oor die egtheid van jou dissipelskap. As jy 'n ware dissipel is, sal jy vreugde vind in die teenwoordigheid van die Seun op die bruilofsfees. Jy wys dit deur "bruilofsklere" aan te trek. Dit behels 'n lewe van reg doen en lewe volgens die riglyne in die Woord.

*Gebed:*

Dankie Hemelse Vader, dat ek mag deel in hierdie wonderlike bruilofsfees van U Seun, Jesus. Gee my die ywer om my vreugde

daadwerklik te kan uitleef!

# 81.

# Belasting

# Matteus 22:15-22

**VIDEO | OUDIO**

Die vraag oor belasting het al menige gelowige laat struikel. Jy sal dalk nog onthou van 'n paar jaar gelede, toe daar ‘n uitgesproke leraar van Amerika in hegtenis geneem is vir belastingontduiking. Hy het die wêreld aan die brand gepreek, en was veral bekend vir sy sieninge oor belasting. Sy verweer oor sy belastingontduiking is dat hy nie durf belasting betaal nie want ál sy geld behoort aan God. Hoe durf hy dan God se geld vir die regering gee? Hierdie man het ‘n bespotting gemaak van sy geloof, van die Bybel en van Christenskap in die algemeen! Baie duidelik het hy nie sy Bybel geken nie, want hoe kon hy dan Jesus se uitspraak oor belasting so misgelees het?

Om aan ‘n Christelike regering belasting te betaal is al klaar moeilik, maar as die regering openlik heidens is, of selfs anti-Christelik, dan raak dit bitter swaar om daardie

swaarverdiende geldjies van jou af te staan. Maar wat sê Jesus hiervan? Wat staan ons as gelowiges te doen?

Ek dink dat dit vir die Jode ook maar ‘n bitter pil was om te sluk, dat hulle, die volk van God aan so ‘n goddelose heidense regering soos die Romeine moes belasting betaal! Wat was met hulle swaarverdiende geld gedoen? Al wat hulle kon sien was heidense amfiteaters en plekke van onheil! En natuurlik die gehate soldate wat daarmee betaal was om húlle lewens te versuur. Toe die Fariseërs dus ‘n afvaardiging na Jesus stuur om hierdie “wyse Man” oor hierdie netelige kwessie te konfronteer, was dit ‘n baie aktuele saak wat aangeroer was, 'n saak op elke Israeliet se lippe! Die Fariseërs was egter baie slim, of so het hulle gedink. Hulle het ‘n groepie Herodiane saam met hierdie afvaardiging gestuur. Herodiane was aanhangers van Herodus Antipas. Hulle was dus lojaal aan die Romeine. Sou Jesus enigiets verkeerd sê teenoor die Romeine, dan was Hy vas! Eers was die heuningkwas uitgehaal en mildelik gebruik om Jesus se lof te besing oor Sy wysheid en van hoe regverdig Hy sou wees.

Maar toe kom die strikvraag, een waarop Jesus nie bloot “Ja” of “Nee” kon antwoord nie: “Is dit reg om belasting te betaal aan die Keiser?” In hierdie vraag was daar soveel emosie vasgevang dat dit plofbaar was!

Jesus se antwoord was geniaal, en Hy het onmiddellik dwarsdeur hulle strik gesien. Sou Hy “Ja” sê, dan sou die Jode Hom beslis stenig. As Hy egter “Nee” sou antwoord, was Hy in die moeilikheid by die Romeine. Jesus se antwoord het hulle egter baie meer gegee as wat hulle gevra het want Hy het hulle ‘n spul huigelaars genoem. Toe verduidelik Hy waarom die Keiser moes kry wat hom toekom - daar was immers 'n afbeelding van sy gesig op die muntstuk! Terselfdertyd mag jy egter ook nie van God vergeet nie, want Hy is immers die Groot Koning, selfs oor die Keiser! Hierdie manne was so versuur deur die feit dat hulle “onregmatig” belasting moes betaal aan heidene, dat hulle totaal van God vergeet het. God het by hulle slegs ‘n bysaak geword!

Ja, ons lag in die mou vir die Fariseërs se onnoselheid, maar dan vergeet ons gerieflikheidshalwe van ons eie situasie. Ek

weet vanoggend dat talle van die lesers van hierdie oordenking hulle op enige moontlike manier uit die betaal van belasting probeer uitwurm. Dit is blykbaar nie sonde om Jan Taks te verneuk nie want die regering is in elkgeval uiters korrup! Oor die meriete hiervan gaan ek liewer vandag nie eers uitwei nie. Daardie is 'n saak wat jy vir jouself moet uitmaak, veral in die lig van Jesus se uitspraak. Wat egter baie belangriker is, is die vraag oor wat ek en jy vir God gee. Jare gelede, toe 'n brandarm Montclair gemeente in Durban 'n peperduur kerkgebou wou oprig, het die leraar, Ds. Nico Schreuder van die gemeentelede 'n tiende van hulle inkomste gevra sodat die gebou betaal kon word. En van diegene wat nie geld gehad het nie, het hy 'n tiende van hulle tyd gevra om te help bou.

Ja, dalk sê jy vanoggend dat jy jou deel in geld aan God gee. Die vraag is egter: hoeveel tyd het jy vir God oor? Ons lewe het so 'n verskriklike gejaag geword, dat God absoluut geen plek meer daarin het nie. Die sewe minute wat dit neem om selfs hierdie ou dagstukkie te lees is heeltemal te veel vir sommige mense. Etlike intekenaars het dit

gekanselleer omdat hulle nie die tyd het om dit te lees nie. Dikwels het dieselfde mense nie tyd om kerk toe te gaan of Bybel te lees of te bid of ENIGE tyd aan God af te knyp nie. Hulle het dan ook nie tyd vir ‘n medemens in nood nie, iemand wat dalk gebroke is, en net ‘n oor soek wat sy of haar leed kan aanhoor!

Die vraag is: hoeveel tyd spandeer ek aan koninkrykswerk? Is ek bereid om 'n Saterdag op te offer om 'n bietjie vreugde te bring in 'n ouetehuis of 'n kinderhuis? Is ek bereid om 'n bietjie van my besige tyd op te offer om pannekoek te bak vir Bybelverspreiding?

Jesus het gesê: “ ..... en gee aan God wat aan God behoort.” (Mat. 22:21)

*Gebed*:

Here Jesus, ek moet vanoggend met trane in my oë bely dat ek gans te min tyd gee vir U in my lewe. Die sneltrein van my lewe spoed verby sonder dat ek U as mede-Passasier daar toelaat. Help my asseblief om stil te hou sodat ek weer dit wat U regmatig toekom aan U kan gee!

# 82.

# Is Daar Wérklik ‘n Opstanding?

# Matteus 22:23-33

**VIDEO** | **OUDIO**

Die briljante wetenskaplike, Steven Hawking het beweer dat 'n mens soos 'n rekenaar is. As jy die kragprop uittrek, dan is hy morsdood! Daar is nié lewe na die dood nie......

Vir die kerkleiers het die tyd bitter min geraak en hulle het probeer om Jesus op die een of ander wyse uit te lok om iets konkreet teen Hom in te bring. Hulle was radeloos! So pas was die Fariseërs die mond gesnoer, want die antwoord wat hulle op hulle “perfekte” strikvraag gekry het, het hulle sprakeloos gelaat. Nou het die Sadduseërs aan die beurt gekom, en hulle het geglo dat hulle ‘n vraag gehad het wat Jesus net eenvoudig nie kon antwoord nie. Hulle het natuurlik gladnie om dieselfde vuur as die Fariseërs gesit nie, maar hulle was bereid om hierdie slag selfs hulle verskille te vergeet vir die groot saak.

Waar die Fariseërs ‘n oordrewe waarde aan die onderhouding van die wet in hulle lewens

toegepas het, was die Sadduseërs presies die teenoorgestelde. Hulle het wel die Wet van Moses aanvaar, maar die res van die Skrif was vir hulle van minder belang. Wêreldsgesinde kultuurmense was hulle en die Griekse beskawing het swaar by hulle geweeg. Engele, geeste en die opstanding was nie eers deel van hulle woordeskat nie en hulle het dus 'n soort fatalisme verkondig, en daarmee saam vryheid van die menslike wil. Klink dit dalk bekend in vandag se tye?

Wanneer hierdie klomp dus vir Jesus gepeper het met 'n absurde vraag, het hulle dit tong-in-die-kies gedoen net om te probeer bewys hoe belaglik die gedagte aan die opstanding was. Dit was 'n "waterdigte" toetssaak: as 'n vrou sewe maal agtereenvolgens getroud was met sewe broers, wie se vrou sou sy in die hiernamaals wees? Die idee van die swaershuwelik was, dat as 'n man sonder kinders (dis nou seuns) sou sterf, sou sy broer sy vrou moes neem sodat sy naam darem kon voortleef. Die opstandingsgedagte was nie so prominent in die Ou Testamentiese tyd nie, en baie mense het geglo dat jy deur jou nageslag sou voortleef. Met hierdie vraag wou

die Sadduseërs eens en vir altyd bewys hoe belaglik die hele opstandingsgedagte was. As daar ‘n opstanding was, sou daardie vrou mos met sewe mans gelyk getroud moes wees, en volgens die Wet van Moses was dit ondenkbaar! Inderdaad het hulle die Fariseërs uitgeboul met hierdie vraag, maar met Jesus het hulle hulle Moses teëgekom!

Jesus se antwoord fokus op twee dinge: eerstens ‘n ware Skrifkennis. Nie die Sadduseërs nie, en ook nie die Fariseërs het werklik die Skrif verstaan nie! Tweedens het Jesus hulle op die krag van God gewys. Jesus het vir hulle met ‘n aanhaling uit Eksodus 3:6 verduidelik dat God nie ‘n God van dooies is nie, maar lewendes. As Hy van Abraham, Isak en Jakob sou praat, dan was hulle nie alleen lang-afgestorwe voorvaders nie, maar lewende, opgestane burgers van God se Koninkryk.

Ons kan nie die gebondenheid van aardse standaarde probeer toepas op die lewe anderkant die dood nie. Wanneer jy deur daardie poort gaan, word alles totaal nuutgemaak en jy beleef ‘n lewe wat radikaal

verskil van dit waaraan jy gewoond is. Daar geld ander norme as hier op aarde.

Die opstanding is alleen ‘n probleem vir diegene wat klein oor God dink. God hou Hom nie met die dood op nie! Hy is nie (met permissie gesê) ‘n “begrafnisondernemer” nie. God is in die “lewe-bedryf”! Ons kan so dodelik realisties wees (soos die Sadduseërs) dat die wonder van die lewe totaal by ons verbygaan. Die realis sê dat dit ‘n feit is dat ons almal die een of ander tyd gaan doodgaan. Die ware realiteit is egter dat die dood ‘n poort is na die ware en oorvloedige ewige lewe. As jy God regtig ken, sal jy verséker weet dat dit die toppunt van realisme is om te glo aan die opstanding uit die dood. Hoe presies die lewe daar anderkant lyk, is ‘n wonderlike verrassing. Wanneer die deur na die hemelpoorte op ‘n skrefie oopgemaak word, sien ons ‘n asemrowende lewe van vrede, reinheid en volmaaktheid.

Gaan almal hierdie nuwe lewe smaak? Ongelukkig nie! Alleen hulle wat reeds hier op aarde bereid is om Jesus se verlossingsdaad te aanvaar, sal lewe en het inderdaad alrééds

daardie ewige lewe! Hoe doen jy dit? Eenvoudig: deur "**JA**" te sê vir die geskenk van die ewige lewe wat Jesus jou aanbied. Wanneer jy vir Jesus "JA" sê, tree jy in 'n lewende verhouding met Hom. Dan voldoen jy aan **AL** die vereistes wat God stel. Wat gebeur met jou as jy egter **NIE** aan God se vereistes voldoen nie? Ook daaroor is daar 'n groot sluier gehang, maar die poort van die dood lei vir sulke mense na 'n plek wat deur Jesus self beskryf is as afskuwelik. Dit is 'n plek van ewige pyn en ellende, 'n plek vir ewig weg van God af!

Die keuse is joune - wat sal dit wees? Jesus en Lewe, of die ewige verderf. Het jy al die regte keuse gemaak?

*Gebed:*

Dankie Here Jesus dat ek vandag met sekerheid kan weet dat die wonderlike, oorvloedige, asemrowende mooi ewige lewe vir my wag. Gee my asseblief die ywer om elke dag kandidate te werf om ook in daardie wonderlike vooruitsig te kan leef. Gee asseblief vir diegene wat vandag hierdie skrywe lees en nog nie deel van U Koninkryk is

nie, die begeerte en die moed om ook die regte keuse te maak!

## 83.

## Die Groot Gebod

## Matteus 22:34-40

**VIDEO** | **OUDIO**

Toe ek ‘n jong seuntjie was, het ek ‘n klein steekbaard-brakkie gehad en ‘n groot kat wat geskrik het vir niks. Die brak se missie in die lewe was om die kat grensloos te irriteer. Elke keer wanneer hy dit egter gedoen het, het die brak ‘n oorveeg van die kat gekry. Dan het hy maar net weer sy vere reggeskud en teruggekom vir nóg ‘n oorveeg. Tot vervelens toe!

Die Fariseërs was presies nés daai brak! Hulle probeer vir Jesus vastrek met die een of ander slim vraag, en dan kry hulle ‘n vernederende loesing. Die volgende dag is hulle maar weer terug en dan gebeur presies dieselfde. Maar dis asof hulle so dikvellig is, dat hierdie pak slae hulle net vir ‘n rukkie bedwelm, maar dan kom hulle net maar weer terug vir nóg ‘n loesing. Hulle kon maar net nie leer nie!

Het hulle nou werklik gedink, na soveel keer wat hulle tweede beste gekom het, dat hulle

vir Jesus kon vastrek met ‘n strikvraag? Hierdie keer wou hulle weet wat die grootste gebod in die Wet is. Dis nie asof hulle nie geweet het nie, want hulle het die wet agterstevoor uit hulle koppe geken. Hulle het egter tog só gehoop dat Jesus hierdie slag die verkeerde antwoord sou gee, en dan kon hulle Hom vastrek.

Die feit dat die Sadduseërs so pas in die stof gebyt het, was vir die Fariseërs ‘n gevoelige slag, want alhoewel hulle nooit om dieselfde vuur gesit het nie, het hulle nou ‘n verenigde front teen Jesus gevorm. As die een sou wen, was dit almal se oorwinning! Jesus het immers die hele Joodse godsdiens op sy kop gekeer. Die Wetskenner se vraag moet natuurlik ook gesien word teen die agtergrond van die honderde voorskrifte in die Torah asook die talle oorlewerings van die rabbi’s. Is daar dalk een van hierdie wette wat uitgestaan het bo die ander?

Jesus se antwoord steek regdeur die kern van die saak: Hy haal aan uit Deut. 6:5. Die grootste gebod is dat die hele mens - wil, gevoel en denke - op God gerig sal lewe.

Natuurlik het die Skrifgeleerdes dit geweet, maar dan verras Jesus as Hy ook uit Lev. 19:18 aanhaal oor die houding teenoor jou medemens. Dan stel Hy hierdie wet gelyk aan jou houding teenoor God. Hierdie twee stel Jesus saam as die totale wil van God vir jou lewe. Hierdie twee gebooie is dus één, net soos wat 'n mens nie die kop- en stertkant van 'n muntstuk kan skei nie.

Ons moet mooi verstaan wat die implikasies van hierdie gebod is. Oor die eerste helfte, die liefde vir God, is daar nie juis misverstande nie. Dit is oor die tweede helfte wat ons so kleitrap, want bloot naasteliefde alleen is nie genoeg nie. Naasteliefde word werklik eers liefde wanneer ons dit in die lig van die liefde vir God spieël. Die belangrike is dat ons mekaar nét so lief moet hê soos Christus óns liefhet. Eers dán ontdek ons ware naasteliefde. Jesus het vir ons 'n voorbeeld gestel oor hoe om lief te hê. Dit was nie 'n teoretiese lippetaal-liefde nie, maar 'n praktiese doen-liefde. Hy het prakties Sy hele lewe daaraan gewy om mense se lewens te verander deur hulle die regte pad te leer, maar terselfdertyd om aan hulle fisiese nood aandag te gee, soos

genesing, kos gee, vertroosting ens. Net so moet ons liefde nie alleen woorde wees nie, maar ‘n praktiese doen-liefde.

Ons moet dit ook baie duidelik verstaan dat hierdie kerngebod nie die “mindere” gebooie vir ons Christelike lewensstyl vervang nie. Inteendeel, alle ander voorskrifte moet eers gemeet en getoets word aan hierdie gebod. Wanneer ons byvoorbeeld die tien gebooie lees, sien ons telkens dat elke gebod gemeet kan word aan die liefdesgebod. Om dood te slaan is om liefdeloos op te tree en diefstal is ‘n liefdelose aksie. Slegte begeertes veroorsaak dat jy dinge doen wat die liefde totaal oorboord gooi. Valse getuienis is eweneens liefdeloos, want dit kan bitter seer maak. En natuurlik is die eerste vier gebooie weer ‘n uitleef van liefde teenoor God. Wanneer ons mooi oor hierdie wette gaan dink, sien ons ‘n baie groter prentjie van liefde.

Dit was juis die groot probleem met die Fariseërs. Die fout was nie dat hulle allerhande wetsvoorskrifte gehad het nie, maar dat hulle juis dít wat die heel swaarste by God geweeg het, naamlik die liefde, nêrens in hulle wette

laat geld het nie. Vir hulle het dit gegaan oor die wette en nie oor die mense agter die wette nie. Hulle het die wette tot in die fynste besonderhede uitgeleef sonder dat liefde êrens 'n plek daarin gehad het!

Natuurlik moet 'n Christen-gelowige se lewe gedissiplineerd wees, maar daar moet 'n fyn balans wees sodat dit nie rigied raak nie. Dit mag nooit gaan om 'n wet ter wille van 'n wet nie maar 'n wet wat jou verbind om God en jou naaste in liefde te dien. Dan natuurlik verder ook om jou liefde teenoor God en jou naaste ten volle uit te leef. Dit doen jy natuurlik nie uit plig nie, maar omdat dit diep uit jou hart kom uit dankbaarheid vir God se groot genade en onvoorwaardelike liefde teenoor jou.

Gebed:

Here, vul asseblief vandag my hele lewe met liefde sodat dit sal oorborrel, en ek almal wat vandag oor my pad kom se lewens sal aanraak met 'n alles-omvattende liefde!

# 84.

# Om Jesus te Wees vir Iemand

# Matteus 22:34-40

**VIDEO | OUDIO**

Kom ons kyk net weer 'n slag na Jesus se uitspraak van liefde vir jou naaste. Ons kyk na 'n paar praktiese voorbeelde van wat dit beteken.

Ek was diep geraak deur die verhaal van ‘n groep verkoopsmanne wat ‘n seminaar in Chicago bygewoon het. Toe die lang, uitputtende seminaar uiteindelik verby was, moes hulle jaag om betyds vir hulle vlug te wees want dit het langer aangehou as wat hulle verwag het. Op die lughawe moes dit maar baie haastig gaan en die manne moes hardloop, want die vliegtuig wag nie vir jou nie! In sy haas kry een kêrel nie mooi sy draai nie en hy hardloop per ongeluk teen ‘n tafel vas in die lughawegebou.

Op die tafel was ’n reuse hoop appels netjies opgestapel. Toe die man die tafel tref, het appels in alle rigtings gerol sodat die hele vloer besaai was met appels. ‘n Liederlike gemors!

Die manne was laat vir hulle vlug, dus was daar nie tyd om nog te stop om die situasie te probeer red nie.

Een kêrel het wél so in die hardloop omgekyk, en tot sy skok het hy die arme meisie gesien wat lyk of sy op moedverloor se vlakte gestaan het tussen die rollende appels. Skielik het hy haar innig jammer gekry en omgedraai om te help om die gemors gou op te ruim. Hy het vir sy maters beduie dat hulle maar moes aangaan maar hulle moes net asseblieftog sy vrou laat weet dat hy laat sou wees. Hy sou wel later 'n ander vlug kry. Maar hy kon nie die arme meisiekind so los met die gemors wat hulle veroorsaak het nie.

Wat hy egter by die appelstalletjie aangetref het, het hom diep geraak. Die 16-jarige meisietjie was in trane van pure frustrasie. Toe eers merk hy dat sy blind was. Sy het nie die vaagste benul gehad waar om te begin soek vir haar appels nie. En terwyl sy desperaat probeer het om die appels op te tel, het hordes mense verbygestroom en haar ware vertrap sonder om eers op haar ag te slaan.

Die man het dadelik ingespring en gehelp om

alles op te ruim en weer die appels netjies op die tafel uit te pak. In die proses het daar egter ‘n klompie van die appels beskadig geraak. Hy het hulle apart in ‘n sakkie gepak en toe $40 uit sy sak gehaal en vir die meisie gegee om die skade te dek wat sy maats veroorsaak het. “Ek hoop nie ons het jou dag te erg bederf nie,” het hy goedig vir haar gesê terwyl hy omdraai om te gaan reël vir 'n ander vlug huistoe. Maar hy word tot stilstand geruk toe die meisie uit die bloute vir hom vra: “Meneer, is jy nie dalk Jesus nie?”

Die kêrel het uiteindelik baie later ‘n vlug huistoe gekry, maar die meisie se vraag het bly brand in sy gemoed: “Is jy nie dalk Jesus nie?”

Op die oog af klink dit amper na ‘n lasterlike vraag, maar gaan dink 'n bietjie mooi hieroor: is dit nie dalk wat die wêreld daar buite van my moet dink nie? Het ek al ooit vir iemand in nood sóveel beteken dat die persoon Jesus in my sien? Inderdaad moet ons Jesus se liefde só uitleef dat mense Jesus in ons lewe kan raaksien. Liefde is nie ‘n gevoel of lippetaal nie, dit is die praktiese uitleef van wat Jesus vir

ons as voorbeeld kom gee het!

As ons sê dat ons Jesus ken, behoort ons te lewe en te doen soos wat Jesus sou doen as Hy in ons skoene sou wees. Om Jesus te ken beteken baie meer as net om kerk toe te gaan of om Bybelversies te ken of gereeld te bid. Dit beteken dat ek die Woord uitleef in elke situasie wat ek dag vir dag beleef. Dit beteken dat ek die nood van mense sal raaksien, maar nie net sien en vir hulle jammer voel nie maar dat ek daadwerklik iets positief gaan doen om daardie persoon te help.

Ek lees 'n koerantberig oor 'n polisieoffisier wat doodluiters staan en toekyk het terwyl 'n skurk besig was om iemand te beroof. Toe hy later gekonfronteer word oor sy traak-my-nie-agtige houding, trek hy bloot sy skouers op: "Ek was op pad kantoor toe." Hy was in 'n situasie waar hy as opgeleide polisieman iemand kon help. Hy het egter die arme persoon se nood totaal geïgnoreer!

So maklik kon die appel-kêrel ook maar sy oë toegeknyp het en aangegaan het met sy lewe en saam met sy maats gehardloop het. Hy kon betyds sy vlug gehaal het en die aand

saam met sy gesin spandeer het. Niemand sou eers geweet het van die blinde meisie se dilemma nie. Vir haar sou dit egter in ‘n ramp eindig. Die klein opoffering wat hy gemaak het, het vir iemand gewys dat Jesus vandag steeds ‘n werklikheid is. Dat Hy vandag steeds omgee vir gewone mense.

Ek daag jou uit om vandag Jesus te wees vir iemand.

*Gebed:*

Here, gee asseblief vandag vir my die passie in my hart om die nood in mense raak te sien, maar dat ek nie maar net sal verbystap nie, maar gee my ook die krag en moed dat ek sal omdraai en iets daadwerklik doen aan die situasie!

# 85.

# Hoogmoed en Nederigheid

# Matteus 23:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Daar was eenmaal ‘n haan op ‘n plaaswerf, ‘n rooie met goue haailaaits wat sy blink veredos ékstra laat skitter het in die oggendson. Op sy kop het ‘n kroon gepryk, ‘n trotse bloedrooi kam wat windmakerig kiertsregop gestaan het. As Haan oor die werf gestap het, het almal geweet: hier kom díé Haan! Sy een groot taak in die lewe was om te sorg dat die son elke oggend opkom. Kort voor dagbreek het hy tot héél bo-op die stellasie geklim, sy vere reggeruk en diep asemgehaal. Dan het hy ‘n reuse kraai gegee wat die biesies laat bewe en weergalm het oor die werf. Trots het hy dan na die horison gekyk, want op daardie oomblik sou die son sy kop daar uitsteek. Selfvoldaan het die hoenderhaan dan gedink: “Daar hét jy dit! Wanneer ék kraai, dan gehoorsaam die son! Is ek nou goed, of is ek GOED?!” Al die diere op die werf het met groot agting en ontsag toegekyk hoedat Haan dag-vir-dag die son uit

die grasveld laat verrys.

Op ‘n mooi dag verjaar vark, en hy gooi ‘n groot partytjie. Tot laatnag het dit gerinkink, en natuurlik was Haan weer die voordanser. Maar toe gebeur die tragiese ding in Haan se lewe: die volgende oggend verslaap hy totaal! Toe Haan die slaap uit sy benewelde oë vryf, sien hy tot sy ontsteltenis dat die son alrééds hoog sit! Haan het só groot geskrik dat hy bo van die stellasie afgeval het. Tot sy groot skok moes hy uitvind dat dit toe nóóit hý was wat die son laat opkom nie. Haan was verslae……!

Ons tref Jesus aan, waarskynlik in die tempel waar Hy die vyfde en laaste van Sy groot preke lewer. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes word geroskam. Die afgelope paar dae het hulle uit hulle pad gegaan om Jesus te probeer vastrek. Nou is dit Sý beurt om die dissipels en die skare nuuskieriges te waarsku teen die leer van hierdie hoogmoedige kerkleiers.

Jesus misken nie hulle gesag nie, net soos wat Hy by ‘n vorige geleentheid ook gewys het dat jy die regering se gesag moet erken, selfs al is dit ‘n heidense, onderdrukkende,

onregverdige gesag. Inderdaad het hierdie mense se geleerdheid aan hulle groot koppe besorg. Hulle wou hiet en gebied en hulle het allerhande soort voorskrifte gemaak wat die gewone mense net eenvoudig **MÓÉS** gehoorsaam. Maar in hulle slimmigheid het hulle vir hulleself skuiwergate gelos sodat hulle hulle eie wette kon vryspring wanneer dit hulle pas. Om 'n voorbeeld te noem: Die Sabbat was een van hulle groot kopsere, en daarom het hulle 'n klomp wette rondom die Sabbat gemaak sodat iemand nie dalk per ongeluk die groot Sabbatswet sou oortree nie. Een van die Sabbatswette handel oor hoe ver jy mag reis op 'n Sabbat. Dit is vasgestel op 2000 El of omtrent 880m. Die enigste uitsondering wat gemaak kon word, was wanneer jy op die water, oftewel 'n skip was en jy uiteraard nie die afstand wat die skip beweeg kon beheer nie. Hulle het toe 'n ent verder gegaan met hierdie wet en gesê, dat as jy nou 'n sak vol water op 'n wa sou plaas en jy sit daarop, dan is jy mos op water en dan kan jy so ver ry as wat jy wil!

Ongelukkig het dit vir hierdie mense nie alleen gegaan oor die wette waarop hulle so gesteld

was nie, maar ook oor hulle eie aansien. Hulle moes aangespreek word op die regte manier om hulle status te vereer, en hulle het altyd die beste sitplekke gekry. Hulle het hulleself baie vroom voorgedoen, maar hulle het hulle vroomheidspraktyke sorgvuldig uitgekies sodat dit maklik sou wees om uit te voer. Hulle kleredrag, gebedsbande en tossels het hulle onderskei as "hoogheilige" mense en hulle wou dit vir die wêreld wys deur die bande en tossels uitermate groot en opsigtelik te maak.

Jesus het die gevaar sien kom vir die dissipels, want hulle sou die toekomstige leiers van die kerk wees. Hulle moes baie versigtig wees om nie in dieselfde strik as die Fariseërs te trap nie! Dit sou so maklik wees om jouself te sien as iemand wat groot dinge in die lewe bereik het. Nederigheid is van uiterste belang, want in die kerk is ons almal immers gelyk! Leiers is daar om rigting te gee aan die kerk se werksaamhede en nie vir eer of status nie. Om byvoorbeeld leierouderling te wees, beteken nie dat jy nou 'n trappie hoër is as die res van die gemeente nie. Dit beteken bloot dat jy 'n spesifieke taak het om te verrig. Dieselfde geld vir die leraar en selfs die moderator, of watter

pos jy ookal vul. “Julle is almal broers,” het Jesus gesê. Nederigheid, is die groot wagwoord. Het Jesus nie júís hierdie dinge so prakties uitgeleef nie? Kyk maar hoedat Hy die manne se vuil voete gewas het en hoe Hy saam met die uitgeworpenes partytjie gehou het!

Die verhaal word vertel van iemand wat ‘n besoek gebring het aan die groot teoloog, dr. John Broadus. Daardie aand sê dr. Broadus vir hom om sy skoene voor sy deur te los. Die volgende oggend kry hy sy skoene blinkgepoets. Na ‘n paar dae gaan loer hy om te sien watter bediende so fluks is, sodat hy hom ’n fooitjie kon gee, en tot sy verbasing kry hy dr. Broadus sélf voor sy deur, besig om skoene blink te vryf. Géén taak, hoe nederig ookal was benede hierdie groot teoloog nie. Christenskap gaan nie daaroor om gedien te word nie, maar om sélf nederig te dien.

*Gebed*:

Here, genees my asseblief vandag van my hoogmoed, en maak my nederig en diensbaar in U Koninkryk!

# 86.

# Huigelaars!

# Matteus 23:13-39

**VIDEO | OUDIO**

Onthou jy nog die wonderlike seënuitsprake wat Jesus gemaak het in Matt. 5:3-12? Natúúrlik sal jy hulle onthou want dit was sékerlik die hoogtepunt van Jesus se bergrede. Daardie was 'n wonderlike groot preek van Hom wat jou aan die hart ruk. In skrille kontras daarmee kom Jesus nou, en Hy gee sewe ellende-uitsprake as teenpool vir die seëninge. Hulle is op die oog af spesifiek gerig teen die Fariseërs en Skrifgeleerdes.

Onmiddellik sal ons dalk geskok wil sê: "Maar God is dan liefde! Dit maak mos nie sin nie!" O, beslis is God liefde, maar God is ook regverdig en geregtigheid móét geskied!

Die vraag is: beteken dit dan nou dat hierdie mense teenoor wie Jesus die verdoemenis uitgespreek het vir ewig verlore was? Baie beslis nie, want Hy is ook genadig! As hulle maar net tot ander insigte wou kom, dan sou hulle ook die seëninge van die Koninkryk van

God kon ervaar. Maar wat het aanloop gegee tot hierdie verskriklike ellende-uitsprake?

Jesus praat nie hier mét die Fariseërs nie, maar ván hulle. Hy praat met gelowiges en nuuskieriges wat na Hom kom luister het. Die dissipels verkeer hier in die teenwoordigheid van die Immanuel (God-by-ons). Terselfdertyd staan die Fariseërs onder die oordeel van God, alhoewel hulle onder die wanindruk is dat hulle nog steeds éintlik die volk van God is. Jesus wil met hierdie uitspraak in werklikheid sê: "Tot hiertoe, en nie verder nie! God sou hulle sonde net eenvoudig nie verder verduur nie!" Ons kan hulle sonde saamvat met die één woord: Huigelary. Hulle wou dus probeer voorgee dat hulle iets heeltemal anders was as wat hulle werklik was.

As ons na Jesus se veroordelings kyk, kom ons gou die verskriklike erns van die saak agter. Dis nie maar net klein sondetjies wat Hy hier veroordeel nie. In die eerste plek het die Fariseërs die sleutelmag gehad. Hulle was by magte om die Koninkryk vir die volk oop of toe te sluit. Die volk het na hulle opgesien, want

hulle was immers die Wetsgeleerdes, die mense wat geweet het wat God van jou verwag. Toe hulle dus oortree het, het hulle ‘n klomp mense met hulle saamgetrek en so baie ander mense ook uit die Koninkryk uitgesluit. Selfs op die sendingveld het hulle proseliete van heidene gemaak en met hulle leer ook hierdie mense nog verder die verderf ingelei!

Dan kom Jesus en Hy wys hoe absoluut belaglik die huigelagtige praktyke van die Fariseërs was. Die voorbeeld wat Hy genoem het is die praktyk van eedswering. Die agtergrond hier is dat die Fariseërs die gebruik van die Naam van God totaal vermy het uit vrees vir oortreding van die derde gebod. Daarom was die tempel of altaar gebruik as plaasvervanger vir God se Naam. Algaande het hierdie in ‘n wanpraktyk ontaard, want mense het begin sê dat hulle nie eintlik bedoel het om God se Naam te betrek nie. Die feit is egter dat wanneer jy sweer, lê jy ’n eed af en jy betrek God by jou uitspraak. Jy stel dit dat God jou getuie is by wat jy sê! Dit is iets wat 'n gelowige alleen mag doen wanneer die wet dit van jou vereis. As jy dan sou lieg, maak jy eintlik vir God tot leuenaar!

'n Ander voorbeeld wat Jesus noem is die praktyk van die gee van tiendes. Jesus sê dat hierdie manne absoluut uit hulle pad gegaan het om hulle tiendes te gee soos wat die Skrif dit vereis het, maar aan liefde vir die naaste het dit totaal ontbreek! Nee, dit is nie verkeerd om jou tiende te gee nie maar praktiese liefde is tien maal belangriker. Hierdeur leef jy immers die wet van God uit. Doen jy dit nie, dan is jy besig met onbenullighede.

Die vyfde en sesde “ellende” uitspraak van Jesus handel oor die veruiterliking van die wet. Soos ons reeds verskeie kere gesien het, was die Fariseërs verskriklik gesteld daarop dat elke moontlike wet tot in die fynste besonderheid nagekom moes word. Uiterlik was hulle dus pragtig skoon, vlekkeloos. Dit help egter niks dat jy die wet onderhou en daar is innerlik geen begeerte om God te dien nie! Dan is jy ‘n witgepleisterde graf! Jy is pragtig versier van buite maar binne vol vrot, stinkende doodsbeendere!

In Sy laaste uitspraak word die Fariseërs en Skrifgeleerdes as moordenaars van profete gebrandmerk. Ons staan maklik eenkant en

lag vir die Fariseërs. “Lekker! Nou kry julle wat julle verdien!” Vandag vra Jesus egter van jou en my om ook óns lewens te gaan toets aan hierdie uitsprake. Lees dit maar weer deur, en vra jouself die vraag af of jy nie dikwels dalk presies dieselfde dinge doen as die Fariseërs van ouds nie. Dalk sou jy sê: "Ek rook nie, drink nie en vloek nie!" Maar intussen kan jy dalk ook nie die man wat veroorsaak het dat jy jou werk verloor, vergewe nie. Of jy kyk anderpad wanneer daar iemand met nood oor jou pad kom. Dalk stel jy nie werklik belang in die probleme van die persoon wat saam met jou werk nie. Jy ignoreer dit en laat die kans deur jou vingers glip om hom dalk by Jesus uit te bring. Dalk is jy so vasgevang in jou godsdiensbeoefening dat die nood van 'n wêreld wat besig is om verlore te gaan, by jou verbygaan.

Kom ons raak stil voor die Here en vra Hom om ons te wys waar ons nog met ’n Fariseër-gesindheid leef.

Gebed:

Here, maak my asseblief van binne rein en vervang die liederlike doodsbeendere in my

lewe met liefde en omgee!

# 87.

# Wanneer Kom Jesus?

# Matteus 23:37-24:14

**VIDEO | OUDIO**

In Israel is daar al vir baie jare lank 'n skaakmat-situasie. Die Jode wil bitter graag die tempel herbou. Vir enige Jood is dit sy grootste hartsbegeerte om die tempel op die tempelberg te sien pryk, sodat daar weer aanbid kan word. Daar is egter 'n baie groot haakplek om hierdie droom te bewaarheid, want op die plek waar die oorspronklike tempel gestaan het, staan daar nou 'n reuse moskee en vir die Moslem is hierdie 'n hoogheilige gebou. Hy sal eers gesloop moet word voordat die tempel gebou kan word. En as dit gebeur, sal dit 'n oorlog beteken wat alle vorige oorloë soos vulletjies laat lyk. Nou wat het dan van die tempel geword wat daar gestaan het? In die jaar 70nC. is die gebou totaal verwoes deur die Romeine.

Alles het begin by Jesus se profetiese rede. Aan die einde van hoofstuk 23 beskryf Matteus Jesus se woorde: "Jerusalem, Jerusalem, jy

wat die profete doodmaak en dié stenig wat na jou gestuur is! Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie. Kyk, julle huis word vir julle verwoes agtergelaat.” Kort nadat Hy dit gesê het, gaan Jesus van die tempel af weg.

Die tempel was natuurlik oorspronklik deur Salomo gebou - ‘n indrukwekkende gebou wat mildelik versier was met Sederhout, Sipres, koper en goud. Met die val van Jerusalem tydens die ballingskap het die Babiloniërs die tempel verwoes en totaal afgebrand. Later is dit herbou onder leiding van Serubbábel, maar hierdie gebou was nie naastenby so mooi soos dié van Salomo nie. Baie jare later het Herodus die Grote die tempel stuk-vir-stuk afgebreek en herbou. Hierdie was waarlik een van sy mees manjifieke bouwerke. Dit was ‘n asemrowende gebou.

Terwyl Jesus en die dissipels van die tempel af wegstap, verwonder die manne hulle aan die verruklike bouwerk van die tempel, en dan sê Jesus ‘n ding wat hulle in hulle harte ruk: “Sien julle al hierdie geboue? Amen, Ek sê vir julle:

Hier sal beslis nie een klip op 'n ander gelaat word nie – alles sal afgebreek word.” Dalk het die manne gedink dat Hy dit “geestelik” bedoel. Dit kon tog nie moontlik wees nie? Die eerste ramp het, uit Joodse oogpunt die tempel getref slegs enkele dae later, toe die voorhangsel in die tempel van bo na onder skeur tydens die kruisiging! Vir Christene was hierdie egter nie 'n ramp nie, maar het dit vrye toegang tot God beteken!

42 Jaar later word Jerusalem aangeval deur die Romeine. Ongeveer 600'000 Jode sterf in die brutale aanval en selfs die tempel word afgebrand. In die hitte van die inferno smelt die goud wat mildelik in die bouwerk gebruik is en dit vloei tussen die krakies van klippe in die mure in. Natuurlik was dit baie kosbaar en die Romeine het letterlik elke klip afgebreek en omgekeer om die kosbare goue metaal in die hande te kry. En so word Jesus se profesie tot op die laaste stoffie waar. Vandag is daar géén teken dat daar ooit 'n tempel gestaan het nie. Van Salomo, Serubbábel en Herodus se asemrowende bouwerke het daar nie 'n enkele klip, geen enkele splintertjie sederhout of greintjie goud oorgebly nie!

Die manne stap na die olyfberg en daar gaan sit Jesus alleen met Sy dissipels. Hulle is verward oor al die uitsprake wat Jesus gemaak het, en die veroordelings. Wanneer gaan dit gebeur? Hoe sal hulle weet dat die einde gekom het? En wanneer gaan Jesus terugkom? Dan begin Jesus vir hulle vertel van die verskrikking van die eindtye: allerhande soorte rampe wat die aarde gaan tref, natuurrampe en verskriklike oorloë. Maar daar is nog meer: daar sal 'n verskriklike vervolging van Christene wees. Baie gaan afvallig word en by baie gaan hulle liefde afkoel. Daar sal ook valse profete verskyn wat dwaalleringe verkondig. Maar deur dit alles sal die kerk steeds die evangelie verkondig, totdat dit dwarsoor die ganse aarde versprei het en niemand sal kan sê dat hy nie die evangelie gehoor het nie. Eers dán sal die einde aanbreek.

Wat wou Jesus eintlik vir hulle, en uiteraard ook vandag vir my en jou sê? Hulle moenie probeer sommetjies maak oor wanneer die einde gaan kom nie. Al die tekens wat Jesus hier noem het alreeds oor en oor deur die geskiedenis gebeur. Wanneer hierdie dinge egter plaasvind, moet ons weet dat die einde

naderkruip. Hierdie dinge moet ons as gelowiges op ons tone hou sodat ons te alle tye gereed kan wees vir Jesus se wederkoms. Al hierdie tekens is vandag hier, nog méér intens as ooit deur die geskiedenis van die wêreld. Vandag het die laaste teken waarvan Jesus praat ook al waar geword, dat die evangelie elke volk en nasie bereik het. Nog nooit in die geskiedenis was ons so naby aan Jesus se wederkoms nie. Natuurlik mag ons nie mislei word of verskrik staan nie. Ons moet waaksaam wees, volhard en vasstaan in die liefde en geregtigheid. Alleen só sal ons gereed wees wanneer die einde kom. En die einde sal baie, báie onverwags aanbreek, wanneer absoluut niemand dit verwag nie.

Gebed:

Here, hou my elke oomblik van die dag op my tone, sodat ek gereed sal wees om U te ontmoet wanneer U onverwags kom.

# 88.

## Die Tekens van die Tyd

## Matteus 24:15-31

**VIDEO** | **OUDIO**

Ons is steeds besig met Jesus se profetiese rede oor Sy wederkoms. Jesus skilder hier verskriklike dinge wat die wederkoms sal vooruitgaan. In vers 15 haal Hy 'n gedeelte aan uit die profesie van Daniël (Dan. 9:27 en 11:31) waar Daniël verwys na die "ding wat 'n gruwel is in die oë van God". Dit laat jou dink aan die verskriklike goed wat die Siriese koning, Antiogos Epifanes IV aan die Jode gedoen het, toe hy onder meer 'n altaar vir die Griekse oppergod, Zeus, bo-oor 'n gedeelte van die offeraltaar in die tempel in Jerusalem gebou het, en die Jode verplig was om vir Zeus te offer – nogal met varkvleis! Onwillekeurig dink jy ook aan die Al Aqsa-moskee wat gebou is presies waar die tempel voorheen gestaan het en wat elke Jood vervul met afgryse.

Die verskrikking van die eindtye word deur Jesus geskilder, dat mense na die berge toe

sal vlug. Die dringendheid van hierdie vlug word beklemtoon in die feit dat daar nie eers tyd sal wees om jou nodigste besittings of selfs om klere  te gryp nie. Dit sal ‘n verskriklike noodsituasie wees, iets wat ons herinner aan die verskrikking van die tsoenamies wat die wêreld die afgelope klompie jaar so geruk het, waar daar vir die meeste mense nie eers die geleentheid was om te kon vlug nie. Die see het net eenvoudig alles in sy pad ingesluk.

As ons vandag die boosheid van die wêreld aanskou, staan jy in verwondering dat God nog nie ‘n einde aan alles gemaak het nie! Hoe lank sal God se genade nog hou oor hierdie bose geslag? Hoe lank nog voor God sal sê: “Tot hiertoe, en nie verder nie!”

Die troos is egter dat die gemeente van God, Sy kinders vir hulle die beskerming van God in hierdie groot eindverdrukking kan toeëien. God maak dit alles vir Sy uitverkorenes draaglik deur die duur daarvan te verkort.

Een van die kenmerke van die eindtyd is die vals profete en selfs vals christusse wat die uitverkorenes met groot tekens en wonderwerke sal probeer verlei. Is dit dan nie

net Christen-gelowiges wat wonderwerke kan doen nie? Nee, ook God se vyande doen wonderwerke deur die mag van Satan. Ek dink onwillekeurig aan die berugte “Doom-profeet” en die geestelike wat sy gemeente slange laat eet het!

Hoe toets jy die persoon wat wonderwerke doen? Deur sy gehoorsaamheid aan die wil van God in die uitleef van liefde en geregtigheid.

Daar was inderdaad al in die tyd van die vroeë kerk verwarring onder die gelowiges oor die koms van Christus. Daar was allerhande opvattings oor presies hoe en waar Jesus se wederkoms sou plaasvind en so byvoorbeeld het die Koemraanbeweging verwag dat Hy in die woestyn sou kom. Hulle het hulle in die woestyn, weg van die “bose” Jerusalem gaan vestig en 'n asketiese lewe gelei. Ander het gedink dat Jesus se wederkoms eers geheim sou bly totdat Hy te voorskyn tree (slaapkamer) - Matt. 24:26.

Jesus het dit egter beklemtoon dat Sy wederkoms onmiddellik deur almal herken sou word. Wanneer Hy die dag kom, sal niemand

hoef te wonder of twyfel nie want Hy sal so sigbaar wees soos ‘n weerligstraal in die lug. Die spreuk in vers 28 bevestig dit: soos wat aasvoëls onmiddellik aas uit die lug herken, net so opsigtelik sal die koms van die Seun wees. Ons hoef dus nooit bekommerd te wees dat ons Hom nie sal herken wanneer Hy kom nie!

Vandag is daar nog steeds dieselfde soort verwarring. Hoeveel keer het ons nie al die afgelope ruk gehoor van die einde wat sou aanbreek op ‘n sekere datum nie? Jy sal onthou hoe die mense opgewerk geraak het oor die heidense Maya-priesters se voorspellings dat die eindtyd in Desember 2012 sou plaasvind.

Dan was daar die onsigbare “Wilde-als” Astroïede (Wormwood) wat die aarde sou tref en alles eensklaps verwoes. Dit het nie gekom nie, ook nie die einde nie!

Die feit is bloot dat ons nie weet nie. Niemand weet nie! Nie eers die engele nie! Maar hieroor sal ons meer gesels in ‘n volgende dagstukkie.

Daar is vyf sake uit hierdie gedeelte wat ons vir

onsself vandag kan toeëien:

1. Die geskiedenis beweeg na 'n punt toe: die koms van Christus in heerlikheid.

2. Die tekens is nie 'n tydbepaler nie en ons moet gedurig gereed wees vir Sy koms, en alle spekulasie oor die presiese tyd vermy. Jy kan in 'n ongeluk sterf, en dan is jou tyd daar!

3. Ons word betrek by die voorbereiding van Sy koms deur die evangelie te verkondig. Ons durf nie bloot terugsit en net wag nie. Ons moet so veel as moontlik mense na Jesus lei, want diegene wat nie glo nie gaan die ewige verderf in.

4. Die bose is 'n werklikheid in die wêreld en hy het mag.

5. Ons lewe onder die bewaring van God en dit is genoeg vir ons om getroos te lewe en te sterwe.

Gebed:

Here Jesus, wanneer ons met beangste harte die boosheid van die wêreld rondom ons sien, dan is ons gebed vandag: Kom, Here Jesus, kom tog gou!

# 89.

# Wees Waaksaam

# Matteus 24:32-51

**VIDEO | OUDIO**

Het jy al ooit tyd deurgebring in die Laeveld gedurende Septembermaand? Lente in die Laeveld is ‘n baie spesiale tyd. In ‘n sekere sin is dit ‘n hartverskeurende tyd want eintlik is dit nog die laaste stuiptrekkings van winter. Reën het nog nie gekom nie en jy kry seer om die veld en diere te sien kreun van honger en smag na die sappige groenigheid van die lente. Die bome smag na reën en alles is dood en verdroog. Tóg daar is ‘n opgewondenheid, 'n gevoel van afwagting want almal weet dat die lente nét hier om die draai is.

In Marloth Park is daar op een spesifieke plek ‘n lap kleigrond in die omgewing van Leliepan. Op daardie kol kleigrond groei daar ‘n bos van die lelikste boompies wat jy jou seker kan indink: Mopanigranate. Hulle is sulke half-verdwergde, deurmekaar boskasies en laatwinter is daar nie eers die vaagste teken van ‘n blaartjie nie. As jy een mooi dag daar

verbystap, slegs enkele dae na die eerste lentereëntjie, dan slaan jou asem skoon weg. Byna oornag het hierdie bos aaklige boompies ontplof in 'n goudgeel massa van die allervrolikste blomme. Skielik het alles oorgegaan van morsdood na oorvloedige lewe en jy voel lus om saam met die rooibokkies te huppel en rondspring van uitbundige vreugde. Elke boompie is letterlik oortrek met suiwer goud, en dan wonder jy wat daar gebeur het!

Die persoon wat oplet-loop, wag met groot opgewondenheid vir die dag wat hierdie wonderwerk gebeur. Hy kan sien wanneer die tyd ryp is daarvoor want die ander bome begin bot. Daar kom lewe in die bos want die bos weet wanneer die lente naby is. En skielik een dag, dan blom die Mopanigranate en dan weet jy: die lente het aangebreek!

Jesus leer sy dissipels om, net soos wat hulle die natuur dophou en sekere dinge daaruit raaksien, so ook met dieselfde opmerksaamheid die tekens van die wederkoms van die Seun te kan sien. As die vyeboom begin bot, dan weet hulle mos die

somer is naby. Die koms van die Seun word hier ook subtiel voorgestel as somer, wanneer die volle, ryp vrug van jou verhouding met God tot uiting sal kom, anders as die verskriklike doodsheid van die Joodse godsdiens wat jou aan die winter laat dink. Uit hierdie tekens moet hulle leer dat die tyd naby is!

Matteus se gemeente het die wederkoms nog in hulle eie leeftyd verwag. Het hulle dan Jesus se woorde verkeerd verstaan? Die sleutelbegrippe hier is onwetendheid, waaksaamheid en gereedheid. Jesus sê dit oor en oor sodat jy dit moet verstaan. Hy beklemtoon die feit by herhaling, dat niemand weet wanneer die Seun kom nie, maar dat jy te alle tye gereed moet wees. Net soos wat jy nie weet op watter dag die Mopanigranate gaan blom nie, maar jy die spanning van daardie wonderlike gebeurlikheid in die natuur kan aanvoel, so is die koms van Christus. Dit is ‘n groot geheim, maar al die tekens van Sy wederkoms is alreeds daar.

Intussen gaan die lewe voort asof daar niks

gaan gebeur nie. Mense eet en drink en hulle trou, en daar is niks wat hulle waarsku dat die wederkoms nóú gaan gebeur nie. Inderdaad beteken dit nie dat jy, omdat al die tekens reeds daar is, nou jou werk moet los nie. Dit sou onnosel wees om al jou goed te verkoop en op 'n hopie te gaan sit en wag vir Jesus om te kom! Die lewe moet júis voortgaan soos normaalweg maar jy moet te enige oomblik gereed wees! Die tekens is nie daar as 'n tydsbepaler nie, maar om te sê: Wees elke oomblik gereed – as jy nou in 'n oorlog of aardbewing sterf, is die einde daar vir jou…

Met die gelykenis wat Jesus vertel van die troue en ontroue slaaf, wil Hy 'n verdere gedagte by ons tuisbring: getrouheid! Waaksaamheid beteken nie alleen dat jy te enige tyd gereed moet wees nie, maar dat jy ook getrou sal wees in die werk wat die Here aan jou toevertrou. As jy byvoorbeeld 'n ouderling in jou gemeente is, beteken dit dat jy gedurig in kontak sal wees met jou wykslede en intens vir elkeen sal omgee. As jy maar net die ou is wat die kerk skoonmaak, dan doen jy dit met só 'n oorgawe dat elkeen wat daar inkom sal welkom voel en die

teenwoordigheid van God ervaar. Inderdaad belowe Jesus hier ‘n beloning vir diegene wat getrou is in dít waarin God hulle aanstel. Maar daar is ook straf vir diegene wat ontrou is.

Ons moet egter nou versigtig wees dat ons nie ons arbeid in die Koninkryk om die verkeerde redes doen nie. Ons doen dit beslis nie om hiermee ‘n beloning te probeer verwerf nie! Ons moet steeds alles as genade alleen beskou. En wanneer ons skouer aan die wiel sit vir God se Koninkryk, doen ons dit suiwer uit dankbaarheid vir alles wat Hy alrééds vir ons gedoen het. Ons doen dit boonop slegs tot eer van God. Dit is iets wat diep uit die hart moet kom uit onselfsugtige redes. Kry ons dan eendag ‘n beloning, dan sal dit ‘n wonderlike bonus wees!

Gebed:

Here, help my asseblief om getrou te wees in die dinge waaroor U my aanstel, en gee vir my waaksaamheid sodat ek te enige tyd gereed sal wees wanneer Jesus weer kom!

## 90.

## Genoeg Olie

## Matteus 25:1-13

**VIDEO | OUDIO**

Jesus vertel die aangrypende storie van die tien meisies wat tot laat in die nag gewag het vir die bruidegom om sy opwagting by 'n bruilof te maak. Daar is 'n paar vrae wat jy onwillekeurig vir jouself vra wanneer jy die storie lees wat Jesus hier vertel, dinge wat net eenvoudig nie sin maak nie! Waarom het die bruidegom die gaste so lank laat wag? Waarom het die vyf dwase meisies nie genoeg olie saamgebring nie? Het hulle dan nie geweet dat die bruidegom soms laat kon wees nie? Was die bruidegom ooit werklik laat?

As jy net eers 'n bietjie gaan kyk na die agtergrond van die storie, begin hierdie dinge vir jou sin maak. Ons lewe in 'n plek in die geskiedenis waar tyd werklik baie groot saak maak. Elke afspraak moet tot op die minuut nagekom word, anders is jou kliënt kwaad en

boonop veroorsaak dit dat jy laat gaan wees vir jou volgende afspraak óók. Dikwels is selfs sekondes van uiterste belang. Ons horlosies word wêreldwyd gesinkroniseer. Selfs ons rekenaars en selfone is elke oomblik van die dag tot op die sekonde ná presies ingestel op internasionale tyd. Tyd het ons baas geword!

In dáárdie tyd was dit totaal anders: daar was in die eerste plek nie sulke goed soos horlosies nie en die mense het tyd bepaal deur na die son of sterre se stand te kyk. Jy het na jou liggaam geluister wanneer hy vir jou sê dat hy honger of vaak is, want dan was dit etenstyd of slaaptyd. Dit is net die heel rykes wat die luuksheid van 'n sonhorlosie kon bekostig. Die Jode se dag het begin met sononder. So het die Sabbat byvoorbeeld begin sodra 2 Jode saamstem dat hulle 3 sterre kan sien op 'n Vrydagaand en aangehou tot sononder Saterdagaand. Verder is die dag dan so naastenby in ure ingedeel. Die Romeine se tyd het egter begin met middernag, en vir hulle was tyd al baie belangrik want 'n militêre masjien het op tyd geloop.

Daar is egter 'n ander baie belangrike vraag

rondom die begrip van tyd: wanneer was die regte tyd vir 'n gebeurtenis om plaas te vind? Ons lees nêrens in die Bybel dat daar afsprake gemaak was om iemand op 'n spesifieke tyd te ontmoet nie. Die belangrikste persoon het bepaal wanneer die tyd ryp was. So byvoorbeeld sou 'n persoon gaste uitnooi vir ete, maar daar was nie 'n tyd gegee nie. Wanneer die maaltyd gereed was, het die gasheer boodskappers uitgestuur om almal te laat weet dat dit tyd was. By 'n huweliksonthaal was die bruidegom uiteraard die héél belangrikste persoon, en dit was sý voorreg om te bepaal wanneer dit die regte tyd was vir die seremonie om te begin. Almal het dit tog immers geweet en die uitgenooides het in groot opgewondenheid gewag. Die bruidegom se koms was immers 'n groot verrassing. Natuurlik sou dit 'n klap in die gesig wees as iemand nie gereed sou wees wanneer hy opdaag nie, want die hele seremonie het immers rondom hom gedraai!

In hierdie verhaal sien ons gaste wat in groot opgewondenheid wag vir die groot oomblik - die bruidegom se aankoms. Sommige het sékerlik verwag dat hy al vroegaand sou kom.

Wanneer hy dus in die middel van die nag skielik met ‘n groot gejuig opdaag, is hulle lankal nie meer gereed nie. Dit sou ‘n skande wees!

Die belangrikheid van hierdie gedagte word beklemtoon deurdat Jesus dit oor en oor sê. Oor die afgelope paar dae het ons telkens gelees hoedat Jesus vir Sy dissipels die belangrikheid van gereed-wees inhamer. In die toepassing van hierdie verhaal sien ons God as die héél belangrikste Persoon. Hý alleen kan bepaal wanneer die wederkoms is. Natuurlik weet ons dat ál die tekens alreeds daar is en dat Hy te enige tyd kan kom. Hy het ook reeds die uitnodiging na die groot fees aan almal uitgestuur. Dus moet ons gereed wees, want daardie trompet kan enige oomblik blaas en wanneer dit gebeur wil ons beslis nie onverhoeds betrap word nie!

Ons hoor dikwels van mense wat wiskundige berekenings maak oor die presiese tyd van die wederkoms, maar dit bly ‘n groot geheimenis waarna ons met groot opgewondenheid uitsien. Daar is selfs geloofsgroepe wat beweer dat die wederkoms alrééds plaasgevind het.

Maar waarom het ons dan nie daarvan geweet nie?

Natuurlik is daar ook ‘n ander faktor wat ons in gedagte moet hou, naamlik die totale onvoorspelbaarheid van die tyd waarin ons leef. Daagliks hoor ons van mense wat vermoor is. Op die pad is jy net so min seker van jou lewe en in ‘n oogwink kan jy die ewigheid ingeruk word. Is jy gereed daarvoor? Die 11de September se gebeure 'n paar jaar gelede het gewys dat jy nêrens veilig is nie. Duisende mense het binne minute gesterf in ‘n “veilige” gebou. In die plofbare Midde-Ooste, Oekraiene, Afrika word talle mense daagliks die ewigheid ingeruk. Selfs in Europa, VSA en Brittanje is daar deesdae kort-kort 'n terreuraanval wat talle lewens eis!

En asof die skrikwekkende dinge nie genoeg is nie, kan ’n hartaanval kom soos ’n dief in die nag! Het jy genoeg “olie” in jou lewenslampie vir die oomblik wanneer die Bruidegom onverwags kom? Het jy al by Jesus uitgekom?

Gebed:

Here, gee my asseblief vandag die ywer om gereed te wees vir U koms, en die geduld om

opgewonde op U te wag!

# 91.

# Talente is Riskant!

## Matteus 25:14-30

**VIDEO** | **OUDIO**

Wil jy nou rêrag vet pret hê in jou gemeente? Hou dan een Saterdag 'n talenteveiling. Die ding werk so: Vra vir mense wat bereid is om hulle gawes beskikbaar te stel. Dit kan basies enigiets wees! Hoe meer kreatief, hoe groter die pret. Reël dan 'n lekker geselligheid waar hierdie gawes opgeveil word. Op hierdie manier kan fondse ingesamel word vir die een of ander saak, soos byvoorbeeld ondersteuning vir 'n kinderhuis. 'n Voorbeeld van sulke gawes is iemand wat ken van bak, en sy kan vir die persoon wat haar talent koop 'n privaat demonstrasie kom gee oor hoe om die perfekte sjokoladekoek te bak. 'n Ander kan wees dat jy iemand se motor was, of om 'n bejaarde te neem om inkopies te doen. Die moontlikhede is legio. Ons het dit al per geleentheid in ons gemeente gedoen, en dit werk soos 'n bom! En die lekker is dat dit alles tot uitbreiding van die Koninkryk gaan!

Die vraag is egter: wat is ‘n talent nou eintlik? Dit was in die Bybelse tyd ‘n baie waardevolle muntstuk wat omtrent 6000 denarii werd was. Dit sou omtrent twintig jaar se loon wees vir ‘n dagloner. In vandag se terme dalk ‘n miljoen of twee Rand.

In die verhaaltjie wat Jesus hier vertel, ontvang drie slawe elkeen sulke talente, elkeen volgens sy eie vermoë (Die 1983 vertaling praat bloot van goue muntstukke.) Hierdie geld is nie hulle eiendom nie. Hulle moet dit bloot gebruik en daarmee woeker namens hulle meester. Elkeen van hulle besit die nodige aanleg, kundigheid en ervaring om van sy deel ‘n sukses te maak. Twee van hierdie slawe het hulle opdrag goed verstaan en hulle het gaan woeker met hierdie geld. Met goeie besigheidsvernuf het hulle dit verdubbel. Die derde het veiligheidshalwe bloot syne gaan begrawe.

Wat wou Jesus sê met hierdie verhaaltjie? Ons sê: “Maar dis mos maklik! Dit beteken mos dat ons ons talente of gawes gebruik!” Tot ‘n groot mate is hierdie gelykenis deur die jare totaal verkeerd verstaan en het dit ‘n moralistiese

betekenis gekry. Jy moet jou natuurlike vermoëns of talente gebruik! Dit was egter nie Jesus se bedoeling nie. Dit is baie belangrik dat jy nooit ‘n gedeelte in die Bybel buite sy konteks moet lees nie! ‘n Enkele Bybelversie buite konteks kan ‘n totaal verkeerde betekenis kry.

Die gelykenis begin met die woorde: “Verder gaan dit soos….” Dit is met ander woorde ‘n voortsetting van die vorige gelykenis, wat gehandel het oor hoe ons daardie wagtyd moet deurbring voor die wederkoms van Jesus. Ons moet die wil van God uitleef. Die talent waarvan Jesus hier praat is dus die gawe van die Koninkryk van God waarmee ons as Christene moet woeker. Ons kan dit nader omskryf as die gawe van God se liefde en barmhartigheid. Dit is enorme bedrae wat hier ter sprake is in die gelykenis, en op dieselfde manier is dit ‘n oorweldigende groot gawe wat Christus aan ons toevertrou waarmee ons moet werk. Ek dink nie ons besef aldag hoe groot daardie gawe werklik is nie!

Soos die slaaf met die een talent, kan jy maklik sê dat dit ‘n baie groot risiko is om hierdie

gawe te gebruik. Ek skuil dus maar liewer agter verskonings soos, dat ek maar ‘n gewone sondaarmens is of dat ek skaam is of beskeie, ens.

Omdat die gawe so verskriklik groot is, is daar natuurlik dan ook groot risikos aan verbonde. Die goeie nuus is egter dat hierdie “talent” wat God aan ons toevertrou nie aan óns behoort nie, maar aan God. Ons staan dus géén kans om iets te verloor nie. Die risiko is uit-en-uit God s’n!

Die hele bedoeling van die gawe van liefde is dat dit moet werk! Ons mág dus maar hierdie risiko’s neem en ons móét dit oorvloedig uitprobeer op almal! Alleen dán tree die wet van die Koninkryk in werking en dit groei honderdvoudig, want God se liefde word vrygestel. Die uiteinde daarvan is dat ons dan die wonderlike voorreg kan smaak om te kan deel in die ewige vreugde van die Here.

Die vraag is dan of die “talente” wat ek gekry het, oftewel my natuurlike vermoëns, dan niks beteken nie? Het hulle nie ook waarde nie? O, maar natuurlik is hulle baie belangrik, want hierdie is instrumente wat God ons gee om

hierdie liefde waarvan ons hier bo gepraat het uit te kan leef. Alleen wanneer ons bereid is om die liefde van God vry te stel, begin ons natuurlike talente sin kry in die lewe. Om ‘n voorbeeld te noem: as ek ‘n mooi stem gekry het en ek besluit om dit aan te wend om in die gemeente se lof en aanbiddingsgroep te sing of om gospel liedjies te sing, dan het daardie edel aanwending van my talent nog steeds geen sin nie! Dit begin slegs sin maak wanneer ek terselfdertyd ook die liefde van God positief hiermee uitleef. Wanneer ek dus daardie sangtalent op só ‘n wyse aanwend dat dit Jesus se liefde uitstraal en ander na Jesus uitnooi - eers dán begin my talente waarlik sin maak en waarde kry!

Gebed:

Here, maak my asseblief bereid om daardie risiko in die lewe te neem, om U wonderlike liefde deur te gee aan ander rondom my, en om U liefde positief uit te leef!

## 92.

## Voor die Regterstoel

## Matteus 25:31-46

**VIDEO** | **OUDIO**

Die wederkoms van Jesus breek aan, en nou weet elkeen op aarde dat hierdie Jesus-stories nie maar net stories was nie maar dat dit die waarheid was. Al die mense van die aarde staan daar bymekaargetrek, maar hulle is in twee groepe verdeel, met 'n duidelike skeidslyn tussen die twee. Nêrens is daar 'n grys area nie. Jy het óf die wil van God gedoen, of jy hét nie! Dit is die enigste kriterium! Op grond hiervan is almal geskei. Miljoene gelowiges dans en sing opgewonde van pure uitgelatenheid, want uiteindelik het dít gebeur waarna ons al so lank en so smagtend na uitsien. Hulle staan almal in die veel kleiner groepie. Oor die ander groep hang daar 'n donker wolk van verdoemenis.

Tóg is daar by almal, selfs ook die gelowiges, 'n onsekerheid want verhewe bo almal staan die Regterstoel. Op die stoel sit die Regter-Koning in glorie en majesteit, waar elkeen

Hom kan sien. Die spanning raak ondraaglik, want Jesus gaan nou oordeel oor elke mens.

"Diegene aan My regterhand, kom en neem julle erfenis in besit! Dit is die erfenis wat God vir julle voorberei het." En dan gaan daar 'n vraag op uit die groep: "Dankie Here, maar ek het dit rêrag nie verdien om in hierdie groep te wees nie! Waarom het U nou juis vir my hier geplaas? Wat het ek gedoen om dit te verdien?"

En dan antwoord Jesus met 'n glimlag: "Ek was dors, en jy het My iets gegee om te drink. En die dag toe ek 'n vreemdeling was, het jy My ingenooi en kos en 'n slaapplek gegee."

"Maar Here, ek onthou dan nie daarvan nie! Ek kan nie onthou dat ek enigiets vir U persoonlik gedoen het nie?"

Jesus glimlag op die Regterstoel: "Onthou jy daardie verflenterde ou man wat jy eendag gehelp het? Die een wat kom vra het vir 'n bietjie water? En toe gee jy hom 'n bord kos en koffie en nuwe klere uit jou klerekas? Toe jy aan hom liefde en barmhartigheid gegee het, het jy dit eintlik vir My gedoen."

"Here, en wat van my?" vra 'n ander stem. "Onthou jy die dag toe Ek so siek was? Jy het My met liefde kom versorg sonder om iets terug te verwag."

"Nee Here, met permissie gesê, U maak seker 'n fout! Dit was nie ek nie....."

"Die dag toe jy die siek boemelaar op die parkbankie opgetel en dokter toe geneem het - jy het hom nog daardie volgende paar nagte in jou huis laat slaap. Dit was Ek gewees wat jy versorg het, want as jy soveel liefde aan iemand anders gee, gee jy dit eintlik aan My!"

Nou gaan daar 'n gemor op vanuit die ander groep. Teen hierdie tyd het dit al duidelik geword dat hulle nie by daardie pragtige hemelpoorte gaan instap nie. "Here, ek het ook al 'n boemelaar versorg! Wat dan van my? Tel dit dan nie?"

"Ja Here, ek het persoonlik ook al vir 'n vreemdeling kos gegee én klere! Hy het nog gesê dat hy my sou terugbetaal maar daar het absoluut niks van gekom nie. En nou word die sout nog in my wonde gevryf, want nou is ek in die verkeerde groep. Dis nie regverdig nie!"

“Ek stem saam!” gaan dit nou in ‘n koor van stemme op, “Ons het ons afgesloof om goed te doen. Ons het die renoster, wat U persoonlik nog geskep het, van uitwissing gered! Tel dit dan nie?”

“En wat van al die ure wat ons gespandeer het om die gemeenskap op te rig?”

“Eintlik het julle niks vir My gedoen nie! Julle het dit alles suiwer vir julleself gedoen!” kom die verdoemende antwoord van die Regter. “Julle het nooit werklik liefde bewys sonder om iets terug te verwag nie. Boonop het julle My nooit erken as Verlosser nie, en nog nooit met My ‘n verhouding gehad nie. Die ewige verdoemenis is julle voorland.”

Stadig begin die werklikheid deursyfer. Dit gaan daaroor dat hulle nie goed gedoen het aan ander nie, selfs nie aan die geringstes nie – diegene wat dit regtig nodig gehad het! Mense se dade van liefde al dan nie, is ‘n aanduiding of hulle geglo het in God en sy liefde uitgeleef het – teenoor wie ook al.

Aan die ander kant was daar mense wat dikwels nie eers besef het dat hulle besig was met liefdeswerk nie, want dit het diep uit die

hart gekom. Waarom? Daar was een groot dryfveer: die liefde van Jesus. Hulle het nie hulle liefdeswerk gedoen om iets daarmee te probeer verdien nie. Hulle het nie aansien of ‘n guns van God of wat ookal gesoek nie, maar dit suiwer uit dankbaarheid gedoen omdat Jesus hulle verlos het. Wanneer Jesus waarlik in jou lewe gestalte gekry het - wanneer jy in ‘n verhouding met Hom leef, sal die dinge wat jy doen, wys dat jy Sy kind is. Dan sal jy jou dankbaarheid uitleef sonder enige bymotiewe.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my ‘n ware omgee-liefde in my hart. Maak asseblief my oë oop vir die nood in ander se lewens, en maak my gewillig om te help waar daar nood is!

# 93.

# Voorberei vir die Dood

# Matteus 26:1-16

**VIDEO | OUDIO**

Die finale hoofstuk van Jesus se lewe as mens op aarde het aangebreek. 'n Geruime tyd al probeer die Joodse leiers op enige denkbare manier om Hom vas te trek, maar elke keer word hulle planne in die wiele gery. Hulle kon egter doen wat hulle wou, maar die laaste sê het aan Jesus behoort. Alleen Hý kon bepaal wanneer Hy gereed was vir daardie verskriklike dag. Ja, by verskeie geleenthede het Hy vir die dissipels gesê dat Hy sou sterf en dat Hy aan die haat van die Joodse leiers oorgelewer sou word. Hy was egter vaag oor presies wanneer dit sou gebeur. Nou maak Hy egter 'n uitspraak wat die manne by Hom se bloed laat stol: "Oor twee dae word Ek gekruisig!"

Onmiddellik sien ons hoe die masjienerie in werking gestel word om Jesus om die lewe te bring. Hy was nooit onkant betrap nie, trouens Hy het Sélf die proses geïnisieer toe die tyd daarvoor ryp was. Dit maak natuurlik van die

Joodse rolspelers ‘n laer orde, want hulle planne kon alleen werk as dit by God se groot plan sou inpas.

Dit bring ons natuurlik by die vraag van die verhouding tussen God se raad en menslike planne. Wanneer ons dan nou sê dat Gód die besluit geneem het, sou dit dan die skuld wegneem van die Jode se aandeel? Dit was mos God se besluit, was dit nie?

Baie beslis nie, want hulle het lankal hulle bose planne agtermekaar probeer kry. Dit plaas egter hulle planne binne ‘n baie groter raamwerk, want terwyl hulle besig was om onheil te stook, het God juis hulle boosheid gebruik tot heil van die ganse mensdom. Hoe ironies, dat God se groot verlossingsplan uitgevoer was deur menslike moordplanne, en alhoewel daardie rolspelers nie maar blote marionette in God se hand was nie, het God tóg die laaste sê in die saak gehad.

Dit moet vandag vir ons ‘n wonderlike troos en bemoediging wees, veral in die tyd van verskrikking waarin ons vandag leef. God is oneindig vindingryker as mense en Hy word nooit onkant gevang nie. Ja, inderdaad laat

Hy alle menslike planne, of hulle nou sleg of goed is, vir Hóm werk. Dit laat ons die situasie van korrupsie in ons regering en alles wat daarmee saamgaan, in ‘n ander lig sien. Ja, natuurlik is dít verkeerd! God gebruik egter slegte dinge ten goede vir Sy kinders en daarom hoef ek nie woedend of moedeloos te reageer daarop nie. Ek vertrou God dat alles sal uitwerk volgens Sy groot raadsplan!

Jesus se verwysing na die Paasfees in hierdie gedeelte, is baie belangrik. Dit koppel Sy dood direk daaraan en hierdeur word subtiel na Jesus verwys as die Paaslam wat vir die sondes van die volk geslag word.

In kontras met die Jode se moordplanne, sien ons ‘n vrou wat onbaatsugtig haar liefde aan Jesus bewys deur haar kosbare olie op Jesus se kop uit te gooi. Die dissipels is verontwaardig, want hoeveel arm mense kon nie dalk kos gekry het as hierdie olie verkoop sou word nie? Ons kan dalk hulle verontwaardiging verstaan. Daar steek egter eintlik iets baie dieper in hulle reaksie: hulle kon steeds nie vrede maak met Jesus se dood nie! Hulle word direk ook by Sy dood betrek.

Dalk was hulle onwillig om die volle pad van Jesus se lyding saam met Hom te stap. Inderdaad sien ons dit duidelik wanneer hulle Jesus totaal in die steek laat wanneer Sy nood op sy grootste is. Wanneer Jesus sê dat die armes altyd by hulle sal wees, wil dit amper skok! Dit maak nie sin nie! Jesus sê egter hiermee dat armoede wél altyd sal bestaan en dat Hy nie vir hulle Utopia op aarde beloof nie. Hy beklemtoon dit egter dat alhoewel die liefdesgebod vir jou naaste uiters belangrik is, die gebod om God bo alles lief te hê inderdaad die eerste gebod is. Maar dit gaan eintlik veel dieper, want hiermee wil Hy ook sê dat Sy kruisdood die grootste enkele gebeurtenis in die geskiedenis van die skepping is. Hierdie vrou se salwing plaas júís die stempel op hierdie groot gebeurtenis van Sy kruisiging.

Jesus se uitspraak oor die tyd van Sy dood sit nie alleen die Joodse leiers aan die gang nie, maar ook vir Judas. Wat die presiese beweegredes vir sy besluit was kan ons maar net raai.  Dalk was hy teleurgesteld of bang. Was hy dalk teleurgesteld omdat hierdie Messias nie aan sy verwagtinge voldoen het

nie? Jesus het hulle nie verlos van die Romeinse juk, soos hy en baie ander Jode verwag het nie. Was hy dalk bang, want die enigste strooihalm waaraan hy nog kon vasklou, was besig om te kwyn?

Die feit is egter dat God selfs Judas se verraad gebruik het in Sy raadsplan. Judas word daarom pertinent "een van die twaalf" genoem. Dit het nie sin om Judas te veroordeel nie, want dit gaan hier oor óns! Die verraad en verloëning van Jesus word 'n baie groter realiteit as wat ons sou wou erken. Petrus kon dit absoluut bevestig toe hy, die groot dissipel, daardie nag geknak het en totaal ontken het dat hy Jesus ooit ken. As ons byvoorbeeld stilbly wanneer God se heilige Naam misbruik word, dan doen ons presies dieselfde as Petrus en Judas……..

Gebed:

Here, hou asseblief my hand styf vas, en wanneer dit lyk of die golwe van die verskrikking van geweld my gaan verswelg - hou asseblief dan my oog gevestig op Jesus!

## 94.

## Die Paasmaal

## Matteus 26:17-25

**VIDEO** | **OUDIO**

Paasfees het aangebreek. Vir die Jode was hierdie 'n hoogtepunt op die kalender en elke jaar naastenby in April is hierdie groot fees gevier. Dit het ook saamgeval met die fees van die ongesuurde brood wat oor 'n week gestrek het, en wat moes herinner aan die haas waarmee die Israeliete uit Egipte moes trek toe daar nie eers tyd was om die brood met suurdeeg te laat rys nie. Onthou, daardie jare was daar nog nie pakkies kits-suurdeeg nie! Die paaslam is op die eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brood geslag en die bloed oor die altaar uitgegooi. Daarna is die lam gebraai en dieselfde aand by die Paasmaaltyd geëet. Die Paaslam simboliseer dan ook God se vergifnis van sonde.

Hierdie spesifieke Paasfees is vir Jesus en Sy dissipels 'n baie besonderse een en veral vir die dissipels sekerlik 'n baie depressiewe fees. Jesus sê pertinent vir hulle dat Sy tyd naby is.

Hy sou binnekort aan die kruis sterf, al spel Hy dit nie pertinent vir hulle dit so uit nie. Met hierdie aankondiging bring Hy die Paasfees in verband met Sy dood. Wanneer Hy dan sterf aan die kruis, sterf Hy as die Paaslam vir die sondes van die wêreld.

Daardie aand kuier almal rustig om die tafel, besig om te eet. En dan los Jesus die bom: "**Een van julle gaan my verraai.**" Ek kan my net voorstel wat deur die gedagtes van die manne gegaan het op daardie oomblik. Niemand het enigiets vermoed nie, buiten natuurlik dié een wat reeds sy konkelwerk gedoen het!

Jesus het hulle so onkant gevang dat elkeen begin wonder het of dit nie dalk hyself was wat hierdie verskriklike daad sou pleeg nie. "Is dit dalk ek, Here?" word daar telkens, verskrik-onthuts gevra. Hulle het die afgelope dae dalk 'n baie brawe gesig opgesit, maar diep binne-in vreet die onsekerheid oor Jesus, hulle Meester se naderende dood. Wat gaan van hulle word? En nou dít!

"Die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek, dit is hy wat My sal verraai…..".

“Maar elkeen van ons sit sy hand op die een of ander stadium saam met Jesus in die skottel! Is dit nie dalk tóg ek nie?” Hierdie gedagte maal waarskynlik deur elkeen van die dissipels se kop. Judas se vraag kom koel en afsydig, want hy wéét dat hy skuldig is! Jesus se rustige antwoord, sonder enige haat of verwyt, is bloot: “Dit is soos jy sê.” Nou weet almal.

Tog moet ons nie die fyner nuanses miskyk nie. Die blote feit dat die ander dissipels ook die vraag vra, wys net weereens dat hulle ook maar mense is met ‘n skuldige gewete. Indirek kan elkeen van ons dus ook daardie vraag vra. Is daar nie dalk by my verraad van Jesus of Sy saak teenwoordig nie? Niemand is outomaties van afval gevrywaar nie. Jesus het Judas sag geantwoord, en alhoewel hy toe reeds ‘n besluit geneem het, was daar steeds vir hom omdraaikans - tot op die héél laaste! Judas het egter besluit om nie om te draai nie.

Dalk kan ons vandag redeneer dat die arme Judas die afgryslike verraad gepleeg het omdat God dit so beplan het! En dat hy daardeur verlore gegaan het! Maar Petrus het

feitlik net so ‘n slegte ding gedoen met sy verloëning van Jesus. Maar hy het om vergifnis gevra. En dit gekry! Hy het gaan regmaak waar hy verbrou het. Judas het dieselfde geleentheid gehad, maar hy het dit sélf weggesmyt. Ja, hy het berou gehad maar nooit God se vergifnis gesoek nie!

Wat het Judas soveel anders gemaak as die ander dissipels? Almal van hulle was in die geloof “swakkelinge.” Later daardie selfde aand nog sou ons sien hoedat hulle slaap wanneer Jesus hulle bystand bitter nodig het. Ons sien dat hulle weghardloop wanneer hulle Here in hegtenis geneem word. Ons moet hoor dat hulle totaal ontken dat hulle Hom ooit geken het, en dít in Sy grootste uur van nood. Hulle is onseker en beangs vir dít wat vir hulle voorlê. Nogtans, ten spyte van al hierdie dinge, noem hulle Hom steeds “Here”, want hulle volle vertroue, hoe wankelrig ookal, is in Hom. Judas, aan die anderkant, ondervind hierdie selfde onsekerhede en vrese, maar hy besluit dat hy sy vertroue in Jesus onttrek. Jesus is vir hom nie meer die “Here” wat hy aanvanklik gedink het Hy is nie en hy verkoop Jesus uit aan die vyand.

Daar kom ‘n tyd in elke Christen-gelowige se lewe waar onsekerheid, vrees en selfs blatante lafhartigheid jou vasgryp. Dit is baie, baie belangrik dat jy dan steeds na Jesus kyk as die enigste Here, al lyk dit of die einde van die wêreld aangebreek het. As jy vandag in daardie situasie is, en soos Judas besluit het dat Jesus nie meer Here van jou lewe is nie, dan is daar selfs nou nog vir jou omdraaikans! Jesus se hand van liefde is uitgestrek na jou. Gryp dit aan met al jou mag!

Gebed:

Here, waar daar dikwels storms in my lewe woed en waar onsekerheid en angs dreig om my te verswelg, hou asseblief my hand styf vas en hou my oog gevestig op U alleen, want U is my Here en my God. Op U alleen vertrou ek!

## 95.

## Nagmaal

## Matteus 26:26-30

**VIDEO | OUDIO**

‘n Doodse, heilige stilte sak oor die kerk toe. Elkeen is besig met sy eie gedagtes. Die diakens is besig om die brood uit te deel. “**Jesus se liggaam**”, maal dit deur my gedagtes, “**Sy liggaam wat vir my gebreek is, gemartel is sodat ek mag lewe!**” Die stilte is oorverdowend. Slegs ‘n sagte geskuifel soos die bordjies aangegee word. Skielik is die bord met klein stukkies brood voor my - ek skrik amper. Met bewende hande vat ek ‘n stukkie. Hoe spierwit, skoon en rein is die broodjie nie! In my geestesoog sien ek Jesus en Sy twaalf leerlinge om die tafel aansit. Wat gaan in daardie manne se koppe om? Jesus het pas vir Judas uitgewys as Sy verraaier. Nou is Hy met ‘n stuk brood besig, so asof absoluut niks gebeur het nie! Geen verwyte, geen beskuldigings.

“Neem, eet: Dit is My liggaam.” Sy sagte stem verbreek die stilte. Stukkie-vir-stukkie sou Sy

liggaam afgetakel word, net soos dit 45 jaar later met die tempel gebeur het. Toe het daar nie twee klippe opmekaar oorgebly nie. Hulle, die kerkleiers sou Sy liggaam breek totdat Hy dood in die graf lê. Die verskriklike eensaamheid sou maak dat dit vir Hom voel asof Hy totaal verlaat is - selfs van God!

Nie een van die manne besef presies wat Jesus se woorde werklik beteken nie. Niemand kan dróóm watter verskrikking later in die nag en die volgende dag vir hulle, en veral vir Jesus inhou nie. Nie een besef hoe wreedaardig Jesus se liggaam verinneweer sou word nie, gebreek nes hierdie stukkie brood! Soos die brood geskeur word, nét só sou Jesus se liggaam geskeur word deur wreedaardige géselhoue wat genadeloos op Hom neer reën. My gedagtes gaan na die rolprent: The Passion of The Christ, waar ek oor en oor daardie nagmerrie-toneel voor my sien afspeel, waar die stukke vleis uit Sy rug geruk word deur die metaalpunte van die sweep, totdat ek dit wil uitskreeu: "**Stop! Stop! Dis nou genoeg!**" Maar dit gaan net aan en aan en aan…….

“Neem, eet……,” ruk die liturg se rustige stem my terug na die hede.

Weereens sak ‘n doodse stilte neer wanneer die diakens die wyn uitdeel. My verwarde gedagtes keer terug na dáárdie verskriklike nag. Jesus vat ‘n beker met wyn, en gee dit aan vir die manne. Daar hang ‘n swaar stilte in die lug, ‘n stilte wat nie een van hulle durf breek nie.

“Drink almal daaruit, want dit is my bloed…..” Hierdie wrede woorde ruk deur die manne. Het die einde dan nou werklik aangebreek? Dit klink so verskriklik onwerklik, maar die bewyse is rééds daar, want kyk net waarmee is Judas besig!

“…..die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes.” Jesus se stem is sag en rustig.

“Wat presies sou Jesus nou hiermee bedoel?” Die manne verstaan nie mooi nie. Ja, as hulle maar net vooruit kon sien wat alles die volgende dag sou gebeur! Eers sou daar die uitmergelende hofsaak wees, die gespot, die purperkleed en riet. Later die verskriklike doringkroon wat in Sy kopvel vasgesteek is

sodat die bloed, Sy kósbare bloed oor Sy gesig stroom! Dit sou Hom verblind wanneer Hy daardie uitmergelende tog moet onderneem teen die berg op. Daardie aaklige tonele uit die rolprent spook weer by my. Ek wil wegkyk maar ek kan nie! Wátter rigting ek ookal my kop draai - die tonele bly voor my! Bloed stroom oor Jesus se stukkende rug, en dit stroom oor Sy gesig. Dan volg die verskrikking van die kruisiging, waar die soldaat die rowwe ysterspykers deur Sy hande en voete kap. Ek sien weer my dierbare Heiland se gesig wat skree van pyn en angs. Ek hoor die vulgêre gelag van die soldaat wat genot put uit sy gruwelike taak. Ek hoor die vroue se bitterlike gekerm. Ek sien die Fariseërs en Skrifgeleerdes tevrede eenkant staan en toekyk. En ek sien die bloed vryelik uit die liederlike gate in Sy hande en voete vloei. My Heiland se bloed. Vir my gestort! Gestort sodat my sondes vergewe kan wees.

"Neem, drink……" - die liturg se sagte stem. Ek tel die klein glasie op. Helder rooi skitter die soet wyn daarin. Ek sluk dit weg, - ek voel hoedat dit in my keel brand. Die soet geur van die wyn vul my mond, my neus, my hele

liggaam, totdat dit een is met my. Jesus se bloed! Dit is deel van my hele wese! Dit is so geïntegreer in my lewe dat ek gladnie daarvan kan skei nie. Soos wat die wyn deur my ganse menswees spoel, so voel ek hoedat my sondes van my afspoel.

"**God het álles vergewe deur Jesus se kosbare bloed!**" weergalm dit in my. "**Ek is vry! Vry! Vry!**" 'n Jubellied borrel in my op: "**Loof die Here, o my siel, loof Sy heilige Naam!**" Ek straal van geluk, want Jesus se bloed het my sondes skoongewas!

Gebed:

Dankie Here, dankie: dankie dat U vir my gesterf het, gely het, al my sondes op U geneem het, en dat ek nou kan weet dat ek die ewige lewe het, nie deur my goeie dade nie maar deur U groot genade en liefde alleen. Help my om U uit dankbaarheid te dien met my hele lewe!

## 96.

## Nag van Verskrikking

## Matteus 26:31-46

**VIDEO** | **OUDIO**

Jesus se dissipels begin besef wat besig is om te ontvou. Hulle Meester gaan gevange geneem word! Hulle is bitter onseker, want wat presies gaan gebeur, is steeds vir hulle 'n geslote boek. Maar één ding is seker: hulle weet presies wat húlle gaan doen! Natúúrlik gaan hulle mos by Jesus staan tot aan die bitter einde!

"Julle sal almal in hierdie nag van My afvallig raak." Hulle kan nie glo wat hulle hoor nie! Skielik is die manne opgeruk. Hoe kan Jesus dan só 'n verskriklike ding van hulle sê?

"Maar nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit gaan na Galilea." Hierdie laaste sin hoor hulle nie eers nie. Die beskuldiging, dat hulle vir Jesus in die steek gaan laat, steek hulle dwars in die krop!

"Nie ekke nie!" skerm Petrus, diep seergemaak. "Húlle miskien, maar ék? Nog

nóóit!"

"Petrus, Ek sê vir jou, jy sal My in hierdie nag, voor 'n haan kraai, drie maal verloën."

Nou is Petrus hewig ontsteld! Hoe kan sy Meester dan só sleg van hom, Petrus die Rots dink? Hy is immers die sterk een, die een wat skrik vir g'n niks! En nou beskuldig Jesus hom van sulke lafhartigheid. "Selfs al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie!" Brom-brom stem die ander manne saam met Petrus. Hulle het immers so deel van Jesus geword dat dit totaal ondenkbaar is dat hulle Hom óóit in die steek sal laat.

Maar dan kom die eerste toets, en hulle dop dit met vlieënde vaandels. Van die bovertrek waar hulle die nagmaal geniet het (het hulle dit werklik geniet?), stap hulle 'n ver ent die nag in, al in die Kidronvallei af tot hulle uiteindelik in Getsemane, die olyfpers tuin kom. Dit is geleë aan die onderkant van die tempelberg. Dit is al laatnag. Die manne is moeg.

"Ek gaan bid," deel Hy die manne mee. Hy het dikwels so alleen gaan bid. "Sit hier, en wag vir My tot Ek klaar is."

Petrus, Jakobus en Johannes word opgekommandeer om saam met Hom te gaan waar Hy gaan bid. Die manne merk dadelik op dat Jesus bitter benoud is en dat Sy trane baie naby sit. Dit ruk hulle aan die hart. Hy val met Sy gesig teen die grond neer en verkeer in 'n diepe sieleworsteling met die Vader. Hy weet presies wat vir Hom voorlê, en menslik-gesproke is dit absoluut onmoontlik om deur hierdie verskrikking te gaan.

"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."

Wanneer Jesus omkyk, sit die drie manne vas aan die slaap. Hy is ontsteld! Kan hulle nie eers vir een enkele ou uurtjie Hom in Sy nood bystaan nie? Was dit nie húlle wat so pas nog so heftig gereageer het en gesê het dat hulle deur dik en dun by Hom sou staan nie? Jesus praat baie hard met Petrus - hy is tog immers die leier. Maar dit help niks, want skaars het Hy weer begin bid, dan slaap die drie alweer!

"My Vader, as dit nie moontlik is dat hierdie beker verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied." Bloedsweet loop oor Jesus

se gesig wanneer Hy opstaan. Die spanning is ondraaglik. Weëmoedig kyk Hy na Sy slapende volgelinge. Kon hulle nie maar Sy lyding so ‘n klein bietjie ligter help maak het nie? Kon hulle nie maar net hierdie kort ou tydjie saam met Hom gewaak het nie? Hy draai om en bid verder, vir die heel laaste maal. Hy het nou vrede gemaak met Sy lyding. Hy voel bitter jammer vir die manne want hulle besef nie deur watter verskriklike tyd hulle nou sal gaan nie. Nou is hulle nog braaf, maar binnekort gaan hulle uitmekaargejaag word.

Jesus maak die manne wakker: “Julle slaap en rus nog steeds? Kyk, die uur het aangebreek!” deel Hy hulle mee.

“Watter uur?” wil hulle nog wonder, maar dan sê Jesus vir hulle dat dit tyd geword het dat Hy oorgelewer word, en dat Judas al klaar op pad is met die soldate.

Die elf manne het die eerste rondte van die verskriklike geveg liederlik verloor. Hulle was só positief dat hulle deur alles by Jesus sou staan, maar hulle kon nie eers wakker bly in Sy uur van gebed nie!

Dikwels vra Jesus vandag ook vir my en jou om maar net in klein dingetjies getrou te bly aan Hom, en dan gaan dit so bitter moeilik. Moenie die dissipels verwyt nie! Gaan doen gerus maar net ‘n bietjie introspeksie in jou eie lewe en dan sal jy sien dat ons maar presies dieselfde doen. Soms voel ons totaal verlore, soos daardie manne dalk daar gevoel het. Hierdie was vir hulle maar die begin. Dit sou nog baie erger word! Jesus se belofte, dat Hy hulle weer bymekaar sou bring, was egter hulle troos. So ook troos Hy jou en my, al lyk dinge soms totaal verlore. Hy wag steeds daar vir ons aan die einde van die pad. Maar nog véél meer: Hy stap ál die pad deur ons beproewing saam met ons. Boonop, anders as die dissipels se powere poging, laat Hy ons nie vir een enkele oomblik in die steek nie!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag daardie wonderlike versekering kan hê dat U altyd daar is vir my, en al voel dit soms asof ek totaal verlore is, wag U steeds met uitgestrekte arms vir my!

# 97.

# Swaarde en Knuppels!

# Matteus 26:47-56

**VIDEO** | **OUDIO**

Die slottoneel in Getsemane is een gevul met geweld. 'n Groot klomp mense daag met swaarde en knuppels op en gryp Jesus. Nogtans is die blywende indrukke wat ons kry uit die toneel nie die geweld nie, maar iets héél anders.

Dit is pikdonker en boonop is Jesus nie só bekend in Jerusalem nie want Sy bediening was meestal op die platteland. Daarom spreek Judas met die soldate af dat hy Jesus vir hulle sal uitwys deur Hom met 'n soen te groet. So sal hulle Jesus kan uitken en weet wie om te arresteer.

Dit was daardie tyd gebruiklik dat Rabbi's mekaar met 'n vredeskus groet. Hierdie vredeskus van Judas het egter alles behalwe vrede beteken! Jesus se reaksie hierop is baie moeilik om reg te vertaal. "Vriend, doen wat jy gekom het om te doen!" lees ons in die 1983 vertaling. Die 1953 vertaling: "Vriend,

waarvoor is jy hier?" Die 2020 vertaling is dalk beter: "Vriend, doen waarvoor jy hier is." Die bedoeling is eintlik dat Jesus Judas se verraad sien as deel van God se lydensplan vir Hom, en Hy onderwerp Hom aan God se wil. Ons sien dit dan ook baie duidelik in die gebedsworsteling wat so pas afgespeel het in die tuin!

Die vraag wat ons onwillekeurig vra, is of God nie darem baie onregverdig was teenoor Judas nie? Hy is dan verdoem om God se wil te laat geskied! Die antwoord is: "Nee!" Ek glo dat Judas steeds ná sy verraad die geleentheid gehad het om God se vergifnis te vra. Petrus het vir Jesus verloën, maar hy het berou gehad en is vergewe. Judas het presies dieselfde geleentheid gehad maar hy het dit nie gebruik nie.

Een van die dissipels, Petrus pluk sy swaard uit om Jesus met geweld te verdedig. Hy kap woes na die eerste persoon wat in sy pad kom en die Hoëpriester se slaaf moet dit ontgeld as sy oor in die stof byt. Jesus kalmeer hom - geweld is nie 'n opsie nie! In Mat. 5:38-42 het Jesus immers vir Sy dissipels geleer oor hoe 'n

mens geweld moet hanteer, dat jy jou nie daarteen verset nie maar dat jy ook die ander wang moet draai en die tweede myl moet stap. Nou pas Jesus prakties toe wat Hy dáárdie dag al gepreek het. Hy verduidelik vir hulle dat alle mag tot Sy beskikking is, en dat dit net 'n enkele woord sou kos om die hemelse leërskare te laat neerdaal en al Sy vyande uit te delg. Hierdie dinge móét egter gebeur soos dit in God se raadsplan geskryf is. Die saak van die Koninkryk kan nie gedien word met geweld nie, want God se Koninkryk wil juis vrede op aarde bring. Dit wil haat in liefde verander. Dit kan beslis nie met weerwraak bewerkstellig word nie. Iémand moet bereid wees om die verskriklike geweldspiraal te breek en daardie taak lê vierkantig op die skouers van ons as Christen-gelowiges. Soos Jesus, moet ons as Sy volgelinge ook bereid wees om die ander wang te draai sodat die groter saak van die Koninkryk, God se versoening uitgeleef kan word.

Op daardie stadium was Jesus se dissipels egter beslis nog nie bereid om hierdie pad van liefde te volg nie. Hulle wou die situasie

met geweld oplos!

Wat Jesus ons hier wil leer is nie maklik nie, inteendeel, dit is bitter moeilik. Vat nou maar jou daaglikse rit kantoor toe: hoeveel keer het jy jouself vanoggend in spitsverkeer bloedig vererg vir iemand wat roekeloos bestuur? Hoeveel lelike woorde en vulgêre vingers het jy rondgeswaai om jou mede-padgebruikers presies te laat verstaan wat jy van hulle dink? 'n Mens se eerste reaksie is om te doen wat Petrus gedoen het. Jesus se voorbeeld is egter om die situasie kalm te oorweeg en dan in liefde te handel.

Jesus moes sekerlik baie moedeloos gewees het met die mense wat gekom het om Hom te arresteer want Hy het dan só hard probeer om hulle te leer: "Het julle soos teen 'n rower uitgetrek met swaarde en knuppels om My gevange te neem? Dag ná dag het Ek op die tempelterrein gesit en onderrig gee, en julle het My nie gevange geneem nie." Maar dan verduidelik Hy: "Maar dit alles het gebeur sodat die Skrifte van die profete vervul sou word."

Wanneer hulle sien dat hulle dit nie kan regkry

nie, kies hulle die enigste ander opsie: vlug die nag in! Die manne spat uitmekaar en hardloop weg. Hulle los vir Jesus agter om alleen die pad van marteling te stap. Daar moes nog eers baie water in die see loop voordat hulle sou begryp wat Jesus gedoen het, en wat Hy bedoel het. Inderdaad het daar 'n groot verandering gekom op Pinksterdag. Eers tóé was hulle bereid om selfs die Joodse Raad onverskrokke aan te vat. Wanneer hulle geslaan word en in die tronk vasgeketting word, sing hulle lofliedere tot eer van God!

Om die liefde uit te leef wat Jesus verkondig, beteken nie dat jy 'n askuus-dat-ek-leef houding moet inneem nie, maar eerder om onverskrokke God se liefde uit te leef, maak nie saak wat die koste is nie. Jy kan dit egter nie doen uit jou eie krag nie maar alleen uit die onuitputlike krag wat die Heilige Gees jou gee. En dan alleen as jy hand-aan-hand met Jesus loop.

Gebed:

Here, ek leef in 'n wêreld vol verskrikking en daar is so baie dinge wat my na my swaard

wil laat gryp. Gee my asseblief daardie liefde in my hart sodat ek geweld met liefde kan beveg, en gee my ook asseblief die moed om onverskrokke te kan bly staan te midde van dit alles!

## 98.

## Skuldig!

## Matteus 26:57-68

**VIDEO | OUDIO**

Nadat Jesus gevange geneem is, word Hy na die Hoëpriester se huis toe geneem vir Sy verhoor deur die Joodse Raad. Petrus is die enigste dissipel wat dit waag om op 'n afstand te volg. Wanneer hulle by Kajafas se huis opdaag, waag hy dit selfs tot binne in die binnehof..

Wat nou hier gebeur is eintlik totaal onwettig. Ons sien dat die verhoor plaasvind in die vroeë oggendure. Onthou, die haan het nog nie eers gekraai nie! Volgens die Joodse regstelsel was dit nie wettig om regspraak in die nag te lewer nie, veral nie wanneer die doodstraf ter sprake is nie. In elkgeval was die Joodse Raad nie by magte om finaal die doodstraf op te lê vir enigiemand nie. Dit was die voorreg van die Romeinse regering en as die Joodse Raad sou voel dat iemand die doodstraf moes kry, moes dit eers deur die Romeine bekragtig word.

Ten spyte daarvan dat die vergadering onwettig is, is dit nie maar net 'n paar lede van die Raad wat daar was nie, maar die volle Joodse raad. Die hoëpriester as voorsitter, priesterhoofde, familiehoofde en skrifgeleerdes - die hele tutti! Die boodskap is ondubbelsinnig: Jesus móét amptelik deur die hele Joodse Raad skuldig bevind word. Hulle het op allerhande maniere probeer om Hom vas te trek. Etlike sogenaamde getuies is aangesê om te kom getuienis lewer. Al die vals getuies het egter misluk want hulle stories kon net eenvoudig nie ooreenstem nie. Uiteindelik kry hulle tóg twee getuies wat dieselfde getuienis lewer. Jesus sou per geleentheid gesê het dat Hy die tempel sou afbreek en in drie dae herbou. Verdoemende getuienis! Maar is dit dan genoeg om die doodstraf te verdien? Die hoëpriester besef wel dééglik dat hierdie op sigself maar 'n powere aanklag is. Maar dit het tóg 'n baie diepere betekenis.

Op daardie stadium was daar 'n baie sterk Messiaanse verwagting onder die Jode. Dit het ongelukkig egter gepaard gegaan met baie mites, soos dat die Messias die Jode sou

bevry van die Romeinse oorheersing. Sommige teoloë is juis van mening dat Judas vir Jesus verraai het om Hom te dwing om oor te gaan tot hierdie bevrydingsaksie en dat hy lid van die Sikarii (dolkdraers) was, wat politieke sluipmoorde gepleeg het om vyand van die volk van die gras te maak. Iskariot is moontlik 'n verwringing van Sikarii.

'n Ander verwagting onder Jode was dat die Messias 'n nuwe tempel sou bou weens die boosheid van Israel. Juis dáárom was hierdie aanklag, dat Jesus die tempel sou afbreek en weer herbou in drie dae so belangrik. Hiermee sou Jesus met ander woorde mos aanspraak maak dat Hy wél die Messias is.

Tot groot frustrasie van die hoëpriester en die Raad bly Jesus egter doodstil. Hy hoor al die aanklagte teen Hom maar Hy verdedig Homself gladnie. Daarom vra die Hoëpriester Hom pertinent die vraag: "Is jy die Christus, die Seun van God?" Meer duidelik kon die vraag nie wees nie. Hierop moes Jesus slegs "Ja" of "Nee" antwoord.

Jesus verbreek uiteindelik die stilte, en Sy antwoord kom soos 'n skokgolf deur die hele

Joodse Raad: "Dit is soos u sê!" Presies dieselfde antwoord het Hy slegs enkele ure tevore vir Judas gegee toe hy Hom gevra het of hy dan die verraaier is.

Jesus gee hulle egter baie meer as waarvoor hulle gevra het. Hy moes slegs "Ja" antwoord, maar nou gaan Hy voort: "Van nou af sal julle die Seun van die Mens sien sit aan die regterhand van die Magtige, en Hom op die wolke van die hemel sien kom."

Jesus se antwoord is só oorweldigend dat die Hoëpriester sy klere skeur. Hierdie is nie bloot 'n emosionele handeling nie. Dit is 'n voorskrif wat hy móés nakom wanneer daar Godslastering ter sprake was.

Wat presies sê Jesus hier vir die Raad? Hy wil dit vir hulle baie duidelik maak dat Hy nie maar slegs 'n Messias is wat gekom het om die Jode te bevry nie. Hy is nie maar net 'n baie spesiale Mens met bonatuurlike kragte nie. Nee, Hy is véél meer as dit. Wanneer hierdie dinge afgehandel is, gaan Hy aan die regterhand van God sit en regeer. Wie anders kan met soveel mag regeer as slegs God alleen? Hy sê dus indirek vir hulle, in duidelike

taal wat hulle elkeen kan verstaan, dat Hy die Almagtige God is! Dit is waarom die hoëpriester en die hele Raad so verskriklik ontsteld is.

Ek raak dikwels ook verskriklik ontsteld wanneer ek sien hoedat mense Jesus verkleineer. Hoedat mense selfs grappies maak oor Hom of Sy heilige Naam misbruik as 'n vloekwoord. Ja, dit kan jy seker verwag van 'n ongelowige, want hy het géén deel aan Jesus nie. Dit raak egter vir my véél erger as 'n gelowige begin om Jesus te verkleineer. Dikwels wil gelowiges Jesus sien as iemand wat slegs daar is om in hulle eie behoeftes te voorsien. As dinge moeilik begin raak, word Jesus ingeroep om 'n kits-oplossing te kom gee.

Inderdaad is Hy altyd daar vir ons as gelowiges. Ons mag egter nooit óóit vergeet wie Hy werklik is nie. Hy is die Almagtige God, die Skepper van alles, die Koning van alle konings. Ons moet slegs die hoogste respek aan Hom betoon. Hy is aan ons absoluut niks verskuldig nie, dus is alles wat ons van Hom vra en van Hom ontvang slegs suiwer genade.

Gebed:

Here Jesus, ek aanbid U as God, Skepper, Verlosser en Heilige!

## 99.

## Petrus se Val

## Matteus 26:69-75

**VIDEO | OUDIO**

Die toneel verskuif nou van Jesus se verhoor na Petrus. Hy is die enigste "brawe" dissipel wat dit naby die verhoor waag, nadat hy die soldate op 'n veilige afstand gevolg het. Alhoewel hy al een is wat die moed gehad het om naby Jesus te bly, is alles egter nie pluis nie. Daar het 'n diep kloof ontstaan tussen hom en sy Here, een wat hy sélf deur sy angs en onsekerheid gegrawe het. Hierdie was die één stukkie van sy geskiedenis wat hy later so bitter graag sou wou oorskryf! Dit was seker die donkerste oomblikke in sy lewe!

In die binnehof sit Petrus met 'n bitter kol op sy maag. Hy spits sy ore om te probeer hoor wat daar binne aangaan. Hy voel skaam oor sy optrede vroeër die aand en ook dié van sy maats. Nadat almal van hulle onomwonde verklaar het dat hulle Jesus deur dik en dun sou bystaan, spat hulle uitmekaar en hardloop die nag in toe hulle al die soldate sien. Hoe

kón hulle dan so lafhartig wees? Nou probeer Petrus darem ‘n bietjie opmaak daarvoor deur die verhoor “by te woon.”

Dis ysig koud en Petrus trek sy bokleed oor sy kop om die koue so ‘n bietjie te probeer uithou. ‘n Diensmeisie kom uitgeloop en steek skielik vas om ‘n tweede keer na Petrus te kyk. Hy voel haar oë op hom brand. Hy trek die doek nog laer oor sy gesig. Hulle moet hom tog net nie hier staan en herken nie!

“Jy was ook saam met Jesus, die Galileër!” Skielik sak daar ‘n stilte toe en al die koppe draai na die geboë figuur wat onder die doek wegkruip.

Petrus gee ‘n senuweeagtige laggie: “Nee, jy maak seker ‘n fout. Ek weet nie waarvan jy praat nie!” Hy voel hoe sy hart woes in sy keel klop en hy raak doodsbleek. Die meisie skud haar kop en stap weg. Bewend staan Petrus op en loop na die uitgang van die binnehof. Dit was so amper-amper! Ten spyte van die koue, pêrel die sweet op sy voorkop.

Skielik praat ‘n ander diensmeisie hier reg langs hom: “Haai julle! Hierdie man was saam met daardie Jesus van Nasaret! Ek herken

hom!”

Petrus vererg hom bloediglik vir die snip: “Ek ken die man nie! Hoor jy my? Ek ken Hom nie!”

Uiteindelik oorval die koue vir Petrus en hy gaan staan by die vuur om ‘n bietjie warmte in sy liggaam te kry. In die gloed van die vuur, kyk een van die manne hom stip aan: “Ja sy’s reg! Jy is beslis een van daardie Man se volgelinge! Jou spraak gee jou weg, jy herken mos ‘n Galileër op ‘n afstand!”

“Kan julle dit nie in julle koppe kry nie? Ek ken Hom nie eers nie! Ek sweer dit! Los my nou uit!” Daarmee vloek Petrus kras om sy misnoeë te kenne te gee.

Hoe ver kan ‘n mens nie val nie! Petrus ontvang die hoogste eer waarvan enige dissipel kon droom, om die ware identiteit van Jesus namens die kerk te bely. En dan val daardie selfde Petrus in die diepste, donkerste put van verloëning. Enkele ure tevore het Petrus nog baie selfversekerd gesê: “Miskien hulle, maar beslis nie **EK** nie……”. Petrus moes op ‘n baie harde manier leer van ‘n mens se absolute afhanklikheid van God. As jy op jouself vertrou kan jy dalk baie ver en baie

hard val….

As jy egter waarlik vir Jesus liefhet, val jy nie uit Sy genade uit nie. Daar is die moontlikheid van herstel. Petrus en die ander dissipels het dit agtergekom toe hulle later Jesus se opdrag ontvang het (Mat. 28:16-20) en dit waarlik uitgeleef het.

Die kontras wat ons in die verhaal sien is verstommend: terwyl Petrus besig is om Jesus te verloën en openlik Jesus se Naam te vermy, is Jesus besig om namens Petrus asook álle gelowiges die belydenis af te lê voor die amptelike Jodendom, dat Hy die Messias, die Seun van die lewende God is.

Ons eie belydenis is nie onbelangrik nie, maar ten diepste gaan dit oor Jesus se belydenis namens ons. Wat ook baie belangrik is, is Petrus se bittere berou nadat hy so liederlik geval het. Dit was 'n ware berou en dit het uiteindelik daartoe gelei dat hy daadwerklik daaraan gewerk het om die situasie reg te stel. Later sien ons hom voor dieselfde Joodse Raad getuig van Jesus. Hierdie keer skroom hy nie vir 'n oomblik om te erken dat hy vir Jesus intiem ken nie. Judas het ook berou gehad

maar hy het dit totaal anders hanteer, maar daaroor praat ons in die volgende dagstukkie.

Maar waar laat dit my en jou? Ja, dalk is daar ook groot sondes in ons verlede. Dalk waar ons óók vir Jesus liederlik verloën het. Mense vra my dikwels of die Here ooit sulke groot sondes sou vergewe? En die antwoord is ‘n onomwonde: “JA!” Lees gerus maar weer Jesaja 1:18, waar die Here beklemtoon dat Hy die ergste sonde skoon sal was. As Hy vir Petrus kon vergewe en hom boonop op sy voete help sodat hy ‘n kragtige getuie kon word, is dit baie beslis ook moontlik vir jou en my! Hy het die **VOLLE** prys betaal op Golgota!

Gebed:

Here, soos Petrus val ek so dikwels, veral as ek dinge in my eie krag wil doen. Help my asseblief dat ek al my vertroue op U alleen stel, en as ek die dag val, dat ek U hand sal neem om my op te help!

# 100.

# Berou - Te Laat?

# Matteus 27:1-10

**VIDEO** | **OUDIO**

Dit was vroeg oggend toe die Joodse Raad met Jesus klaar was. Nee, eintlik was hulle nog gladnie klaar nie! Hulle het Hom soos 'n gevaarlike misdadiger geboei en Hom na die prokurator, Pilatus se paleis geneem, sowat 'n kilometer daarvandaan. Hulle het besluit dat Hy móés dood en Pilatus moes dit maar net bekragtig.

Intussen het Judas begin besef dat hierdie verskriklike verraad van hom verkeerd was. Wat het hom van plan laat verander? Hy het sékerlik geweet dat hy Jesus onskuldig oorgelewer het! Hy het berou gehad oor sy verfoeilike daad, en toe probeer hy regmaak waar hy verbrou het deur die geld wat die Joodse Raad hom betaal het vir sy verraad, vir hulle terug te gee. Hulle weier egter om dit te aanvaar en toe doen hy 'n snaakse ding: hy gooi die geld in die tempel in!

Om hierdie handeling te verstaan, moet ons

gaan kyk na waar dit vandaan kom. Wanneer iemand ‘n transaksie aangegaan het, moontlik eiendom verkoop het en later agtergekom het dat dit ‘n fout was, het hy die transaksie probeer ongedaan maak. Dit kon dalk erfgrond wees en hy wou dit terughê. As die ander party nie die transaksie ongedaan wou maak nie, het hy dan die geld in die tempel gegooi, en gehoop dat hierdie handeling die koper dalk van plan sou laat verander.

Op hierdie manier het Judas gehoop om die Joodse Raad tot ander insigte te bring. Sy gewete het hom bitterlik gepla. Maar hulle harte was so hard soos klip. Hulle het net één ding in hulle gedagtes gehad - om Jesus vir ewig uit hulle lewens te verwyder! Hulle het géén simpatie met ‘n verraaier se sielewroeging gehad nie! Vir Judas was alles verlore. Hy kon net eenvoudig nie met hierdie afskuwelike daad van hom saamleef nie, en toe neem hy die verskriklike uitweg om homself op te hang!

Volgens Deuteronomium 23:18 kon “sondegeld” nie in die tempel aanvaar word

nie. Judas se omkoopgeld was gesien as sondegeld en daarom kon dit dus nie vir tempeldiens gebruik word nie. So word die pottebakker se grond daarmee gekoop. Sagaria het reeds voorspel, baie jare tevore, van die belaglike lae prys wat die Here vir hulle werd was (Sag. 11:12,13)!

Sommige teoloë is van mening dat Judas eintlik nie vir Jesus wou dood hê nie. Hy was moontlik een van die mense wat gehoop het dat Jesus, die Messias sou kom en Israel uit die mag van die Romeine bevry. Toe hy uiteindelik agterkom dat dit gladnie gaan gebeur nie, het hy besluit om Jesus te dwing in 'n rigting. As hy nou vir Jesus sou verraai en die kerkleiers neem Jesus gevange, sou Jesus tot aksie oorgaan en die bevrydingstryd begin. Dit gebeur egter nie en skielik sien hy dat sy plannetjie op 'n mislukking uitloop want Jesus verset Hom gladnie. Daarom probeer hy sy daad ongedaan maak, maar dit was reeds te laat…..

Hierdie is egter slegs 'n teorie en ons kan alleen maar daaroor gis.

Ons verag Judas want hy word gesien as die

grootste sondaar óóit. Petrus word egter vereer – op sy getuienis die kerk gebou! Wat is die groot verskil tussen hulle? In die nag van Jesus se verhoor het Judas vir Jesus verraai. Dit was ‘n liederlike daad! In dieselfde nag het Petrus vir Jesus verloën. Hy het heftig ontken dat hy ooit vir Jesus geken het. Hy het selfs gevloek en ‘n eed gesweer om dit te laat insink. Dit was nét so ‘n liederlike daad! Judas het bitter berou gehad oor sy daad en só ook Petrus. Judas se daad was nie erger as Petrus s’n nie. Wat is dan die verskil? Judas het verkies om sy eie pad te loop en sélf ‘n oplossing vir sy sonde te soek. Om ‘n einde aan sy lewe te maak sou vir altyd sy probleem oplos, altans só het hy gedink. Hy was ver verkeerd. Petrus se berou het hom teruggelei na Jesus toe. Hy het besef dat hy nie hierdie ding alleen kon regmaak nie en hy het die vergifnis van God gaan opsoek. Hy was bereid om die Heilige Gees ‘n kans te gee om sy lewe oor te neem en te verander.

Paulus het dieselfde paadjie geloop, en alhoewel hy ‘n onverbiddelike vervolger van die kerk was en Christene onskuldig laat opsluit het, het hy berou gehad oor sy dade en die

grootste sendeling óóit geword!

Dink jy dalk vanoggend dat jou sondes só groot is dat dit onvergeeflik is? Dat God jou nooit daarvoor sal vergewe nie? Judas, Petrus en Paulus se sondes was ewe groot. Vir al drie van hulle het God met oop arms staan en wag. Petrus en Paulus het "JA" gesê vir God se genadeoffer. Judas het sy gesig weggedraai. Wat is die "doodsonde"? Om "Nee" te sê wanneer God Sy hand van genade na jou uitsteek. Judas het dit ondervind. Selfs vir die Joodse Raad was daar steeds genadetyd! As jy nog nie God se aanbod aanvaar het nie, is daar vanoggend ook vir jou nog genadetyd oor. Vir Judas was dit in 'n oogwink verby! Net so kan God se genadetyd ook vir jou in 'n oogwink verbygaan! Neem nóú die besluit, voordat dit dalk vir ewig te laat is.

Gebed:

Genadige Vader, dankie dat U my betyds gered het uit die kloue van die ewige verderf omdat U genadig is.

Of… Here, wees my, sondaar genadig. Ek het U smeekstem gehoor, en ek gee my lewe vandag aan U oor!

## 101.

## Jesus Barabbas of Jesus Christus?

## Matteus 27:11-26

**VIDEO | OUDIO**

Onder die Romeinse bewind kon die Joodse Raad nie die doodstraf oplê nie. As hulle iemand ter dood wou laat veroordeel, moes hulle 'n versoek aan die Romeinse regering rig, en dié kon dan besluit of hulle versoek toegestaan sou word. Dit is dáárom dat Jesus na Pilatus toe gebring is in die vroeë oggendure. Hy was goewerneur of prokurator van Rome in die jare 26 tot 36 nC, en die finale besluit was syne. Hy was allerweë beskou as 'n goeie en regverdige regter.

Vir Pilatus was hierdie 'n uiters moeilike saak. Uit al die beskuldigings wat die Joodse Raad oor Jesus gebring het, kon hy werklik niks sien wat Jesus aan enige misdryf volgens die Romeinse wet skuldig sou maak nie. Boonop het Jesus 'n stilswye gehandhaaf en Homself nie eers probeer verdedig teen al die aanklagte nie. Hierdie was egter nie bloot lydelike verset nie. Daar was drie hoofredes vir

Sy stilswye. Hiermee bewys Hy Sy volle vertroue in God. Hy het ook geweet dat dit ‘n integrale deel was van God se groot raadsplan dat Hy ter dood veroordeel moes word en dit sou géén sin maak om Homself te probeer verdedig nie. Verder was hierdie verhoor deel van Sy lyding.

In Jesus se stilswye herken ons die Kneg van die Here wat Sy lydenstaak volvoer het sonder om te kla of teë te praat. Maar terselfdertyd sien ons ook daarin Jesus se Koninklike waardigheid. Die enigste vraag waarop Jesus antwoord is toe Pilatus Hom vra of Hy die koning van die Jode is. Hierop antwoord Hy positief. Inderdaad was Hy nie alleen die Jode se koning nie, maar Koning oor die ganse heelal wat Hy persoonlik uit niks geskep het!

Hierdie koningskapgedagte onderstreep Jesus se hoë status nog verder wanneer Pilatus probeer om Jesus vry te spreek deur iemand anders in Sy plek te laat sterf. Die berugte gevangene, Jesus Barabbas word vir die Jode aangebied in die plek van Jesus die Christus. Hier is ‘n baie interessante woordspeling: nie alleen is hulle voorname dieselfde nie, maar

die naam Barabbas beteken letterlik “seun van ‘n vader.” Jesus Barabbas, wat letterlik sy pa se naam deur die modder gesleep het met sy misdaad, is die seun van ’n aardse vader. Jesus Christus is daarenteen die Seun van die Almagtige God die Vader. Barabbas is daardie eretitel geensins waardig nie, maar deur Sy onskuld sien ons dat Jesus Christus by uitstek die Regverdige is. Hy verteenwoordig dus die volmaakte beeld van die Vader in die hemel.

Die droom van Pilatus se vrou speel ook ‘n baie belangrike rol. Drome het ‘n besonderse openbaringsfunksie gespeel in Matteus, en dit beklemtoon Gód se gesigspunt in die verhaal. Hierdeur bevestig God as’t ware persoonlik die onskuld van Jesus. Lees gerus maar Mat. 1:20, 2:12-13 en 2:19. Daar het ons duidelik gesien watter belangrike rol drome gespeel het!

Jesus se totale onskuld word verder bevestig wanneer Pilatus twee maal verklaar dat Jesus onskuldig is. In Mat. 27:23 sien ons dat hy géén kwaad in Jesus vind nie. In vers 24 sien ons hoedat hy sy hande in onskuld was, en op

hierdie simboliese manier sê dat ‘n onskuldige Man oorgelewer word. Daar was ‘n soortgelyke Ou Testamentiese ritueel waarvan ons lees in Deut. 21:1-8. Met hierdie handeling plaas Pilatus die volle aanspreeklikheid aan Jesus se dood op die Jode. Hulle antwoord hierop laat die hare op jou nek regop staan! Die Joodse leiers aanvaar die volle verantwoordelikheid namens die hele volk asook hulle nageslag. Hiermee aanvaar hulle ook enige gevolge wat hulle daad sou inhou, of dit nou goed of sleg is. Selfs die straf wat sou saamhang met die daad, aanvaar hulle onvoorwaardelik. En om dit erger te maak, aanvaar hulle dit selfs namens hulle kinders ook.

Dit is ‘n verskriklike ding wat hulle doen. Die straf wat die Jode met hierdie woorde op hulleself haal is hulle verlies aan status as die Godsvolk. Van nou af sal hierdie status alleen behoort aan alle gelowiges. Nóg ‘n element van hierdie straf is waarskynlik die verwoesting van Jerusalem in 70nC. Ons mag egter nie uit hierdie straf aflei dat die Jode as volk vir ewig sal boet vir Jesus se dood nie. Dit skreeu teen die bloed van Jesus wat gestort is vir almal wat

Hom aanneem, selfs ook die gelowige Jode.

Vandag hang die swaard van die ewige straf steeds oor die kop van elkeen wat Jesus se versoeningsdood misken. Elkeen wat nog nie deel van God se nuwe volk geword het, deur Jesus as enigste Verlosser te aanvaar nie, sal die ewige (skrikwekkende!) straf verduur. Die ander sy van die saak is egter ook waar: as jy in die Seun glo, het jy die ewige, salige lewe. (Joh. 3:16). In Joh 3:18 word hierdie stelling bevestig: "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie."

Gebed:

Dankie Here Jesus, dat ek vanoggend kan getuig dat ek met my hele hart en siel en liggaam glo in U as die enigste Seun van God die Vader, en dat ek nie hoef te vrees vir die ewige straf nie, maar dat U vir my ook die ewige lewe geskenk het uit U groot genade!

# 102.

# Bespot

# Matteus 27:26-31

**VIDEO | OUDIO**

Pilatus het Jesus laat gésel. Dit was 'n afgryslike straf! Die instrument wat hulle hiervoor gebruik het, was 'n stok met drie leer-riempies. Aan die punte van hierdie rieme is stukkies yster of tin vasgemaak. Die persoon wat gegésel is, is genadeloos hiermee geslaan.

Die harde klapgeluid wat 'n sweep maak wanneer jy hom klap, word veroorsaak deur die punt van die sweep wat deur die klankgrens bars. Dit gee jou 'n idee van hoe vinnig daardie punt beweeg. 'n Gésel se punte beweeg effens stadiger vanweë die ystertjies, maar dit beweeg steeds bitter vinnig.

Die ysterstukkies het dus die gegéselde se vel oopgekloof en stukke vleis uitgeruk, iets aller-aakligs. Volgens die Joodse reg mag 'n persoon nooit meer as veertig houe met so 'n gésel kry nie, dus is daar 39 houe toegedien sodat die getal 40 nie per ongeluk oorskry

word nie. In die rolprent: "Passion of the Christ" word hierdie verskriklike straf baie grafies uitgebeeld, sodat jy naderhand jou oë toedruk om nie verder hierdie bloedige marteling te aanskou nie!

Hierdie was maar slegs die begin van die verskriklike lyding wat Jesus moes deurmaak. Daarna kom die soldate aan die beurt. Matteus sê dat daar 'n hele leërafdeling bymekaar was. Dit was eintlik maar net sy manier om te sê dat daar 'n groot klomp soldate bymekaar was, want so 'n eenheid sou tussen 600 en 1000 soldate wees. Hierdie manne was verveeld en hierdie bietjie opwinding was natuurlik vir hulle groot pret. Hulle gooi 'n pers mantel oor Jesus se stukkend-geslaande skouers. Hierdie was die tipiese Hellenistiese koningsgewaad. 'n Kroon en septer rond die koning se drag af, daarom die doringkroon en stok wat as septer dien. Dan kom natuurlik die gebruiklike verering: "Ons groet U," gevolg deur 'n diep spottende buiging.

Die doringkroon het diep en pynlik in Sy kopvel gebrand sodat die bloed oor Sy gesig

gestroom het. En terwyl Hy krul van die pyn, kom die bespotting van die riet wat in Sy hand gedruk word wat Sy septer as koning moet wees. En dan, die spottende soldate wat Sy leërmag moet wees. Elke koning het mos ‘n leër…..?

Hoe verskriklik ironies! Inderdaad ís Hy die Koning van die Jode - én van hierdie soldate! Ja, van die hele wêreld. Nog veel meer as dit, Hy is die Koning van die ganse skepping, waarvan hierdie wêreld maar net ‘n ou baie klein spikkeltjie is! Wat meer is: Hy dra ook koninklike klere (Matt. 17:2) en ‘n kroon (Openbaring 14:14). In Sy hand hou Hy ‘n septer (Hebreërs 1:8), en Hy sit op ‘n koninklike troon (Matt. 19:28). Boonop het Hy ‘n leërmag tot Sy beskikking (Matt. 26:53) en aan Hom behoort al die mag, nie alleen aardse mag nie maar oor die ganse heelal (Matt. 28:18). Sy Koningskap is egter nie van hierdie wêreld nie (Joh. 18:36), en Sy koningsheerskappy is een van liefde en geregtigheid, anders as dié van álle ander konings!

Die Koning wat ons hier sien, terwyl die soldate die spot met Hom dryf, sál uiteindelik oor almal

heers. Maar eers is daar ’n baie belangrike taak wat volvoer moet word, want dié reg moet baie duur gekoop word met Sy bloed. Daarom is Hy nou die lydende Koning en word Hy gespoeg, gespot, geslaan en gekruisig. Hoor wat sê Jesaja oor Hom:

“Hy was verag en deur die mense verstoot, ‘n Man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het Hom nie gereken nie.

Tog het Hy óns lyding op Hom geneem, óns siektes gedra. Maar ons het Hom beskou as iemand wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom. Hy is mishandel maar Hy het geduldig gebly, Hy het nie gekla nie. Soos ‘n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos ‘n skaap wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie gekla nie.”

Hierdie aangrypende vertelling van die Messias se verskriklike lyding is geskryf meer as 500 jaar voor Jesus se geboorte. Tóg is dit vars, asof dit ‘n koerantberig is van iets wat besig was om op daardie oomblik te gebeur. Jesus se verskriklike lyding het 2000 jaar gelede reeds plaasgevind, tóg is dit vandag nog stééds vars. Dit voel kompleet asof ons in die middel staan van hierdie aaklige gebeure en dat ons nou die woedende skare kan hoor dreunsing: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!”

Inderdaad is dit kraakvars, want wat daardie dag gebeur het, het ‘n dírekte invloed vandag op my en jou. Boonop bring Jesaja se woorde van 500 jaar vroeër steeds vandag vir my en jou genesing!

Gebed:

Here Jesus, ek kry bitter seer as ek net dink aan die verskriklike lyding wat U moes deurmaak sodat ek die ewige lewe kan smaak. Maak my vandag opreg dankbaar vir U groot offer, en help my om hierdie dankbaarheid met my hele hart en siel en liggaam uit te leef!

# 103.

# Jesus Word Gekruisig

# Matteus 27:32-44

**VIDEO** | **OUDIO**

Wat is die grootste gebeurlikheid in die ganse menslike geskiedenis? Sommige sal dalk reken dat dit die verskriklike vloed was wat die ganse menslike geslag uitgewis het, buiten die paartjies wat in Noag se ark oorgebly het. Ander sal weer sê dat dit die tweede wêreldoorlog was, want dit het die hele menslike bestaan totaal verander. Iemand kan dalk reken dat dit die dag was toe die eerste mens op die maan geloop het, want op daardie dag het die mensdom die hemelruim verower. Selfs 11 September en die tsoenami's van 'n paar jaar gelede, kon ook in die prentjie kom. Iemand wat egter helder dink, sal eerder sê dat dit Jesus se geboorte was. Die koms van Jesus na die wêreld kan beslis gesien word as 'n heugelike gebeurtenis!

Die héél grootste en mees verreikende gebeurtenis ooit in die ganse menslike geskiedenis was egter die gebeure 33 jaar

later. Dit was die dinge wat tweeduisend jaar gelede op ’n warm koppie met die naam Golgota plaasgevind het. Op die oog af was dit maar ’n gewone gebeurtenis waar ’n paar misdadigers tereggestel is. Dit was ‘n alledaagse gebeurtenis in daardie tyd. Die skokgolwe van daardie één teregstelling word egter vandag, tweeduisend jaar later, steeds helder en duidelik gevoel asof dit so pas plaasgevind het.

Nadat Jesus gegésel, bespot en geslaan is, was Sy kragte op ‘n einde. Hy kon skaars loop. Daar was egter nog ‘n volle kilometer se swaar klim voor tot bo op die Golgota-koppie waar die teregstelling sou plaasvind. Misdadigers moes sélf hulle kruis, oftewel die swaar dwarsbalk van die kruis teen die koppie op dra. Jesus was egter reeds só swak dat Hy nie in staat was om dit te dra nie. Daarom kommandeer die soldate vir Simon, waarskynlik ‘n proseliet uit die stad Sirene in die huidige Libië, Noord-Afrika om Jesus se kruis te dra. Hy was maar net hier vir die Paasfees en nou het hy géén ander keuse nie as om deel te word van Jesus se kruisiging. As ‘n Romeinse soldaat jou beveel om iets te

doen, mag jy dit nie weier nie!

Hierdie was seker die langste kilometer in die wêreld se geskiedenis. Jaarliks, gedurende Paasfees loop miljoene mense hierdie paadjie steeds as pelgrimstog, die moeisame laaste kilometer van Jesus as (gewone) mens op aarde. Voor Hom doem die afskuwelike "Kopbeenplek" op, en Hy wéét dat die grootste foltering óóit daar op Hom wag. Die soldate gee vir Hom 'n brousel van wyn en gal om te drink. Hy weier hierdie sarkastiese daad van "barmhartigheid." Was dit uit gevoelloosheid en minagting wat hulle dit vir Hom wou gee? Vergelyk dit met Psalm 69:22 waar die lydende kos en water vra, en hy gif en asyn kry. Gee hulle hier vir Jesus gif om Sy lyding te vererger? Of is dit dalk 'n dwelm uit medelye met Hom? Ons kan maar net gis!

Dan kom die verdere vernedering as die klere van Sy lyf afgepluk word en Hy in skaamte, kaal daar moet staan voor al die mense. Sy klere word as buit onder die soldate verdeel.

Watter verskriklike angs moes daar nie deur Jesus se gemoed gegaan het toe die man met die hamer en spykers naderstaan nie. Met

‘n grynslag op sy rowwe gesig, neem die soldaat ‘n ruwe ysterspyker, en hardhandig word dit deur Jesus se hand gekap teen die kruishout vas. Dit was nie deur Sy handpalm, soos ons tradisioneel op prente sien nie, maar deur Sy polse, wat die marteling vererger. Hy krul van die ondraaglike pyn, maar daar is géén genade nie. As die hand behoorlik vasgekap is, word Sy ander hand vasgespyker, en Sy voete. Kan jy jou die skreeuende pyn voorstel as ’n ruwe ysterspyker deur jou voete gekap word? Bloed stroom uit die wonde. Sy kopvel brand soos vuur waar die gif van die doringkroon Hom pynig. Sy rug is een groot rou wond, waar stukke vleis uitgeruk is deur die gésel. Só, gemartel tot die dood, word Jesus opgehys teen die kruis. Hy word gespot en uitgejou, selfs deur die ander gekruisigdes.

Maar daar is ‘n verdere vernedering: Hy is nie alléén daar nie, maar Hy word tussen twee misdadigers, twee rowers opgehang. Wou die soldate dalk hiermee sê dat Hy die Koning van die sondaars, die misdadigers is? Daar was immers ‘n bordjie teen Sy kruis vasgespyker wat sê dat Hy die Koning van die Jode is.

Hoe ironies is dit nie, dat dit juis híér is waar Hy tuishoort, tussen sondaars. Hy het immers júís gekom om vir sondaars te kom ly en sterf. Hoeveel maal het Hy nie in Sy lewe saam met die sondaars, die gehates, die uitgeworpenes feesgevier, gesels, gekuier nie! Sou Hy dit nou, in Sy laaste uur anders wou hê? Tot die fynste detail het die soldate presies in God se hand gespeel.

Hierdie afgryslike gebeure was egter nog maar net die voorspel tot die grootste verskrikking óóit wat later op Jesus wag. Daarvan lees ons DV. Maandag.

Gebed:

Here, ek huil vanoggend as ek die beelde voor my geestesoog oproep van die verskriklike lyding wat U moes deurmaak daar op Golgota - alles vir my, Here, sodat ek die verskriklike straf van die hel kan vryspring!

# 104.

# God Van God Verlaat

# Matteus 27:45-56

**VIDEO | OUDIO**

Uit alle oorde word Jesus gespot, beledig, uitgejou - die soldate, die Joodse leiers, die volk, selfs Sy mede-gekruisigdes. Dit gaan aan totdat dit naderhand oorverdowend deur Hom skreeu dat Hy totaal verlate is. Waar is Sy dissipels? Waar is die reuse skares mense wat dag-vir-dag aan Sy lippe gehang het wanneer Hy preek? Waar is die duisende dankbare mense wat Hy genees het van hulle kwale? Daar is niemand! Buiten enkele vroue wat op 'n afstand staan en huil. Waar is Sy vertroueling, Petrus? En Sy vriend Johannes, die een wat Hy liefhet? Waar het almal heen verdwyn? En waar is God......? (In Joh. 19 word wel gemeld van een dissipel wat daar was, vermoedelik Johannes.)

Jesus kreet dit uit: "**Eli, Eli, lemá sabagtani?**" - My God, My God, waarom het U my verlaat?

Hierdie is 'n aanhaling uit Psalm 22. Hierdie aangrypende Psalm wat Dawid baie lank

tevore geskryf het, word nou woord-vir-woord op Jesus se lewe toegepas. "My God, My God, waarom het U my verlaat en bly U so ver as ek om hulp roep? ……. Ek word deur die mense gespot en deur die volk verag. Almal wat my sien spot my….."

Hoe moet ons hierdie aangrypende woorde van Jesus verstaan? Het God Hom werklik verlaat? Ondergaan Jesus dalk in hierdie oomblikke die straf van Godverlatenheid in die plek van die ganse mensdom vanweë hulle sonde? Hoe kan Christus wat self God is, van God verlate wees? Hierdie is vrae wat deur jou gemoed warrel wanneer jy hierdie gedeelte lees. Kan ons dit ooit verstaan?

Ek dink nie ons eenvoudige menslike verstand gaan ooit die geweldige omvang en kompleksiteit van daardie woorde kan begryp nie! Ons kan maar net vaagweg gis oor die betekenis daarvan. Ons hoef nie alleen te voel in ons soeke na 'n antwoord nie want selfs die groot gees, Martin Luther, het hierdie misterie al probeer verwoord toe hy gevra het: "God van God verlaat, wie kan dit verstaan?"

Ons teksgedeelte spekuleer egter nie oor

hierdie soort vrae nie. Kom ons gaan kyk weer ‘n slag na Psalm 22, waaruit hierdie woorde aangehaal is: In die eerste plek is dit ‘n gelowige uit die Ou Verbond (Dawid) wat by God kla oor die slegte behandeling wat hy by sy volksgenote kry. Verder sien ons ook dat die Psalmdigter steeds aan God vasklou, ten spyte van sy Godsverlatenheid. Presies dieselfde sien ons by Jesus, wat God steeds aanspreek as "My God", al voel Hy dat God Hom totaal verlaat het. Die blote feit dat Matteus in hierdie hele perikoop so mildelik gebruik maak van Psalm 22, laat ons in die derde plek sien dat ons Psalm 22 op die hele lewe van Jesus kan betrek. Gaan kyk maar byvoorbeeld na die laaste gedeelte van die Psalm waar die digter juis eindig met ‘n belydenis dat God sy gebed verhoor het. As ons dit op Jesus sou toepas, wys dit op Sy opstanding waar God aan Hom reg laat geskied. God het Jesus se klag só verhoor dat Hy aan Jesus Sy lewe teruggegee het.

Die ander gebeure van die dag wat Matteus beskryf, gryp jou aan die hart. Jesus se sterwe is met soveel betekenis gevul dat allerhande onnatuurlike natuurverskynsels gelyktydig

gebeur. Eers sak daar ‘n skrikwekkende duisternis toe oor almal. In die middel van die dag word dit pikdonker. Kort daarna volg ‘n geweldige aardbewing wat die aarde skud sodat rotse breek. Saam hiermee gebeur ‘n ware riller as verskeie grafte oopgaan en gelowiges wat al lankal dood was weer uit die dood opstaan!

Dit laat jou amper dink aan Esegiël se visioen van die vlakte vol doodsbeendere wat weer herleef (Eseg. 37:1-14). Was Esegiël se visioen dalk óók ‘n voorspelling oor wat daardie dag sou gebeur? Toe al hierdie dinge gelyk plaasvind, het selfs geharde soldate, dieselfde soldate wat so pas vir Jesus bespot het en selfs hulle offisier bely dat Jesus waarlik die Seun van God is. Aan die voet van die kruis ontwaak die nuwe volk van God.

‘n Groot “ramp” tref die tempel. Die voorhangsel van die tempel skeur van bo na onder. Dit was die swaar gordyn wat die heilige van die allerheiligste geskei het. En nee, hierdie gordyn is nie geskeur deur mensehande nie, en nog minder het dit geskeur as gevolg van die aardbewing of een

of ander natuurlike oorsaak. Die voorhangsel is deur God Persoonlik geskeur, van bó na onder. Die ou bedeling was nou finaal verby. Nie alleen het dit beteken dat die tempel nie meer die sentrale plek van aanbidding is nie, maar alles wat God van die mens geskei het is nou weg! Daar is skielik 'n onbelemmerde uitsig, rég tot binne-in die allerheiligste! Nou was dit nie meer slegs die hoëpriester wat net eenmaal per jaar in hierdie heiligdom kon kom nie. Die pad na God is nou wawyd oop en almal het vrye toegang tot God te alle tye deur die dood van Jesus Christus.

Inderdaad kom daar lewe deur Jesus se dood!

Gebed:

Here, ons kan nie eers begin om te verstaan wat alles daardie dag op Golgota gebeur het nie. Nogtans is dit vir ons genoeg om te weet dat ons die ewige lewe verkry het deur die gebeure aan die kruis. Dankie vir daardie ongelooflike groot offer wat U daardie dag gebring het sodat ons sondevergifnis kon kry!

# 105.

# Jesus se Begrafnis

# Matteus 27:57-66

**VIDEO | OUDIO**

Jesus het gesterf – Sy asem uitgeblaas! Die ander Evangelies beskryf hoedat die soldaat die spies in Sy sy druk om dóódseker te maak dat Hy wél gesterf het. Vir Matteus is dit egter nie eers nodig om dit te beskryf nie. Almal het immers gewéét dat Hy dood was.

Nou is die verskrikking van die kruis uiteindelik verby. Al die spot, haat en marteling was verby! Jesus het 'n eerlose dood gesterf, behandel soos 'n misdadiger wat aan 'n vloekhout moes sterf. Volgens Galasiërs 3:13 is elkeen wat aan 'n kruishout hang, vervloek! In skande moes Hy daar nakend hang ten aanskoue van almal, vervloek deur die kerkleiers, vervloek deur die volk. Vervloek deur God? Durf ons dit sê?

Maar dan ontvang Jesus 'n eervolle begrafnis in 'n nuwe rykmansgraf. Volgens Joodse gebruik moes 'n lyk voor sononder begrawe word. Die dag het reeds ver aangestap, en

daar moes haastig gewerk word om betyds alles te reël.

Josef van Aramatea was ‘n vermoënde man en beslis ook invloedryk. Hy het immers die moed en vrymoedigheid gehad om met Pilatus te gaan praat oor Jesus se begrafnis. Hiermee stel hy homself in gevaar om hom die Joodse Raad se gramskap op die hals te haal.

Pilatus stem in dat Josef die liggaam kon neem, en Jesus se naakte liggaam word in linnedoeke toegedraai en in Josef se graf neergelê. Sodoende bewys hy die laaste eer aan Hom. Nie een van Jesus se dissipels was eers naby nie! Almal het Hom verlaat en die taak was op Josef om alles eiehandig te doen. Ja, daar was darem twee vroue wat gesit en kyk het wat Josef doen, maar selfs húlle het niks gedoen om te help nie, net daar voor die graf bly sit.

Inderdaad het God weereens voorsien op die regte tyd. Toe daar niemand was wat die moed gehad het om Jesus se liggaam te versorg nie, het Hy vir Josef gestuur, die enigste man wat die moed sowel as die middele gehad het om die taak te verrig. Ons

moenie Jesus se dissipels te gou oordeel hieroor nie. Onthou, hulle was verward, doodbang en platgeslaan. Hulle hele wêreld het ineengetuimel en hulle het nie geweet watter kant toe nie. Dalk sou ek en jy presies dieselfde gedoen het. Petrus het darem probeer en hy kon vir 'n rukkie die hofverrigtinge bywoon, maar toe val hy self ook bitter hard. Josef was dus God se antwoord om Sy Seun, Jesus, 'n eervolle en waardige begrafnis te gee. Sodoende begin die eerste stap van Jesus se verheerliking.

Maar alles was nie pluis nie. Die Joodse Raad het baie gou van Josef se planne gehoor en hulle het gevaarligte sien flits. Die dissipels kon dalk Jesus se liggaam steel! Dan kon hulle mos beweer dat Jesus werklik opgestaan het soos wat Hy gesê het! As hulle dit sou regkry, kon hulle dalk die ganse volk opsweep! Nee, dit kon beslis nie gebeur nie! Hulle moes baie gou 'n plan beraam om alles te fnuik! Die volgende dag, Saterdag, oftewel die Sabbatdag het hulle vir Pilatus hulle dilemma gaan verduidelik. Hy het ingestem om hulle 'n wag te gee wat die graf sou verseël en dit dag en nag bewaak. Hoe ironies dat hierdie

manne wat so verskriklik nougeset die Sabbat onderhou het, só desperaat was dat hulle nou skielik nie 'n probleem gehad het om werk te doen op die Sabbat nie! Hulle wou Jesus doodmaak oor Hy iemand gesond gemaak het op die Sabbat, en nou het hulle véél erger dinge op die Sabbat gedoen! Dis egter nog méér ironies dat hulle met hierdie handeling van hulle, hulle eie kele afgesny het en presies in God se hand gespeel het. Die blote feit dat hulle sélf die graf verseël het, boonop met die goewerneur se kenteken en dit bewaak was deur Romeinse soldate onder húlle toesig, het gemaak dat enige moontlikheid van bedrog by Jesus se opstanding uit die weg geruim was.

Hier is dalk 'n stukkie Goddelike humor betrokke, want dit is lagwekkend. Die Jode het alle voorsorgmaatreëls teen die arme verskrikte dissipels getref en skoon vergeet dat hulle eintlik met die Almagtige God te doene gehad het! Teen Hom is sulke maatreëls absoluut lagwekkend. Boonop het hulle hulleself gesaboteer, want die hele situasie was onder húlle jurisdiksie, en as enigiets verkeerd sou loop kon niemand anders

beskuldig word as hulleséIf nie!

Nou was die verhoog gereed vir die gróót gebeurtenis en die heelal wou bars van opgewondenheid! Paassondag was byna-byna daar!

Jesus se lyding, kruisiging, dood en opstanding hoort alles bymekaar. ‘n Mens mag nooit by die kruis alleen gaan vashaak nie, want sonder die dood en opstanding sou die kruisiging óók betekenisloos wees. Inderdaad is dit nét so met jou eie lewe: alles wat jy op aarde mag deurmaak is totaal betekenisloos as daar nie ‘n opstanding en ‘n lewe na die dood was nie. Daardie nuwe lewe is in der waarheid die hoogtepunt in jou ganse lewe! Jou worsteling op aarde is maar net die begin van alles.

Gebed:

Here, dankie dat ek kan uitsien na ‘n wonderlike ewige lewe in heerlikheid. Dankie dat ek vandag verseker kan weet dat Jesus nie in die graf gebly het nie, ten spyte van die Jode se pogings, maar dat Hy my vooruitgegaan het om ook vir my plek te berei in die wonderlike saligheid van die hemel!

## 106.

## Hy het Waarlik Opgestaan!

## Matteus 28:1-15

**VIDEO** | **OUDIO**

Ons het gekom by die laaste hoofstuk van Matteus. Dit is moontlik die laaste hoofstuk in sy verhaal, maar beslis nie die einde nie! Terselfdertyd is dit ook die eerste hoofstuk van 'n splinternuwe verhaal. Hierdie is 'n verhaal van uitbundige blydskap, lewe en 'n toekoms sonder perke!

Dit is vroeg die Sondagmôre. Die bitter lang Sabbat is verby en die twee Maria's is op pad na die graf om daar dinge te gaan afhandel. Jesus is só haastig begrawe die Vrydagmiddag voordat die Sabbat sou begin, dat daar nie eers tyd was om behoorlik afskeid te neem nie. Hulle wil nou na die graf gaan kyk, moontlik om totsiens te sê?

Skielik word hulle tot stilstand geruk as die aarde onder hulle voete skud. Hulle is doodsbenoud – wat sou dit beteken? Dit is die tweede aardbewing wat hulle voel in drie dae. Die vorige een het gebeur toe hulle

Meester, Jesus gesterf het. Daardie was beslis ‘n Godsverskyning! Sou hierdie tweede skudding dalk ook een wees? Verskrik en met wild-kloppende harte stap hulle haastig verder na die graf toe wanneer die rammeling ophou. Het iets verskrikliks dalk daar gebeur?

Wanneer die twee vroue by die graf kom, skrik hulle hulle vir die tweede keer die oggend yskoud. Wat hulle daar aantref, vul hulle met skok en afgryse. Die klip voor die opening van die graf is weggerol. Wie sou tog so ‘n verskriklike ding wou doen? Dit is egter nie die oop graf wat hulle die meeste ontstel nie. Dit is die “man” wat op die grafklip sit! Hierdie is nie ‘n mens nie! Sy gesig blink so skerp dat ‘n mens hom nie in die oë kan kyk nie. Sy hele gestalte is soos weerligstrale, en sy klere skitterwit. Sowat het hulle nog nóóit gesien nie! Die arme twee vroue bewe van angs en hulle knieë word jellie. Maar dan kom ‘n gerusstellende stem van die “man”: “**Moenie langer bang wees nie, want ek weet julle soek Jesus, die gekruisigde.**” Hy begin dan in ‘n gerusstellende stem vir hulle vertel dat Jesus uit die dood opgestaan het, net soos wat Hy al by verskeie geleenthede vir hulle gesê het.

Stadig begin dit by die twee vroue deurskemer dat hierdie gladnie ‘n man is nie, maar inderdaad ‘n engel! Hy nooi hulle om te kom kyk na die plek waar Jesus gelê het. Die graf is leeg!

Die vroue kan nie glo wat hulle sien nie: “Dan was alles tóg waar!” Die engel sê dat hulle gou moet maak en vir die ander gaan vertel dat Jesus opgestaan het. Die twee vrouens bewe van pure angs, maar terselfdertyd ook van blydskap. “Jesus leef! Jesus leef!” Hulle borrel behóórlik oor van blydskap! Hulle hardloop so vinnig as wat hulle voete hulle kan dra en wat hulle fladderende rokke dit toelaat om hierdie wonderlike nuus aan die moedelose dissipels te gaan uitbasuin. “Jesus leef! Ons Here leef!”

Voordat hulle egter by die dissipels kan uitkom, word hulle in hulle spore gestuit. Skielik, asof uit nêrens, staan Jesus voor hulle. Vir die derde keer die oggend skrik hulle hulle asvaal. As hulle oor die skok kom, hardloop hulle nader en gryp Hom aan die voete terwyl hulle voor Hom kniel en Hom aanbid. “O watter vreugde! O watter blydskap!” Hulle is nou

totaal verward. Hulle weet nie hoe om dit te hanteer nie. Alles lyk so onwerklik! "**Moenie bang wees nie.**" Jesus kalmeer hulle. "**Gaan sê vir My broers dat hulle na Galilea toe moet gaan - daar sal hulle My sien.**"

Huppelend van vreugde hardloop die twee daar weg. Ek kan myself net die prentjie voorstel toe hulle by die ander kom. Hoedat hulle gebabbel het om die nuus oor te dra, en al die vrae en die opgewondenheid!

Maar daar is ook 'n ander sy van die verhaal, een van donker en onheilspellende dinge. Toe die engel vroeg daardie oggend opdaag by die graf, het die soldate wat daar wagdiens doen nog rustig op hulle pos gestaan. Toe skud die aarde! Terwyl hulle nog vol angs wonder oor hierdie vreesaanjaende "natuurverskynsel", verskyn die engel hier vlakvoor hulle - skitterblink en skrikwekkend. So groot was hulle skok dat hulle "soos dooies geword het!" Later, toe hulle bykom en die skade sien, het hulle uitasem na die Joodse leiers toe gehardloop en vertel wat gebeur het. Die manne was bitter ontsteld! Hulle kon beslis nie verklaar wat presies hier nou eintlik

gebeur het nie! Uit desperaatheid het hulle die wagte betaal om die storie te versprei dat die dissipels Jesus se lyk gesteel het!

Niemand het Jesus sien opstaan nie, nie die wagte nie, want hulle het mos soos dooies neergeval. Ook nie die vroue nie want hulle was nog op pad. Al "bewys" was die leë graf en natuurlik die Jesus-verskyning. Hy verskyn egter slegs aan die gelowiges. Geen ongelowige sien Hom ooit nie! Het Jesus werklik opgestaan? Is dit nie dalk net 'n versinsel nie? Inderdaad is dit 'n fisiese werklikheid, net soos die leë graf en die vroue wat Sy voete gegryp het. Hierdie is egter nie **bewyse** van Sy opstanding nie, maar **tekens** wat in geloof aangegryp moet word. Uiteindelik het die Jode die teken gekry waarvoor hulle gevra het, maar dit het hulle nie tot geloof beweeg nie. Die vraag is of dit jóú al tot geloof gelei het........?

Gebed:

Ek jubel en juig vanoggend, Here, want U leef! U hét waarlik opgestaan! U is my Koning en my Here!

**107.**

**Uitgestuur**

**Matteus 28:16-20**

**VIDEO | OUDIO**

Meer as ’n honderd oordenkinge gelede het ons begin met Matteus. Dit het presies vyf maande geneem om deur hierdie kosbare Bybelboek te werk, en persoonlik het ek baie verryk anderkant uitgekom. Die Here was vir my goed, en alle lof en dank aan Hom alleen, wat dag-vir-dag vir my die dagstukkies gegee het om te skryf. Nou het ons aan die einde gekom van hierdie uiters inspirerende Boek en ek wil ook vanoggend vir jou baie dankie sê dat jy my die geleentheid gegee het om dit met jou te deel. Dankie ook vir elkeen wat dit weer verder versprei!

In die laaste paar verse van Matteus se inspirerende boek, verkeer ons saam met die elf dissipels op ‘n berg by Galilea. Jesus het hulle daarheen gestuur en hulle kan sommer aanvoel dat hier iets baie groot gaan gebeur. Dan is Jesus skielik daar, en dadelik aanbid hulle Hom as die Opgestane Here. Alhoewel

Jesus alreeds etlike kere aan hulle verskyn het, kan hulle maar net nie aan die gedagte gewoond raak dat Jesus waarlik opgestaan het nie! Hulle is egter deeglik bewus dat Jesus inderdaad die Seun van God is en dat hierdie waarlik ‘n wonderlike Godsverskyning is, daarom aanbid hulle Hom! Kleingeloof is ‘n wesenlike gevaar vir hierdie groepie, en alhoewel hulle vir Jesus sien, glo nie almal volkome nie. Sien is nie noodwendig glo nie! Moontlik is dit eerder net mooi andersom: **gló is sien en doen**!

Jesus het vir oulaas ‘n laaste aankondiging vir die elftal: ‘n volmagsaankondiging, ‘n opdrag asook ‘n belofte. Ons het alreeds oor die afgelope vyf maande verskeie kere gesien dat Jesus volmag het van die Vader. Hier kom bevestig Jesus dit maar net weer ‘n slag as Hy vir Sy volgelinge sê dat álle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is! Dit is dus met volle outoriteit dat Hy hulle nou ‘n opdrag gee! Sy opdrag behels vier dinge, naamlik om te gáán; om dissipels te maak; om te doop en om te leer. In kort, die sendingopdrag.

Die opdrag is dus eerstens om die wye wêreld

in te gaan en wêreldwyd die evangelie van Jesus Christus te vestig. Terselfdertyd moet hulle die sakrament van die doop bedien aan die nuwe gelowiges. Hulle moet hierdie nuwe gelowiges dan opleiding gee sodat hulle weer dieselfde kan doen, maar  ook om alles te doen wat Jesus hulle geleer het. Wanneer Jesus sê: "maak dissipels", is die bedoeling nie alleen om mense na Jesus te lei nie. Dit is egter baie belangrik dat hierdie bekeerlinge só opgelei moet word dat hulle ware dissipels sal word wat op húlle beurt weer sal uitgaan om dissipels, oftewel werkers vir die Koninkryk te werf en op te lei.

Dan gee Jesus vir hulle boonop 'n wonderlike belofte, dat Hy by hulle sal wees tot aan die voleinding van die wêreld!

Vandag, tweeduisend jaar later, het die Kerk reeds baie aanslae beleef. Islam probeer baie hard om die kerk te verswelg; Hindoeïsme verkondig dat dit nie saakmaak watter God jy dien nie en dat Jesus maar saam met al die ander aanbid kan word. Boeddhisme beweer dat jy gladnie eers 'n God hoef te hê nie, solank jy net goed leef. En so kan ons

aangaan. Daar is meer as ‘n duisend verskillende godsdienste wêreldwyd. Ten spyte van al hierdie teenslae het Jesus Christus se kerk gegroei tot die heel grootste van al die godsdienste.

Alles het begin by ‘n klein handjievol volgelinge wat gewillig was ten spyte van hulle ongeloof en onbekwaamheid. Jesus het vir hulle die nodige geloof gegee en die Heilige Gees het hulle bekwaam gemaak. Die groot geheim was dat hulle bekeerlinge nie maar net saam kom aanbid het nie maar daardie opdrag met groot ywer verder geneem het, toegerus deur dieselfde Heilige Gees. Meeste Christene het vandag “lui” geword en sit maar net soos ‘n spons en absorbeer al die mooi dinge wat na hulle kant toe kom. Jesus se opdrag om uitgestuurdes te wees, geld egter vir elke gelowige. Ek en jy het vandag presies dieselfde taak as die elf dissipels daar op die berg, om die evangelie uit te dra na die wêreld en nóg dissipels te maak. Omstandighede het natuurlik geweldig verander, maar vandag het ons die wonderlikste middele om die blye boodskap te kan uitdra, internet, radio en nog baie

meer. Daar is organisasies soos Geopende Deure wat Bybels in plekke insmokkel waar die Woord verbode is. Jesus se opdrag aan jou vanoggend is om betrokke te raak.

Maar hoe? Hoe kan ek ook 'n "uitgestuurde" word?

Stuur hierdie dagstukkies aan ander, of as dit moeilik is, stuur vir my die adresse, en ek sal dit namens jou aanstuur. Baie dankie vir elkeen wat gereeld vir my adresse stuur van nuwe intekenare op die dagstukkies. Raak betrokke by 'n sendingorganisasie soos Geopende Deure, die Masedonië Projek, die Christelike Seemansorganisasie of waar die Gees jou ookal lei. Leef Jesus se liefde uit in jou daaglikse lewe. Raak betrokke in jou eie gemeente. Spoor jou gemeente aan om betrokke te raak by sendingwerk indien hulle nie reeds is nie. Wees kreatief! As jy gewillig is, sal die geleenthede en deure vir jou oopgaan.

Gebed:

Here Jesus, ek stel myself vandag tot U beskikking. Wys my asseblief waarheen U my wil stuur of waar U my wil gebruik. Dankie vir

daardie wonderlike belofte dat U by my is vir ewig en altyd!